

# VER-SOEN-ING

## DIE WEG NA VOLKOME HERENIGING MET GOD

ADRIAN EBENS

VadervanLiefde.com

Adrian Ebens, 2021
Kopiereg © 2021, Adrian Ebens
Die morele reg van die skrywer is gehandhaaf.
Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag vir kommersiële wins gereproduseer word nie, insluitend oorgedra in enige vorm op enige manier, elektronies, meganies, fotokopiëring, opname of andersins, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer en kopiereghouers. Neem asseblief kennis dat die skrywer gedeeltes van die verse met vetdruk uitgelig het om 'n spesifieke punt uit daardie tekste te beklemtoon.
Tensy anders vermeld, is Skrifaanhalings uit die Afrikaanse Ou Vertaling (1953) geneem.
Alle webwerfskakels en aangehaalde inhoud is geldig in Desember 2021.
Hierdie boek en alle ander Father of Love-publikasies is beskikbaar vanaf ons webwerf fatheroflove.info of vadervanliefde.com. Om addisionele kopieë te bestel, stuur 'n e-pos na adrian@life-matters.org
ISBN: 978-0-6488114-8-0
Hierdie boek was
Geskryf deur Adrian Ebens
Geredigeer deur Danutasn Brown
Proeflees deur Lorelle Ebens
Vertaal na Afrikaans deur Sonette Schubert
Geproeflees deur Esmarie Cooper en Nina Snyman
Omslag ontwerp deur Shane Winfield/Advent Design
Voorbladfoto deur Josh Imerbin/Shutterstock.com
Stel 10.5/14 Palatino Linotipe
Versprei in Suid-Afrika

# Inhoud


1. Op Soek na Versoening ........................................................ 1
2. Die Konteks van die HervormerS ........................................ 10
3. Goddelike Geregtigheid en Straf ........................................ 15
4. Adam se Verborge Verraad .................................................. 21
5. Ek het U op Aarde Verheerlik ............................................. 29
6. Die Regterstoel wat Onheil Stig .......................................... 34
7. Die Slang wat Verhoog is .................................................... 43
8. Die Rots wat Geslaan is ...................................................... 52
9. Die Mens se Versoening ...................................................... 57
10. Waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword ............ 67
11. Die Moord op Onskuld ........................................................ 76
12. Die Sluier van Sy Vlees ...................................................... 85
13. Konteks vir die Verhaal van Abraham en Isak ...................... 98
14. Die Geloof van Abraham .................................................... 109
15. Daniël en die Gruwelike Verraad van die Horinkie ............. 122

16. William Miller, die Voortdurende en die Ontsettende Goddeloosheid ..... 129

17. Die Herstel van die Heiligdom ..... 138

18. Vergelyking tussen Protestantse en Adventiste Versoening ..... 146

19. Die Hemelse Heiligdom ..... 155

20. Die Oordeel en die Uitwissing van Sonde ..... 165

21. Verbreking van die Juk van Verbondsdualisme ..... 176

22. Tot Volwassenheid Gekom — die Kruis as 'n Huidige Saak ..... 190

23. Die Betekenis van Bloed in die Heiligdom ..... 199

24. Die Ongeregtigheid van Ons Almal ..... 208

25. Terug na die Woestyn ..... 221

26. Laat Rebellie Volkome Openbaar Word ..... 235

27. Geen Chronos Meer Nie ..... 243

28. My Geliefde Seun ..... 250

29. Die Bediening van Versoening ..... 255

30. Eerste Engel se boodskap ..... 262

31. Geval het Babilon! ..... 270

32. ’n Dankbare Hart ..... 276

HOOFSTUK 1

# OP SOEK NA VERSOENING

*"Hoe sal ek met God versoen word?"* Hierdie vraag spreek die innerlike verlange uit van miljoene mense-siele wat deur die duisternis van hierdie gevalle wêreld gereis het.

Die oorversadigide skuldgevoel wat na die bewussyn kom in die harte van mense wat teen hulle Maker oortree het, laat die siel smag na vergifnis en versoening.

Ons Vader in die hemel het die beginsels van Sy koninkryk op die tafels van die menslike hart geskryf. Die gevoel van reg en verkeerd wat ons gewete prikkel wanneer ons jok, steel en doodmaak, herinner ons daaraan dat ons verantwoordelik is teenoor iemand groter as onsself.

Die Christelike leerstelling van versoening het gepoog om die proses van vrylating vir ons skuldige siele en vrede met ons Skepper en ons medemens, aan ons te verduidelik.

Hier is wat die bekende Christelike prediker Billy Graham gesê het oor wat versoening in 'n Christelike konteks beteken:

> … sekerheid rus op die voltooide werk van Jesus Christus. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy ons ongeregtighede gedra,

> Hy het God se toorn verduur en uitgeroep: "Dit is volbring!" (Johannes 19:30). Hiermee het Hy bedoel dat volkome versoening vir al ons sondes – verlede, hede en toekoms – gemaak is. Sy verlossingswerk is nou voltooi, ons hele sondeskuld is ten volle betaal.[1] (Vry vertaal uit die oorspronklike Engels)

Hierdie siening beskou die dood van Jesus as ‘n bevrediging vir die toorn van God; Jesus neem ons plek in en ontvang die straf wat ons verdien sodat ons vry kan gaan. Maar baie mense vra vrae oor hierdie storie. Waaroor is God toornig, en hoe word daardie toorn bevredig deur Sy Seun te stuur om te sterf? Hoe betaal Christus se dood die skuld vir sondes wat mense vandag nog pleeg?

Die kern van die versoening is die verhaal van Jesus Christus wat deur die boosheid van die godsdienstige leiers van Sy nasie tot die dood veroordeel is en aan 'n Romeinse kruis gehang het. Daar was mense wat Christus doodgemaak het; daar was mense wat wou Hom wou dood hê. Wou Sy Vader Hom ook dood hê? Het Jesus Homself vrywillig opgestel om te sterf?

Die betekenis van Sy dood aan die Kruis en hoe dit oorgedra word in vergifnis en vrede vir die skuldige siel, is nie so duidelik as wat mens sou verwag nie.

Terwyl Jesus met een van die Joodse leiers gepraat het wat geïnteresseerd was in die groeiende bediening van Christus, het Jesus 'n kritieke stuk van die legkaart vir die versoening uitgespreek.

> “En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Johannes 3:14-15

Jesus het Sy luisteraar verwys na 'n verhaal oor Moses en die kinders van Israel net nadat hulle Egipte verlaat het. Die mense het teen God en Moses gemor en gekla oor hulle opgemaakte probleme in die woestyn, ongeag

[1] https://billygraham.org/story/how-to-be-sure-of-your-salvation/

die feit dat God in al hulle behoeftes voorsien het. God het hulle beskerm teen die elemente sowel as teen die gevare van die ongediertes in die woestyn.

Die beskerming van God is verdryf deur hulle selfsugtige ondankbaarheid en slange het tussen die mense ingekom en hulle begin pik. Wat daarna gebeur het, lyk baie vreemd.

> "En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly." Númeri 21:5-9

Moses is opdrag gegee om 'n beeld van koper (of BRONS – sien die artikel "A Brazen Battle" op https://maranathamedia.co.za/af/article/view/a-brazen-battle vir die verduideliking van Brons en Koper) te maak van die einste ding wat God gestuur het om die volk te byt en dood te maak as gevolg van hul opstand – 'n giftige slang. Die mense is toe beveel om na hierdie voorstelling van wat hulle doodmaak, te kyk en deur na die bronsslang te kyk, en God se woord te vertrou, sou hulle lewe.

Jesus se woorde aan Nikodemus is verbasend: op dieselfde manier as wat Moses die bronsslang in die woestyn opgelig het, sal die verheffing van Jesus veroorsaak dat almal wat in geloof na Hom kyk en in Hom glo, sal lewe.

Hierdie vreemde verhaal bevat 'n sleutelelement van die wyse waarop die mens vrede met God kan vind om die ewige lewe te kan hê. Was Jesus besig om Homself met 'n slang, wat in wese Satan verteenwoordig, te

vergelyk? Waarom het God vir Moses gevra om 'n beeld van die vernietigende slange te maak en daarna die mense gevra om ter wille van genesing in geloof te kyk na die beeld van dit wat hulle vernietig het? Hoekom nie 'n beeld maak van 'n geneser of een wat slange vernietig nie? Waarom nie die beeld van 'n lam of 'n duif nie; sal dit nie meer sin maak nie? Hoe kan jy genees word deur na 'n beeld te kyk van die einste ding wat jou doodmaak? Waarom het Jesus Homself vergelyk met die ding wat hulle vernietig het – 'n slang?

Hierdie vrae dien om die punt te beklemtoon dat daar 'n raaisel is in die hart van die mense se proses om vergifnis en versoening kan vind.

Hierdie soektog word verder gekompliseer deur ander dinge wat Jesus sê oor die weg na verlossing. Toe Jesus deur 'n man gevra is hoe hy die ewige lewe kan hê, gee Jesus 'n antwoord wat ons dalk nie sou verwag nie.

> En daar het ʻn sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" En Hy antwoord hom: "Wat is in die wet geskrywe?" *Hoe lees jy*? En hy antwoord en sê: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself." Toe sê Hy vir hom: "Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe." Lukas 10:25-28

Waarom het Jesus die man na die wet verwys en hom gevra wat dit beteken? Jesus sê niks vir die man omtrent sterf vir sy sondes en dat, as hy in die offer van Jesus as betaling vir sy sondes glo, hy gered sou word nie. Jesus stem eenvoudig saam met die man se stelling dat ons God moet liefhê met ons hele hart en ons naaste soos onsself. Is dit omdat Jesus met 'n man praat wat geen idee het van die proses van verlossing nie en net probeer om hom in die regte rigting te wys? Hoekom het Jesus nie gepraat oor Sy offer en die behoefte om in hierdie offer vir redding te glo nie?

Die aand voordat Jesus gevange geneem en gekruisig is, het Hy tot Sy Vader gebid. Een ding wat Hy gebid het, is regtig 'n vreemde noot in die wysie van die versoening soos in die Christendom uitgedruk.

> "Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." Johannes 17:4

Hoe kan Jesus sê dat Hy die werk wat Sy Vader Hom gegee het die aand voor Hy aan die Kruis gesterf het, voltooi het? Indien geloof in die offer van Jesus aan die Kruis as plaasvervanger vir ons sondes die kern van die Christelike geloof is, wat bedoel Jesus dan hiermee? Het Hy dit in afwagting van die volgende dag gesê? Moes Hy nie eerder gebid het, "Ons is amper daar; Vader, ons is amper klaar."?

Dit is van die vrae wat die onderwerp van versoening minder eenvoudig maak as wat ons gedink het. Dit is nie verbasend dat een teoloog, Leon Morris, wat baie oor die onderwerp van versoening geskryf het, 'n verstommende erkenning gee aangaande die Nuwe-Testamentiese skrywers en hul uitdrukkings oor die idee van versoening:

> Die NT-skrywers herhaal nie 'n stereotipe storie nie. Elkeen skryf vanuit sy eie perspektief. Maar elkeen wys dat dit die dood van Christus is en nie enige menslike prestasie wat redding bring nie. Maar nie een van hulle gee 'n uiteensetting van 'n teorie van versoening nie.[2]

Hy gaan voort om te verklaar:

> Teorieë oor die versoening is legio, aangesien mense in verskillende lande en in verskillende eeue probeer het om die verskillende kante van skriftuurlike lering bymekaar te bring en dit in 'n teorie in te werk wat ander sal help om te verstaan hoe God gewerk het om aan ons verlossing te bring.[3]

En ten slotte kom hy tot die gevolgtrekking:

> Maar ons is bekrompe sondaars en die versoening is groot en uitgestrek. Ons moet nie verwag dat ons teorieë dit ooit volledig sal verduidelik nie. Selfs wanneer ons hulle almal bymekaar sit,

---

[2] https://www.monergism.com/thethreshold/articles/onsite/atonementmorris2.html
[3] Ibid

> sal ons steeds net 'n bietjie kan begryp van die grootsheid van God se reddingsdaad.[4]

Stel die Bybel nie 'n volledige proses van die versoening uiteen nie? Is dit so 'n raaisel dat dit nie genoegsaam in die Skrif uiteengesit kon word nie? Die bewyse wat Leon Morris se voorstel ondersteun, is dat die Christendom verdeeld is oor die proses van versoening en hoe om dit te verduidelik.

Sedert Christus op aarde was, is daar met die verloop van tyd verskeie teorieë oor die versoening ontwikkel. Die idee wat Christelike denke oorheers het, nadat die Apostels gesterf het, en wat deur die vroeë kerkvaders ontwikkel is, was die losprysteorie.

> In wese het hierdie teorie beweer dat Adam en Eva die mensdom aan die Duiwel verkoop het ten tyde van die sondeval; daarom het dit vereis dat God die Duiwel 'n losprys betaal om ons uit die Duiwel se kloue te bevry. God het egter die Duiwel mislei om Christus se dood as 'n losprys te aanvaar, want die Duiwel het nie besef dat Christus nie in die boeie van die dood vasgehou kon word nie. Net na die Duiwel Christus se dood as 'n losprys aanvaar het, volgens hierdie teorie, was geregtigheid bevredig en God was in staat om ons van Satan se greep te bevry.[5]

Die fokus van hierdie teorie is natuurlik die losprys wat betaal word om die menslike geslag te verlos. Dit bied 'n siening van God as iemand wat met die duiwel onderhandel en hom selfs bedrieg om die mensdom te red. God word verstaan as 'n uitgeslape, slinkse individu wat Sy teenstander uitoorlê. Augustinus het volgens hierdie skrywe gesê:

> Die Verlosser het gekom en die bedrieër is oorwin. Wat het ons Verlosser aan ons ontvoerder gedoen? As betaling vir ons het Hy die strik, Sy Kruis, gestel met Sy bloed vir aas. Hy [Satan] kon inderdaad daardie bloed vergiet; maar hy het nie verdien om dit te drink nie. Deur die bloed te vergiet van Een wat nie sy

[4] Ibid

[5] https://en.wikipedia.org/wiki/Ransom_theory_of_atonement

> skuldenaar was nie, was hy gedwing om sy skuldenaars vry te laat.[6]

Is dit hoe God optree? Is dit selfs regverdig? Raak dit al die kwessies aan wat betrokke is by die val van die mensdom en die redes waarom Jesus moes kom? Die meeste Christene stem vandag saam dat hierdie siening problematies en baie beperk is. Die idee van 'n losprys word beklemtoon, maar die raamwerk vir die losprys is twyfelagtig. Ongeag hierdie probleme, was die idee prominent in baie kerke tot in die elfde eeu toe die aartsbiskop van Canterbury, Anselmus, die bevredigingsteorie van die versoening ontwikkel het.

Anselmus is in Bo-Boergondië op die grens van Frankryk en Italië gebore. Op die ouderdom van vyftien wou hy by die klooster aansluit, maar sy pa het geweier om dit toe te laat. Nadat sy ma gesterf het, het Anselmus se pa baie meer godsdienstig geword. Anselmus het gevind sy pa is ondraaglik ernstig in sy godsdiens. Kort daarna het hy die huis verlaat om sy weg in die wêreld te vind. Toe sy pa gesterf het, het hy gewonder of hy moet terugkeer om sy pa se nalatenskap op te neem, of om by 'n klooster aan te sluit en 'n monnik te word. Hy het laasgenoemde gekies.[7]

Anselmus het uitgeblink in skolastiese strewes en het deur die geledere gestyg totdat hy aartsbiskop van Canterbury geword het. Anselmus het gebots met die konings van Engeland en was twee keer verban tydens die stryde wat hy aangeknoop het. Anselmus was Neoplatonies in sy wêreldbeskouing wat beteken dat hy die Skrif deur die raamwerk van die Griekse filosofie benader het soos baie Christelike geleerdes voor en na hom. Dit is nie verbasend dat ons die volgende tema in die middel van Anselmus se konsepte van versoening vind nie.

> In die elfde eeu het Anselmus, Aartsbiskop van Canterbury, 'n klein boekie genaamd Cur Deus Homo? ("Waarom het God mens geword?") gepubliseer. Daarin het hy die adelike (patrisiese) siening van 'n losprys wat aan Satan betaal is, aan ernstige kritiek

[6] https://www.newadvent.org/cathen/02055a.htm
[7] https://en.wikipedia.org/wiki/Anselm_of_Canterbury

> onderwerp. Hy het sonde beskou as oneer aan die majesteit van God. **'n Oppermagtige kan nou wel in sy private hoedanigheid gereed wees om 'n belediging of 'n besering te vergewe, maar omdat hy 'n oppermagtige is, kan hy nie.** Die staat is in sy hoof oneer aangedoen. Toepaslike bevrediging moet gebied word**. God is die Opper-Heerser van almal, en dit is nie gepas dat God enige onreëlmatigheid in sy koninkryk vergewe nie.** Anselmus het aangevoer dat die belediging wat sonde aan God gebring het, so groot is dat slegs een wat God is, bevrediging kan verskaf.[8]

Dit is fassinerend om na te dink oor hoe Anselmus tot hierdie gevolgtrekkings kom. Dit lyk asof hulle uit die logika van politieke teorie getrek is, eerder as die Skrif. Kan God werklik nie vergewe as gevolg van Sy posisie as Staatshoof nie? God het, toe Hy met Moses gepraat het, Sy karakter duidelik geopenbaar met betrekking tot genade en vergifnis:

> En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: "HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag." Exodus 34:6-7

Daar is geen aanduiding dat God nie in staat is om te vergewe sonder enige bevrediging vir Sy beledigde majesteit nie. Aan die kruis demonstreer Christus op die mees verhewe wyse die vermoë van God om diegene te vergewe wat teen Hom oortree. As ons kyk na Anselmus se ervaring met sy eie vader en sy konflikte met die konings van Engeland, is dit maklik om die projeksie van sy eie ervaring op God te sien.

> Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Jakobus 1:23-24

---

[8] Leon Morris – *Theories of atonement*

Anselmus se verhaal dien as ‘n herinnering aan ons dat die mens grootliks in die versoeking kom om hul eie karakter-eienskappe op God te projekteer, om sodoende hul eie oortuigings, besluite en gedrag te heilig en te verskoon. Dit is die sentrale rede vir die geheimenis van die versoening. Die mens dink God tree soos ‘n mens op. Projeksie is natuurlik en maklik wanneer ons nie toelaat dat die Skrif homself interpreteer nie. Deur die raamwerk van Neoplatonisme was Anselmus vry om sy eie begeertes op ons hemelse Vader te projekteer en te help om binne die Christendom 'n siening van God as 'n streng en onvergewensgesinde oppermagtige te vestig wie se gekrenkte majesteit tot bedaring gebring moes word. Hy is geensins die eerste nie, en daar is baie Skrifte wat blykbaar geloofwaardigheid aan sy idees gee.

Anselmus is 'n deurslaggewende figuur in die oorweging van die onderwerp van die versoening, want die Protestantse hervormers het sy idees ontwikkel en verfyn tot die dominante teorie van versoening wat vandag bestaan, genaamd Strafvervanging.

HOOFSTUK 2

# DIE KONTEKS VAN DIE HERVORMERS

Die hoogtepunt van die Katolieke Kerk se mag was kort na Anselmus, rondom 1200-1300 n.C. Die Pous het oor die hele Europa regeer, konings beheer en verklaar wie hemel toe en wie hel toe gegaan het. Hierdie reg om te heers word die beste in hul eie woorde uitgedruk.

> Pous Innocentius III (1198-1216, miskien die magtigste van alle pouse) het alle biskoppe aangestel; hy het alle sake na sy regbank geroep, van die ernstigste sake van magtige koninkryke tot die private sake van die nederige burger. Hy het alle koninkryke as sy leengoedere opgeëis, alle monarge as sy afhanklikes; en het met ‘n ysterhand die pyle van ekskommunikasie geloods teen almal wat sy pouslike wil teëgestaan het ...
>
> Innocentius III het bevestig "dat die pouslike gesag die koninkklike mag oorskry het soveel as wat die son die maan oorskry het." Hy kon ook nie die woorde vind om sy eie formidabele funksies te beskryf nie, behalwe dié van Jehovah aan sy profeet Jeremia: “Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes.”

> Bonifatius VIII (1294-1303), in sy pouslike edik Unam Sanctam, sê: “Ons definieer en verklaar dat, om gered te word, dit nodig is vir elke menslike skepsel om aan die Romeinse Pous onderworpe te wees.” Die pouslike edik verklaar dat hierdie onderweping alle sake dek. “Een swaard,” sê die Pous, “moet onder ʼn ander staan, en die tydelike gesag moet onderworpe wees aan die geestelike mag; waarvandaan, as die aardse mag dwaal, dit deur die geestelike beoordeel moet word.” Dit is 'n paar van die “groot woorde” wat gehoor is vanuit die Vatikaanberg, daardie nuwe Sinai, wat, soos die oue, omring deur vurige verskrikkinge, homself opgerig het te midde van die verbaasde en beangste nasies van die Christendom. (J.A. Wylie, *History of Protestantism*)

Dit was 'n totaal ander Christendom as die een wat in die tyd van die Apostels bestaan het, as gevolg van die kerk se verhouding met mag en gesag. Gedurende die tydperk van die vroeë kerk is daar nie gefokus op die manier om oor nasies te heers nie, want die Christendom was in die minderheid en is in die wêreld vervolg. Vroeë Christelike teoloë was meer bekommerd oor hoe om in 'n heidense wêreld reg te lewe.

Maar teen die 1300's het die hele Europa "verchristelik" en was ten volle ondergeskik aan die mag van die kerkheersers in Rome, en daarom was die pouse gefokus op hoe om ortodoksie te regeer en te handhaaf. Hierdie noodsaaklikheid om die denke van mense in dieselfde begrip as hul heersers te hou, om "vrede te bewaar", word gesien in die voorste teoloog van die dag, Thomas Aquinas, wat ongeveer 100 jaar na Anselmus prominent was, wat die verbranding van ketters bepleit het – terwyl hulle steeds lewe.[9]

In die vroeë kerk was die uitroei van dwaalleer nie 'n kwessie nie, om die eenvoudige rede dat daar geen ortodoksie was nie. Daar was oorspronklik 'n groot verskeidenheid menings oor maniere om die Skrif te verstaan, en groot vryheid is aan elkeen gegee om self te besluit. Hierdie gewetensvryheid staan in skrille kontras met die toestand van gewentensvryheid tydens die hoogtepunt van gesentraliseerde Romeinse

[9] https://www.heretication.info/_heretics.html

Christendom, waar die Skrif nie in die algemene taal beskikbaar was nie en die priesters beskou is as die enigstes wat dit kon lees en interpreteer. Met hierdie transformasie van die Christendom was dwaalleer meer en meer as 'n bedreiging gesien.

In die sesde eeu, toe Justinianus die Keiserlike mag aan die Romeinse pous oorhandig het, het hy wette opgestel teen ketters, wat vereis het dat hulle uit die amp geskors word, maar hul lewens moes bewaar word. Vir hulle, het Justinianus gesê, "is dit voldoende om te bestaan."[10]

Wanneer die liefdevolle trekkrag van Christus van die mens verwyder word, is die enigste krag wat oorbly dié van geweld en doodsdreigemente. Namate die kerk meer dogma en politiek gedek het as die Skrif, het diens, denke dat ander beter as jyself is, en die dood vir andersdenkendes meer en meer algemeen geword.

Syfers verskil baie oor die aantal mense wat tydens die mideleeue as ketters vermoor is, maar die punt wat ek hier wil uitlig, is dat die Pousdom die idee duidelik oorgedra het dat dwaalleer met die dood gestraf moet word.

In die aanvalle op die Waldense en Albigense; in die brande van Smithfield; in die Spaanse inkwisisie, en onder vele andere, sien ons die aangesig van die mens op die aangesig van God geprojekteer, wat dan as God aanbid word.

Dit is belangrik om te verstaan dat die leerstelling van die versoening wat deur die hervormers in die 16de eeu ontwikkel is, gedoen is in die konteks van die bloedbad van duisende "ketters", wat vir driehonderd jaar voor hulle tyd gewoed het.

Die hervormers het die misbruike van die Pouse verwerp en teen hul brutaliteit geprotesteer, maar soos baie kinders ontdek wat hul ouers aankla, word hulle terdeë bewus daarvan dat dit nie 'n maklike ding is om dit wat jy as kind onder hul onderrig geleer het, uit jou karakter te verwyder nie.

[10] Ibid

Martin Luther het die vorste van Duitsland aangemoedig om die kleinboere se opstand met geweld te onderdruk, nadat hy aanvanklik simpatie met die kleinboere se saak betoon het.

> Martin Luther toon aanvanklik 'n mate van simpatie met die kleinboere se lot. Hy het self in sy Vermaning vir Vrede in 1525 die "arrogante" houding van die hoër-gematigdes gekritiseer. Eers nadat troepe kleinboere 'n graaf en sy begeleier vermoor het, en dit 'n furore, bekend as die "Bloedige daad van Weinsberg" geskep het, het die hervormer van mening verander. Hy het hom radikaal van die opstandelinge gedistansieer. Met sy teks “Teen die Roofsugtige Moordadige Hordes Kleinboere” moedig hy die prinse aan om meedoënloos vergelding te neem. "Hulle moet opgesny, verwurg, gesteek word, in die geheim en in die openbaar, deur diegene wat kan, soos 'n mens 'n hondsdol hond moet doodmaak." Luther kies om die "vryheid van 'n Christen" toe te pas op die geestelike en nie op die sekulêre gebied nie.[11]

Dit is onmoontlik vir 'n mens wat glo dat kleinboere wat moord gepleeg het, wat soos 'n hondsdol hond opgesny, verwurg en gesteek moet word, om nie hierdie ingesteldheid in gedagte te hou by sy begrip van hoe God met sondige gedrag maak nie.

Johannes Calvyn wou hê dat die irriterende Michael Servetus doodgemaak word, omdat hy ketter-leerstellings voorgestaan het. Calvyn het aan William Farel geskryf omtrent die kwessie:

> Ek hoop eerstens dat die doodvonnis oor hom uitgespreek sal word; maar ek het begeer dat die erns van die straf versag word.[12]

Calvyn het 'n beroep gedoen dat Servetus onthoof word, eerder as om lewendig verbrand te word, in 'n poging om die erns van die straf te versag. Weereens openbaar Calvyn sy gedagtes oor die manier waarop God diegene wat as boos beskou word, hanteer. Hoe korreleer ons dit met die woorde van Jesus?

---

[11] https://www.dokumentarfilm.com/en/luther-and-the-peasants-war

[12] https://en.wikipedia.org/wiki/Michael_Servetus

> “Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.” Matthéüs 5:44-45

Beide Luther en Calvyn was instrumenteel in die vorming van die versoeningsleer wat vandag die invloedrykste is – Strafvervanging.[13] Hulle was produkte van hul tyd. Dit is 'n onmiskenbare feit dat ‘n mens die Bybel deur die lens van sy kultuur en opvoeding lees. Binne die konteks van die Middeleeuse gebeure het Luther en Calvyn 'n lig in die duisternis laat skyn, en hiervoor moet ons almal dankbaar wees, maar in ons strewe na waarheid kan ons nie toelaat dat ons dankbaarheid teenoor hulle ons blind maak vir hulle tekortkominge nie. Hulle sou hopelik wens dat ons verder beweeg in die lig wat hulle aangesteek het.

Kom ons besoek nou die leerstelling van strafvervanging as die volgende onderwerp in ons soeke na insig in die versoening.

[13] https://en.wikipedia.org/wiki/Penal_substitution

HOOFSTUK 3

# GODDELIKE GEREGTIGHEID EN STRAF

Terwyl Anselmus gepraat het van vergoeding om God se geregtigheid te bevredig, het die hervormers van straf gepraat. Martin Luther moedig hierdie teorie aan op die volgende manier:

> Omdat Christus die onbevlekte Lam van God was, was Christus persoonlik onskuldig. Maar omdat Hy die sondes van die wêreld geneem het, was Sy sondeloosheid besoedel met die sondigheid van die wêreld. Watter sondes ek, jy, ons almal ook al gedoen het of sal doen, dit moet Christus se sondes word, indien nie, sal ons vir ewig verlore gaan... Ons barmhartige Vader in die hemel... het daarom Sy enigste Seun na die wêreld gestuur en vir Hom gesê: "Jy is nou Petrus, die leuenaar; Paulus, die vervolger; Dawid, die egbreker; Adam, die ongehoorsame; die dief aan die kruis, U, my Seun, moet die wêreld se ongeregtigheid betaal." Die wet grom en mor: "Goed. As U Seun die sondes van die wêreld neem, sien ek

> geen sondes behalwe in Hom nie. Hy sal aan die kruis sterf." **En die wet maak Christus dood. Maar ons word vrygestel**.[14]

Luther beweer die wet van God vereis dat die mensdom gestraf word omdat alle mense gesondig het, en Christus tree in die mens se plek in om daardie straf te ontvang, sodat die mens "vry kan gaan". Die verpersoonliking van die wet openbaar die ongemaklikheid van hierdie stelling. Eerder as om te sê die Vader grom en mor en die Vader laat Christus sterf, beweer Luther dat die wet dit doen.

Die idee dat die Vader Christus straf, het baie kommer by geleerdes laat ontstaan. Byvoorbeeld, John Scott weerlê hierdie idee deur te sê "Ons moet Christus nooit die voorwerp van God se straf maak nie."[15] Om hierdie aanklag te vermy, steun Strafvervanging sterk op die doktrine van die Drie-eenheid om voorsiening te maak vir die nuanse dat God die straf op Homself geneem het in die persoon van God die Seun.

> Belangrike teologiese konsepte oor strafvervanging hang af van die Drie-eenheidsleer. Diegene wat glo dat Jesus self God was, ooreenkomstig met die leerstelling van die Drie-eenheid, glo dat God die straf op homself geneem het eerder as om dit op iemand anders te plaas. Met ander woorde, die leerstelling van eenheid met Christus bevestig dat Jesus, deur die straf op homself te neem, aan die eise van geregtigheid voldoen, nie vir 'n onverwante derde party nie, maar vir diegene wat met hom geïdentifiseer is.[16]

Deur die leerstelling van die Drie-eenheid probeer Strafvervanging om sy hande te was van die lelike implikasies van 'n geregtigheid wat vergelding vereis. Maar nie almal is oortuig van die behoefte aan hierdie nuanse nie. Vir ander beteken die rou realiteit van God se heerskappy dat God toornig is teenoor diegene wat Sy wet oortree en Hy vereis straf – dit is hoe Hy is, Hy sal sondaars straf, net soos die Pous ketters straf.

---

[14] Martin Luther, *Commentary on St Paul's Epistle to the Galatians*

[15] John Scott, *The Cross of Christ,* (Leicester, UK: InterVarsity, 1986), page 151

[16] https://en.wikipedia.org/wiki/Penal_substitution

> Enige Bybelse toereikende versoeningsteorie moet die idee van versoening insluit, dit wil sê die bevrediging van God se regverdige toorn teen sonde. **Die bron van God se toorn is Sy vergeldende geregtigheid, en dus is die versoening van toorn in wese 'n kwessie van die bevrediging van goddelike geregtigheid.** Hoe word die eise van goddelike geregtigheid bevredig? Bybels gesproke vind die bevrediging van God se geregtigheid hoofsaaklik plaas, nie soos Anselmus gedink het deur vergoeding nie, maar deur straf.[17]

Charles Spurgeon spel dit uit sonder enige tierlantyntjies. Let noukeurig op na die vergelyking van liefde en geregtigheid in sy denkproses.

> … ons moet die groot verlossing meet aan die strengheid van goddelike geregtigheid "God is liefde," altyd liefdevol; maar my volgende stelling meng glad nie met hierdie bewering in nie. **God is streng regverdig, onbuigsaam streng in Sy handelinge met die mensdom.** Die God van die Bybel is nie die God van sommige mense se verbeelding nie, wat so min van sonde dink dat Hy dit laat verbygaan sonder om enige straf daarvoor te vereis…
>
> **My vriende, leer om na God te kyk as so streng in Sy geregtigheid asof Hy nie liefdevol is nie, en tog so liefdevol asof Hy nie streng is nie. Sy liefde verminder nie Sy geregtigheid nie, en Sy geregtigheid is nie in die minste mate in stryd met Sy liefde nie. Hierdie twee dinge is pragtig aan mekaar verbind in die versoening van Christus.** Maar, let op, ons kan nooit die volheid van die versoening verstaan voordat ons eers die Skriftuurlike waarheid van God se ontsaglike geregtigheid begryp het nie.
>
> **Daar word nooit 'n slegte woord gespreek of 'n slegte gedagte gedink, of 'n bose daad gedoen, waarvoor God nie een of ander straf sal hê nie. Hy sal óf bevrediging van jou kry, óf dan van Christus.** As jy geen versoening het om deur Christus te bring nie,

---

[17] William Lane Craig, *atonement and the Death of Christ, (*Baylor University Press, 2020), page 195

> moet jy vir ewig aanhou om die skuld te betaal wat jy nooit kan betaal nie, in ewige ellende; want so seker as wat God God is, sal Hy eerder sy Godheid verloor as om een sonde ongestraf te laat bly, of een deeltjie van rebellie waarop nie wraak geneem word nie. Jy mag sê dat hierdie karakter van God koud, streng en ernstig is. Ek kan nie verhelp wat jy daarvan dink nie; dit is nietemin waar. So is die God van die Bybel.[18]

Die woorde *streng* en *onbuigsaam* korreleer natuurlik nie met die woord *liefde* nie. Spurgeon nooi ons in 'n misterieuse proses met hierdie logiese teenoorgesteldes deur te suggereer dat Sy geregtigheid wil lyk of Hy nie liefdevol is nie en terselfdertyd liefdevol is, asof Hy nie streng is nie. Om hierdie teenstrydige beginsels te aanvaar, moet jy jou onderwerp aan die idee van misterie of geheimenis. Jy word gedwing om jou logiese denkproses te laat vaar en net die konflik te aanvaar as die beperking van jou verstand. Ons word daaraan herinner dat Paulus ons opdrag gee om alle dinge te toets (1 Thessalonicense 5:21) en daarom behoort ons nie goeie rede vir geheimenis te verruil wanneer die Bybel dit nie uitdruklik vereis nie.

> *Ondersteun die Bybel hierdie idee van 'n onbuigsame geregtigheid wat gestraf moet word en dat God so op geregtigheid ingestel is dat Hy Sy eie Seun sou straf om tevrede te wees?*

Alhoewel dit buite die bestek van hierdie boek is, is sulke mistieke toepassings van logika makliker anvaarbaar vir iemand wat reeds die natuurlike logiese teenstrydigheid van die Drie-eenheid aanvaar het. Om te aanvaar dat drie persone gelyktydig almagtig is en tog is hulle nie drie almagtige persone nie, maar een almagtige wese, vereis logiese teenstrydigheid wat hervorm word tot 'n geheimenis wat aanvaar moet word. Soos ons vroeër gesê het, rus die leerstelling van Strafvervanging

[18] Charles Spurgeon, *Particular Redemption*

maklik in die boesem van die Drie-eenheid en dit wil voorkom asof dieselfde mistieke element in beide aangewend word om die logiese denke te verwerp. Sulke dwang behoort agterdog te wek met vrae waarom die pad van waarheid sou vereis dat ons hierdie rigting inslaan.

Laat die beeld van 'n wese wat eerder Sy goddelike kroon wil verloor as om een sonde ongestraf te laat bly, jou welkom voel in Sy teenwoordigheid? Dat enige fout, hoe klein ook al, bloed vereis? Tree ons hemelse Vader so op? Is dit werklik Sy karakter? Ondersteun die Bybel hierdie idee van 'n onbuigsame geregtigheid wat gestraf moet word en dat God so op geregtigheid ingestel is dat Hy Sy eie Seun sou straf om tevrede te wees?

Daar is baie stemme wat "Nee" sê vir hierdie idee van straf, maar dit lyk of min mense die beginsels agter die regstelsel wat hierdie straf vereis, bevraagteken. In plaas daarvan om dieper te delf in wat die Skrif sê en vir God te vra of dit is hoe Hy werklik in wese is, gee die meeste mense wat deur hierdie konsep van versoening afgestoot word, Christenskap op en verlaat die geloof.

Maar kom hierdie skerp en streng teorieë van versoening van God af, of kom dit van die mens af?

Is dit moontlik dat, as gevolg van die feit dat geen duidelike beginsel van die versoening prominent in die Christelike denke uitgestaan het nie, die mensdom die versoening omraam het met sy eie persepsies van geregtigheid wat van Adam geërf is en deur die bose geïnspireer is? Het die evangelieprofeet nie van hierdie gebeurtenis geprofeteer nie?

> Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar *ons het hom beskou as* een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Jesaja 53:4 (1983)

Is dit moontlik dat ons ons verbeel dat God Sy Seun gestraf het om Sy goddelike geregtigheid te bevredig terwyl óns in werklikheid diegene is wat Hom gestraf het?

> Almal van ons het soos skape rondgedwaal, elkeen van ons het op sy eie weg afgedraai, en die HERE het op Hom gebring die straf van ons almal. Jesaja 53:6 (Youngs Literal Translation vry vertaal)

Die 1953 vertaling vertaal Jesaja 53:6 dat God die ongeregtigheid van ons almal op sy Seun laat neerkom, maar die Young's Literal Vertaling bied insig vanuit 'n ander perspektief. Is dit God wat vergelding geëis het of was dit die mens? Het God toegelaat dat ons begeerte vir straf op Sy Seun neerkom, sodat ons ware bose natuur aan die lig gebring word? Is dit God wat die mens veroordeel het of is dit die mens wat God veroordeel het?

HOOFSTUK 4

# ADAM SE VERBORGE VERRAAD

Jesus maak ‘n universele stelling sonder voorbehoud of beperking, wanneer Hy van sy Vader praat:

> “Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,” Johannes 5:22

Die woord *oordeel* dra die volgende betekenis soos uitgedruk in die Strong's Concordance:

> Behoorlik om te onderskei, dit wil sê, besluit (geestelik of geregtelik); by implikasie om te probeer, veroordeel, straf:—wreek, afhandel, veroordeel, verdoem, bevel, bepaal, ag, oordeel, gaan na (dagvaar deur) die wet, verordineer, bevraagteken, vonnis, dink.

Jesus sê vir ons dat God nie verstandelik of geregtelik besluit om enige persoon te toets, veroordeel of te straf nie. Daar is geen persoon in die heelal wat die Vader beter ken as Jesus nie; trouens, Jesus sê vir ons dat Hy die Vader op dieselfde vlak ken as wat die Vader Hom ken.

> “Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader …” Johannes 10:15

Hoe kan dit vir die Vader moontlik wees om niemand te veroordeel nie? Daar is baie Bybelverse wat blykbaar weerspreek wat Jesus gesê het. In my poging om voorheen in my denke ‘n oplossing te vind, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus self die een sou wees wat diegene wat die evangelie weerstaan, sal oordeel en veroordeel. Maar dan ontdek ons in 'n paar hoofstukke later nog 'n verklaring oor die oordeel van Jesus.

> "Julle oordeel volgens die vlees. Ek oordeel niemand nie." Johannes 8:15

Dit is presies dieselfde woord vir oordeel as wat ons in Johannes 5:22 gevind het. Jesus sê duidelik vir ons dat Hy geen persoon oordeel of veroordeel nie. Toe ek die realiteit van wat hierdie twee tekste sê die eerste keer verwerk het, het ek ernstige kognitiewe dissonansie (wanklanke) ervaar. As God geen mens veroordeel nie en Sy Seun dit ook nie doen nie, hoe werk die oordeel dan en hoe word die kwaad hanteer? Dit lyk heeltemal onmoontlik om hierdie verse te interpreteer om te beteken dat God en Sy Seun *niemand* oordeel of veroordeel nie.

Die volgende verse maak vir ons 'n venster oop op 'n heeltemal nuwe werklikheid wanneer ons aan oordeel en veroordeling dink.[19]

> "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. **Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word**; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." Matthéüs 7:1–2

> Dit [Liefde] handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 1 Korinthiërs 13:5 (1983)

> "En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek

[19] Vir 'n uitgebreide behandeling van hierdie onderwerp, sien die boek *Volgens Jou Oordeel* beskikbaar op *vadervanliefde.com*

> gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag." Johannes 12:47–48

Die apostel Paulus openbaar aan ons waar veroordeling vandaan kom en waar dit op hierdie aarde ontstaan het.

> En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één [Adam] tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak. Romeine 5:16

As ons noukeurig na Romeine hoofstuk vyf kyk, openbaar dit dat veroordeling van Adam kom en nie van God nie.

| Romeine 5 | Die mens se Aksie en Effek | God se Aksie en Effek |
|---|---|---|
| Vers 15 | Maar dit is met die misdaad nie ... | .. soos met die genadegawe |
| Vers 15 | want as deur die misdaad van die één baie gesterf het ... | ... veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword. |
| Vers 16 | En nie soos deur één wat gesondig het, ... | ... is die gawe nie: |
| Vers 16 | ... want die oordeel was uit één tot veroordeling, | ... maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak. |
| Vers 17 | Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één; ... | ... veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. |
| Vers 18 | Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het ... | ... so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. |

| Romeine 5 | Die mens se Aksie en Effek | God se Aksie en Effek |
|---|---|---|
| Vers 19 | Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, … | … so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word. |
| Vers 20 | Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word … | … en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; |
| Vers 21 | Sodat, soos die sonde geheers het in die dood, … | … so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here. |

Baie vertalings poog om die idee voor te stel dat Adam God se veroordeling oor homself gebring het deur sy optrede, maar 'n korrekte lees van die teks openbaar dat Adam die een was wat die veroordeling gedoen het. En wie het hy veroordeel?

> En die mens antwoord: “Die vrou **wat U gegee het** om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.” Génesis 3:12

Niemand kom na die Vader behalwe deur die Seun nie, dus was dit die Seun van God wat na Adam in die tuin gekom het en hom gevra het wat hy gedoen het. Adam het van die teenwoordigheid van God gevlug uit vrees dat hy gestraf sou word, omdat hy die vrug geëet het. Adam het geredeneer dat, aangesien God gesê het wanneer jy die vrugte eet, sal jy sterf, beteken dit dat God kom om hom dood te maak. Omdat hy glo dat God hom veroordeel en gevonnis het, reageer Adam deur God te blameer in die persoon van Sy Seun vir die gebeure wat plaasgevind het. Aangesien Adam gedink het hy sou sterf, het hy probeer om wat hy gedink het die teregstelling van die dood was, op die Seun van God en op sy vrou te verskuif.

Die vers wat ons sopas gelees het, bied aan ons die patroon van menslike versoening. Adam het Eva, wat skuldig was, veroordeel vir haar aandeel

om aan Adam die vrug te gee. Maar Adam het toe die onskuldige, die Seun van God, veroordeel. Hier is die geboorte van strafvervanging deur die mensdom. Die volle manifestasie van hierdie versoening word aan die Kruis gesien. Die twee mans langs Christus was inderdaad skuldig, net soos Eva, maar in die middel van die kruisiging was die onskuldige. Dit is die satanies-geïnspireerde idee wat Satan die hele tyd gehad het om die Seun van God dood te maak. Soos ons in latere hoofstukke sal ontdek, vereis menslike versoening gewoonlik die dood van die onskuldige saam met 'n verteenwoordiger van die skuldiges. Dit is die diep verborge sonde in Adam se hart.

> "as ek, soos Adam, my oortredinge bedek het deur my ongeregtigheid in my boesem weg te steek," Job 31:33

Die verhaal in Génesis openbaar nie Adam se begeerte om die doodsvonnis op die Seun van God en sy vrou te plaas nie, alhoewel dit duidelik is dat Adam probeer om hulle albei te blameer. Ons sien bewyse van die saad in Adam om sy vrou te blameer in die 137 vroue wat tans daagliks deur hul eggenoot / mansvriende vermoor word.[20]

Die profeet Hoséa vertel ons wat die ongeregtigheid van Adam was.

> Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel. Hoséa 6:7

Die woord vir troueloos (*verraad* – sien KJV*)* het die volgende reeks betekenisse in Hebreeus:

> H898 Bâgad: 'n Primitiewe wortel; om te bedek (met 'n kledingstuk); figuurlik om onder 'n dekmantel (heimlik) op te tree; by implikasie plundering: - handel bedrieglik (verraderlik, ontrou), aanstoot gee, oortree (oortreder), (wegtrek), verraderlik (verraderlike handelaar), ontrou.

Adam het die ewige verbond met God oortree. Hy het verraderlik teenoor God opgetree, maar hy het hierdie moorddadige verraad diep in sy hart weggesteek. Die bedekking van vyeblare was 'n simbool van sy poging

---

[20] https://www.bbc.com/news/world-46292919

om iets veel meer boosaardig te bedek as om bloot sleg te voel omdat hy van die vrug van die boom gëeet het.

Adam was eerstens nie ten volle bewus van sy gevoelens teenoor God, en tweedens, sy vrou nie. Aangesien dit verborge was, sou dit nie werklik geken word voordat dit gemanifesteer het nie. God het probeer om vir Adam die omvang van sy verraad te wys deur toe te laat dat een van Sy kosbare diere geoffer word. God het nie begeer om dit te doen nie (Psalm 40:7), maar dit was 'n uiterste noodmaatreël om Adam bewus te maak van die verskriklike boosheid wat binne-in sy hart verborge was. Die offer was 'n spieël om in die boesem van Adam in te kyk; dit was ontwerp om hom sy ware voornemens teenoor die Seun van God te toon.

> Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. Romeine 5:12

Baie Christene verstaan hier dat die dood oor Adam, en dus alle mense, gekom het, omdat God Adam geoordeel en veroordeel het omdat hy van die vrug van die boom geëet het. Die waarheid is dat Adam aangeneem het dat God hom gaan veroordeel en doodmaak. Jesus sê vir ons dat nie Hy, of Sy Vader, enigiemand veroordeel nie. Daarom het Adam gesondig teen die waarheid van God se karakter. God het vir Adam gesê dat hy sou omkom deur 'n pad te kies wat God se liefde betwyfel, aangesien dit Adam van die bron sou ontkoppel. Adam se sonde, om dit wat hy verstaan het as die straf, op die Seun van God te probeer verskuif, eerder as om vas te hou aan die hoop op God se goedheid, het veroorsaak dat die dood in die wêreld gekom het. Hierdie manier van dink is verskuif na elke persoon wat in hierdie wêreld gebore is:

> **Want as ons, terwyl ons nog vyande was,** met God versoen is deur die dood van sy Seun,… Romeine 5:10

> Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke… Kolossense 1:21

Adam het die Seun van God (die onskuldige) en sy vrou (die skuldige) tot

die dood veroordeel terwyl hy op Satan se troon van oordeel gesit het. Hoe het Adam se sonde gemanifesteer? Toe Kain vir Abel doodgemaak het.

Die vrug van Adam se liggaam kon nie weggesteek word nie. Kain is in Adam se vroeë sondige toestand verwek. Die ongeregtigheid in sy boesem het in die lewe van Kain gemanifesteer. Dit wat in Adam onsigbaar was, het in Kain sigbaar geword. Abel was vervul met die Gees van Christus en het die vrug van Adam se groeiende bekering weerspieël, terwyl Kain voortgegaan het om die vleeslike natuur van sy vader te ontwikkel deur sy weiering om te bekeer.

Ons let op dat Paulus nie sê dat *deur een vrou sonde in die wêreld* ingekom het nie; dit het deur Adam gekom, nie deur Eva nie. Terwyl Eva wel die vrug geëet het, is sy deur die slang mislei. (1 Timótheüs 2:14). Adam het moedswillig die vrug geneem en die saad van vyandskap (die haat) van die vleeslike mens gesaai (Romeine 8:7).

Adam se verborge ongeregtigheid was vyandskap/haat teenoor God. Om hierdie vyandskap weg te steek, het Adam sy verborge veroordeling op God geprojekteer. Vir Adam het dit gelyk asof God hom wou doodmaak, eerder as dat hy God wou doodmaak. Dit is 'n sielkundig erkende proses wat gevalle mense gebruik om ongewenste gedagtes en gevoelens af te wend en te onderdruk.

> Sielkundige projeksie is 'n verdedigingsmeganisme waarin die menslike ego homself teen onbewustelike impulse of kwaliteite (beide positief en negatief) verdedig deur die bestaan daarvan binne-in hulself te ontken, terwyl dit aan ander toegeskryf word.[21]

As ons hierdie proses reg verstaan, is die leerstelling van Strafvervanging die volledig-ontwikkelde vrug van die mens wat sy veroordelende toorn op God projekteer. Adam was die een wat die aanvaller was terwyl die Seun van God die slae wat Hom opgelê is, gedwee gedra het, nie slae van God se straf nie, maar slae van die mensdom.

[21] https://en.wikipedia.org/wiki/Psychological_projection

Dit is waarskynlik ‘n nuwe idee vir die leser dat die mens die oorspong is van oordeel en veroordeling, en nie God nie. As sonde so bedrieglik en verborge is, behoort dit nie 'n verrassing te wees nie. As sonde so maklik beheer kon word, sou die mensdom lankal versoening met God gehad het. Uiteindelik, na byna ses bloeddeurdrenkte millennia, kan die Gees van God wat in die hart van mense werk, uiteindelik vir ons wys wat werklik in ons plaasvind. Ons sou dit nooit self kon ontdek nie. Ons is te self-misleidend om dit te besef. Maar nou doen hierdie boodskap ‘n beroep op ons, om ons te bekeer van ons oorgeërfde en gekweekte verraad teen God en Sy Seun.

Laat ons dit duidelik maak. Adam se vrees vir God, wat alle mense as gevolg van sonde geërf het, het in ons skrikwekkende geestelike trauma gebring. In selfverdediging projekteer die mens sy verborge sonde op die karakter van God en kom tot die gevolgtrekking dat God die een met die karaktergebreke is. Dit laat ons glo dat versoening deur God se behoefte aan bloed teruggehou word, terwyl dit eintlik ons behoefte aan bloed is.

As dit wel die waarheid is, dan volg dit dat versoening vir die mens in twee dinge gerealiseer word.

- ‘n Herstel in ons begrip van die karakter van God.
- ‘n Ware begrip van die mens se eie bose veroordelende natuur. Hierdie nuwe begrip lei tot sonde-belydenis in die lig van die waarheid omtrent God se karakter.

HOOFSTUK 5

# EK HET U OP AARDE VERHEERLIK

Hoe wonderlik diep en eenvoudig is die woorde van Jesus aan Filippus in antwoord op sy vraag om vir hom die Vader te wys.

> Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Johannes 14:8-9

Jesus verseker Filippus dat die karakter van die Vader ten volle aan hom geopenbaar is gedurende die tyd wat Filippus Christus geken het. Jesus het niks teruggehou nie, maar die volle grootsheid van God se glorieryke karakter is aan hom geopenbaar. Daarom kon Jesus hierdie gebed op die aand voor Sy kruisiging sê:

> "Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar." Johannes 17:6

Die woord *naam* in Grieks spreek hier van karakter. Jesus het nie bloot vir die dissipels geleer hoe om die Naam van die Vader uit te spreek nie, nee, Hy het die karakter van Sy Vader aan hulle geopenbaar, want dit is wat nodig was om die eerste deel van die versoening te bewerkstellig.

Die lewe van Jesus, soos opgeteken in die vier evangelies van die Nuwe Testament, onthul 'n Persoon wat ongelooflik mooi is. Hy dink altyd aan ander, toon deernis en genade en is altyd vriendelik. Hy is ferm in Sy oortuigings; praat altyd die waarheid. Hy is vreesloos te midde van storms, beide van mense en die natuur; terwyl die swakhede van mense vergewe word. Sy liefdevolle blik op Petrus, selfs terwyl Petrus sy ontkennings met ‘n vloek geuiter het, laat ons in verwondering oor die goue elemente van Sy karakter.

By twee geleenthede het Jesus die tempel gereinig en daarmee die intensiteit van Sy lojaliteit aan aanbidding van Sy Vader geopenbaar, maar tog het Hy nooit iemand in 'n gewelddadige daad slae gegee nie en ook nooit iemand se lewe geneem nie. Hierdie werklikheid moet toegang tot ons harte en gedagtes vind. Dit is 'n baie nou poort om deur te gaan, want as ons die ooglopende waarheid aanvaar dat Christus nooit iemand doodgemaak het terwyl Hy hier op aarde was nie, en ons aanvaar Sy woorde, dat wat Hy vertoon in werklikheid die karakter van Sy Vader is, dan het ons geen verskoning vir ons veroordelende en gewelddadige natuur wat in die versoeking kom om te verwag dat straf en selfs die dood gebring word aan diegene wat ons veronreg het of diegene wat ons liefhet.

*As Christus nooit geregtigheid getoon het wat veroorsaak het dat Hy hier op aarde iemand doodmaak nie, dan is dit onmoontlik om te dink dat Sy Vader dit sou doen.*

As jy kan sien dat die lewe van Christus op aarde die volle manifestasie van die karakter van God is, dan beïnvloed dit outomaties jou begrip van versoening. As Christus nooit geregtigheid getoon het wat veroorsaak het dat Hy hier op aarde iemand doodmaak nie, dan is dit onmoontlik om te dink dat Sy Vader dit sou doen. Hierdie gedagtes laat baie vrae buite die bestek van hierdie boek ontstaan. Vir 'n inleiding tot die onderwerp van God se nie-gewelddadige karakter, lees gerus die boek *Dade van ons Sagmoedige God* wat beskikbaar is op *vadervanliefde.com*. Vir 'n diepgaande ontleding van hierdie onderwerp, lees gerus die boek *Agape* wat ook

beskikbaar is op *vadervanliefde.com*. As God in die kern van versoening poog om die waarheid van Sy liefdevolle karakter deur Sy Seun aan die mens te openbaar, dan kan ons suiwer majestueuse lig vind in die gebed van Jesus die aand voor Sy dood.

> "Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." Johannes 17:4

Die sentrale pilaar van Strafvervanging is dat die straf wat ons verdien het op Christus in Sy lyding en dood geplaas is. Dit word deur daardie leerstelling verklaar as die sentrale werk wat Christus kom doen het. Die aand *voor* Sy dood, vernietig Christus hierdie pilaar met die eenvoudige gebed dat Hy die werk voltooi het wat Sy Vader Hom gegee het.

Christus het Sy Vader verheerlik in die openbaring wat Hy van Sy Vader se karakter gegee het. Hierdie werk is voltooi voordat Christus aan die kruis gesterf het. Dit is waar dat die gebed van Jesus, om diegene te vergewe wat Hom doodgemaak het, 'n heerlike uitroepteken voorsien vir die skoonheid van God se karakter, maar Jesus beweer dat hierdie werk reeds die vorige aand voltooi is.

Toe Christus Homself ten volle aan die wil van Sy Vader oorgegee het en Homself daartoe verbind het om die mens tot elke prys te red, het Hy die liefde van Sy Vader ten volle geopenbaar. Die kruisiging van Christus was nodig op grond daarvan dat die mensdom die ongeregtigheid moes sien wat in die boesem van Adam verborge was en deur sy hele nageslag geërf is. Ons moes die Kruis sien om die verskriklike wesens wat ons is te eien, sodat ons kan bely dat onsself skuldig is aan die moord op die Seun van God.

> "Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ‘n mens rouklaag oor ‘n *enigste seun* en bitterlik oor Hom ween soos ‘n mens bitterlik ween oor ‘n eersgebore kind" Sagaría 12:10

Elke keer as ons woede in onsself voel wat skade aan 'n ander persoon

toewens, is ons skuldig aan die bloed van Christus. Johannes sê vir ons dat hy wat sy broer haat, 'n moordenaar is. (1 Johannes 3:15). Christus sê vir ons dat soveel as wat julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen. (Matthéüs 25:40).

Wanneer jy deur die woorde van Jesus in die Evangelies soek om Sy definisie van die Kruis te ontdek, vind jy net hierdie woorde:

> En Hy sê vir *almal*: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Lukas 9:23

Jesus definieer die Kruis as daaglikse selfverloëning. Jesus, vasgespyker aan ‘n houtkruis, was die hoogste manifestasie van Sy selfverloëning, maar dit alleen is nie die ware Kruis nie. Die ware Kruis van Christus omvat al Sy selfverloëning dwarsdeur die menslike geskiedenis.[22]

> In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9

Daagliks ly Christus die smarte van kruisiging; daagliks deurboor die mens Hom met hulle veroordelende woorde en gewelddadige dade. Soos enige ouer diep gewond sou wees om gedwing te word om na die lyding en dood van hul kinders te kyk, so ly Christus en word Hy in 'n veel groter mate deurboor deur te sien hoe Sy kinders mekaar seermaak en vernietig.

> en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak. Hebreërs 6:6

Paulus het hierdie waarheid verstaan toe hy gesê het “Ek is met Christus gekruisig.” (Galásiërs 2:20). Hy het nie gesê dat hy *soos* Christus gekruisig is nie, met verwysing na 'n enkele gebeurtenis in die verlede, maar eerder

[22] Vir 'n meer gedetailleerde ondersoek van hierdie onderwerp, sien die boek *Kruis-Belewenis Ondersoek die Kruis* beskikbaar op *vadervanliefde.com*

*met* Christus, terwyl hy ook verklaar het: "Ek sterf dag vir dag." (1 Korinthiërs 15:31).

Baie roep uit in die duister van die nag: "Waar is U, o God, in my uur van nood!" Die werklikheid is dat Hy net daar in die duisternis is en alles wat jy voel, meemaak, in die hoop dat jy na Hom sal draai en Hom sal vertrou om jou deur jou dal van wanhoop te help. Sonder geloof is dit onmoontlik vir Hom om in ons tronk van skaduwees, wat deur die magte van die duisternis regeer word, in te tree. Ons moet Hom in geloof uitnooi om Sy lig te bring om ons te help.

Die Christelike wêreld word verblind vir die ware Kruis van Christus deur die splinters en spykers van Golgota. Dit is verstommend dat die mensdom in sy sataniese wysheid 'n embleem van suiwer lig kan neem en dit tog kan gebruik om die ware majesteit van die Kruis te verbloem. Die ware Kruis is eenvoudig te helder vir die mensdom om werklik te waardeer. Die selfverloëning van God oor 6000 jaar is eenvoudig te groot om te verstaan. Hierdie liefde veroordeel ons selfsug totaal en al, maar dit kom nie van die fronsende gesig van die goddelike nie, maar eerder die tere voorkoms van geduldige liefde. Ons Vader hoop liefdevolle kole vuur op die koppe van die skuldiges, sodat die skuldiges die waarheid van Sy karakter kan sien (Romeine 12:20); dit is nie om hulle te seer te maak of te vernietig nie.

Glo ons die woorde van Jesus dat Hy die werk van Sy Vader voltooi het die aand voor Hy gesterf het? As jy dit glo, moet jy jou persepsies van die versoening radikaal verander, want ons pragtige Vader het nooit 'n slagoffer of spysoffer vir sonde begeer nie. (Psalm 40:7). Ons begeer dit deur die erfenis van veroordeling, vanaf ons voorvaders, regdeur tot by Adam.

HOOFSTUK 6

# DIE REGTERSTOEL WAT ONHEIL STIG

Jesus spreek die dieper waarheid van die vleeslike mens aan deur met die leiers van die Joodse nasie te praat:

> "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van *julle* vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, *praat hy uit sy eie*, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Johannes 8:44

Van nature het die gevalle mens 'n natuur wat deur Satan verwek is. Ons natuurlike impulse vervul die begeertes van Satan. Paulus beklemtoon hierdie werklikheid wanneer hy sê:

> … waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van **die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk**, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was **van nature kinders van die toorn** net soos ook die ander. Efésiërs 2:2-3

Satan was van die begin af 'n moordenaar. Hy het begeer om soos die

Vader aanbid te word, terwyl hy terselfdertyd die plek van die Seun van God ingeneem het. (Jesaja 14:12-14). Satan het in die geheim gewerk, die ware vader van al die Machiavellistiese kunste, en het probeer om die heerskappy van die Seun van God te onttroon.

As gevolg van die feit dat die vleeslike mens die begeertes van Satan weerspieël, ontdek ons in die verhale van die Bybel die werkswyse van Satan in sy stryd teen die regering van die hemel, en ons sien die waarheid van Paulus se woorde "al hierdie dinge … is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." (1 Korinthiërs 10:11).

Die verhaal van Absalom wat sy vader se troon najaag, dat hy hom selfs wou vermoor, is 'n volmaakte weerspieëling van die begeerte van sy vader, die duiwel. Wat was die onderwerp wat Absalom in die howe van sy vader se koninkryk bekendgestel het?

> Verder het Absalom gereeld vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan; en Absalom het elkeen wat 'n saak gehad het om na die koning te kom vir regspraak, aangeroep en gesê: Uit watter stad is jy? As hy dan antwoord: U dienaar is uit een van die stamme van Israel— dan sê Absalom vir hom: Kyk, jou saak is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand jou gehoor gee nie. Verder het Absalom gesê: **Mag hulle my as regter in die land aanstel, dat elkeen wat 'n geskil of regsaak het, na mý kan kom; dan sal ék aan hom reg laat geskied**. En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom. Op dié manier het Absalom met al die Israeliete gehandel wat vir regspraak na die koning kom, sodat Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het. 2 Samuel 15:2-6

Absalom se instrument wat hom beide tot in die harte van die nasie en binne bereik van die troon sou dra, was *geregtigheid* genoem (*om reg te laat geskied*). Die naam Absalom beteken *vader van vrede*, maar onder hierdie naam was 'n karakter van haat en oorlog versteek. Absalom wou hê sy vader moet sy halfbroer Amnon straf, omdat hy hul suster, Tamar, seksueel aangerand het. Omdat koning Dawid nie sy gewenste vonnis

teen Amnon voltrek het nie, het Absalom sy vader verag en was hy vasbeslote om self met Amnon af te reken.

> Toe Absalom dan by hom aanhou, het hy Amnon en al die seuns van die koning met hom saam laat gaan. En Absalom het sy dienaars bevel gegee en gesê: Let tog op, net soos Amnon se hart vrolik is van die wyn **en ek vir julle sê: Slaan Amnon dood! dan moet julle hom doodmaak. Wees nie bevrees nie; het ék julle dit nie beveel nie? Wees sterk en wees wakker manne**. En die dienaars van Absalom het met Amnon gedoen soos Absalom hulle beveel het. Toe het al die seuns van die koning opgestaan, en hulle het elkeen op sy muil geklim en gevlug. 2 Samuel 13:27-29

Absalom het Amnon tereggestel met die geregtigheid wat hy gevoel het is gepas. Dit is baie onwaarskynlik dat Absalom se begeerte vir vergelding uitsluitlik op wraak vir sy suster gegrond was. Amnon was die eersgebore seun van Dawid en was dus die eerste troon-opvolger. Dit lyk asof Dawid se tweede seun Daniël of Kíleab uit die geskiedenis verdwyn; sommige meen dat hy as kind gesterf het.

Die dieper motief was Absalom se strewe na die troon. Alhoewel hy nou troon-opvolger was, het sy vrese dat hy weens sy wraak uitgesluit sou word, gekombineer met sy magsbegeerte, hom gedryf om die troon met geweld te neem. Om hierdie doel te bereik, het hy begin om die harte van die koninkryk van Israel te wen, net soos Satan tussen die engele van die hemel beweeg het, om hulle na sy kant oor te haal, sodat hy die troon van God met geweld kan verower.

Dawid was bedroef oor wat sy seun Amnon aan sy dogter gedoen het, maar hy het nie oorweeg om hom dood te maak nie. Dawid se eie morele mislukking met Bátseba het Dawid se behoefte om op te tree, vertroebel. Voorheen het Dawid ware geregtigheid in sy koninkryk uitgeoefen (2 Samuel 8:15), maar Dawid se gebrek aan optrede het Absalom aangevuur om met waaksaamheid sy eie aksie te neem.

Nadat Absalom Amnon vermoor het, het Dawid hom uit die hoofstad verban, totdat Absalom uiteindelik teruggekeer het, nadat Joab, sy generaal, tussenbeide getree het.

Na sy terugkoms het Absalom die onderwerp van geregtigheid en die administrasie van die wet, aan die denkende manne van die nasie bekend gestel. Sy oproerigheid oor hierdie onderwerp het twyfel gesaai in die leierskap van koning Dawid en in die regering van Israel. Absalom se troon (of regterstoel) is gestig deur die wet te gebruik om sy onheilsplanne uit te voer.

> Het die regterstoel wat onheil stig, met U gemeenskap; wat moeite versin teen die insettinge [die wet] in? Psalm 94:20 [woorde in hakies ingevoeg]

Absalom se moord op Amnon openbaar die genadelose aard van sy denke oor geregtigheid. Hy het die beginsel van genade van geregtigheid geskei, wat hulle onversoenbaar met mekaar gemaak het.

In die planne van Absalom sien ons die begeertes van sy moorddadige vader, Satan. Hy wou Christus, die eersgebore Seun van die Vader, verwyder en sy plek inneem. Natuurlik was God nie so nalatig soos Dawid om geregtigheid in Sy Koninkryk te beoefen nie, maar God se hantering van Satan se intriges het tyd geverg, sodat die waarheid geopenbaar sou word. Soos Absalom het Satan 'n ander idee van geregtigheid aan die koninkryk bekendgestel; geregtigheid wat gedwonge straf en dood sonder vergifnis vereis. Satan het die wet van God met onheil omraam (hy het moeite versin teen die wet), sodat God se karakter (sy wet) vervreemd is van sy bestuur en administrasie; hy het 'n leemte in die gedagtes van die hemelse wesens geskep wat hy daarna self met sy eie gesag en idee van geregtigheid gevul het, om sodoende die regterstoel wat onheil stig, te vorm.

> …om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en ‘n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang… Handelinge 26:18

Paulus toon hoe om uit die mag van Satan uit te kom: dit is om die moontlikheid van sonde-vergifnis in te sien. Satan se verduisterde koninkryk was gegrond op onvergewensgesindheid en straf. God openbaar Homself as barmhartig, genadig en lankmoedig in karakter.

(Exodus 34:5-6). God se begeerte is om genade en waarheid te betoon; Satan se begeerte is om te straf en te vernietig.

Die wet van God is 'n wet van lewe en vryheid. (Jakobus 2:12; Spreuke 13:14). Aangesien die Vader die enigste een was wat inherent onsterflik was en Sy Seun hierdie onsterflikheid besit het deur Sy liefde en eer van Sy Vader, word hierdie lewe oomblik vir oomblik aan die res van al die engele gegee deur die Seun van God.[23]

Lucifer het die wet herformuleer as 'n kode wat die engele moet gehoorsaam en dat diegene wat dit nie gehoorsaam nie, gestraf moet word. Hy noem dit geregtigheid. Dit was anders as God se geregtigheid. Let noukeurig op na die volgende teks.

> Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit. Psalm 89:15

Hierdie Bybelteks is in 'n klassieke Hebreeuse sinstruktuur. Die tweede gedeelte van die sin is 'n uitbreiding van die eerste. Dit herhaal die beginsels van die eerste deel op 'n uitgebreide manier. Afgesien hiervan verskaf die Afrikaanse leestekens ook hierdie beginsel. Die dubbelpunt na die woord *troon* beteken dat wat volgende kom, verduidelik wat voor die dubbelpunt is.

1. Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon

   Is gelyk aan

2. goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit

Dit dui aan dat geregtigheid uitgedruk word as goedertierenheid en reg uitgedruk word as trou. God se geregtigheid beteken om te doen wat reg is. Vir God word die regte ding gedoen wanneer goedertierenheid (genade) bewys word.[24] Diegene wat na herhaalde versoeke weier om te gehoorsaam, sal maai wat hulle gesaai het.

---

[23] Vir meer hieroor sien die boek *Goddelike Risiko* hoofstukke 1 tot 6 beskikbaar op *vadervanliefde.com.*

[24] Vir meer hieroor sien die boek *Goddelike Risiko* hoofstukke 9 tot 14 asook die boek *Volgens Jou Oordeel* hoofstukke 3 tot 13. Beide is beskikbaar op *vadervanliefde.com.*

Toe God Sy naam/karakter aan Moses geopenbaar het, lees ons niks oor die dood wat toegedien word nie.

> En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. Exodus 34:5-7

Het God die versoek van Moses vervul en Sy volle karakter aan hom geopenbaar? Ons geliefde Vader noem barmhartigheid as Sy eerste eienskap, gevolg deur genade. Hy noem dan lankmoedigheid, oorvloedige goedertierenheid en trou en barmhartigheid vir duisende geslagte en vergifnis van ongeregtigheid en sonde.

*Ons Vader noem hier niks van betaling vir sonde deur offers nie. Daar word geen melding gemaak van Strafvervanging in Sy woorde nie. Dit sê bloot dat Hy vergewe.*

Ons Vader noem hier niks van vir sonde deur offers nie. Daar word geen melding gemaak van Strafvervanging in Sy woorde nie. Dit sê bloot dat Hy vergewe. God reinig niemand wat oortree nie. Hy laat elke mens toe om die gevolge van hul eie dade te ontvang en sal genade gee aan diegene wat daarvoor vra terwyl hulle die gevolge dra. Dit sê dat God die ongeregtighede van die vaders besoek aan die kinders tot in die derde en vierde geslag. Wat beteken dit om die ongeregtigheid van die vaders aan die kinders te besoek? Hierdie woord *besoek* in Hebreeus beteken:

> (Qal) om aandag te gee aan, waar te neem, om te soek, om te kyk na, om tevergeefs te soek, behoefte, mis, tekort, om te besoek, te straf om in hersiening deur te gee, op te stel, te tel, om aan te stel,

> toewys, lê op as 'n aanklag, deposito - *Brown Driver Briggs* [vry vertaal]

Ons Vader in die hemel gee aandag aan en neem waar hoe die sondes van een geslag die volgende geslag raak. Terwyl Hy aanhoudend deeglike waarskuwings rig teen die gevare van 'n sondige pad, dwing Hy niemand in enige rigting nie. God besoek of hou toesig oor die ongeregtighede van die goddeloses, maar doen dit ook vir die volgelinge van God. Toe Dawid egbreuk gepleeg het en die moord op Uria gereël het, het God Dawid nie van die dood van vier van sy seuns gevrywaar nie, maar hom eerder genade gegee om die gevolge van sy verkeerde keuses te verduur.

Die Bybel stel herhaaldelik hierdie beginsel van mense wat gestraf word deur die natuurlike gevolge van hul verkeerde keuses:

> So het die Here Hom bekend gemaak, Hy het reg laat geskied, **en die skuldige is deur sy eie handewerk gevan**g. Psalm 9:17 *(1983 vertaling)*

> Die skuldige is soos iemand wat swanger geraak het van onreg, swanger is van kwaad en leuens voortbring. Hy grawe 'n diep gat en val self daarin. Sy boosheid tref homself, **en die geweld wat hy beplan het, kom op sy eie kop af**. Psalm 7:15-17 *(1983 vertaling)*

> Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; **want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai**; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. Galásiërs 6:7-8

God het Sy volle karakter aan Moses geopenbaar. Hy sê niks oor die doodmaak van diegene wat teen Hom sondig nie. Dieselfde beginsel word in die Tien Gebooie geplaas, wat met die vinger van God geskryf en deur Hom gespreek is, op die berg Sinai, vir almal om aan te hoor.

> "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse

> God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou." Exodus 20:3-6

Die geslag of tipe mense wat besluit om God en Sy weë te haat, sal die natuurlike gevolge van hul eie foute dra. 'n Weiering om in die waarheid van God se woord te kom, laat diegene wat dit weier, oor aan die genade van Satan. Wanneer Satan begin om dié wat God weerstaan, leed aan te doen en te vernietig, verbeel diegene wat geraak word dat dit God is wat hulle in jaloesie straf. God is nie 'n kleinlike jaloerse persoon nie, maar Hy blyk eerder jaloers te wees in die oë van diegene wat 'n rebelse pad stap. So waarsku God ons dat, indien ons valse gode of idees aanbid, Hy dan voorkom as 'n jaloerse God. Die woord *is* in "Ek…*is* 'n jaloerse God" is deur die vertalers verskaf en is nie deel van die vers nie.

Dit is so hartseer vir ons Vader om toe te laat dat Sy opstandige kinders in die hande van Satan wegstap en vernietig word. Maar aangesien Hy die vrye keuse van almal respekteer, sal Hy nie diegene keer wat vasbeslote is om te rebelleer nie.

Satan is die bewerker van veroordeling en dood. Sy troon is gebou op die herstrukturering van die wet van God deur dit 'n instrument te maak wat lei tot straf en dood.

Net soos Absalom die harte van Israel gesteel het deur sy obsessie met strafgeregtigheid, so het Satan die hele wêreld deur dieselfde leuen mislei. Katolieke, Protestante en enige ander groep wat aandui dat goddelike geregtigheid die dood vereis, projekteer in werklikheid onbewustelik Satan se goddelose geregtigheid op die barmhartige, sagmoedige en genadige Vader van alle lewendes.

Deur sy valse geregtigheid het Satan byna universeel bereik wat hy beoog het – om sy troon te vestig bo die sterre van God en die ganse mensdom (Jesaja 14:12-14).

God begeer nie offerande vir sonde nie. Tog het Satan baie engele en die ganse mensdom oortuig van sy beginsels van geregtigheid. Om hierdie

rede moes God se reddingsplan vir die mensdom die feit in ag neem dat ons valse begrip van geregtigheid, geprojekteer op God, beteken het dat daar geen waargenome vergifnis van sondes kon wees sonder die vergieting van bloed nie.

Dit was sinneloos om vir die mensdom te sê hulle is bloot vir hul sondes vergewe. Eerstens het Adam die saad van sonde so diep in sy hart weggesteek dat hy nie ten volle verstaan het wat hy moes bely nie. Tweedens, totdat die mensdom gesien het dat hulle sondes gestraf word, hetsy hulleself of 'n plaasvervanger, sou hulle nie in die vergifnis van God glo nie, net soos Kain geweier het om dit te aanvaar.

> En Kain het vir die Here God gesê: My misdaad is vir my te groot om vergewe te word. Genesis 4:13 (Brenton LXX English translation *[vry vertaal]*)

Om die mens te red, moes God ons verlos van die koninkryk van Satan, waarin daar geen vergifnis was sonder straf en dood is nie. Daarom moes Christus in ons plek, sonde gemaak word, sodat ons in die vergifnis van God kon glo. Christus moet verhoog word om die geregtigheid van die slang te bevredig, sodat ons na Christus aan die Kruis kan kyk en glo dat ons genees kan word.

HOOFSTUK 7

# DIE SLANG WAT VERHOOG IS

In hoofstuk een het ons 'n aantal vrae gevra wat verband hou met die woorde van Jesus wat Homself vergelyk met die slang wat op die paal verhoog is. Sonder om die kwessie van Satan se valse regstelsel aan te spreek, sou dit te moeilik gewees het om voldoende op daardie hoofstuk te reageer. Noudat ons Satan se regstelsel aangespreek het, is ons gereed om hierdie verhaal te verken.

Die verhaal van die verhewe slang in die woestyn hou 'n belangrike sleutel in om die onderwerp van die versoening te verstaan.

> Toe trek hulle van die berg Hor af weg op pad na die Skelfsee om die land Edom om te trek; maar die siel van die volk het op die pad ongeduldig geword. En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. Númeri 21:4-5

Die kinders van Israel het oor hulle situasie gekla en het nie net Moses nie, maar God self daarvan beskuldig dat Hy hulle behoeftes verwaarloos en hulle in die woestyn laat sterf het. Die mense het Satan toegelaat om hulle oë te verblind vir God se liefdevolle sorg en die voortdurende

gebede en goedhartige leierskap van Moses. Hierdie gees van murmurering het Satan toegelaat om deur God se muur van beskerming te breek.

> Wie ‘n kuil grawe, kan daarin val; en een wat ‘n muur afbreek, ‘n slang kan hom byt. Prediker 10:8

Israel het vir hulself 'n put van onnodige bekommernis en ongegronde blaam gegrawe. Om God van verwaarlosing te beskuldig, was 'n valse aanklag teen Sy karakter en daarom was dit afgodediens. Dit is belangrik om te verstaan dat enige valse idee oor God op afgodediens neerkom. Enige verkeerde opvatting van God se karakter is 'n afgod van ons eie verbeelding.

God het Israel teen die gevare van die woestyn beskerm. Hy het bedags ’n wolkkolom voorsien om hulle teen die hitte van die son te beskerm en snags ’n vuurkolom om hulle warm te hou teen die koue. Hy het hulle elke dag met manna gevoed en hulle natuurlik beskerm teen die wilde diere en giftige gediertes in die woestyn. Aan die einde van hulle omwerwing in die woestyn het Moses vir hulle gesê:

> Want die HERE jou God het jou geseën in al die werk van jou hand; Hy ken jou trek deur hierdie groot woestyn; nou veertig jaar lank was die HERE jou God met jou; **geen ding het jou ontbreek nie.** Deuteronómium 2:7

Ons word ook vertel:

> Die Engel van die HERE trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.. Psalm 34:8

Toe Israel opgehou het om God te vrees en Hom van nalatigheid beskuldig het, kon Hy hulle nie teen Satan beskerm soos Hy voorheen gedoen het nie.

> Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe.. Númeri 21:6

Al die vertalings wat ek nagegaan het, sê dat God die slange onder die mense gestuur het. Wanneer jy die idee het dat God se geregtigheid straf

vereis, wat tot die dood lei, dan maak dit volkome sin om te glo dat God die Israeliete gestraf het vir hulle ondankbaarheid en valse beskuldigings teen Hom. Die straf vir baie van die mense was die dood.

Die Israeliete het verstaan dat God die slange gestuur het om hulle te straf, en hulle het aan Moses bely dat hulle gesondig het en by Moses gepleit om God te vra om die slange weg te neem.

> En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. Númeri 21:7

God sê nie vir Moses om vir die volk te sê dat dit nie Hy was wat die slange gestuur het nie, want die volk sou dit nie verstaan nie. Hulle het geweet dat hulle teen God gesondig het, en in hul eie gedagtes het dit heeltemal sin gemaak dat God hulle sou straf en selfs sommige van hulle weens hul sondes in woede doodmaak. Dit is die geregtigheid wat hulle verstaan het; dit is wat versoening vir hulle beteken het.

Wanneer jy die betekenis van die Hebreeuse woord vir *stuur* in die gegewe tydvorm ondersoek, sien ons die volgende:

> P*iel* Tydvorm (Die Piel-stam is die mees buigsame stamformasie in Bybelse Hebreeus en kan eenvoudige, intensiewe, resultaat, veroorsakende of ander soorte verbale handeling uitdruk, afhangende van die konteks en die spesifieke werkwoord)
>
> 1c1) om weg te stuur of uit te stuur, af te wys, oor te gee, uit te giet
>
> 1c2) om te laat gaan, vry te laat
>
> 1c3) om uit te spruit (van takke)
>
> 1c4) in die steek te laat
>
> 1c5) uit te spruit

Het God hulle direk gestuur om die Israeliete skade aan te doen? Of het God die slange vrygelaat deur hulle nie meer te verhinder om in die laer van Israel in te kom nie? Ons hoef nie te raai watter betekenis om hier toe

te pas nie, want Paulus vertel ons wat gebeur het:

> …En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die **slange** [G3789] omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die **verderwer** [G3644] omgekom 1 Korinthiërs 10:9-10

Die Griekse woord wat Paulus vir *slang* gebruik, word op 'n aantal ander plekke gebruik om na Satan te verwys.

> En die groot draak is neergewerp, die ou slang [G3789] wat genoem word duiwel en Satan,… Openbaring 12:9

> En hy het die draak gegryp - die ou slang [G3789] wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom gebind duisend jaar lank. Openbaring 20:2

Boonop beteken die Strong se definisie vir die woord *verderwer* in die volgende vers "'n verwoester, giftige slang". Ons kyk ook na die woorde van Jesus omtrent Sy karakter.

> Want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red …. Lukas 9:56

Dit alles dui sterk op die gedagte dat God die slange sonder beperking losgelaat het en Satan dit toe gebruik het om die Israeliete skade aan te rig en dood te maak. Israel het gedink dit is God wat hulle deur die slange doodmaak, terwyl dit in werklikheid Satan was wat beheer oor die slange geneem het, want Israel het 'n gat in die muur van God se beskerming gemaak deur hul ondankbaarheid, valse beskuldigings en afgodery aangaande God se karakter.

Om aan die mense se denke te voldoen, het God vir Moses 'n baie vreemde opdrag gegee.

> Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige [H8314] *slang* en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang,

> het hy in die lewe gebly. Númeri 21:8-9 (koperslang kan ook vertaal word as bronsslang– sien KJV)

God het vir Moses gesê om 'n bronsbeeld te maak van die slange wat hulle byt, dit op 'n paal te sit, en dan die mense uit te nooi om na die bronsslang te kyk sodat hulle kan lewe.

Hierdie gebruik was algemeen onder heidense nasies soos gesien in die verhaal van die Filistyne toe hulle die ark van Israel geneem het en gevolglik muisplae ervaar en met pesswere of geswelle getref is.

> En toe die ark van die HERE sewe maande lank in die land van die Filistyne was, het die Filistyne die priesters en die waarsêers geroep en gesê: Wat moet ons met die ark van die HERE doen? Gee ons te kenne waarmee ons dit na sy plek kan wegstuur. En hulle sê: As julle die ark van die God van Israel wegstuur, stuur dit dan nie leeg weg nie, maar gee Hom ten volle ‘n skuldoffer terug; dan sal julle gesond word, en dit sal julle bekend word waarom sy hand nie van julle wyk nie. Toe vra hulle: Wat is die skuldoffer wat ons Hom moet teruggee? En hulle sê: Volgens die getal van die vorste van die Filistyne: vyf goue geswelle en vyf goue muise, want dit is een plaag oor hulle almal en oor julle vorste. Maak dan beelde van julle geswelle en beelde van julle muise wat die land verniel, en gee eer aan die God van Israel; miskien sal Hy sy hand ligter maak oor julle en julle gode en julle land. 1 Samuel 6:1-5

*Waarom gebruik God 'n heidense praktyk om die Israeliete te genees? Bloot omdat hulle steeds deur heidense idees van geregtigheid en vergoeding oorheers was.*

Waarom gebruik God 'n heidense praktyk om die Israeliete te genees? Bloot omdat hulle steeds deur heidense idees van geregtigheid en

vergoeding oorheers was.

Wat fassinerend is aan die woord wat vir *giftige slang* gebruik word, is dat dit op 'n ander plek na 'n engel verwys.

> In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op ‘n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. **Serafs** [H8314] het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. Jesaja 6:1–2

Is dit toevallig dat die presiese woord vir giftige slang ook na die serafs verwys wat voor die troon van God staan? Wie is die engel wat 'n slang geword het wat eens in die troonkamer van God gestaan het? Dit is duidelik dat dit 'n verwysing na Satan is. Waarom word Moses gevra om 'n simbool van Satan te maak en die heidense gebruike van ander nasies te volg om 'n weg na verlossing vir die Israeliete wat gepik is, te bied? Omdat hulle idees van hereniging en versoening hierdie tipe ritueel vereis het, sodat die mense kon glo dat God hulle sou vergewe en aanvaar.

Die konneksie met Satan en Heidendom wat verband hou met die verheffing van die slang bevat nog 'n laag van bevestiging. Dit hou verband met die metaal waarvan die slang gemaak is – brons.

Brons of geelkoper (*brass*) was nie 'n metaal wat deur God geskep is nie. Dit was nie iets wat jy uit die grond kon grawe nie. Brons is ontwikkel deur een van die afstammelinge van Kain.

> Kain het met sy vrou gemeenskap gehad; sy het swanger geword en aan Henog geboorte gegee. Kain was toe besig om ‘n stad te bou, en hy het die stad na sy seun Henog vernoem. Vir Henog is Irad gebore; Irad het Mehújael verwek; Mehújael het Metúsael verwek; en Metúsael het Lameg verwek. Lameg het vir hom twee vroue geneem. Die een se naam was Ada, en die tweede se naam was Silla. Ada het aan Jabal geboorte gegee. Hy was die voorvader van hulle wat in tente woon by hulle vee. Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die voorvader van almal wat op liere en fluite speel. En Silla, ook sy het geboorte gegee - aan

> Tubal-Kain, ‘n smid en die voorvader van almal wat brons en yster bewerk. Tubal-Kain se suster was Naäma. Genesis 4:17-22 (Afrikaanse 2020 vertaling)

Tubal-Kain was nie van die geslag van die seuns van God nie (dit wil sê, diegene wat die ware God aanbid het deur Set), maar eerder 'n afstammeling van Kain. Sy pa was die eerste man wat vermetel genoeg was om twee vrouens te neem en daarom maak dit sin dat Tubal-Kain geïnspireer sou word om sulke harde voorwerpe te maak - 'n weerspieëling van die hardnekkigheid van die geslag mans waaruit hy afstam.

Brons word simbolies as 'n negatiewe element in die Skrif beskou - 'n weerspieëling van die hardheid van die hart.

> Is my krag die krag van klippe? Of my liggaam van brons? Job 6:12 [*Afrikaanse 2020 vertaling, lees ook KJV*]

> Omdat Ek weet dat jy hardnekkig is, en jou nek ‘n ystersening is, en jou voorkop brons. Jesaja 48:4 *[Afrikaanse 2020 vertaling]*

> Hulle is almal die oproerigstes van die oproeriges wat omgaan met kwaadsprekery; koper [brons] en yster is hulle; hulle handel almal verderflik. Jeremia 6:28 [Woord in hakies ingevoeg, sien KJV]

> Mensekind, die huis van Israel het vir My skuim geword; hulle is almal koper [brons] en tin en yster en lood binne die smeltoond; silwerskuim het hulle geword. Eségiël 22:18 *[Woord in hakies ingevoeg, sien KJV]*

Die metaal wat gebruik word, dui aan dat die proses mensgemaak is eerder as deur God gemaak.[25] Die feit dat 'n slang van brons gemaak is, openbaar die sataniese inspirasie van die hele proses.

Terwyl die mense in geloof na die verhewe bronsslang kyk, word God in staat gestel om hulle te bereik met Sy primêre doel om aan hulle genesing, vergifnis en verlossing te bied. Ons liefdevolle Vader reik af in die duisternis van menslike dwaling en oortuig ons van Sy genesende

---

[25] Brons (of geelkoper) is 'n legering van koper en sink

liefde en vergifnis.

Die mense glo dat God die slange gestuur het om hulle te straf en daarom openbaar die slang op die paal die waarheid van wie hulle eintlik aanbid het – Satan. Hoekom? Omdat dit Satan se genadelose geregtigheid is wat hulle aansien as die kern van God se karakter, terwyl dit in werklikheid die karakter van Satan en die mens is.

Die betekenis van die woorde van Christus aan Nikodemus kan nie oorbeklemtoon word nie:

> En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:14–15

Jesus gebruik die woord *soos* om aan te dui dat wat Hy doen net dieselfde is as wat Hy met Moses gedoen het.

- Hy gebruik 'n heidense praktyk om 'n beeld te maak van wat gevrees word, wat hulle sal skade berokken.
- Hy word verhef na die beeld van 'n slang wat slanggeregtigheid voorstel.
- Hy word verhef in die konteks van mensgemaakte brons wat die hardheid van die menslike natuur weerspieël deur so iets te vereis.
- Hy voldoen aan die eise van die seraf/slang wat eens in die teenwoordigheid van God gestaan het.

Jesus stel dit duidelik dat Hy verhef en doodgemaak moes word, nie omdat God dit vereis het nie, maar omdat Satan en die mens dit vereis het. Daar was geen ander manier vir God om die menslike geslag met Sy vergewende liefde te bereik nie, behalwe om aan menslike verwagtinge te voldoen van wat nodig was om ons te red.

Gelukkig gee die Skrif vir ons 'n aantal voorbeelde wat wys dat ons Vader wil hê ons moet vorder van 'n brons heidense simbool van versoening na

'n posisie om bloot met ons Vader te praat en in Sy vergifnis en genade te vertrou. In die volgende hoofstuk sal ons die simbool van "slaan die rots" en "praat met die rots" ondersoek as bewys van hierdie reis na die begrip van versoening.

In latere hoofstukke sal ons die Heiligdommeubels ondersoek en die betekenis van die reis vanaf die bronsaltaar in die Voorhof na die goue verbondsark ondersoek. Ons sal ook die betekenis en verskillende feeste van die feeste van Pasga tot die Versoendag ondersoek as verdere bewys van God wat wil hê ons moet besef dat ons weë nie Sy weë is nie en dat Hy ons in werklikheid Sy weë wil leer.

Dit word weereens ook weerspieël in die taal van Daniël 7 (Aramees) en 8 (Hebreeus) en die betekenis van daardie verskille.

In al hierdie dinge, en ander ook, wys God vir ons dat Hy nie wil hê dat ons in die ingesteldheid van Strafvervanging moet bly, waar die menslike begrip van God se geregtigheid die dood vereis nie. Ons Vader weet dat Hy ons in hierdie donker plek moes ontmoet om ons in die lig te lei, om te besef dat ons net *Sy* karakter hoef te ken en dan deur Sy genade ons van *ons* karakter bekeer en Hom vra om ons te verander.

Dit is ook noodsaaklik om te verstaan dat om ware versoening te hê, ons ons eie denkprosesse oor geregtigheid en versoening moet verstaan voordat ons na ons hemelse Vader se realiteit van versoening kan beweeg. Daarom is Strafvervanging 'n belangrike deel van die versoeningsproses. Jy kan nie werklik vorder na die Allerheiligste van God se versoening totdat jy ons valse menslike persepsie van versoening in die voorhof begryp nie.

Hoe kosbaar is ons Vader om ons te ontmoet in ons verduisterde konsepte van geregtigheid! Hoe wonderlik dat Jesus bereid was om aan 'n Kruis opgelig te word, sodat sataniese menslike geregtigheid bevredig is, net om ons die kans te gee om te glo dat God ons sal vergewe.

Eer aan die Vader dat Hy ons nie in hierdie verduisterde heidense siening van versoening laat nie, maar ons eerder tot die lig van die waarheid roep waar ons besef dat God geen brandoffers of slagoffers van enige aard begeer nie. Hy wil net hê dat ons Sy karakter moet ken, sodat ons ons dalk mag bekeer en so met Hom herenig word.

HOOFSTUK 8

# DIE ROTS WAT GESLAAN IS

Vir die mens om oortuig te wees dat God hom in guns herstel het, moes Hy [God] Satan se geregtigheid bevredig en sodoende ware aspekte van die losprysteorie van versoening uitlig. Satan het die mensdom ontvoer en het ons oortuig dat God woedend vir ons is en dat Sy geregtigheid die dood vereis. Om die mens vry te laat, het God toegelaat dat Sy Seun deur die mensdom gemartel en doodgemaak word en Hy het ons toegelaat om te glo dat Sy geregtigheid bevredig is in die dood van Sy Seun. Hoe anders kan Hy redding bring aan 'n kranksinnige menslike verstand? Ons moes oortuig word dat ons eie geregtigheid toegepas is.

> Want God het - wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees - deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees. Romeine 8:3

God se wet het swak geword deur ons vleeslike denke. Die wet, wat tot lewe bestem was, het vir ons geblyk dat dit die dood bring. (Rom. 7:10). Hoekom? Satan se regstelsel het ons mislei en het ‘n slinkse geleentheid deur die wet aangegryp om ons te vermoor. (Romeine 7:11).

God het Sy Seun gegee om sonde vir ons te wees – wat beteken dat Hy

toegelaat het dat Hy doodgemaak word onder ons natuurlike regstelsel, geïnspireer deur Satan, sodat ons kan glo dat God ons vergewe het. Dit is gelykstaande aan die opdrag van Moses om die rots te slaan.

> Toe het Moses die HERE aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my. En die HERE het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg. Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; **dan moet jy die rots slaan**, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel. Exodus 17:4-6

Die mense wou Moses as straf doodmaak omdat hy nie dadelik in hul behoeftes voorsien het nie. God het 'n plaasvervanger voorsien – die rots. Wie verteenwoordig die rots?

> … en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en **die rots was Christus**. 1 Korinthiërs 10:4

Die rots wat geslaan word verteenwoordig die bevrediging van die mense wat straf vir Moses geëis het. Die rots, wat Christus verteenwoordig, was die plaasvervanger. Toe dit geslaan is, wat die kruisiging van Christus verteenwoordig (Matthéüs 26:31), het water, wat die guns van God verteenwoordig, voortgevloei.

Veertig jaar later, nadat hulle die gevolge gely het van hul omswerwing deur die woestyn weens hul ongeloof, het die mense weer gedors na water.

> En daar was geen water vir die vergadering nie. Toe het hulle teen Moses en Aäron saamgekom. En die volk het met Moses getwis, en hulle het gespreek en gesê: Ag, het ons tog maar gesterwe toe ons broers voor die aangesig van die HERE gesterf het! En waarom het julle die vergadering van die HERE in hierdie woestyn gebring, dat ons en ons vee daar sou sterwe? En waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om ons in hierdie slegte plek te

> bring? Dit is geen plek van graan of van vye of van wingerdstokke of van granate nie; ook is daar geen water om te drink nie. Númeri 20:2–5

Weereens het hulle Moses daarvan beskuldig dat hy nie in hul behoeftes voorsien het nie. God het vir 40 jaar lank vir hulle manna gestuur. Vir 40 jaar het Hy aan hulle water voorsien. Sou dit moontlik wees dat Israel dalk geleer het om God te vertrou sodat hulle bloot net in geloof vir water sou vra?

> Daarop gaan Moses en Aäron van die vergadering af weg na die ingang van die tent van samekoms, en hulle het op hul aangesig geval; toe verskyn die heerlikheid van die HERE aan hulle. En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Neem die staf en laat die vergadering byeenkom, jy en jou broer Aäron, en **spreek julle die rots aan** voor hulle oë; dan sal hy sy water gee. So moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei en die vergadering en hulle vee laat drink. Númeri 20:6-8

Hierdie keer moes Moses met die rots praat, sodat daar water kan uitvloei, 'n simbool van lewe en redding. Dit was nie nodig om iets te slaan nie. Daar was hierdie keer geen behoefte aan strafvervanging nie. Hy moes eenvoudig net met die rots praat.

Hierdie simbool leer ons op 'n eenvoudige manier die twee-stap proses van die versoening. Wanneer ons aanvanklik die slawerny van sonde verlaat, soos gesimboliseer in die uittog uit Egipte, moet die rots geslaan word. Die gebruik van geweld moes op die rots toegepas word om die water daaruit te laat kom.

Ons, as die volk van God, op die rand van die beloofde land, noudat ons die ryk betree het om te glo dat God vir ons die water van die lewe gegee het deur die rots wat geslaan is, word ons nou uitgenooi om eenvoudig met die rots te praat sonder dat ‘n offer nodig is. Dit is die tweede stap. Die verblyf in die woestyn verteenwoordig die karakterontwikkeling van die Christelike lewe:

> En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie. En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan. Deuteronómium 8:2-3

Ongelukkig het Moses nie op daardie oomblik die prag van ‘n blote gesprek met die rots openbaar nie. Die mense het hom vir alles blameer en hierdie wreedheid het meegebring dat hy opgetree het volgens die regstelsel wat ons van Adam ontvang het, geïnspireer deur Satan. Moses het twee keer in woede op die rots geslaan en daardeur die behoefte aan straf en die gebruik van geweld weerspieël. Ons durf nie vir Moses blameer vir sy mislukking nie. Dink ons ons sou enigsins beter gevaar het met daardie mense wat heeltyd gekla het?

> En Moses en Aäron het die vergadering voor die rots laat byeenkom, en hy het vir hulle gesê: Hoor tog, julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei? Daarop tel Moses sy hand op en hy slaan die rots twee maal met sy staf; en daar het baie water uitgekom, sodat die vergadering gedrink het en hulle vee. Númeri 20:10-11

Die belangrike punt om in ag te neem, is dat Moses homself veroordeel het as een wat nou moet sterf, omdat hy die rots as 'n simbool van die dood van Christus geslaan het. Volgens sy redenasie moet sonde gestraf word, en dus het God met Moses volgens sy eie optrede gehandel.

> Toe sê die HERE vir Moses en Aäron: Omdat julle in My nie geglo het om My voor die oë van die kinders van Israel te heilig nie, daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie. Númeri 20:12

Deur die rots twee keer te slaan, het Moses nie die karakter van God in die oë van die volk geheilig nie. Sy woede, getoon deur die plaasvervangende rots wat Christus voorstel te slaan, het geopenbaar

dat hy homself oordeel volgens sy eie begrip van geregtigheid. Dit word ook getoon in Moses se woorde: "Moet *ons* vir julle water … laat vloei ...," wat hierdie daad aan homself toeskryf eerder as aan God.

Baie mense staan verbyster omdat God nie toegelaat het dat Moses saam met Israel die beloofde land ingaan nie. Ongelukkig het Moses homself onder die verkeerde regstelsel beoordeel. Nadat hy die rots geslaan het, het hy geweet dat hy nie die stem van God gehoorsaam het nie. Hy het geweet dat hy 'n fout gemaak het. Omdat hy die rots geslaan het, het hy homself beoordeel op dieselfde manier waarop hy die mense beoordeel het, deur die rots twee keer te slaan. Hy wou die land ingaan, maar innerlik het hy homself veroordeel, omdat hy nie gedoen het wat die Here hom gevra het om te doen nie.

Die volk moet die erns van Moses se fout besef. Die hele vergadering het op hierdie valse regstelsel gefunksioneer. Soos Kain, het hulle uitgeroep dat hierdie straf groter was as wat Moses kon dra, maar almal van hulle het innerlik gevoel dat hierdie ongeregtigheid nie bloot vergewe kon word nie. Die Here was dus gedwing om toe te laat dat die oordeel wat Moses en Aäron aangedui het, na hulle toe terugkom.

Die verhaal van Israel wat water uit die rots ontvang het aan die begin en einde van hul reis, gee vir ons die twee-stap proses van die versoening. Die rots (Christus) moes geslaan word, sodat die mense sou aanvaar dat die water (lewe) aan hulle gegee sou word. Aan die einde van die reis is hulle weer getoets om te sien of hulle in God se weg van versoening kan ingaan en dit bloot deur met die rots (Christus) te praat. Slagoffer en spysoffer word nie in die tweede stap van die Nuwe Verbond vir versoening vereis nie.

Dit dra gewig by tot die woorde van Jesus dat Hy Sy Vader se werk voltooi het die aand voor Hy gesterf het. Geen dood is vereis in die werk van God om die versoening te voltooi nie. Dit het net 'n begrip van Sy karakter geverg en om bloot om vergifnis te vra, om te glo dat Hy die beloner is van die wat Hom soek. (Hebreërs 11:6).

HOOFSTUK 9

# DIE MENS SE VERSOENING

Die vorige twee hoofstukke het vir ons die twee-stap proses van die versoening uiteengesit. Die valse regstelsel van Satan wat deur die mens geërf is, moet bevredig word voordat die mens in die vergifnis van God sal glo. Die offer van Christus aan die Kruis is 'n bevrediging van menslike geregtigheid wat die deur oopmaak vir ons om die waarheid van God se karakter te glo.

Sodra ons hierdie beginsel verstaan, kan ons verskeie verhale in die Ou Testament begin ontsluit wat God bekendstel as Een wat die dood eis. Die werklikheid is iets heeltemal anders.

Let op na  die verhaal van Israel reg op die grense van Kanaän:

> Toe Israel in Sittim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Moabiete— dié het die volk na die offers van hulle gode uitgenooi; en die volk het geëet en hulle neergebuig voor hulle gode. So het Israel hom dan gekoppel aan Baäl-Peor, en die toorn van die HERE het teen Israel ontvlam. Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toorngloed van die HERE van Israel afgewend kan word. Daarop het Moses aan die rigters

> in Israel gesê: Slaan elkeen sy manne dood wat hulle aan Baäl-Peor gekoppel het. Númeri 25:1–5

Israel was deur Bileam verlei. Alhoewel hy deur Israel as 'n profeet gerespekteer was, het Bileam die pad byster geraak en eerder sy eie hebsug gevolg, as om die Here te volg. Hy het betaling van die Midianitiese koning geneem om Israel te vervloek. Maar sy pogings was gestuit omdat Israel onder God se beskerming was, en in plaas daarvan het hy hulle geseën. Hy het toe die slinkse voorstel gemaak dat hulle die Israeliete na 'n feesmaal nooi waar hulle wyn kon drink, hul sou in 'n onbewaakte oomblik in die aanbidding van heidense gode verval - dit sou God se seën verwyder en 'n vloek bring. Die apostel Paulus verwys na hierdie gebeurtenis en die vernederende praktyke waarmee hulle betrokke was in hul aandeel aan daardie aanbidding:

> En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie-en-twintigduisend geval. 1 Korinthiërs 10:8

Die Israeliete het die gebooie van God versaak. Hulle het voor ander gode neergebuig en aanbid en aan hul seksuele onsedelikheid deelgeneem. Israel was nie onkundig omtrent hul eie dade nie. Hulle het onthou wat by die goue kalf-geleentheid gebeur het en die oordele wat destyds op hulle neergedaal het.

God het Israel gewaarsku om naby Hom te bly en in Sy gebooie en insettinge te wandel sodat hulle veilig sou wees.

> Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek - dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. Levítikus 26:14-16

Israel het aan 'n dodelike plaag gely wat deur die kamp versprei het. Ons leer 'n bietjie meer van die verhaal in Númeri 25.

> En die wat deur die plaag gesterf het, was vier-en-twintigduisend. Númeri 25:9

Paulus noem dat 23 000 op een dag gesterf het, maar 'n totaal van 24 000 het altesaam gesterf. Toe Israel hulle God verlaat het, moes God hulle toelaat om die gevolge van hulle keuses te dra.

> Die HERE het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen; die goddelose is verstrik in die werk van sy hande. Psalm 9:17.

Net soos God nie meer die slange verhinder het om in die kamp in te kom nie, het Hy ook nie verhoed dat Satan hulle liggame met siekte aanval nie. Hulle het dit aan hulself gedoen, omdat hulle ander gode aanbid het.

As 'n vrou haar liefdevolle man verlaat en 'n verhouding aanknoop met 'n man wat haar begin slaan en uiteindelik doodmaak, blameer ons haar liefdevolle man vir haar dood omdat hy nie die vrou gekeer het om 'n verhouding met iemand anders aan te knoop nie? Hoeveel nut sal dit hê om haar te dwing om terug te keer? Sou dit die eerste man voorstel as een wat vryheid koester en dit wil handhaaf?

Ons hemelse Vader moes in diepe hartseer toelaat dat Israel hul eie keuse uitoefen om ander gode te aanbid – gode wat deur Satan uitgedink is. Deur hierdie gode te aanbid, het Israel hulself onder sy beheer geplaas, wat hom dus toegelaat het om hulle te begin vernietig.

*Ons hemelse Vader moes in diepe hartseer toelaat dat Israel hul eie keuse uitoefen om ander gode te aanbid – gode wat deur Satan uitgedink is.*

Toe die plaag deur die kamp begin trek en mense begin sterf het, het die skuldgevoelens en gevolge van hul dade hulle hul sonde laat besef. Die enigste manier waarop Israel weer guns by God kon vind, in menslike terme, was deur die toediening van straf, wat gelei het tot die dood van 'n klompie mense, sodat die res met God versoen kon word.

Om die geregtigheid van die volk te bevredig, het God die volgende aan

Moses gesê:

> "Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toorngloed van die HERE van Israel afgewend kan word." Númeri 25:4

Met hierdie stelling het God bloot die sondigheid van die mens geopenbaar. Die natuurlike menslike reaksie op die negatiewe gevolge van swak besluite is om iemand anders te vind om te blameer. Dit was die enigste manier waarop die volk genade sou aanvaar; 'n offer of strafvervanging was vereis. Die hele nasie was by die fees betrokke, maar diegene wat die sonde aangemoedig het, is nou voor die oë van die mense opgehang.

Terwyl die mense gekyk het na die manne wat in die son opgehang is, soortgelyk aan die proses om op te kyk na die bronsslang, kon die mense begin glo dat God hulle sou vergewe, sodat hulle van die plaag genees kon word.

Terwyl die plaag aan die gang was en die leiers van die afvalligheid doodgemaak is, het een van die vorste van Israel 'n Midianitiese vrou in die kamp ingebring en was van plan om openlik by haar te slaap.

> En daar het 'n man gekom, een uit die kinders van Israel, en 'n Midianitiese vrou na sy volksgenote gebring, voor die oë van Moses en voor die oë van die hele vergadering van die kinders van Israel, terwyl hulle ween by die ingang van die tent van samekoms. Númeri 25:6

Terwyl die res van Israel geween en berou gehad het oor hulle sondes, het hierdie leier uit die stam van Simeon dit gewaag om hierdie vreemde vrou onbeskaamd in die kamp in te bring om seksuele onsedelikheid met haar te pleeg. Alhoewel baie in die kamp gesondig het, het die optrede van hierdie man 'n weerligstraal van straf verskaf, sodat menslike geregtigheid homself kon manifesteer. Simri, die Simeoniet, het die een geword wat die sonde op homself neem, nie net vir homself nie, maar vir die hele nasie.

> Toe Pínehas, die seun van Eleásar, die seun van die priester Aäron, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en ‘n spies in sy hand geneem en agter die Israelitiese man aan gegaan in die tent en hulle twee deurboor, die Israelitiese man en die vrou, in haar onderlyf. Daarna het die plaag onder die kinders van Israel opgehou. En die wat deur die plaag gesterf het, was vier-en-twintigduisend. Númeri 25:7–9

Toe Pínehas die brutale optrede van Simri sien, is sy sin vir geregtigheid opgewek. Terwyl Israel berou gehad het oor hulle sondes, het hierdie man dit voor hulle gewaag met sy sonde, en dit met spot en minagting. Pínehas het, volgens die beginsels van menslike geregtigheid en oordeel, 'n spies geneem en Simri en Kosbi tydens die seksuele daad doodgemaak. Dit het vir die nasie reg gevoel, en hulle het geglo dat dit God se geregtigheid sou bevredig (alhoewel dit eintlik menslike geregtigheid was, wat op God geprojekteer is, wat bevredig is).

Dit was ná hierdie daad dat die plaag gestop is. God het toe op die volgende manier 'n seën op Pínehas geplaas:

> Pínehas, die seun van Eleásar, die seun van die priester Aäron, het my grimmigheid van die kinders van Israel afgewend deurdat hy my ywer onder hulle geywer het, sodat Ek die kinders van Israel in my ywer nie verteer het nie. Daarom spreek: Kyk, Ek sluit met hom my vredeverbond, en dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond van ewige priesterskap wees, omdat hy vir sy God geywer en **versoening vir die kinders van Israel gedoen het**.**”** Numbers 25:11–13

Deur die daad om Simri en Kosbi om die lewe te bring, het Pínehas versoening aan Israel gebring. Dit volg dieselfde patroon as toe die rots geslaan is. Israel kon nie glo dat God hulle sou vergewe totdat Simri dood was nie, want menslike geregtigheid eis die dood voordat vergifnis kan plaasvind. Sonder die vergieting van bloed is daar geen vergifnis van sonde nie. (Hebreërs 9:22).

God het Pínehas geseën omdat hy goedertrou opgetree het. God het hom nie veroordeel omdat hy Simri vermoor het nie, want God het

geweet dat die eerste stap vir die mensdom om versoening te aanvaar die dood van die skuldigstes onder die nasie was.

As Pínehas nie gedoen het wat hy gedoen het nie, sou Israel, soos hulle dit verstaan het, onder die vermeende veroordeling van God gebly het. Hulle sou nie kon glo dat God hulle sou vergewe nie. Daarom sou die plaag aangehou het totdat die meerderheid van die kamp sou vergaan het.

As Israel die waarheid van God se karakter geken het – dat Hy nie offers begeer het nie – kon hulle gekom het en om vergifnis gevra het en hulle sou aanvaar gewees het. Hulle kon met die rots gepraat het en die waters van die lewe verniet ontvang het. Maar die mens se weë is nie God se weë nie, daarom moes Simri sterf sodat die hele volk nie omkom nie.

Die rede waarom God vir Moses gesê het om die oortreders voor die volk op te hang, is omdat dit die proses van menslike versoening is. Maar deur hierdie woorde met Moses te spreek, het God net geopenbaar wat baie in Israel gedink het.

> En toe daar in die dae van Dawid 'n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die HERE gesoek; en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het. Toe roep die koning die Gibeoniete en sê vir hulle—die Gibeoniete het naamlik nie behoort tot die kinders van Israel nie, maar by 'n oorblyfsel van die Amoriete; en hoewel die kinders van Israel vir hulle gesweer het, het Saul probeer om hulle om te bring in sy ywer vir die kinders van Israel en Juda— Dawid dan het aan die Gibeoniete gesê: Wat moet ek vir julle doen, en **waarmee moet ek versoening doen**, dat julle die erfdeel van die HERE kan seën? Daarop sê die Gibeoniete vir hom: Dit is ons teenoor Saul en sy huis nie te doen om silwer en goud nie, en dit gaan vir ons nie daarom om iemand in Israel dood te maak nie. En hy vra: Wat dink julle dan moet ek vir julle doen? En hulle sê vir die koning: Die man wat ons vernietig het en planne teen ons beraam het om ons te verdelg sonder dat ons in enige grondgebied van Israel kan voortbestaan— **laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee**

> **word, dat ons hulle voor die HERE kan ophang in Gíbea van Saul**, die uitverkorene van die HERE! En die koning het gesê: Ek sal hulle gee. 2 Samuel 21:1-6

Ons sien in hierdie aksies, die beginsels van die mens se versoening. ’n Vloek van hongersnood het oor Israel gekom. Om die vloek reg te stel, moes sewe mans sterf. In hierdie geval was die mans relatief onskuldig. Hulle het nie persoonlik enige misdaad teen die Gibeoniete gepleeg nie. Tog is hulle gekies as 'n strafregtelike plaasvervanger vir die sonde van hul vader. Nadat hierdie aksie geneem is, het Israel geglo dat die sonde vergewe is en daarom kon dit weer reën en was die droogte verby.

Hierdie element van die dood van die onskuldige is 'n belangrike deel van menslike versoening. Soos ons in die verhaal van die Kruis van Christus sien, moet die onskuldige saam met die skuldiges gedood word.

> En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons. Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — **ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.”** Lukas 23:39–41

Ons sal na meer voorbeelde in die Ou Testament kyk, waar beide die skuldiges en die onskuldiges moet sterf vir menslike versoening om plaas te vind. Soos ons in hoofstuk 11 sal ontdek, was die dood van die skuldige manne wat in die son op die grense van Kanaän saam met die skuldige Simri opgehang is, nie genoeg om versoening vir Israel te verseker nie. Daar moes die dood van die onskuldige wees voordat versoening verseker kon word.

Die rede waarom God vir Moses gesê het om die manne wat leiers in die afvalligheid van Israel was, op te hang, word verduidelik in die verhaal van Dawid en die Gibeoniete. Hy het geweet dat dit die enigste manier was waarop vergifnis in die mense se gedagtes verseker kon word, daarom het hy hulle gedagtes na hulle teruggekommunikeer. Dit is stap een in die twee-stap-proses van versoening. Die dood van hierdie manne weerspieël nie God se karakter nie, maar eerder die mens se karakter en

wat hy van God dink. Ons sien hierdie beginsel oor en oor in die Ou Testament:

> En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel. Toe sê die HERE vir Moses: Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel. En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle ‘n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. Exodus 32:6–8

Toe Israel by die berg Sinai was en Moses op die berg was om instruksies van God te ontvang, het Israel onrustig geraak en in hul ou gewoontes van aanbidding van hulle dae in Egipte verval. Met Moses se terugkeer het die volk skuldig gevoel. ’n Offer was nodig voordat die mense in die vergifnis van God kon glo.

> [Toe]… het Moses in die poort van die laer gaan staan en gesê: Wie vír die HERE is, kom na my toe! Toe het al die seuns van Levi by hom versamel. En hy het vir hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel: Laat elkeen sy swaard aangord aan sy heup. Gaan heen en weer van poort tot poort in die laer, en laat elkeen sy broer en elkeen sy vriend en elkeen sy naaste doodmaak. En die seuns van Levi het gehandel volgens die woord van Moses, en daar het van die volk op dié dag omtrent drieduisend man geval. Exodus 32:26-28

Eers nadat die hoofoortreders doodgemaak is, kon Moses intree vir versoening vir die sonde van die nasie.

> Toe het Moses gesê: Vul vandag julle hand om te offer aan die HERE—want elkeen is teen sy seun en teen sy broer—sodat Hy vandag ‘n seën oor julle kan gee. En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Júlle het ‘n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die HERE opklim: **miskien kan ek vir julle sonde versoening doen**. Exodus 32:29-30

Die skuldigste in die afvalligheid is geoffer. Maar die versoening is nie voltooi nie. Die behoefte aan onskuldige bloed was steeds daar.

> En Moses het na die HERE teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het ‘n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! Exodus 32:31-32

Terwyl Moses nadink oor die sonde wat Israel gepleeg het, twyfel hy of God hulle kan vergewe. Die offer van die skuldiges is dalk nie genoeg nie. Miskien, indien 'n onskuldige slagoffer aangebied word, sou God dan Israel vergewe. Moses bied homself aan as die onskuldige offer om aan die vereistes van strafvervanging te voldoen.

Vanuit 'n menslike oogpunt is dit 'n wonderlike liefdesdaad van Moses se kant af. Dit openbaar die selfopofferende liefde van sy Verlosser. Tog is hierdie offer binne die bepalings van die rots wat geslaan word. Dit is die eerste stap in die proses van versoening. Hierdie eerste stap bevat twee elemente: die dood van die skuldigste naas die dood van die onskuldige.

God het nie die aanbod van Moses aanvaar nie, want die dood van Moses sou nie die versoening bring wat Moses vir die volk begeer het nie. Vanuit die menslike perspektief het die gebrek aan 'n onskuldige slagoffer beteken dat Israel sou aanhou twyfel of God hulle aanvaar of nie, en so in sonde verval. Dit het beteken dat Israel steeds geteister sou word.

> Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek. Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek. So het die HERE dan die volk getref, omdat hulle die kalf gemaak het wat Aäron vervaardig het. Exodus 32:33-35

As 'n onskuldige slagoffer namens Israel geoffer is, sou hulle dalk geglo het dat God hulle vergewe het en die plaag sou gestuit wees.

Soos ons in hoofstuk vier ontdek het, is die begeerte om dood te maak 'n manifestasie van die menslike vyandskap teen die Seun van God en die vrou wat Adam gelei het om die vrug te eet. Die begeerte om die

skuldiges dood te maak is 'n uitdrukking van sataniese vergelding. Die begeerte om die onskuldige dood te maak, is 'n openbaring van Satan se begeerte, van die begin af, om die Seun van God dood te maak. Hierdie twee beginsels, die dood van die skuldiges en die onskuldiges doodmaak, speel af in die verhale van die Bybel en is manifestasies van die oorspronklike saad van Génesis 3:12 – “Die vrou wat U gegee het om by my te wees,”.

Die verhaal van die afvalligheid by die Jordaan met Midian, eindig uiteindelik in Númeri 31 met die moord op onskuldige kinders. Voordat ons hierdie verhaal ondersoek, moet ons ‘n evangeliebeginsel ondersoek, naamlik hoe God ons sondigheid laat manifesteer sodat ons onsself kan sien soos ons werklik is, sodat ons tot bekering kan kom.

HOOFSTUK 10

# WAAR DIE SONDE MEER GEWORD HET, HET DIE GENADE NOG MEER OORVLOEDIG GEWORD

Deur watter proses lei God die sondaar tot redding? Hoe wys God aan die mens die vyandskap wat in sy hart verborge is?

> Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Jeremia 17:9

Dit sou baie maklik gewees het indien die Seun van God vir ons kon sê: "Jy probeer my doodmaak" sodat ons dit glo, dat ons met trane op ons knieë val en om vergifnis vra en glo dat God so genadig is dat ons vergewe is.

Ons sien wat gebeur wanneer Jesus vir sommige mense probeer sê dat hulle Hom wil doodmaak.

> Het Moses julle nie die wet gegee nie? En niemand van julle hou die wet nie. Waarom wil julle My om die lewe bring? Die skare antwoord en sê: U is van die duiwel besete; wie wil U om die lewe bring? Johannes 7:19-20

Hoe konfronteer jy iets wat diep in iemand se hart versteek is waarvan hulle nie eers ten volle bewus is van die bestaan daarvan nie? Sonder om geweld te gebruik, laat God ons toe om die gevolge van ons eie keuses in die gesig te staar, sodat dit wat binne-in ons is, sal manifesteer sodat ons dit kan sien.

Neem byvoorbeeld die verhaal van die vreemde vrou wat Jesus gesmeek het om haar dogter te genees. Die dissipels van Jesus was verblind vir hulle rasse-onverdraagsaamheid. Jesus kon vir hulle vertel het wat in hulle harte verborge is, maar hulle sou aanstoot geneem het of Hom eenvoudig verwerp het, omdat Hy hulle gevra het om in 'n werklikheid in te beweeg wat hulle nie bereid was om te erken nie.

> En ‘n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie ‘n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Matthéüs 15:22-23

Indien Jesus dadelik die vrou se versoek toegestaan het, sou die dissipels nie begin besef het hoe sleg hulle eie toestand was nie. Deur stil te bly, het die rasse-sonde van die dissipels gemanifesteer in die versoek om haar weg te stuur. Maar Jesus stop nie daar nie. Hy laat dit voorkom dat Hy met die dissipels saamstem in die manier waarop Hy praat.

> Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Matthéüs 15:24

Dit kom voor of Jesus hulle vooroordeel bevestig. Vir die dissipels het hierdie stelling geklink asof Jesus haar uitsluit omdat sy nie 'n Jood in die vlees was nie. Maar Jesus is die Verlosser van die hele wêreld, dus bestaan die huis van Israel uit almal wat die ware Gees van God ontvang.

> Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God. Romeine 2:28-29

*Dit is die rede waarom die Woord van God skerper is as enige tweesnydende swaard. Die Woord van God bring die saad wat in die sondaar is na vore.*

Vir diegene wat in die raamwerk van die vlees luister, sou hulle bloot hoor hoe Jesus hierdie vrou uitsluit en sodoende hul vooroordeel teenoor haar bevestig. Hierdie feit is noodsaaklik om *al* die bevele van God in die Ou Testament te verstaan wat blykbaar geweld aanmoedig.

Dis is die rede waarom die Woord van God skerper is as enige tweesnydende swaard. Die Woord van God bring die saad wat in die sondaar is na vore. Indien die eie ek in die hart regeer, dan sal God se Woord verskyn om hul eie denke te bevestig, maar diegene wat na die Gees van Christus luister, sal ‘n boodskap hoor wat die karakter van Christus weerspieël.

Vir diegene wat na die Gees van God luister, sou die woorde van Jesus aan hierdie vrou 'n uitnodiging wees. Dit is die hoorder wat die betekenis van die woorde bepaal. Die woorde van Jesus spreek tot beide die vlees en die Gees. Dit is duidelik dat die vrou in die Gees was omdat sy nie haar versoek laat vaar het nie, maar eerder nader gekom het en Jesus aanbid het en met haar versoek volhard het.

> Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! Matthéüs 15:25

Hierdie kosbare dogter van God het iets in Jesus gesien wat haar nie ontmoedig het om voort te gaan met haar versoek nie. Maar daar was iets binne-in haar wat nog na vore moes kom. Haar dogter was met bose geeste besete en dit spreek van die duisternis wat hierdie vrou ervaar het. In haar binneste voel sy waardeloos. Om waardeloosheid te koester, is 'n sonde in die lig van die waarde wat ons in God se oë het. Hy sê ons is

geliefd, en indien ons glo ons is waardeloos, ontken ons die waarheid van ons identiteit in God. Jesus reik verder in haar siel in deur haar gedagtes oor haarself en wat die dissipels omtrent haar gevoel het, te reflekteer.

> Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. Matthéüs 15:26

Die vleeslike oor sal hoor dat Jesus haar sopas 'n hond genoem het, en sodoende óf hul eie rasse-gevoelens versterk óf omgekeerd hul eie waardeloosheid. Maar die Geestelike oor merk op dat Jesus haar nie 'n hond genoem het nie, maar eintlik vir haar gevra het of sy glo sy is 'n kind van God. Sy kon dalk geantwoord het, "Ek is 'n kind van God" en haar petisie in hierdie konteks gerig het. In plaas daarvan openbaar sy dan haar oordeel oor haarself as een wat waardeloos is. Op hierdie oomblik oortuig die Gees van God haar van oorvloedige genade.

> En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. Matthéüs 15:27

Dit is die Gees van Christus wat haar oortuig dat sy haar gevoelens om ‘n hond te wees, kan oorkom; om eerder te glo dat sy bevry kan word van haar diepe angs oor haar dogter sowel as haar gevoelens dat sy vir haar sondes gestraf word.

Die vreugde in die hart van Jesus word gemanifesteer in die enkelletterwoord "O" - Dit spreek van die liefde van Jesus vir Sy dogter.

> Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af. Matthéüs 15:28

Die dissipels moes geskok gewees het! Na elke stelling van Jesus in die vlees, was hulle moontlik heeltemal in die war gelaat deur wat blykbaar 'n skielike verandering was wanneer die vrou se dogter genees word. Dit sou hulle vertroue in Hom getoets het, maar gelukkig het hulle vasgehou. Dit was eers die aand voor die kruisiging dat die vyandskap in die harte van die dissipels werklik geopenbaar is. Hulle het geen idee gehad dat dit daar was nie. Jesus het hulle sagkens probeer waarsku:

> Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word. Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan. Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie. Matthéüs 26:31-33

Jesus waarsku die dissipels liefdevol omtrent dit wat in hulle is. In plaas daarvan om vir hulp te vra, ontken Petrus wat Jesus sê en verkaar onomwonde sy eie oordeel van homself. As Petrus na Jesus geluister het en vir hulp gevra het, dan sou hy dalk nie gefaal het nie, of ten minste sou die val veel minder dramaties gewees het.

> Maar dit het alles gebeur, dat die Skrifte van die profete vervul sou word. Toe het al die dissipels Hom verlaat en gevlug. Matthéüs 26:56

> Maar 'n bietjie later kom die wat daar staan, en sê vir Petrus: Waarlik, jy is ook een van hulle, want ook jou spraak maak jou bekend. Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie. En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween. Matthéüs 26:73-75

Arme Petrus, die vyandskap in sy hart teen die Seun van God is op die mees dramatiese manier geopenbaar. Sy verhaal bewys dat die woorde van die Skrif waar is.

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; Romeine 5:20

Jesus kon dalk die gebeure verhoed het wat die dissipels toegelaat het om Hom te verlaat. Hy kon Homself bevry het van die Joodse leiers en hulle na veiligheid gelei het, maar hulle sou nooit geweet het wat in hul harte was nie; die vyandskap sou steeds daar wees.

Versoening met ons Vader in die hemel vereis die verwydering van die

verborge vyandskap in ons harte. Hierdie proses word bewerkstellig deur God wanneer Hy omstandighede toelaat wat openbaar dit wat diep in ons onderbewussyn is. Wanneer hierdie dinge na vore kom, stort die Gees van God Sy genade oor die sondaar uit en nooi hulle om vergifnis te ontvang. Dit is hoe versoening plaasvind. Paulus verwoord dit in 'n ander konteks soos volg:

> So 'n vertroue het ons deur Christus by God. Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God, wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend. En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid. 2 Korinthiërs 3:4-9

Paulus stel die werk van die twee verbonde aan ons voor. Die heerlike werk van die Ou Verbond is 'n bediening van die dood. Dit openbaar aan ons die vyandskap in ons harte. Maar die werk van die Nuwe Verbond is selfs beter. Dit verlos ons van ons vyandskap en sonde. Ons ontvang die versekering van vergifnis. Die veroordeling van die wet in die Ou Verbond doen sy werk om ons na Christus te bring. Aan die voete van Jesus kan ons al die genade vind wat ons nodig het om van ons verborge vyandskap verlos te word en met God versoen te word en versoening te ontvang.

Die werk van die wet word deur Moses verteenwoordig, omdat die wet aan hom gegee is. Maar God het die wet geskryf en dit aan Moses gegee. Ons moenie dink dat dit beteken die wet is mensgemaak nie – Christus het die wet aan Moses gegee deur middel van Sy engele.

> Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Johannes 1:17

> Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, 1 Timótheüs 2:5

> Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en **dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar**. Galásiërs 3:19

Sonder die wet wat oortuiging van sonde in ons harte bring, sou ons nooit die ware diepte van ons verdorwenheid ken nie. Jy kan nie genesing hê sonder 'n korrekte diagnose nie. Die wet diagnoseer ons probleem die oomblik dat ons verborge vyandskap ontbloot word. Wanneer hierdie vyandskap ontbloot word, doen Christus 'n beroep op ons dat ons vergewe kan word en dit laat ons toe om van die vyandskap verlos te word. Paulus gaan voort in Galásiërs:

> Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. Galásiërs 3:21

Die wet is nie teen die beloftes van God nie. Die wet kan nie lewe gee nie, maar die wet se rol is om jou te lei na die Een wat lewe het.

> omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader. Hebreërs 7:19

> For the law made nothing perfect, but the bringing in of a better hope *did;* by the which we draw nigh unto God. Hebrews 7:19 (KJV)

As jy die verskafde woord (in KJV – *did*) van die vertalers uithaal, dan is jy volkome in ooreenstemming met wat Dawid in die Psalms geskryf het:

> Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Psalm 19:8

Die wet kan niemand vervolmaak nie, maar dit bring die beter hoop in.

Dit is hoe dit die siel bekeer. Dit tree op as 'n tugmeester om ons na Christus te bring. (Galásiërs 3:24). Daarom praat die Ou Verbond met die ou mens in mensetaal. Dit spreek op 'n manier om sy verkeerde idees te vergroot, net soos die woorde van Jesus blykbaar aandui dat Hy nie gestuur is om die Kanaänitiese vrou te help nie. Wanneer 'n krisis plaasvind en die waarheid uitkom, dan word genade aangebied vir die siel om die ervaring van die Nuwe Verbond te betree.

Dit is 'n nou poort om deur te gaan, want Jesus het vir ons gesê dat min in hierdie wêreld sal kies om deur hierdie proses, wat hulle sondes deur die wet aan die lig bring, te gaan; om dan die liefdevolle en vergewende genade van God te ontvang.

| Ou Verbond | Nuwe Verbond |
| --- | --- |
| **Slaan die Rots** | Praat met die Rots |
| **Brons altaar — Voorhof** | Verbondsark van Goud — Allerheiligste |
| **God Vereis Offers** | Die Mens Vereis Offers |
| **Geregtigheid Vereis die Dood** | Geregtigheid Bied Vrylik Genade |
| **God het Christus Doodgemaak** | Die Mens het Christus Doodgemaak |
| **Die Mens se Gedagtes** | God se Gedagtes |
| **Die Mens se Versoening** | God se Versoening |

Toegepas in hierdie raamwerk van die Ou Verbond en Nuwe Verbond wat saamwerk om ons tot verlossing te bring, kan ons sommige van die dinge wat ons voorheen oorweeg het in hierdie raamwerk plaas om ons 'n duideliker beeld te gee van hoe dit werklik werk.

God se gedagtes is nie ons gedagtes nie, maar God ontmoet ons waar ons

is in ons denkpatrone, en openbaar Sy denke aan die gewillige harte. Elkeen van ons gaan deur hierdie twee-stap-proses om in harmonie met God gebring te word; om die versoening te ontvang.

Hierdie proses is noodsaaklik om te verstaan. Vir elkeen van ons om versoening te ontvang, moet die verborge vyandskap in ons harte geopenbaar word [Ou Verbond] sodat ons God se oorvloedige genade [Nuwe Verbond] kan ontvang. Wanneer ons hierdie twee-verbondproses verstaan, dan het ons die korrekte raamwerk om stories soos die moord op onskuldige kinders in Númeri 31 te verstaan.

HOOFSTUK 11

# DIE MOORD OP ONSKULD

Binne een van die mooiste stellings van die Skrif is daar 'n onverwerklikbare vyandskap opgesluit.

> Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! Exodus 32:32

By die berg Sinai worstel Moses in sy gedagtes tussen die grense van God se vergifnis en die regstelsel wat alle mense verstaan - die dood as straf vir oortreding. As jongman het Moses sy oortuiging getoon dat die skuldiges met die dood gestraf moet word.

> En in dié dae toe Moses al groot was, het hy na sy broers uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien. En hy het gesien hoe ‘n Egiptiese man ‘n Hebreeuse man, een uit sy broers, slaan. En hy het hierheen en daarheen gekyk, en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe. Exodus 2:11-12

Hierdie beginsel van vergelding in Moses is versag deur skape vir veertig jaar in die woestyn te versorg, maar sonder die volledige openbaring van God se karakter soos geopenbaar in Christus, was dit uiters moeilik om hierdie valse idee heeltemal te verwyder.

God, wat weet hoe moeilik dit is om sulke diepgewortelde wanopvattings in die mens uit te skakel en aangesien God nie bereid is om 'n ander begrip op die mens af te dwing nie, ontmoet die mens waar hy is. Hy rapporteer die besonderhede van Sy pogings om die mens te bereik, sodat hy eendag, in die toekoms, die stukke bymekaar kan sit en tot 'n meer akkurate begrip van Sy karakter en Sy geregtigheid kom. Dit is al wat God kan doen en wat Hy vir 6000 jaar gedoen het: Hy wandel saam met die mens in hulle verduisterde begrip terwyl hulle die bitter vrug van hulle keuses verwerk, terwyl Hy deurgaans met Sy Gees sagkens met hulle praat oor 'n beter manier.

> Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem. Númeri 12:3

Moses was op daardie tydstip die geduldigste, sorgsaamste man op aarde en daar sou baie min ná hom wees wat sy vlak van nederigheid sou besit. Tog was die verborge verraad van Adam steeds versteek in die karakter van Moses. Ons hemelse Vader wou Moses van hierdie verborge vyandige houding bevry.

Soos ons in die laaste hoofstuk ontdek het, was die enigste manier om Moses te bevry van die verborge vyandigheid, om Moses se natuurlike neigings toe te laat om oorvloedig te wees in 'n moeilike situasie. Dit sal toelaat dat God se genade baie meer oorvloedig word. Die oomblik toe Moses in woede die rots ‘n tweede keer geslaan het weens die ongelowige ondankbaarheid van die volk, het die verborge vyandskap in Moses na vore getree. Die slag wat die rots getref het, was 'n simbool van die kruis van Christus. Voordat Moses die berg Nebo sou klim en na die graf sou gaan, sou God die diepte van die vyandige houding binne Moses openbaar in so 'n mate dat dit gesien kon word dat Moses dieselfde natuur besit het as die Farao wat hom as baba probeer doodmaak het.

In hoofstuk 9 het ons gesien hoe die skuldiges in Israel doodgemaak is omdat hulle valse aanbidding en seksuele onsedelikheid in die kamp toegelaat het. Nou was dit tyd vir die skuldige nasie van Midian om te maai wat hy gesaai het. God praat met Moses:

> "Neem wraak vir die kinders van Israel op die Midianiete; daarna sal jy by jou volksgenote versamel word." Númeri 31:2

Hier is die laaste opdrag aan Moses voordat hy sterf: wraak op die Midianiete. Maar wie se wraak word hier bevredig? Oorweeg twee ander vertalings:

> "Die Israeliete moet die Midianiete straf vir wat hulle julle aangedoen het. Daarna sal jy sterwe." Numeri 31:2 (1983 vertaling)

> Vergeld die onreg wat die Israeliete aangedoen is deur die Midianiete. Daarna sal jy met jou mense verenig word. Numeri 31:2 (Afr 2020)

Wat was die betekenis van wraak vir Moses en die Israeliete?

> Daarop het Moses met die volk gespreek en gesê: Laat manne uit julle midde hul vir die oorlog wapen, dat hulle teen Mídian kan trek om die wraakgerig van die HERE aan Mídian te voltrek. Númeri 31:3

Vir Moses het wraak beteken om diegene wat verkeerd gedoen het, dood te maak en te vernietig. Moses het menslike wraak oorgedra as God se wraak. Dit projekteer die karaktertrekke van Israel, insluitend Moses, op God. Die slinkse verraad van Bileam in verband met die Midianiete veroorsaak dat die aanstoot van Moses meer word. (Romeine 5:20). God het met Moses gespreek omtrent die wraak van die kinders van Israel. Moses het gepraat van die wraak van Jehova. Moses sê vir die Israeliete om hulself te bewapen vir oorlog. God het nie die woord oorlog of oorlogswapens genoem nie. Hoe wreek God Homself op Sy vyande?

> Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. **As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop**. Romeine 12:19-20

God se wraak is om Sy vyande te voed en vir hulle iets te gee om te drink

wanneer hulle dors is. Wanneer jou vyand vriendelik met jou is, pla dit jou gewete (as daar enige gewete oor is) en dit veroorsaak groot ongemak vir die siel. Dit is hoe God Sy vyande, wat alle mense in hul natuurlike toestand insluit, in Sy vriende verander – Sy goedheid teenoor ons lei ons tot bekering en bring versoening. (Romeine 2:4).

Hoe het Elisa sy vyande behandel?

> En die koning van Israel sê vir Elísa toe hy hulle sien: Moet ek verslaan, moet ek verslaan, my vader? Maar hy antwoord: U mag nie verslaan nie. Sou u dan verslaan die wat u met u swaard en u boog as gevangenes weggevoer het? Sit aan hulle brood en water voor, dat hulle kan eet en drink en na hulle heer kan trek. En hy het hulle ʻn groot maaltyd berei; en nadat hulle geëet en gedrink het, laat hy hulle gaan; en hulle het na hul heer getrek. En die bendes van die Arameërs het verder nie meer in die land van Israel gekom nie. 2 Konings 6:21-23

> *Daar is geen duisternis in God nie, maar aangesien die mens, wat God verteenwoordig, Sy karakter verkeerd verstaan, veroorsaak dit dat God met duisternis omring word.*

Waarom het die groepe Aramese stropers nie meer in die land van Israel gekom nie? Dit is as gevolg van die kole vuur op hulle hoofde. Hierdie soldate het gedink hulle gaan sterf. Om eerder met 'n groot feesmaal getrakteer te word, het hulle harte bereik en hulle skaam gelaat oor hulle begeerte om die Israeliete dood te maak, daarom het hulle opgehou.

In Moses se die geval: soos ons gesê het, was dit nie God se wraak wat uitgevoer is nie; dit was die wraak van Israel. Moses het die rots, 'n simbool van Christus, weer geslaan deur te sê dat dit God se wraak was wat uitgevoer word. Dit was 'n manifestasie van die verborge vyandskap wat in die hart van Adam ontstaan het.

Die sagmoedigste man op die hele aarde openbaar skielik die verborge vyandige houding in hom deur sy begeerte om die Midianiete te dood. As

God nie gesê het wat Hy gesê het nie, sou hierdie verborge vyandige houding dalk nie na vore gekom het nie.

Dit is die misverstand van God se bedoelinge wat veroorsaak dat God in duisternis gehul word. Daar is geen duisternis in God nie, maar aangesien die mens, wat God verteenwoordig, Sy karakter verkeerd verstaan, veroorsaak dit dat God met duisternis omring word.

> Die HERE is Koning; laat die aarde juig; laat baie eilande bly wees! **Wolke en donkerheid is rondom Hom**; geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon. ‘n Vuur gaan voor sy aangesig uit en steek sy teëstanders rondom aan die brand. Psalm 97:1-3

Wat is hierdie wolke?

> Daarom dan, **terwyl ons so ‘n groot wolk van getuies rondom ons het**, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, Hebreërs 12:1

In die boek Hebreërs stel Paulus 'n lys saam van ‘n hele klomp helde uit die Ou Testament. Deur die geskiedenis heen getuig hierdie mense van God. Tog bring hulle wanbegrip van God se karakter, sodat God deur donker wolke omring word. Die lig van God poog om deur hierdie duisternis te skyn. Die suiwer lig skyn deur die persoon van Jesus deur hierdie duisternis.

> **Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn**—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. 2 Korinthiërs 4:6

Toe God met Israel op die berg Sinai gepraat het, het Hy met hulle gepraat deur wolke van duisternis. Hierdie duisternis is nie in God nie, maar in die mensdom. Die aardbewing, weerlig en donderweer is 'n weerspieëling van mense se gedagtes omtrent God.

> En op die derde dag toe dit môre word, was daar **donderslae en blitse en ‘n swaar wolk op die berg** en die geluid van ‘n baie

> sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. Daarop het Moses die volk uit die laer gelei om God te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg. En die hele berg Sinai het gerook, omdat die HERE in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe. Exodus 19:16-18

> En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie. So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolkedonkerheid waar God was. Exodus 20:18-21

God het toegelaat dat die natuurlike elemente die gedagtes van mense oor God weerspieël. Die aarde was onder die heerskappy van mense en dit het getuig van wat hulle van Hom gedink het. In hierdie proses laat God die wet bykom, sodat die sonde (misdaad) van die mense vir hulle duideliker kan word.

Soos ons vroeër gesê het, is dit noodsaaklik dat die diepte van die vyandige houding in Moses geopenbaar word voordat hy sterf. God doen dit nie om Moses te veroordeel nie, maar sodat Moses oorvloedige genade kan ontvang. God veroordeel nooit; Hy oortuig slegs om genesing van die vyandskap te bring vir dieper versoening, maar dit is die mens wat in sy misverstand hierdie werk van oortuiging as veroordelend beskou, en in skuld en vrees vernietig hy homself.

Israel het teen Midian oorlog gevoer met die gedagte dat hulle God se oorlog voer en Sy wraak neem. Die Midianiete is uitgeroei. Israel het seker gemaak dat daardie valse profeet, Bileam, ook verslaan is. Maar met hulle terugkeer reageer Moses met groot woede.

> En toe Moses en die priester Eleásar en al die owerstes van die vergadering hulle buitekant die laer tegemoetgaan, het Moses

> kwaad geword vir die aanvoerders van die leër, die owerstes oor duisend en die owerstes oor honderd wat van die veldtog af gekom het. En Moses het vir hulle gesê: Het julle al die vroue laat lewe? Kyk, hulle was, deur die raad van Bíleam, vir die kinders van Israel ‘n oorsaak van troubreuk teenoor die HERE in die saak van Peor, sodat die plaag in die vergadering van die HERE was. Maak dan nou dood almal wat van die manlike geslag onder die kinders is; en maak dood elke vrou wat gemeenskap met ‘n man gehad het. Númeri 31:13-17

Het God iets vir Moses gesê omtrent die moord op babaseuntjies? Op watter manier het die babaseuntjies van Midian Israel verlei en veroorsaak dat 'n plaag 24 000 Israeliete vernietig het? Alle vroue wat nog nooit met 'n man geslaap het, is ook doodgemaak. Maar die meisies wat nie met 'n man geslaap het nie, is in die lewe behou om versorg te word om by Israelitiese mans te slaap en om hulle slawe te wees.

Dit is nie moeilik om die menslike logika vir die rede waarom die vroue doodgemaak is, te verstaan nie, maar in die lig van die karakter van Jesus wat die vrou vergewe het wat in owerspel betrap is, openbaar dit aan ons almal waar ons harte oor hierdie vraag staan.

Moses se lewe was gespaar toe die Farao van Egipte beveel het dat alle Israelitiese babaseuntjies doodgemaak moes word en die babadogtertjies gespaar moes word.

> En die koning van Egipte het met die Hebreeuse vroedvroue—die een se naam was Sifra en die ander se naam Pua—gespreek en gesê: As julle die Hebreeuse vroue by ‘n geboorte help, moet julle na die geboortestoel kyk: as dit ‘n seun is, maak hom dood; maar is dit ‘n dogter, laat haar lewe. Exodus 1:15-16

Dit is ook interessant dat Moses, toe hy uit Egipte gevlug het, hy in die land Midian skuiling gevind het.

> En toe Farao van dié saak hoor, het hy probeer om Moses dood te maak. Maar Moses het van Farao af weggevlug en in die land Mídian gaan woon. En hy het by ‘n put gesit. Exodus 2:15

Moses het getrou met die dogter van Jetro, die priester van Midian. (Exodus 2:16-21). Al hierdie dinge behoort ons te laat sidder. Moses was die sagmoedigste man wat geleef het. Toe die regte toets gekom het, het dit openbaar dat Moses dieselfde eienskappe kan vertoon as Farao wat die Israelitiese kinders wou probeer doodmaak.

As jy werklik wil weet wat diep in jou siel verborge is, kyk in die aangesig van Moses en sien jouself daar. Al hierdie dinge is geskryf tot ons lering. (Romeine 15:4). Daar is niks goeds in die mens nie; daar is niemand wat na God soek nie. (Romeine 3:11–12). Soos Jesus vir ons gesê het, daar is niemand goed nie, behalwe Een, God.

In die vernietiging van die konings van Midian, sien ons die offer van die skuldiges. Ons sien ook die offer van die skuldiges in die vroue wat die Israelitiese mans verlei het. In die dood van die vroue en babaseuntjies van Midian wat Israel nie verlei het nie, sien ons die offer van die onskuldiges – en dit voltooi die versoeningsproses volgens Strafvervanging. Dit alles het eggo's van die tuinaanklag "die vrou wat jy, (die Seun), aan my gegee het": die skuldige vrou en die onskuldige Seun word ter dood veroordeel om die versoening vir Adam te voltooi.

Die res van die hoofstuk praat van die oorlogsbuit en hoe dit verdeel is en wat aan God gewy is. Dan lees ons iets uiters belangrik oor die onderwerp van die versoening.

> Daarom bring elkeen van ons as offer aan die HERE wat hy aan goue goed gevind het: armkettings en armbande, vingerringe, oorringe en halssierade, **om versoening te doen vir ons siele** voor die aangesig van die HERE. Númeri 31:50

Deur die Midianiete dood te maak en die oorlogsbuit te neem en 'n offer aan God te bring, het die Israeliete vir *hulleself* versoening gedoen. Maar hoe doen mense vir hulleself versoening as daar niemand is wat regverdig is nie, nie een nie? Soos God gesê het, dit was Israel se wraak wat bevredig is, daarom was die versoening bloot vir hul eie siele gedoen.

Vir 'n kort oomblik blyk Moses soos Farao te wees, met dieselfde saad van vyandskap gedryf deur die begeerte om sy nasie te bewaar. Die kritieke

punt om te onthou is dat God nie enige persoon veroordeel vir hulle mislukkings nie, maar Hy sal hulle die waarheid wys sodat Hy hulle genade en geestelike genesing kan gee as hulle die waarheid aanvaar.

Baie mense is geskok oor hierdie voorstel dat Moses verkeerd opgetree het. Dit is 'n poging om die verborge vyandige houding in hul harte te regverdig. Jesus het nooit beveel dat iemand doodgemaak word nie; dit is nie deel van Sy karakter nie. Christus het die Kruis verduur in die dood van al daardie Midianiete, sodat die evangelieproses in Moses voltooi kon word.

Moenie 'n fout maak nie, die Midianiete het die natuurlike gevolge van hulle keuses ontvang. Hulle het probeer om Israel te vernietig en God het toegelaat dat die ongeregtighede van die vaders op die kinders besoek word. God het nie die gevolge verhoed nie, maar God se karakter word nie verteenwoordig in die vernietiging van die Midianiete nie.

Dit is my gebed dat, indien hierdie verhale met vars oë gelees word, die beginsels van die versoening 'n veel groter betekenis sal kry. Ek bid dat die verdorwenheid van die ganse menslike natuur geopenbaar sal word en in die stof gelê sal word sodat almal van ons aan Christus sal vashou as ons enigste hoop op verlossing. Daar is niemand wat goed is nie, nee nie een nie. Dit is waarom hierdie geskiedenis aan ons gegee word; hulle is "neergeskryf om ons te waarsku – ons wat hier teen die einde van die wêreldgeskiedenis leef." 1 Korinthiërs 10:11 (NLV)

Ons het almal dieselfde vlees as Moses en Farao. Ons het die potensiaal om presies te doen soos hulle gedoen het, selfs al is ons die sagmoedigste persoon op aarde.

Hierna wend ons ons na die Mosaïese Heiligdom om dieper te verstaan hoe die Seun van God ons verborge verraad hanteer om ons in versoening met God te bring.

HOOFSTUK 12

# DIE SLUIER VAN SY VLEES

> o God, u **weg** is in heiligheid [die heiligdom]. Wie is ‘n groot God soos God? Psalm 77:14 [woorde in hakies ingevoeg, sien KJV]

Die primêre betekenis van die woord *weg* is "pad". "U pad is in die Heiligdom." [In die KJV word die woord *sanctuary* gebruik.] Die beginpunt van die pad is waar die gevalle mens in duisternis sit, terwyl ons Vader van die lig by die eindpunt is. Die pad tussen hierdie twee punte word in die Heiligdom geopenbaar, wat Christus verteenwoordig. Parallel hiermee sê Jesus “Ek is die Weg” wat in Grieks *τρόπος* is wat ook *weg* of *pad* beteken. “U weg, o God, is in die Heiligdom” en Christus is die weg na die Vader. Jesus sê, “niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Hierdie weg begin waar die mens is, en dit eindig waar God is.




Ons kan nou op hierdie pad nog 'n laag van begrip plaas en dit is Jesaja 55:8–9. As ons dit op hierdie diagram neerlê, het ons die mens se weë en God se weë:




Wat is die verskil tussen hierdie twee? Die verskil tussen geregtigheid en

sonde. Hulle is heeltemal teenoorgestelde. Die pad, om van die mens se weë na God se weë te kom, gaan deur 'n volledige transformasie soos elders in die Skrif voorgestel as duisternis na lig.

Ons het nog 'n vers wat ons hier bo-oor kan neerlê. Eségiël 36:26 "en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee." Ons sê nie dat God vlees is nie, maar dit verteenwoordig die sagtheid en die sagmoedigheid van God eerder as die wrede, streng, ongevoelige karakter van die mens. Dit is 'n paar van die parallelle waar die teenoorgesteldes bestaan. Die enigste manier hoe God ons kon terugwen en bereik, was om Sy eniggebore Seun te stuur. God moes Sy Seun afstuur na waar ons is.

Ons word deur die verlore skape verteenwoordig. Christus kom na ons toe, want "daar is niemand wat God soek nie." (Romeine 3:11). Die mens loop nie na God toe nie. Christus loop of hardloop na die mens toe om diegene wat gewillig is, na die Vader toe terug te neem.

Die toestand van die mens in die duisternis van sonde is haglik, want wanneer die lig van geregtigheid na ons toe kom, sê die Bybel vir ons dat ons van nature van die lig wegdraai. Van nature verstaan ons nie die lig nie en begeer dit nie.

> En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Johannes 1:5
>
> En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Johannes 3:19

Aangesien God se gedagtes nie ons gedagtes is nie, word alles wat Hy sê in ons duisternis geïnterpreteer as iets teen ons; iets wat ons skade berokken. Ons sien dit by die kinders van Israel by die berg Sinai:

> En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg. Exodus 24:17

Die wonderskone heerlikheid van God het vir die mense gelyk soos 'n

verterende vuur. Om die mens te bereik, moes God die hele pad kom tot waar die mens is. Maar wanneer God na ons toe kom, vrees ons van nature weens ons sondigheid dat Hy kom om ons skade te berokken. Daarom het ons 'n middelaar nodig om ons saak voor die Een wat ons dink ons wil straf en doodmaak, te bepleit.

Die vyandskap wat in die hart van Adam teen God ontstaan het en na die hele menslike geslag oorgegaan het, verhoed die moontlikheid van effektiewe kommunikasie sonder 'n middelaar. So 'n middelaar is Christus, die Seun van God.

> Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge [G1378] bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep Efésiërs 2:13-15

Christus het die muur van skeiding tussen ons en God oorwin deur die sluier van Sy vlees. Die meeste Christene glo dat hierdie gedeelte verwys na die muur tussen Jood en heiden wat afgebreek is deur die verwydering van die wet van Moses. Let op wat die Afrikaanse 2007 Bybelvertaling (Die Bybel vir Almal) sê:

> **Dit is Christus wat vrede gebring het tussen ons**. Die Jode en die heidene was altyd apart en hulle was mekaar se vyande. Dit was soos 'n muur tussen die Jode en die heidene. Maar Christus het die muur afgebreek en Hy het die Jode en die heidene bymekaargebring. Hulle is nou nie meer vyande nie. **Christus het gesê die Jode se wette en reëls beteken nou niks, dit is nie meer belangrik nie**. Hy het die Jode en die heidene saam soos een nuwe mens gemaak. So het Hy vrede gemaak tussen hulle. Efesiërs 2:14, 15 (ABA – Afrikaanse Bybel vir Almal, 2007)

Die meeste mense verstaan die woord *insettinge*, soos gebruik in die Afrikaans 33/53 vertaling, as verwysend na die wet van Moses. Dit is egter 'n vertaling van die Griekse woord *dogma*.

As jy in die Griekse Ou Testament (LXX) vir *dogma* soek, verwys dit nooit na die wet van Moses nie, maar eerder na mensgemaakte dekrete en dikwels dekrete van straf en dood.

- Esra 6:8 – Persiese bevel om die tempel te bou.
- Eségiël 20:26 vanaf vers 25 – God het hulle oorgegee aan insettinge wat nie goed was nie. God het hulle aan hul eie verordeninge oorgegee.
- Daniël 2:13 – Bevel om wyse manne dood te maak.
- Daniël 3:10,29 – Doodsvonnis op die vlakte van Dura deur die koning van Babilon.
- Daniël 4:6 – Bevel uitgegee om al die wyse manne voor die koning te bring.
- Daniël 6:8,10,12,13,15,26 – Die doodsvonnis indien geen God behalwe die koning aanbid word nie.

Dieselfde woord word soos volg in die Nuwe Testament gebruik:

- Lukas 2:1 – 'n Bevel van die keiser.
- Handelinge 16:4 – 'n Bevel van die Apostels om te beperk wat uit die wet van Moses geleer word as gevolg van die buitensporige posisie van sommige van die Jode oor hierdie vraag.
- Handelinge 17:7 – 'n Bevel van die Keiser.
- Efésiërs 2:15 – Christus het die gebooie wat in (menslike) verordeninge vervat is, afgeskaf.
- Kolossense 2:14 – die skuldbrief teen ons, wat ons vyandig was.

As ons kyk na hoe hierdie oorspronklike Hebreeuse woord vir *insettinge* regdeur die Bybel gebruik word, onthul dit dat dit niks te doen het met die wette wat Moses in die Ou Testament neergeskryf het nie. Dit spreek eerder tot menslike insettinge en eise en dikwels wetgewings wat straf en dood behels. Hier sien ons hoe die vyandskap in die mens hom laat

voorskryf wat Paulus sê: dat dit verwys na die verwydering van die wet van God deur Moses gegee, maar eintlik verwys dit na die verwydering van die veroordelende verordeninge van die mensdom.

Ons het in hoofstuk vier geleer omtrent Adam se verborge ongeregtigheid. Ons het gesien die eerste menslike bevel was om die Seun van God te laat sterf vir die gebeure wat in die tuin van Eden afgespeel het. Adam het hierdie oordeelswyse aan al sy kinders oorgedra en hierdie veroordeling woon dus binne alle mense in hul natuurlike toestand. Die menslike natuur probeer hierdie haat wegsteek en bely dat hulle God liefhet, net soos die onderdane van 'n totalitêre nasie wat vrees dat hulle doodgemaak sal word as hulle nie die staatshoof eer nie (Voorbeeld: Noord-Korea).

Om ons te bereik, moes Christus ons vlees aanneem om die muur van skeiding af te breek wat geskep is deur ons valse regstelsel wat gelei het tot veroordeling en doodsvonnise. Deur een van ons te word, kon Hy ons saak voor die Vader, wat ons verkeerdelik gedink het is teen ons, bepleit en Hy kon die prys betaal wat ons verkeerdelik gedink het betaal moes word. Hy kon die mens die ware manier wys om met God te vereenselwig, sonder afgods-idees van Sy karakter en diep-onderdrukte wantroue.

> Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ‘n liggaam berei. Hebreërs 10:5

Die geregtigheid van God het nie hierdie dood geëis nie. Hy wou nooit offers hê nie, maar in plaas daarvan is 'n menslike liggaam vir Jesus voorberei wat Hom sou toelaat om naby ons te kom. Daardie menslike liggaam was nie uit die saad van Adam voor die sondeval nie, dit was eerder die saad van Dawid na die sondeval.

> …aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid. Romans 1:3

Christus, wat ons vlees op Hom geneem het, het die heerlikheid in Hom onderdruk tot die mate dat ons dit in Sy teenwoordigheid kon waag. As

Christus in 'n ander vlees gekom het as ons s'n, sou die vyandige houding en oordeel in ons op Hom geprojekteer gewees het en ons sou van Hom wegvlug net soos Adam in die tuin. Sy heerlikheid wat onthul is, sal in ons oë soos 'n verterende vuur lyk.

Ons sien bewyse hiervan toe Jesus die tempel in Jerusalem gereinig het. Goddelikheid het van Hom af weerkaats en diegene wat in vyandskap teen Christus gestaan het, het dadelik vir hul lewens gevlug. Aangesien ons almal hierdie vyandskap het, sou niemand van ons in Sy teenwoordigheid kon bly nie, daarom het Hy Sy goddelikheid met menslikheid beklee – ons menslikheid, en naby ons gekom en ons oortuig dat Hy namens ons met die Vader kan praat.

As Christus na die mens uitreik in sy goddelike natuur, sou Hy net soos Sy Vader aan ons verskyn. As Christus 'n volmaakte spieël is, sou die mens Christus sien nader kom met die doel om hom dood te maak. Die mens sien 'n doodsvonnis wat hom inhaal, want hy dink in terme van doodsvonnise; hy dink God is net soos hy (Psalm 50:21).

Deur ons natuur aan te neem, kon Christus hierdie weerspieëlde vyandskap verwyder; Hy kon dit met ons vlees bedek, sodat die krag van ons haat teenoor Hom nie so sterk na ons terugweerkaats word nie. Hierdie beginsel neem 'n bietjie tyd om te verstaan, maar wanneer jy kan sien dat veroordeling van Adam af gekom het en nie van God nie, dan kan ons begryp dat watter veroordeling ons ook al in God sien, eintlik ons eie persepsies is wat op Hom geprojekteer word.

Die betekenis van Hebreërs 10:5 is gelaai met diepte, want dit hou verband met die versoening. God wou nie spys- of slagoffer hê nie, maar 'n menslike liggaam is vir Christus voorberei sodat Hy in hierdie liggaam die vyandskap kon verwyder, die karakter van die Vader kon openbaar en Homself terselfdertyd ten volle kon identifiseer met die menslike geslag, aangesien Hy uit 'n vrou, onder die wet, gebore is. (Gal. 4:4).

Die menslike natuur van Christus is intiem gekoppel aan die onderwerp van die versoening; beide in Sy vermoë om ons vyandskap te oorkom en naby ons op aarde te kom, sowel as om Hom te bekwaam om 'n ware middelaar vir die mens teenoor God te wees.

> Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Hebreërs 4:15
>
> **Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword,** sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—Hebreërs 2:14

Christus is die groot anti-tipe van die Heiligdom-patroon wat aan Moses gegee is. 'n Liggaam is aan Christus gegee sodat Hy by ons kan woon, soos weerspieël in die tipe in hierdie vers:

> Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Exodus 25:8

Die Heiligdom se dak was bedek met robbevelle wat die heldergoue mure en die meubels wat binne was, verberg het. Toe Christus na hierdie aarde gekom het, het Hy geen uiterlike skoonheid gehad dat ons Hom sou begeer nie. (Jesaja 53:2).

Die Heiligdomdiens is simbolies van die proses waardeur Christus die mensdom neem om tot versoening te kom. Daar is 'n vordering in versoening, as gevolg van verhoogde bewustheid van onsself en van God.


Christus het Sy goddelikheid met die mensdom bedek om by ons beginpunt te kom. Dan lei Hy ons deur die weg van die Heiligdom na die Allerheiligste. Die voorhangsel van skeiding tussen die Heilige en Allerheiligste van die Heiligdom simboliseer die voorhangsel van Christus se vlees. Die Allerheiligste verteenwoordig die goddelike natuur van Christus en die Heilige Plek verteenwoordig die menslike natuur van Christus. Die Voorhof is waar Christus ons ontmoet in ons brons mensgemaakte denke.

Die twee kamers van die tabernakel is een gebou wat die twee nature saamvoeg in een voorstelling.

Die doodsvonnis wat op Christus geplaas is deur Satan se regstelsel soos voorgestel op die brons altaar, weerspieël die dood van Christus aan die

Kruis. Christus bevredig menslike geregtigheid sodat Hy ons dan as ons middelaar aan die hand kan neem en ons weglei van ons brons-denke na die goud van Sy Vader se karakter. Christus neem ons deur die Heiligdom, die nuwe en lewende weg na die Vader.

> op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, Hebreërs 10:20




Die Heiligdom verskaf vir ons leidrade tot die vordering van die weg vanaf die Voorhof na die Allerheiligste. Al die meubels in die Voorhof is van koper/brons gemaak, wat mensgemaakte denke omtrent versoening verteenwoordig. Die altaar van brons verteenwoordig die doodmaak van die Seun van God deur die vyandskap wat in die mens is wat van Adam oorgeëërf is.

Ons het Christus voorgehou as een deur God geslaan en verdruk (Jesaja 53:4) by die altaar. Ons persepsies van geregtigheid wat straf eis, veroorsaak dat ons Christus sien as sterwend om God se geregtigheid te bevredig terwyl dit in werklikheid ons geregtigheid bevredig en ons vyandskap teen God en Sy Seun openbaar.

Met ons verkeerde siening van God, bely ons ons sondes by die

offeraltaar, en vind ons hoop dat God ons inderdaad vergewe omdat ons 'n voorbidder het om ons saak te stel. Die Gees van Jesus begin ons dan by die waskom skoonmaak. Ons gedagtes begin oopgaan vir die woord van God en ons begin verander. Wanneer ons die Heilige instap, word die diepte van ons vyandige houding teen God draaglik gemaak deur die sluier tussen die Heiligste en die Allerheiligste. Dit laat ons toe om die eerste kamer binne te gaan.

Wanneer ons die Heilige binnegaan, voed Christus ons want Hy is die brood van die lewe. (Johannes 6:48). Hy gee ook vir ons lig want Hy is die lig van die wêreld. (Johannes 8:12). Hy tree ook vir ons in want Hy is die een middelaar tussen God en mens. (1 Timótheüs 2:5). Hoe nader ons aan God kom, hoe intenser word die gevoel van oordeel as gevolg van die vyandige houding wat nog in ons is. Maar waar hierdie sonde oorvloedig is, is genade baie meer oorvloedig vir diegene wat glo.

Die meerderheid Christene gaan hier nie verder nie. Wanneer hulle meer bewus word van hul bose karakter terwyl hulle die Allerheiligste nader, versoek Satan hulle om hul eie boosheid op ander te projekteer eerder as om saam met Christus gekruisig te word. Die pad is smal, soos Jesus inderdaad sê, en daar is min wat dit vind, want mense verkies eerder duisternis as lig.

Die van ons wat in geloof vashou aan Jesus, gaan voort om met die lewende brood gevoed te word en ons pad word verlig, want ons begin meer leer oor ons verdorwe natuur. Die wet begin dieper in ons harte ingaan en ons ervaar intense pyn wanneer ons sien hoe afstootlik ons karakter is. Jesus bemoedig ons met Sy genade, barmhartigheid en vergifnis. Hoe meer ons sien hoe boos ons is, hoe groter is die versoeking om straf te vrees en hierdie straf op ander te projekteer. Ons valse sin vir geregtigheid laat ons vrees dat ons vir ons sondes gestraf sal word. Ons kom in die versoeking om te twyfel of ons vergewe kan word.

Om twyfel te hanteer, soos ons gesê het, fokus party mense op die sondes van ander en wys hul foute en swakhede uit, en probeer om die aandag van hul eie gebreke af te lei. Deur dit alles trek die Gees van Jesus ons om Sy karakter van barmhartigheid en vergifnis in ag te neem. Soos ons die

Allerheiligste nader, word ons uitgenooi om in te sien dat God nie brandoffers en slagoffers verlang nie.

Tensy ons vry kan word van die vyandskap van valse geregtigheid, sal ons nie die Allerheiligste kan binnegaan nie. Hoe nader ons aan God kom, hoe meer sal ons valse regstelsel deur Sy karakter weerspieël word. Christus versluier hierdie vyandskap terwyl ons in die Heiligste is, maar tensy ons ontsnap uit die verkeerde begrip van geregtigheid, sal ons nooit vry word van die vrees vir die dood nie.

Solank ons die idee huldig dat God die goddeloses met geweld sal vernietig (eerder as dat dit 'n natuurlike gevolg van hulle besluite is), sal ons vrees dra vir straf. Elke keer wanneer ons sondes aan ons geopenbaar word, sal ons in die versoeking kom om te vrees dat ons sal misluk en verlore gaan.

*God is liefde en wanneer ons God ken soos geopenbaar in Sy Seun, sal ons weet dat ons Vader niemand leed aandoen of doodmaak nie.*


> Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees [strafoplegging] buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 1 Johannes 4:18

God is liefde en wanneer ons God ken soos geopenbaar in Sy Seun, sal ons weet dat ons Vader niemand leed aandoen of doodmaak nie. Ons kan dan berou hê oor ons veroordelende natuur wat die dood eis en die vyandskap kan in ons doodgemaak word. Dit sal ons vrymaak om in die Allerheiligste in te stap. Aangesien ons nie meer vashou aan 'n doodsvonnis in onsself deur valse geregtigheid nie, sal ons dit nie meer in die karakter van God weerspieël sien nie. Aangesien ons vrees weg is, sal ons nie nodig hê om onsself te verdedig deur ons bose regstelsel op God te projekteer nie. Ons kan hierdie onheil beëindig wat die wet voorhou in die konteks van geregtigheid wat die dood vereis (hierdie regterstoel wat onheil stig, wat moeite versin teen die insetting in, sien Ps.94:20).

Sonder dat Jesus ons natuur neem en die vyandskap doodmaak deur te keer dat dit na ons terugweerkaats word in die spieël van Sy volmaakte, vlekkelose karakter, sou ons nooit tot God kon nader nie.

Die onderwerp van die natuur van Christus is dus lewensbelangrik vir die versoeningsproses. Ek dank die Vader dat Hy Homself as 'n veroordelende Regter laat beskou het, dat ek Hom mag nader. Hy het toegelaat dat Hy soos ek gesien word, maar wanneer ons na die lig van Sy karakter kom, kan Hy ons sagkens berispe vir ons verkeerde begrip en ons vrymaak.

> Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? **Jy dink Ek is net soos jy!** Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. Psalm 50:20-21





*Sonder die sluier van Christus se vlees word ons vyandskap versterk in die spieël van God se karakter*

Ons valse geregtigheid veroorsaak dat ons teen mekaar praat omdat ons dink God is soos ons. Maar gelukkig trek Hy ons na Hom toe en stel die waarheid van die saak voor ons in orde, dis te sê as ons Hom sal toelaat om ons deur die liggaam van Sy Seun nader te trek.

Christus het ons haatlike vyandskap op Homself geneem sodat ons na

Hom kon kyk sonder om dadelik weg te hardloop. Die dra van hierdie vyandskap is die dieper werklikheid van die Kruis van Christus. Hy dra ons natuur op Homself, wat die ware betekenis van hierdie verse in Jesaja gee:

> Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Jesaja 53:4
>
> In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9
>
> En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Lukas 9:23




Om mense rondom ons te veroordeel, bring diepe leed en hartseer. Dit is 'n aller-verskriklike ding om haat in ons harte te dra. Jesus moet al hierdie haat op Sy skouers dra net sodat ons nie van Hom sal weghardloop wanneer Hy na ons toe kom nie.

Die versoeningsproses moet voltooi word, sodat ons harte bevry kan word van die behoefte aan veroordeling, straf en dood. Ons sal God se

genade vryelik aanvaar en dit met graagte uitdeel na almal om ons. Dan sal ons geen bewussyn van sonde meer hê nie (Hebreërs 10:2), omdat die vyandskap heeltemal van ons verwyder is; ons sal dit dus nie meer op ons kosbare hemelse Vader projekteer nie en ons sal ophou glo dat Hy Een is wat diegene doodmaak wat Hom oortree. Ons sal vry wees van die marteling wat voortspruit uit die vrees vir ons Vader se straftoediening. Ons sal tot volkome rus kom in die arms van ons Vader.

Dit alles word bewerkstellig deur die liggaam van Christus wat die middelmuur van skeiding tussen ons en God deur die sluier van Sy vlees afgebreek het. Prys die Naam van die Here Jesus Christus.

Christus het die waarheid van die Vader se karakter geopenbaar toe Hy hier op aarde was. Christus het die vyandskap van die mens saam met Hom na die graf geneem en daarsonder uitgekom. As die waarheid van

*Die sluier van Christus se vlees absorbeer ons vyandskap en laat voorbidding tot God toe*

God se karakter op daardie tydstip na die hele wêreld kon gegaan het, kon die einde binne een geslag plaasgevind het.

God het dit aangedui deur die voorhangsel van die tempel in twee dele te skeur en te wys dat die waarheid geopenbaar is wat toegang tot die Allerheiligste sou gee.

> En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur; Matthéüs 27:51

Ongelukkig sou dit nog 2000 jaar duur voordat die vyandskap wat Christus na die graf geneem het, in die laaste heiliges van die aarde se geskiedenis – die 144 000 – uitgehaal word.

Ons Vader was nie onkant gevang deur hierdie werklikheid nie. Daniël is 600 jaar voor Christus se koms ingelig oor die koms van die klein horinkie mag, wat die evangelie sou ondermyn deur sy gruwelike leringe.

Voordat ons na Daniël gaan, moet ons twee onderwerpe aanspreek. Eerstens, die redding wat God bring deur die twee verbonde. Tweedens, die uitbeelding van redding deur die offerstelsel en veral die verhaal van Abraham wat sy seun Isak sou geoffer het.

HOOFSTUK 13

# KONTEKS VIR DIE VERHAAL VAN ABRAHAM EN ISAK

Die verhaal van Abraham en Isak is 'n deurslaggewende verhaal en 'n kritieke sleutel om die versoening te verstaan. Martin Luther het Abraham geprys vir sy "blinde geloof" in sy weiering om te bevraagteken of dit reg is om Isak dood te maak. Immanuel Kant weerspreek dit en voer aan dat so 'n immorele opdrag nie van God kon gekom het nie. Voordat ons by die kern van hierdie verhaal kan uitkom, moet ons die agtergrond gee.

Die bekendstelling van die offerstelsel aan die menslike geslag het ons die geleentheid gebied om die vyandskap in ons te sien. Dit was 'n spieël om die wrok binne die aartsvaders te vergroot om hulle deur geloof na genade te lei. Abel het die betekenis van die offers onderskei, sy vyandskap bely en redding gevind.

> Deur die geloof het Abel ‘n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is. Hebreërs 11:4

Kain was nie onkundig oor die betekenis van die offers nie, maar hy het geweier om te aanvaar dat die geslagte lam 'n simbool was van wat in sy hart bestaan het teenoor die Seun van God. Gevolglik het hy gekies om slegs 'n offer te bring wat die werk van sy eie hande weerspieël.

> En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE ʻn offer gebring. En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet... Génesis 4:3-4

Dit is opmerklik dat die frase *ná die verloop van tyd* eintlik beteken *aan die einde van die dae* of *einde van die jaar*. Hierdie gedagte word in die Nuwe Lewende Vertaling uitgedruk:

> Toe **oestyd** aanbreek, het Kain uit die opbrengs van sy landerye ′n offer vir die Here gebring. Genesis 4:3 (NLV)

Ons Vader in die hemel het nie die oorvloed van bloedstorting begeer nie, dit was net een keer per jaar dat 'n offer gebring moes word. Sonder hierdie pynlike offerspieël sou die vyandige houding binne Adam en sy seuns heeltemal verborge bly.

Satan het die afstammelinge van Adam geïnspireer om die offer deur die lens van sy valse geregtigheid te interpreteer. Deur die kuns van sielkundige projeksie, was die offers later van tyd beskou as iets wat God geëis het om Sy toorn teen ons sondigheid te bevredig.

Dit volg natuurlik dat indien God 'n offer vereis om te bedaar, hoe duurder die gawe wat geoffer word, hoe groter is die bevrediging van goddelike toorn. Die profeet Miga praat in hierdie denkraamwerk soos volg:

> Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die HERE ʻn welbehae hê in duisende ramme en tienduisende strome van olie? **Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding**, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Miga 6:6-7

Dit was algemeen onder heidense nasies om hul kinders ter wille van

versoening aan hul gode te offer. Moses is opdrag gegee om hierdie verskriklike dade soos volg te voorkom:

> En van jou kinders mag jy nie gee om vir Molog deur die vuur te laat deurgaan nie, dat jy die Naam van jou God nie ontheilig nie. Ek is die HERE. Levítikus 18:21

Dit was 'n baie belangrike opdrag, want die land waarheen Israel oppad was, het vir eeue kinderoffers beoefen:

> en onskuldige bloed vergiet—die bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het—sodat die land deur bloedskuld ontheilig is. Psalm 106:38

In die tyd van Abraham was die gebruik van kinderoffers wydverspreid. Nadat hy uit die streek van Babilon gekom het, en veral toe hy die land Kanaän binnegegaan het, was Abraham bewus van hierdie gebruik.

Abraham het God liefgehad en het die bevel gehoorsaam om uit Babilon te kom en al die geriewe van familielewe agter te laat. Abraham en Sara het egter 'n probleem gehad, hulle kon nie 'n erfgenaam voortbring nie. Dit was 'n opening vir twyfel in die denke van Abraham. Satan het die geloof van Abraham gehaat en het dit stadig probeer vernietig.

Toe Abraham die land Kanaän binnegegaan het, het Abraham 'n bondgenootskap aangegaan met sommige Amoritiese stamme as 'n middel van veiligheid teen potensiële bedreigings. Toe Abraham se broerskind Lot in die oorlog met Kedor-Laómer en sy bondgenote gevange geneem is, het Abraham kragte saamgesnoer met sy Amoritiese bondgenote om hierdie formidabele mag aan te val.

Deur die voorsienigheid het Abraham en sy bondgenote 'n groot oorwinning behaal. Deur sy grootmoedigheid in die oorwinning het Abraham geen buit geneem nie. Hy het die seën van Melgisedek ontvang omdat hy die versekering van God se liefde nodig gehad het. Die konflik met Kedor-Laómer het in Abraham die vyandskap geopenbaar wat voorheen verborge was. Hy was voorheen 'n man van vrede, maar hierdie gebeurtenis het 'n gees in hom geopenbaar wat nie voorheen gemanifesteer is nie.

> Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. 1 Johannes 3:15

Toe Abraham se broerskind weggevoer is, was die gees van oorlog in sy siel wakker gemaak. "Maar die mens word vir moeite gebore soos die vonke boontoe vlieg." Job 5:7. Toe hy van die geveg af teruggekeer het, is Abraham ongetwyfeld deur donker gedagtes geteister. Terwyl hy die gesigte van sterwende mense onthou wat met swaarde en spiese aan pale opgehang is, het hy vergelding wat oor homself sou kom, begin gevrees. Elke mens wat 'n lewe neem, soos Kain, vrees dat sy lewe ook geneem gaan word.

> "Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan." Matthéüs 26:52

Jesus het dit vir Petrus gesê en verduidelik dat geweld daartoe lei dat die vredeliewende Gees van God verdryf word, wat die mens verward laat. Sodat hy die gevolge van sy dade vrees. Dit is hoe Abraham gevoel het, en daarom probeer God om Abraham van Sy liefde en beskerming te verseker:

> Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in 'n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot. Génesis 15:1

"Ná hierdie dinge" wat beteken na die konflik met Kedor-Laómer, sê God vir Abraham om nie bang te wees nie. "Ek is vir jou 'n skild," beteken "Ek sal jou beskerm," en jou loon sal uitermate groot wees. Dis 'n wonderbaarlike belofte.

Abraham het gesukkel om hierdie woorde te glo, omdat daar 'n bediening van dood in Abraham se lewe teenwoordig was deur hul onvermoë om kinders te hê. Hy het die gevoelens van vyandskap in sy siel onthou terwyl hy sy spies deur die bolywe gedryf het van diegene wat sy broerskind gevat het en in hul oë gekyk toe hulle op die grond ineengestort het; daarom was hy bang dat hy sy greep op die beloftes van

God sou verloor.

Die vertraging van ‘n kind vir Abraham het hierdie vrese na die oppervlak gebring. Toe God hom daaraan herinner het dat Hy Abraham se groot beloning was, het die twyfel in hom opgeduik:

> Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. Génesis 15:3

God het voorheen aan Abraham, ‘n nageslag en ‘n land belowe. (Génesis 13:14-16). Hulle sou meer wees as wat hy kon tel. Maar in Génesis 15 begin Abraham twyfel of God in staat is om Sy belofte na te kom as gevolg van sy vorige mislukkings. Hy stel aan God die oplossing van 'n aangenome seun voor.

God verwerp hierdie vyeblaaroplossing en stel weer Sy belofte aan Abraham om vir hom kinders uit sy eie liggaam te gee. ’n Wonderlike oomblik vind plaas wanneer Abraham sy twyfel oorwin en in geloof weer aan die belofte vashou.

> Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. Génesis 15:5-6

Maar wanneer God aan Abraham die hele land belowe het hy steeds verdere twyfel.

> Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee. En hy sê: Here HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem? Génesis 15:7-8

Terwyl die geheue van Abraham gevul is met die gruwels van konflik, word hy gekonfronteer met die gedagte dat dit meer oorlogvoering van sy kant sou beteken. Net soos Abraham voorheen 'n plan beraam het om 'n erfgenaam buite die beloftes van God te hê, het hy nou ook daaraan gedink om teen al sy bure en al die stamme in hierdie lande te veg om

hulle in te neem. Dit sou 'n reusagtige taak in die vlees wees. Op hierdie oomblik struikel die geloof van Abraham en hy twyfel oor hoe dit kan gebeur.

Waarom twyfel Abraham? Die oorblywende vyandskap in hom verhinder hom om die belofte van God ten volle te omhels. Om vir Abraham die probleem te wys, spreek God woorde wat dien as 'n spieël in Abraham se siel.

> En Hy antwoord hom: Neem vir My ʻn driejaaroud vers en ʻn driejaaroud bokooi en ʻn driejaaroud ram en ʻn tortelduif en ʻn jong duif. Genesis 15:9

God sê nie vir Abraham wat om met hierdie diere te doen nie, maar hulle is bekend aan Abraham, want dit was diere wat gebruik word om 'n verbond tussen mense te sluit. Om die diere in die helfte te sny was vir Abraham ʻn belofte aan God om in alles gehoorsaam te wees. God het die haat in die mens wat Sy Seun geoffer het, voorgestel deur hierdie diere te slag. God verneder Hom om hierdie verbond met Abraham aan te gaan op presies dieselfde manier as wat Hy bereid was om 'n verbond met Israel aan te gaan, omdat hulle beloof het, net soos Abraham, om in alles gehoorsaam te wees. Dit is die bediening van die dood; dit is die Ou Verbond-ervaring wat bedoel is om sonde te laat toeneem, sodat dit bely en vryelik vergewe kan word.

Ons weet Abraham was in 'n Ou Verbond-gemoedstoestand gedurende hierdie transaksie, want in die volgende hoofstuk word Ismael gebore deur Sara se plan om 'n kind deur haar diensmeisie, Hagar, te verkry.

Paulus se kommentaar werp belangrike lig op hierdie verhaal.

> Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar— dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders

> saam in slawerny. Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. Galásiërs 4:22-26

Die onvermoë van Sara om 'n kind te baar, was simbolies van die vyandskap wat nog in die hart van Abraham bestaan het. God kon vir Abraham dadelik 'n seun laat baar, maar omdat Hy in Abraham 'n dierbare seun gesien het wat gewillig was om na Hom te luister, het God hom getoets en die verborge vyandskap, wat van Adam geërf is en verder aangemoedig is deur Abraham, na die oppervlak gebring. Dit het Hy gedoen omdat Hy wou hê dat Abraham ware vrede en rus moes ervaar, wat slegs kon gebeur indien hierdie vyandskap deur Abraham erken en laat vaar word.

Sara, in haar desperaatheid en gevoel van skaamte omdat sy nie 'n kind voortgebring het nie, moedig Abraham aan om 'n kind deur Hagar, haar diensmeisie te baar. Deur na die stem van sy vrou te luister, het Abraham sy gebrek aan geloof in die belofte geopenbaar, asook sy begeerte om self die belofte uit te werk deur sy eie werke.

> *Indien God Sy volk wil onderrig aangaande 'n heidense praktyk, moet dit deel vorm van die spieël wat die sondigheid in die mens openbaar.*

Dertien jaar na die geboorte van Ismael verskyn God aan Abraham. Dit was in hierdie tyd dat God Abram se naam na Abraham verander het. Abram beteken *hoë vader* terwyl Abraham *vader van 'n menigte* beteken.

God lê weereens die beloftes aan Abraham uit en voeg meer en meer besonderhede by. Selfs terwyl God praat, sukkel Abraham om te glo. Hoe kon Abraham op 99-jarige ouderdom die vader word van 'n groot menigte? Hoe sou hy die hele land besit? Dit was moeilik om te glo.

Weereens openbaar God die vyandskap binne Abraham deur die opdrag van die besnydenis. Die besnydenis het volgens die Griekse

geskiedskrywer Herodotus in Egipte ontstaan.[26] Toe Abraham na Egipte gegaan het, het Hagar Sara se diensmeisie geword. Dit was moontlik deur Hagar dat die besnydenis aan hul familie bekendgestel is, as gevolg van haar Egiptiese erfenis. Die besnydenis is Egipte op jong mans uitgevoer tydens die oorgang van kinderdae na volwassenheid. Ismael was 13 toe God aan Abraham verskyn het en Hagar het dalk hierdie kwessie met betrekking tot haar seun Ismael geopper.

Alhoewel ons nie seker kan wees nie, is een ding seker; dit was 'n heidense gebruik. Dit het nie by God se volk ontstaan nie. Indien God Sy volk wil onderrig aangaande 'n heidense praktyk, moet dit deel vorm van die spieël wat die sondigheid in die mens openbaar.

As gevolg van die feit dat Abraham nie net in staat was om God te glo nie, is hierdie teken van lyding of pyn ingebring. 'n Simbool van 'n Egiptiese deurgangsrite, as 'n vertoon van manlikheid, is nou deur God ingespan om die ongeloof van Abraham te vergroot om hom tot bekering te lei. Paulus stel dit duidelik dat die besnydenis nie nodig is vir geregtigheid deur geloof nie.

> Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken. Hoe is dit dan toegereken - toe hy besnede of onbesnede was? Nie as besnedene nie, maar as onbesnedene. Romans 4:9-10

Op dieselfde wyse wat die offerstelsel aan Adam en sy seuns oorgedra is weens die verborge vyandskap in hulle, so is ook die besnydenis aan Abraham en sy nageslag gegee om hulle sonde uit te lig, om hulle tot bekering te lei. Natuurlik was dit in die Ou Verbondsraamwerk 'n teken van eer en onderskeiding vir Abraham. As die besnydenis 'n ewige beginsel was, sou dit vir ewig gebly het, maar soos die offerstelsel, was dit nie meer van waarde nadat Christus die karakter van die Vader geopenbaar het en die vyandskap van Adam na die graf geneem het nie.

---

[26] https://en.wikipedia.org/wiki/History_of_circumcision

> Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God. 1 Korinthiërs 7:19

Die bewysstukke dat Abraham nog 'n gebrek aan geloof gehad het terwyl God hom alles belowe het, word verder in die verhaal gevind.

> Verder het God aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees. En Ek sal haar seën en jou uit haar ook ‘n seun gee; ja, Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar voortkom. Toe val Abraham op sy aangesig, en hy lag en sê in sy hart: Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, ‘n kind gebore word? Of kan Sara, wat negentig jaar oud is, baar? En Abraham sê aan God: Ag, mag Ismael lewe voor u aangesig! Génesis 17:15-18

Abraham het in sy hart vir God gelag. Dit is ongeloof. Dit het God seergemaak. Hou jy daarvan om uitgelag te word wanneer jy iets wonderliks belowe aan diegene vir wie jy lief is? Wat sal jy doen as hulle verder ook nog iets anders aan jou voorstel as 'n oplossing?

God gee genade deur die besnydenis te aanvaar as 'n seël van die geloof wat Abraham vroeër uitgespreek het deur te glo dat God vir hom 'n erfgenaam sou gee.

> En hy het die teken van die besnydenis ontvang as ‘n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; Romans 4:11

Toe die tyd aangebreek het vir Isak om gebore te word, het God die boodskap aan Abraham oorgedra. Sara wat in die tent geluister het, volg toe haar man se ongeloof en lag by die gedagte om na menopouse kinders te baar. Uit ‘n menslike oogpunt was dit heeltemal onmoontlik.

> Toe sê hulle vir hom: Waar is Sara, u vrou? En hy antwoord: Daar in die tent. En Hy sê: Ek sal oor ‘n jaar sekerlik weer na jou toe kom—dan sal jou vrou Sara ‘n seun hê. En Sara het geluister by die ingang van die tent wat agter Hom was. Maar Abraham en

> Sara was oud, ver op hulle dae; dit het met Sara nie meer volgens die reël van die vroue gegaan nie. En Sara het by haarself gelag en gedink: Sal ek wellus hê nadat ek oud geword het en my heer oud is? Toe sê die HERE vir Abraham: Waarom het Sara daar gelag en gedink: Sou ek ook werklik baar nou dat ek oud geword het? Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees? Hierdie tyd, oor 'n jaar, sal Ek na jou terugkom, en Sara sal 'n seun hê. Maar Sara het dit ontken en gesê: Ek het nie gelag nie—want sy was bang. Maar Hy sê: Nee, maar jy het gelag. Génesis 18:9-15

Ten spyte van hul stryd om te glo, het God genadiglik vir Abraham en Sara 'n seun gegee. Abraham het geloof in Génesis 15 getoon aangaande die belofte en ten spyte van sy struikeling, waar sonde oorvloedig was, het God se genade nog meer oorvloedig geword.

Die oorweldigende vreugde in Abraham se huis het nie te lank geduur nie, want Hagar het nie waardeer dat haar seun langs Isak, in die skadu gestel is nie. Die wedywering wat voorheen voor die geboorte van Isak gemanifesteer is, het weer opgeduik, deur die vervolging van Isak deur Ismael. Sara het haar saak na Abraham gebring:

> Toe sien Sara hoe die seun van Hagar, die Egiptiese slavin, wat sy vir Abraham gebaar het, spot; en sy sê aan Abraham: Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie. Génesis 21:9-10

God sê vir Abraham om na sy vrou te luister. Selfs in hierdie woorde word die sonde van Abraham aan die lig gebring, want Abraham het in die eerste plek hierdie probleem geskep deur na sy vrou te luister. Dus, deur weer na sy vrou te luister, is die pyn van sy optrede vergroot en word sy bewusmaking van sy mislukkings van die verlede uitgelig. Dit moes geweldig hartseer vir Abraham gewees het om van sy seun Ismael afskeid te neem. Dit sou vir hom uiters pynlik gewees het; baie seerder as om sy voorhuid gedurende besnydenis te verloor. Ons sien in Abraham die werk van die Ou Verbond. Dit is 'n groeiende bediening van die dood. Dit is bedoel om oorvloedige genade aan hom te bring.

Deur hierdie vernederende ervarings het Abraham se vertroue in homself

afgeneem en het hy sterker gegroei in geloof. God het veroorsaak dat die verborge verraad van Adam ook in Abraham geopenbaar word, sodat hy, sowel as die res van die mensdom, die vyandskap van die mens teen God en Sy Seun kan sien; 'n gebeurtenis van algehele oorvloed van sonde, sodat God se wonderlike genade baie meer oorvloedig kan wees.

HOOFSTUK 14

# DIE GELOOF VAN ABRAHAM

Op die kruin van die berg Moria sit die ganse mensdom op die regterstoel. Ons word geroep om te besluit oor die betekenis van God se opdrag aan Abraham om sy seun te offer, die seun waarop Abraham sy lewe lank gewag het; die seun wat God hom beloof het en op wie al sy hoop gerus het. Soos Kierkegaard gesê het: "Net soos Abraham se geloof deur God in die boek Génesis getoets word, so word die leser se eie geloof getoets deur persoonlike nadenke omtrent hierdie Bybelverhaal."

Martin Luther het eenmaal die verhaal gelees van Abraham wat Isak op die offeraltaar geoffer het. Sy vrou, Katie, het met al die deernis van 'n moeder gesê: "Ek glo dit nie. God sou nie sy seun so behandel het nie!" "Maar, Katie," het Luther geantwoord, "Hy het."

Rembrandt vang die verhaal op die mees konfronterende manier vas. Abraham se hand word oor Isak se gesig gedruk in skynbaar-stilswyende ondersteuning vir wat Alice Miller kindermishandeling noem.[27]

Om op die berg Moria te klim sonder om in dieselfde bos as die ram

[27] Alice Miller, *The Untouched Key: Tracing Childhood Trauma in Creativity and Destructiveness*, (New York: Doubleday, 1990)

vasgevang te word, laat ons die dinge in die vorige hoofstukke, wat tot hierdie punt gelei het, weer onthou.

In hoofstuk 3 het ons die menslike persepsies van goddelike geregtigheid ondersoek. Die Christendom stel God voor as onbuigsaam streng in Sy handelinge. Hy word verstaan as 'n wese wat meedoënloos op jag is na wetsoortreders om straf uit te deel aan hulle óf aan 'n plaasvervanger.

In hoofstuk 4 het ons die verborge verraad van Adam oorweeg; die noodlottige misverstand van die woorde van God dat op die dag wanneer jy van die vrug van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad eet, sal jy sterf. Omdat hy gedink het dat God die dood van sy vrou geëis het, het hy God voor sy interne regbank geroep en God veroordeel vir wat hy geglo het God se bedoeling was. Ons onderstreep die belangrike punt dat Adam die betekenis van God se woorde misverstaan het en dit geplaas het binne die konteks van 'n doodstraf wat opgelê is deur ‘n valse regstelsel. In selfverdediging projekteer Adam sy valse persepsies op God en word baie bang vir Hom. Enige poging van God om hom te nader, word as 'n voorbode van die dood ervaar. Adam en sy nageslag koester 'n diepliggende haat teenoor God, maar dit is diep in sy psige verborge.

In hoofstuk 5 sien ons die Son van geregtigheid wat lig aan die verduisterde denke van die mensdom bring, deur die volledige openbaring van God se karakter aan die mens gedurende die aardse bediening van Jesus Christus, die Seun van God. Jesus het nooit geregtigheid uitgeoefen wat vereis het dat Hy die lewe van 'n ander persoon met geweld moes beëindig nie. Ons word uitgenooi om deur hierdie lens te kyk en so saam met Jesus op die pad na Emmaus te stap en Hom in die boeke van Moses en die Profete aan ons te laat openbaar. (Lukas 24:44).

In hoofstuk 6 het ons Satan se vervalste geregtigheid ontdek en hoe hy die wet van God op ‘n slinkse wyse opgestel het deur sy valse persepsies van geregtigheid. Die verhaal van Absalom onthul die sataniese strewe om die troon van God te kaap.

In hoofstuk 7 sien ons hoe God die mens ontmoet in sy verduisterde persepsies van versoening. Die slang wat verhoog is, gemaak van

mensgemaakte brons, gekenmerk deur heidense versoening wat ook ‘n aanduiding bevat van 'n vurige seraf wat uit die hemel geval het, openbaar aan ons dat God die mens ontmoet in die donker plek van sy verdorwe verbeelding. Bevlek met die korrupte beginsels van sataniese geregtigheid, kan die mensdom nie anders as om die godheid te beskou as een wat die dood eis vir oortreding.

In hoofstuk 8 het ons die waarheid geopenbaar dat slegs deur die dood van Christus aan 'n heidense Romeinse kruis die mens kon begin glo dat God ons genade kon bied. Hierdie werklikheid is gesimboliseer in die opdrag aan Moses om die rots aan die begin van die omswerwing in the woestyn te slaan, terwyl hy aan die einde van daardie reis opdrag gekry het om met die rots te praat om die lewegewende water te ontvang. Dit was om te bevestig dat sonder die vergieting van bloed daar geen versoening kon plaasvind nie; want die mensdom, propvol valse geregtigheid, kon nie aanvaar dat God kon vergewe sonder dat die doodstraf toegepas word nie.

In hoofstuk 12 begin ons met verwondering die reddende agentskap van God in Christus waardeer, want Christus neem 'n menslike liggaam soos ons s'n aan om ons vyandskap teen God te absorbeer en sodoende Hom toe te laat om naby ons te kom en onder ons te woon. Dit beklemtoon die waarheid dat God nie offerande begeer het nie, maar eerder 'n liggaam vir Christus voorberei het om naby ons te kom en ons te lei om vertroue in Christus as 'n middelaar te hê. Ons het ook na die Heiligdomstelsel gekyk as 'n weg van brons na goud en van valse menslike idees van versoening na God se werklike versoening.

In hoofstuk 10 het ons die noodsaaklike stap ingesluit van die twee-verbondproses om met God versoen te word. Die menslike siel is onbewus van die ware omvang van sy verdorwenheid. Deur die bediening van die Ou Verbond word die diepte van ons sondigheid vergroot deur die gevolge van ons eie optrede. Dit word gedoen sodat ons sonde ten volle deur ons verstaan kan word. Saam met daardie gewaarwording (sonde-besef) word die genade van die Nuwe Verbond aan ons gebied dat ons van ons vyandskap verlos kan word en met God versoen kan word. Ons het in die verhaal van die Kanaänitiese vrou

ontdek dat, al was haar begrip van wat Christus gesê het, steeds verkeerd, het haar wanbegrip nogtans gelei tot the vervolmaaking van haar geloof. Dit is die konteks vir die verhaal van die Berg Moria.

Alhoewel dit moeilik is om al hierdie verskillende gedagtegange te absorbeer en dit gelyktydig op die verhaal van Abraham en Isak toe te pas, kan die laaste idees wat ons in hoofstuk 10 bespreek het as 'n intreewig dien, aangehelp deur die idee van Christus se lewe op aarde as die somtotaal van die karakter van God. As ons ten minste hierdie twee idees, laag op laag, in die storie kan inneem, dan het ons die geleentheid om later die ander lae in te bring om die prentjie te voltooi. Dit is 'n prentjie van verhewe genade aan die kant van God in plaas van die traumatiserende afgryse van 'n God wat van Abraham eis om sy kosbare seun dood te maak.

> Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys. Génesis 22:1-2

Ons onthou die woorde van Jesus aan die Kananése vrou, “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.” (Matthéüs 15:26). Die vrou se reaksie dui daarop dat sy geglo het dat Jesus haar 'n hond genoem het. Sy het verkeerd verstaan wat Hy gesê het, en sodoende die toets van haar geloof baie groter gemaak as wat dit moes wees. Die verklaring van Jesus was 'n spieël van haar eie gedagtes oor haarself. Jesus het nie gedink hierdie kosbare vrou is 'n hond nie, maar Hy het Sy woorde so gekies dat beide hierdie vrou en die dissipels belangrike lesse kon leer.

Dieselfde het gebeur toe Abraham God gevra het vir bewyse dat hy die land sou besit wat God belowe het. God het vir Abraham gesê om ‘n driejaaroue vers en ‘n driejaaroue bokooi en ‘n driejaaroue ram en ‘n tortelduif te bring. Hierdie woorde het vir Abraham betekenis gehad in sy eie konteks. God was deeglik bewus daarvan. God het nooit vir hom gesê wat om daarmee te doen nie, maar Abraham het voortgegaan in die

verwysingsraamwerk waarin hy daardie woorde verstaan het. God het Abraham toegelaat om te doen wat hy gedink het God wou hê, om hom belangrike lesse te leer.

Toe God vir Abraham gesê het om sy enigste seun te neem, het die betekenis van die woorde 'n leidraad verskaf dat Abraham binne sy eie begrip van daardie woorde opgetree het. God het geweet dat hy dit so sou verstaan, en het hierdie misverstand aan die kant van Abraham gebruik om die innerlike denke van Abraham na die oppervlak te bring, terwyl hy die geloofstoets des te groter gemaak het.

Dink aan die frase “offer hom daar as brandoffer”. Die woord *offer* bevat die volgende betekenisse in *Brown, Driver en Briggs Dictionary:*

> Om op te bring, te laat opstyg of te klim, te laat opgaan, om op te bring, teen te bring, weg te neem, op te bring, op te stel, te oefen, om te laat opstyg, op te wek, op te wek (geestelik), om te offer, opbring (van gawes), om te verhef, te laat opvaar, offer – Hiphil vorm van H5927

Binne hierdie konteks sien ons hoe die Young's Literal Translation hierdie woord weergee:

> En Hy sê: “Neem tog jou seun, jou enigste, wat jy liefgehad het, naamlik Isak, en gaan self na die land Moria, **en laat hom daarheen optrek** vir ’n brandoffer op een van die berge waarvan Ek met jou spreek.” Genesis 22:2 [YLT – vry vertaal]

Aangesien hulle die berg Moria sou klim, is die woord *klim* 'n natuurlike keuse vir so 'n reis. Die woord vir brandoffer dra twee betekenisse. Die eerste is 'n brandoffer en die tweede is *opgang, trap of opgaan*. Die Strong's Konkordansie gee dit so weer:

> Vroulike aktiewe deelwoord van H5927; 'n trap of (gesamentlik trappe, as stygend); gewoonlik 'n slagting (bv. opgaan in rook): – opstyg, brandoffer (offer), gaan op na. Sien ook H5766.

Kyk hoe word die woord brandoffer in hierdie vers vertaal:

> Daar was sewe trappe **op na** die poort toe en agteraan was 'n toegangsportaal. Op elkeen van die tussenmure weerskante was daar 'n palmversiering. Esegiël 40:26 (1983 vertaling)

Daarom kan dit wat God gespreek het soos volg vertaal word:

> Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en **klim** daar **op** en **gaan op,** op een van die berge wat Ek jou sal aanwys. Génesis 22:2

Hierdie besonderhede is belangrik om die spieël wat in die teks werk, te verduidelik. God het geweet hoe Abraham die woorde wat Hy met hom gespreek het, sou verstaan. Kom ons kyk eerstens na wat God sê oor kinderoffers:

> En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl—iets wat Ek nie beveel of uitgespreek het nie, of wat in my hart nie opgekom het nie. Jeremia 19:5

God praat deur Jeremia omtrent die tyd toe Israel uit Egipte gekom het:

> Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. Jeremia 7:22-23

Soos ons vroeër gesê het, is die offerstelsel aan die mens gegee as 'n spieël van sy gedagtes omtrent God en Sy Seun. God het nooit offers begeer nie. Die mens wat homself probeer verdedig teen die ernstige aanklag dat hy die Seun van God wil vermoor, projekteer dit op God as iets wat God begeer. Dit is 'n wrede ding vir die mens om aan God te doen, maar op die ou end maak dit die toetse wat die mens moet trotseer net soveel groter.

Die manier waarop Abraham God verstaan het, openbaar wat in hom

was. Abraham het grootgeword in 'n omgewing waar kinderoffers nie vreemd was nie; die mense van die land Kanaän, waar hy gewoon het, het hierdie gruwels beoefen. Die sondes wat hy voorheen gepleeg het, het swaar op hom gedruk, gedagtes van oordeel en dus straf.

Abraham se skuldige gewete was in die versoeking om te glo dat hy nie deur God vergewe is tensy hy iets aan God offer nie. God het dus hierdie gebrekkige, Ou Verbond-denke weer terug aan Abraham weerspieël, om hom daar uit te bring. God wou hê dat Abraham 'n liefdevolle verhouding met Hom moes hê sonder om voortdurend terug te val in vrees en onsekerheid as gevolg van sy misverstande omtrent God se karakter.

As God werklik vir Abraham beveel het om sy seun dood te maak, moet die volgende woorde ons met raaiselagtige vrae laat.

> En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. Génesis 22:12

Het God Abraham mislei deur hom te beveel om sy seun dood te maak en hom dan op die laaste ondraaglike oomblik te keer, wat aandui dat Hy nou tevrede is dat Abraham waardig is? Hierdie idee is uiters problematies.

Dit maak baie meer sin in die konteks van alles wat ons oorweeg het, dat Abraham God se woorde in 'n mensgemaakte regstelsel van brons verstaan het. God het geweet Abraham sou Hom so verstaan, maar dit was die enigste manier om die verborge vyandskap in sy hart te openbaar.

Die opdrag om Isak dood te maak, openbaar die saad wat in die boesem van Adam verborge was. Adam het gedink dat God sy vrou gaan doodmaak. Hy kon nie die gedagte om van haar te skei, verdra nie. Hy het gedink God wou haar dood hê, net soos Abraham gedink het God wou Isak dood hê.

Die Christelike wêreld gebruik hierdie verhaal as die raamwerk van versoening met God as 'n sleutelelement tot plaasvervangende versoening

(substitutionary atonement). Luister na Spurgeon:

> Onthou dat Isak in Abraham se geval die punt van sy hart was. Ek hoef nie daaroor uit te brei nie, jy kan jou maklik indink hoe lief Abraham hom gehad het; maar in die geval van ons Here, wie kan hom indink hoe naby en dierbaar ons Verlosser aan die Vader was? Onthou daardie wonderlike woorde van die Vleesgeworde Wysheid, "ek was 'n lieflingskind aan sy sy – ek was dag ná dag sy vreugde, terwyl ek die hele tyd voor Hom speel." Ons glorieryke Verlosser was in groter mate die Seun van God se liefde as wat Isak die lieflingskind van Abraham was. Ewigheid en oneindigheid het ingegaan in die liefde wat tussen die Vader en die Seun bestaan het. Christus in menslike natuur was weergaloos rein en heilig, en in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon; daarom was hy hoogs behaelik vir die Vader, en daardie behae is in die openbaar getuig in hoorbare verklarings, "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." **Tog het hy hom nie gespaar nie, maar hom gemaak om die plaasvervanger vir ons sondaars te wees, hom as 'n vloek vir ons gestel,** en aan 'n boom gehang. Het jy 'n gunstelingkind? Het jy een wat diep in jou hart kruip? Het jy een dierbaarder as al die ander? As jy dan geroep word om van hom afskeid te neem, sal jy in staat wees om gemeenskap met die groot Vader wat Sy Seun oorgegee het, te beoefen. - Charles Spurgeon, *The Gospel of Abraham*, vertaal na Afrikaans.

Net soos die Kanaänitiese vrou, wat gedink het dat Jesus het haar 'n hond genoem het, so het Abraham gedink dat God wou hê dat hy sy seun as 'n offer moes bring. Hierdie verhaal is noodsaaklik omdat dit die menslike probleem diagnoseer. Die opdrag van God het die sonde in Abraham laat toeneem en dit wat verborge was, openbaar.

Soos die Kanaänitiese vrou, het haar verkeerde begrip van die woorde van Jesus haar toets baie moeiliker gemaak as wat dit sou wees, maar haar bronsbegrip het dit onvermydelik gemaak. Abraham kon dus nie die erns van die toets vermy nie, nie omdat God dit vereis het nie, maar weens die verkeerde begrip wat Abraham omtrent God se karakter gehad het.

Wat so mooi aan Abraham is, is dat hy ten spyte van sy verkeerde begrip steeds in geloof aan God vasgehou het en geglo het dat God sy seun uit die dood kon opwek.

> Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang. Hebreërs 11:17-19

Abraham het verby die mislukking van Adam gestap. Adam het nie verby sy verkeerde begrip gedruk om die belofte van God te aanvaar om in al sy behoeftes te voorsien nie. Hy het gedink hy sou Eva vir altyd verloor. Die geloof van Jesus in Abraham het hom in staat gestel om deur die poorte van die graf te sien. Hy het God vertrou dat hy sy seun kon grootmaak om die belofte te vervul dat hy die vader van 'n groot menigte sou wees. So lees ons:

> En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie. En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken. Romeine 4:19-22

Ons let noukeurig daarop dat sy geloof as regverdig *gereken* is. Sy verkeerde begrip van die karakter van God was nie regverdig nie, maar deur die geloof wat hy in God geopenbaar het, is aan hom geregtigheid toegereken.

As ons hierdie verhaal neem soos Spurgeon en die meeste Christelike skrywers glo, dan word die werk van Abraham om die mes op te tel om sy seun dood te maak (toe Isak gespaar is en die ram geslag is) verstaan as God wat die dood van iets eis om Hom tevrede te stel. Dit omraam die hele versoening in die konteks van bevrediging deur die offerstelsel.

Dit was my vorige begrip van die evangelieverhaal soos geskryf in die vroeë uitgawes van my boek *Identiteitsoorlog:*

> Plaas God in die verhaal van Abraham en Isak en kyk, daar was niemand om vir Jesus in die bres te tree nie, niemand om die Vader te verlos van die hartverskeurende taak van opoffering nie, niemand om die goddelike hand te weerhou om die mes te steek nie**.** In die aardbewing en duisternis van daardie noodlottige dag, toe die grootste liefde ooit afgesny is weens ons sondes, hoor ek die uitroep van die Vader, "My Seun, My Seun, hoe kan Ek jou opgee? Hoe kan ek jou laat gaan?" Hierdie is die Hel – net hier. Beide Vader en Seun het namens ons die hel ervaar in die verbreking van hul verhouding. Wat anders kan die kern van die hel wees as die teenoorgestelde van dit waarvoor God se koninkryk staan - liefdevolle, intieme verhouding?
>
> – *Identiteitsoorlog*, Hoofstuk 11, 2012 Uitgawe

Terwyl ek dit nou lees, raak ek hartseer oor die prentjie wat dit bied. Terwyl sommige teoloë instinktief probeer om die moeilike gebeurtenis van die Vader wat Sy Seun doodmaak, minder onaangenaam te maak, het ek blindelings vasgeloop in die implikasies van 'n goddelike geregtigheid wat die dood eis, selfs die dood van Sy Seun. Toe ek dit destyds geskryf het, het ek geen idee gehad van Satan se valse geregtigheid nie en ook nie die idee dat oordeel en veroordeling van Adam kom, en nie van God nie. Met die bogenoemde prentjie van versoening word die Vader gesien as die een wat Sy Seun doodmaak. Luther het hierdie gebeurtenis probeer versag deur die oorsaak van die dood aan die wet van God toe te skryf.

> Die wet antwoord: "Goed. As U Seun die sondes van die wêreld neem, sien ek geen sondes behalwe in Hom nie. Hy sal aan die Kruis sterf." **En die wet maak Christus dood. Maar ons word vrygestel.**[28]

---

[28] Martin Luther, *Commentary on St Paul's Epistle to the Galatians*

Weereens, soos ons vroeër bespreek het, word 'n verdere stap geneem met die term “Drie-eenheid”, om hierdie dood as 'n self-opoffering voor te stel, eerder as die Vader wat Sy Seun om die lewe bring. Maar al hierdie dinge is maskers om die vyandskap in die mens teen God te brdek, wat Hom voorstel as die een wat die dood eis om Sy streng en veeleisende geregtigheid te bevredig. Dit laat die Vader dwaas lyk; dit laat Sy skepping sondig lyk en daarom moet God se onskuldige Seun sterf voordat die Vader tevrede kan wees! Dit lyk tog onlogies; hoekom kan die Vader nie net vergewe nie? Dit herinner ons aan die verhaal van Saul en Jónatan:

*Dit laat die Vader dwaas lyk; Sy skepping sondig en daarom moet God se onskuldige Seun sterf voordat die Vader tevrede kan wees? Dit lyk onlogies; hoekom kan U nie net vergewe nie?*

> en die manne van Israel dié dag aangedryf word, het Saul die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek. Daarom het al die manskappe aan niks geproe nie. 1 Samuel 14:24
>
> Daarop vra Saul vir Jónatan: Gee my tog te kenne wat jy gedoen het. En Jónatan het hom te kenne gegee en gesê: Ek het net ‘n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was; hier is ek, ek sal sterwe. Toe sê Saul: Mag God aan my so doen en so daaraan toedoen, jy moet sekerlik sterwe, Jónatan! Maar die manskappe het aan Saul gesê: Moet Jónatan sterwe wat hierdie groot verlossing in Israel bewerk het? Volstrek nie! So waar as die HERE leef, geen haar van sy hoof sal op die aarde val nie! Want met God het hy dit vandag gedoen. So het die volk dan Jónatan losgekoop, dat hy nie gesterf het nie. 1 Samuel 14:43-45

In die raamwerk van die karakter van Jesus en die twee verbonde, was die opdrag van God aan Abraham die werk van die Ou Verbond om sy verborge sonde te laat toeneem. Abraham het 'n goddelike geloof

geopenbaar deur die duisternis van valse begrip.

Dit is deur hierdie selfde duisternis dat Christus aan die liefde van Sy Vader moes vashou.

> en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? Matthéüs 27:46

Jesus het 'n stryd gevoer teen die twyfel of Sy Vader Hom verlaat het. Soos Abraham het Hy Sy Vader vertrou ten spyte van die donker wolk om Hom en Homself in die hande van God oorgegee. Waarom moes Jesus deur hierdie wolk van twyfel loop? Hy het ons misverstand omtrent God op Homself gedra, want ons het gedink dat Hy ons sal verlaat. Beide Jesus en Abraham het die duisternis oorwin en geseëvier, wat bewys dat Jesus die saad van Abraham is.

> Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. Galásiërs 3:16

Abraham is die vader van die geloof (Romeine 4:16). Christus, die saad van Abraham, het die werk van Abraham vergroot met 'n geloof wat die duisternis van die hele wêreld deurdring het.

In die lig van hierdie dinge word die beginsels van die versoening in 'n heeltemal nuwe lig gesien. Dit sal ons toelaat om met die rots te praat eerder as om dit te slaan. Hierdie inligting is noodsaaklik vir die vervolmaking van die heiliges gedurende die Tyd van Jakob se Benoudheid net voor die Wederkoms van Christus.

> Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word. Jeremia 30:7

Soos ons later in meer besonderhede sal ondersoek, sal God se volk deur 'n toets gaan waar hulle in die versoeking kom om te voel dat God hulle heeltemal verlaat het. As ons ons God en Sy karakter ken, sal die gevoelens van verlating versag word deur die kennis van die waarheid

dat God nog nooit slagoffer en spysoffer begeer het nie. Ons sal daardie duisternis kan deurdring wanneer die hele wêreld saamstaan teen diegene wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar.

In die donkerste uur sal God se volk triomfeer oor die natuurlike vyandskap van binne en sal sê:

> …Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp. Jesaja 25:9

Deur die verhaal van Abraham het ons die grondslag gelê van die ontwikkeling van die menslike toorn teenoor God. Dit was in die boesem van Adam versteek, gemanifesteer in Kain wat Abel vermoor het en het uitgeloop op die gedagte dat Abraham sy seun doodmaak; 'n manifestasie van wat Adam gedink het God aan hom wou doen. Adam was ‘n seun van God. (Lukas 3:38). Die diep donker skaduwee van Abraham, met 'n opgehewe mes om in die bors van sy seun te steek, is ‘n manifestasie van die naakte feite van die mensdom se verwagting omtrent God se vereistes vir geregtigheid.

Laat ons nou hierdie menslike strafgerig of verontwaardiging teen God naspeur, wat geprojekteer word as God se eis vir bloedoffer.

HOOFSTUK 15

# DANIËL EN DIE GRUWELIKE VERRAAD VAN DIE HORINKIE

Die verhaal van die val van Adam en Eva, gekombineer met die verhaal van Kain wat Abel vermoor het, voorsien aan ons die oorspronklike saad waaruit alle manifestasies van menslike toorn, oorlog, bloedvergieting, offers en aanbidding hul oorsprong vind. Die toorn teen God het in Adam ontstaan deur sy valse begrip van die waarskuwing van God aan die potensiële oortreder. Die aanvanklike gevoelens van Adam teenoor die Seun van God word ontmasker in Kain wat Abel vermoor het.

Vir die mens om versoening met God te ontvang, moet hy sy toorn teen God erken en ook sy begeerte om Sy Seun dood te maak. Adam en Abel het hulle verneder om hierdie misdaad te bely met die offers wat hulle gebring het. Omgekeerd het die gegriefde Kain verontwaardiging teen die heilige verbond geopenbaar en die verbond laat vaar deur te weier om 'n geslagte lam te bring, wat die vyandskap wat in sy hart teenoor die Seun van God was, verteenwoordig het. Hy het homself verhef teen die Vors

van die leër, die Seun van God, wie se Gees in Abel gewoon het, en hom doodgemaak.

Hierin leer ons 'n diepgaande les. Deur te weier om die lam te slag, het Kain ontken dat hy 'n verborge vyandskap in hom gehad het. "Dit is dalk Adam se sonde, maar dit is nie myne nie," het Kain dalk gedink. Hy het gedink dit gaan goed met hom en het nie nodig gehad om die gepaste kanaal van genade wat God aangebied het, te erken nie. Maar die gevolge was verskriklik: God wou hê hy moet sy haat kanaliseer in die ritueel van die offerlam; omdat hy dit nie gedoen het nie, het daardie haat in 'n onvanpaste kanaal uitgebars - teenoor sy geliefde broer. Dit behoort ons te waarsku, dat wanneer ons die sonde wat God aan ons uit uitwys ontken, asook God se hantering daarvan, dan sal ongeregtigheid op 'n chaotiese en vernietigende manier by ons tot uitbarsting kom en so onsself en ander om ons leed aandoen.

Hierdie beginsel is waar op die individuele vlak, die gesinsvlak, die gemeenskapsvlak, die nasionale vlak en vir die ganse mensdom. Hierdie verhaal is al vele male in die menslike geskiedenis herhaal, soos Salomo wyslik uitdruk:

> Alles wat is, was alreeds; en wat sal wees, was alreeds; en God soek weer op wat verbygegaan het. Prediker 3:15

Die boek Daniël verskaf die basiese raamwerk om die verraad van Adam te ontmasker; dit gee besonderhede omtrent die relevante aspekte van die menslike geskiedenis wat hierdie vyandskap in opeenvolgende tydperke in aksie toon.

Ons insig in die geskiedenis, soos uiteengesit in die profesieë van Daniël, is te danke aan die werk van William Miller en sy medewerkers wat die mees volledige, sistematiese verduideliking van hierdie profesieë in die 19de eeu ontwikkel het.

Vir 'n volledige ontleding van hierdie profesieë beveel ek die boeke *Daniel*

*and Revelation* deur Uriah Smith[29] en *Daniel the Prophet* van Stephen Haskell[30] aan. Vir 'n verkorte oorsig van hoofstukke 7 en 8 van Daniël, sien hoofstuk 15 van die boek *Volgens Jou Oordeel*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

Ek sal 'n kort opsomming gee van hierdie boeke wat ek sopas genoem het om konteks vir hoofstuk 8 van Daniël te verskaf.

> Ek het die ram sien stoot na die weste en na die noorde en na die suide, en al die diere kon voor hom nie standhou nie, en daar was niemand wat uit sy mag gered het nie; maar hy het gedoen net wat hy wou, en het magtig geword. Terwyl ek daarop ag gee, kom daar 'n bokram uit die weste aan oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder om aan die grond te raak; en die bok het 'n aansienlike horing tussen sy oë gehad. En hy het na die ram met die twee horings aangekom wat ek voor die rivier sien staan het, en hom in die woede van sy krag stormgeloop. En ek het hom gesien hoe hy tot by die ram kom en op hom verbitterd word en die ram stoot en sy twee horings verbreek; en daar was geen krag in die ram om voor hom stand te hou nie, sodat hy hom teen die grond gegooi en hom vertrap het, en daar was niemand wat die ram uit sy mag gered het nie. En die bok het uitermate magtig geword; maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek, en vier aansienlike horings het in sy plek uitgekom na die vier windstreke van die hemel. Daniël 8:4-8

Die engel Gabriël gee aan Daniël die identiteite van die ram en die bokram wat in die visioen gesimboliseer word.

> Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die **Meders en die Perse**. En die harige bok is die koning van **Griekeland**; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning. Daniël 8:20-21

[29] Beskikbaar op: https://maranathamedia.com/download/view/daniel-andrevelation-uriah-smith-1897

[30] Beskikbaar op: https://maranathamedia.com/download/view/story-of-daniel-the-prophet-sn-haskell-1903

Die beslissende geskiedenis van Griekeland wat Medo-Persië verslaan het, het in 331 v.C. plaasgevind:

> Alexander het eers die generaals van Darius by die Granicusrivier in Frigië oorwin. Daarna het hy Darius aangeval en verdryf by die bergpasse van Issus in Silicië, en hom vervolgens op die vlaktes van Arbela in Sirië verslaan. Hierdie laasgenoemde veldslag het in 331 v.C. plaasgevind en was die val van die Persiese Ryk. Deur hierdie gebeurtenis het Alexander beheer van die ganse land oorgeneem.[31]

Persië en Griekeland het soos die meeste nasies godsdienstige praktyke gehad wat diereoffers behels het.

> ʻn Diereoffer is die rituele doodmaak van 'n dier as deel van godsdiensbeoefening. **Dit word deur aanhangers van baie godsdienste beoefen as 'n manier om 'n god of gode te bevredig of die verloop van die natuur te verander.** Dit het ook 'n sosiale of ekonomiese funksie gedien in kulture waar die eetbare gedeeltes van die dier versprei is onder diegene wat die offer vir verbruik bywoon. **Diereoffers het in byna alle kulture voorgekom,** ook onder die Hebreërs, die Grieke en Romeine (veral die suiweringseremonie Lustratio), Egiptenare (byvoorbeeld in die kultus van Apis) en van die Asteke tot die Yoruba. Die godsdiens van die antieke Egiptenare het die offer van enige ander diere behalwe skape, bulle, kalwers, spesiefiek manlike kalwers, en ganse verbied.[32]

Verskillende nasies se diereoffers vind hul oorsprong in die gebeure van Adam en Eva, Kain en Abel. Soos die aanhaling hierbo aandui, was die offers van heidense nasies 'n proses om hulle gode te bevredig of uitkomste te manipuleer. Dit is bewys van die universele weiering om die diep weggesteekte vyandskap binne ons almal te aanvaar en die instink om die begeerte vir offers op God te projekteer om Sy woede te bevredig.

---

[31] Uriah Smith, *Daniel and Revelation*, page 168

[32] https://en.wikipedia.org/wiki/Sacrifice

> Die Babiloniese en Persiese priesters het daaglikse offers aan hulle gode gebring. Die Babiloniërs en die Perse het ook godsdiensstelsels gehad waarmee hulle eweneens daaglikse of voortdurende offers gehad het.
>
> Dit is ontbloot deur die ontdekking van die Silinder van Kores (538-529 v.C.), waarvan die inskripsie soos volg vertaal is:
>
> "Hy het daagliks beplan en in vyandskap toegelaat dat die gereelde offer ophou; hy het aangestel — hy het in die stad gevestig." — Sien *Landmarks of Civilization; Assyrian and Babylonian Literature,* deur Albert F. Harper, bladsy 171.
>
> 'n Ander vertaling lui: "Hy het daagliks beplan en in vyandskap het hy die gevestigde offer laat ophou." *Archaeology and the Bible,* deur George A. Barton, Tweede Uitgawe, bladsy 385.[33]

Ons lees van die intense woede van die bokram teenoor die ram. Soos ek vroeër aangedui het, is alle woede teenoor ander 'n manifestasie van ons verborge woede teenoor God. Die apostel Johannes sê dat as jy jou broer haat, is jy in die duisternis. (1 Johannes 2:9).

Die konflik tussen Persië en Griekeland is 'n manifestasie van daardie interne vyandskap wat mense teenoor God het. Jesus het gesê, "vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen." (Matthéüs 25:40). Die mens is onseker van hulself weens hul vervreemding met God, wat veroorsaak dat ons mekaar nie as mede-lede van die familie van God sien nie. Dit word gemanifesteer deur ons behoefte om die gode te bevredig, en ons behoefte om ons medemens te domineer.

Die simboliek van die bok wat die ram vernietig in die boek Daniël, is 'n eggo van die eerste moord in die menslike geskiedenis. Die bok is 'n simbool van Satan en die ram of skaap is 'n simbool van Christus. In die verhaal van Kain en Abel het Kain, geïnspireer deur die bok, Satan, uiters kwaad geword vir Abel, wat deur die skaap, Jesus, geïnspireer is en hom

[33] F.L. Sharp, *Antiochus or Rome.* Laai af by hierdie skakel: *https://maranathamedia.com/download/view/antiochus-or-rome-fl-sharp*

doodgemaak het, net soos Griekeland die mag van Persië vernietig het deur baie mense te verslaan.

Die simboliek van die ram en bok verbonde aan Kain en Abel verbind ons met die oorspronklike toorn van die eerste familie op aarde. Die rede waarom hierdie geskiedenis belangrik is, word gegee in die volgende beskrywings van Daniël.

> En uit een van dié het ‘n horing, eers klein, uitgekom, maar dit het **baie groot geword** na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe. En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap. Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontneem en sy heilige woning neergewerp is. Daniël 8:9-11

In die gebeure wat deur Daniël beskryf is, het 'n mag uit Griekeland ontstaan wat homself tot die prins van die leër sou verheerlik – menende Jesus, die Seun van God. Sonder om uit te brei oor die besonderhede van die ontstaan van hierdie mag, sien ons, soos aangedui in die profesie, dat Rome die enigste mag was wat groter as Griekeland geword het.

Deur hierdie punte te verbind, het die toorn wat in Kain teenoor Abel getoon is, baie groter geword in die oorlog tussen Persië en Griekeland, en toe buitengewoon groot geword deur Rome wat uiteindelik die Seun van God gekruisig het, wat sodoende die verraad van Adam in die vlees ten volle geopenbaar het.

In hierdie breër konteks gee die profesie van Daniël nie bloot 'n lys van opeenvolgende koninkryke vanaf die tyd van Babilon tot die laaste dae nie, maar dit gee ons eerder die geskiedenis van hoe die verraad van Adam in die menslike geskiedenis gemanifesteer het. Hierdie verband gee baie meer krag aan hierdie profesie en gee ons 'n hulpmiddel om verdere herhalings van hierdie wraakgierige saad te voorspel, veral in die laaste tonele van die aarde se geskiedenis.

Gabriël sê vir Daniël dat hierdie beginsel van toorn of strafgerig sal ophou teen die tyd van die einde.

> en gesê: Kyk, ek maak jou bekend wat **aan die einde van die strafgerig** sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde. Daniël 8:19

Hierdie strafgerig (of verontwaardiging – sien KJV) het voortgeduur vanaf die tyd van Adam tot vandag toe. Dit het gemanifesteer in elke oorlog en elke gewelddadige dood vanaf die tyd van Abel. Dit is Adam se verraad wat vergroot en gemanifesteer is, en dit sal aanhou manifesteer totdat die Prins van die leër die begeerte na offers en offergawe sal laat ophou. (Daniël 9:27).

> Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontneem en sy heilige woning neergewerp is. En ‘n leër is aan die horing oorgelewer in goddeloosheid saam met die voortdurende offer; en dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad. Toe hoor ek ‘n heilige spreek; en ‘n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur—van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid—sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word? En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word. Daniël 8:11-14

Voordat ons dieper kan delf in die taal van Daniël 8:11-14 en sy verhouding tot die versoening, moet ons 'n bietjie meer geskiedenis gee om konteks te verskaf. William Miller en die Adventbeweging van die 19de eeu werp belangrike lig op hierdie belangrike verse.

HOOFSTUK 16

# WILLIAM MILLER, DIE VOORTDURENDE EN DIE ONTSETTENDE GODDELOOSHEID

In hoofstuk twee het ons die leringe van Aquinas genoem wat Anselmus se bewerings verder ontwikkel het om die verbranding van ketters te rasionaliseer. Om mense tot die dood te verbrand, is 'n manifestasie van die verborge vyandskap teen God en Sy Seun. Oor die volgende 500 jaar het die wêreld onder die tirannie van die Romeinse mag gely deur mense se gewete te bedwing met vrees vir die dood. Die magte van Protestantisme en Islam het die mag van die Pousdom beperk, maar hulle het steeds soortgelyke verontwaardiging (of strafgerig) en woede geopenbaar. Een van die mees betekenisvolle uitdrukkings van reaksionêre woede teenoor Rome het gebeur tydens die Franse Rewolusie, toe die Franse Generaal Berthier die Pous gevange geneem het op 15 Februarie 1798.

Dit was hierdie gebeurtenis wat destyds 'n herlewing van Bybelstudie veroorsaak het. Mense het die boek Daniël deursoek en kennis het

toegeneem. (Daniël 12:4).

Een van die manne wat kort na hierdie tyd die Skrif begin bestudeer het, was William Miller. Hy was 'n kaptein in die Vermont Militie en deel van die Amerikaanse magte wat die Britte in die Slag van Plattsburgh op Lake Champlain, 11 September 1814 verslaan het.[34]

William Miller was byna seker dat die Amerikaners, wat in die minderheid was, deur die gedissiplineerde Britse soldate verslaan sou word, maar tot sy grootste verbasing het die Amerikaners gewen. Hy was destyds 'n oortuigde deïs, maar het as gevolg hiervan oortuig geraak van die betrokkenheid van 'n hoër mag in die sake van mense en het hom voorgeneem om dit wat hy as die vele teenstrydighede van die Bybel beskou het, op te los.

Ek het persoonlik die huis van William Miller in Low Hampton, Upstate New York, besoek en by die lessenaar gesit waar hy sy Bybelstudie gedoen het. Ek het die paadjie van sy huis na die bome gestap waar hy gebid het nadat hy die betekenis van Daniël 8:14 ontsluit het en gevra is: "vertel dit aan die wêreld."

> En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word. Daniël 8:14

Baie Christelike geleerdes het in die tyd van William Miller verstaan, net soos die meeste geleerdes vandag verstaan, dat die klein horingmag wat in Daniël 8:11 beskryf word, verwys na Antiochus Epiphanes in die 2de eeu v.C. toe hy die offers in Jerusalem gestaak het. Die hoofgedagte was die magte van die bose wat probeer het om die Joodse offerstelsel te stop. Dit pas nie by die patroon van die profesie nie, want waaroor gepraat word, is koninkryke, nie individuele konings nie. Geleerdes mis ook dat die krag wat hier beskryf word as die klein horinkie, in werklikheid groter was as die krag van Griekeland.

> En die bok het **uitermate magtig** geword**...** Daniël 8:8

[34] https://en.wikipedia.org/wiki/Battle_of_Plattsburgh

> En uit een van dié het ʼn horing, eers klein, uitgekom, maar dit het **baie groot geword** na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe. Daniël 8:9

Die enigste mag, in die ontwikkeling van die geskiedenis, wat uit Griekeland gegroei het en groter as Griekeland was, was Rome. Ongelukkig kom die meeste Bybelgeleerdes tot die gevolgtrekking dat die profesie van Daniël 8 voor die geboorte van Christus eindig.

Een van die vele probleme hiermee is die woorde van Christus aangaande die ontsettende goddeloosheid, oftewel die goddeloosheid/gruwel wat die verwoesting bring.

> Wanneer julle dan die **gruwel van die verwoesting**, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet—Matthéüs 24:15

Jesus sê vir diegene wat hierdie "gruwel van verwoesting" sien om uit Judea na die berge te vlug. Lukas verduidelik presies wat die teken is wat vir hulle sê wanneer hulle moet vlug:

> En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Lukas 21:20

Die mag wat Jerusalem in 70 n.C. omsingel en vernietig het, was Rome, en het dus die "gruwel van die verwoesting" (of ontsettende goddeloosheid wat verwoesting bring) met Rome geassosieer. Daniël praat van hierdie verwoestende mag in Daniël 8:13:

> Toe hoor ek ʼn heilige spreek; en ʼn ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur—van die voortdurende offer en **die ontsettende goddeloosheid**—sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word? Daniël 8:13

Die feit dat Jesus na hierdie mag verwys as in die toekoms, toe Hy met die dissipels gepraat het, bewys dat dit waaroor Daniël skryf nie verband hou met gebeure in die 2de eeu v.C. nie. Hierdie feit plaas groter klem op die vraag *hoe lank* hierdie visioen sal duur soos gevra in Daniël 8:13, want dit

strek ver verby die tweede eeu v.C., dit sluit die geboorte van Christus en die vernietiging van Jerusalem in en strek ook in die toekoms in. Hoe lank sal hierdie verskriklike geskiedenis dan aanhou?

Die antwoord op daardie vraag behels insig in die betekenis van die *voortdurende offer* en die *ontsettende goddeloosheid* en hoe lank die Heiligdom en die Leër vertrap word.

Die King James-vertalers (en Afrikaanse Bybelvertalings) van hierdie gedeelte, vanaf vers 11, het die woord *offer* by die gedeelte gevoeg om lewe te gee aan die idee dat die gebeure wat beskryf word na 'n aanval op God se offerstelsel, wat 'n sentrale kenmerk van die Joodse Heiligdom was, verwys. Drie keer is die woord *offer* in kursief by die teks gevoeg.

> Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende *offer* Hom ontneem en sy heilige woning neergewerp is. En ‘n leër is aan die horing oorgelewer in goddeloosheid saam met die voortdurende *offer*; en dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad. Toe hoor ek ‘n heilige spreek; en ‘n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur—van die voortdurende *offer* en die ontsettende goddeloosheid—sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word? Daniël 8:11-13

William Miller spreek die kwessie van offers soos volg aan:

> 1ste, die "voortdurende offer." Dit kan deur sommige verstaan word as die Joodse rites en seremonies; en deur ander, die Heidense rites en offers. Soos beide Jode en heidene hul rituele en offerandes soggens en saans gehad het, en hul altare aangehou rook het met hul slagoffers van diere, en hul heilige vuur bewaar is op hul nasionale altare en in tempels gewy aan hul onderskeie gode, sal ons raadop wees om te verstaan op watter van hierdie die figuurlike uitdrukking toe te pas, indien ons teks en konteks nie die betekenis verduidelik nie. Dit is baie duidelik, wanneer ons ons teks noukeurig ondersoek, dat dit verstaan moet word dat dit verwys na Heidense en Pouslike rites, want dit staan gepaard

> met "die ontsettende goddeloosheid", en voer dieselfde handelinge uit, soos wat toegeskryf word aan die Pouslike gruwel, "om die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oor [te] gee…" Sien ook Openb. 11:2, “Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap.” Hierdie laaste teks verwys slegs na die Pouslike dier, wat die beeld van die Heidense Rome was; maar die teks wat hier oorweeg word, verwys na beide Heidense en Pouslike Rome. Dit wil sê, hoe lank sal die heidense goddeloosheid en die pouslike goddeloosheid die heiligdom en leër onder die voete vertrap? Dit moet die ware en letterlike betekenis van ons teks wees; dit kon nie dui op die anti-Christelike goddeloosheid/gruwel alleen nie, want hulle het nooit die Joodse kerk verwoes nie; dit kon ook nie Antiogus, die Siriese koning, aandui nie; want hy en sy koninkryk is voor Christus verwoes en vernietig; en dit is duidelik dat Christus 'n sinspeling op hierdie einste mag gehad het toe Hy vir Sy dissipels gesê het, Matt. 24:15, “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom.” Ek glo alle kommentators stem saam dat Christus die Romeinse mag bedoel het - indien wel, dan het Daniël dieselfde betekenis; want dit is juis die gedeelte waarna Christus verwys het.[35]

Miller maak dit duidelik dat die profesie van Daniël tot die tyd van Christus en verder moet strek. As dit die geval is, kan die 2300 dae nie letterlike dae wees nie, want hulle moet strek vanaf die tyd van Daniël tot verby die tyd van Christus. Die tweede belangrike punt hier is dat die terme *voortdurend*e en *ontsettende goddeloosheid* uitsluitlik na heidense seremonies en offers verwys en nie na die Joodse offerstelsel nie.

Om af te lei dat hierdie gedeelte verwys na 'n afvalligheid weg van God se

[35] William Miller, *Miller's Works Vol. 2,* Evidence from Scripture and History of the Second Coming of Christ About the Year 1843

offerstelsel deur die mag van die horinkie, dui daarop dat God inderdaad slagoffers en spysoffers verkies het en dat Satan deur die mag van die horinkie dit probeer stuit het.

Die interpretasie van die horinkie as Antiochus Epifanes versterk die idee dat God offers wou hê. Dit vuur die dwaling van 'n valse geregtigheid wat die dood eis, aan. Dit is 'n verdere bewys van die duisternis van die mens wat hul vyandskap op God wil projekteer.

Miller het verstaan dat die term *voortdurend* verwys na die heidendom en sy bevredigingstelsel met offers en dat die term *ontsettende goddeoosheid* verwys na die pouslike bevredigingstelsel. Die wyse waarop hierdie twee magte werksaam was, word gevind in Daniël 8:11 waar die *voortdurende* weggeneem word deur die *ontsettende goddeloosheid*. Om hierdie proses te verduidelik, het Miller na 2 Thessalonicense 2:7 verwys.

> "En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie." [2 Thess 2:6-10] Hier toon Paulus duidelik aan dat daar op daardie stadium een ongeregtigheid (goddeloosheid of gruwel) aan die werk was, wat die opkoms van die laaste ongeregtige (goddeloosheid/gruwel) sou verhinder, totdat die eerste "uit die weg geruim is." Dan sou die tweede geopenbaar word, wat die Here met die glans van sy koms sou vernietig. Die vraag sou dan wees, wanneer is die heidendom uit die weg geruim? Ek antwoord, dit moes gewees het nadat die tien horings opgestaan het uit wat genoem word die Westerse Romeinse Ryk, wat sou opstaan en een uur, ('n kort tydjie) saam met die dier, heidense Rome, regeer: want hierdie horinkie sou tussen die tien

> horings opstaan of "opgerig" word [sien Dan.12:11]. Dit kon eers ná die jaar 476 ná Christus wees, toe die Westerse Ryk geval het en in tien koninkryke verdeel is.. Dit kon nie kom voordat "hulle", die tien konings, "die heiligdom, die vesting, ontheilig" het nie (wat dui op Rome)[36]

Miller het tot die gevolgtrekking gekom dat die 2300 dae in werklikheid 2300 jaar was wat strek vanaf die tyd net nadat Daniël geleef het tot die jaar 1843. Dit was op hierdie tydstip dat die Heiligdom gereinig sou word of in sy regte staat herstel sou word. Hy het tot hierdie gevolgtrekking gekom in 1818, net 25 jaar voor die herstel van die Heiligdom, wat hy gedink het verwys na die aarde. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die reiniging van die Heiligdom die reiniging van die aarde deur vuur tydens die koms van Christus sou wees.

Die Miller-boodskap het tydens sy hoogtepunt na elke sendingstasie regoor die wêreld gegaan en die spoedige koms van Jesus verkondig. Miller het baie elemente saamgevoeg om by die jaartal 1843 uit te kom, wat later 1844 geword het met 'n regstelling, deur die weglating van die jaar nul tussen die v.C. en n.C. eras.

Ons fokus op hierdie geskiedenis hou verband met Miller se identifikasie van die twee verwoestende magte van heidense en pouslike Rome wat voortgegaan het om God se volk te vertrap vanaf die tyd van Daniël tot net ná die tyd dat die Pous in 1798 gevange geneem is.

Een punt wat belangrik is om in hierdie oorgang te ondersoek, is hoe die pouslike mag die heidense mag weggeneem het (of ontneem is).

> Selfs tot by die Vors [Jesus Christus] van die leër het dit [Die Klein Horinkie] groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontneem [H7311] en sy heilige woning neergewerp is. Daniël 8:11

Die woord vir "ontneem" in Hebreeus is die woord *rum.* In Hebreeus word hierdie woord eintlik twee keer in die teks herhaal en dra die volgende betekenis:


---

[36] William Miller, *Miller's Works Vol. 1,* Views of the Prophecies and Prophetic Chronology

> *Strong se Konkordansie* [H7311]: om aktief hoog te wees om op te staan of te verhoog (in verskeie toepassings, letterlik of figuurlik):
> – grootmaak, verhef (self), verheerlik, gee, optrek, hoogmoedig, ophef (op), (wees, oplig, maak op, stel op, te) hoog (-er, een), hou op, hef, lig op, (wees) verhewe, hard, klim op, bied (op), + aanmatigend, (wees) bevorder, trots, opgestel, lank (langer), neem (weg, af, op), teel wurms.

Wat die teks eintlik sê, is dat die pouslike mag die beginsels van heidendom opgeneem het en terselfdertyd die heidense raamwerk verwyder het en met 'n Christelike een vervang het. Die belangrike punt hier is dat die bevrediging van die gode in die heidense stelsel verhef en in die Romeinse Christendom ingebring en voortgesit is. Daarom gaan die twee moondhede, heidense en pouslike Rome, voort met dieselfde beginsel van versoening deur middel van offers.

Wat betekenisvol is omtrent die afsluiting van die 2300-jaar profesie wat aan Daniël 8:14 gekoppel is, is dat die Heiligdom gereinig of herstel word. Dit dui daarop dat die beginsels van versoening uit die Heiligdom gereinig sal word. 'n Beweging sou aan die einde van die 2300 jaar in 1844 begin wat sou ontdek dat die evangelie heeltemal vry is van die behoefte aan bevrediging (offerandes). Die verwydering van die behoefte aan bevrediging (offerandes) is die sleutelelement om versoening tussen God en mens teweeg te bring en sodoende die mens met God te versoen.


Die 2300 Jaar Profesie
Volgens Daniël 8:14 en 9:24-27
Twee duisend drie honderd aande en môres, (2300 jaar) dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word. (Daniël 8:14)
70 weke (490 jaar) is oor jou volk en jou heilige stad bepaal (Daniël 9:24)
Evangelie Slegs aan Jode Verkondig
Een Week (Daniël 9:27)
Evangelie aan Heidene Verkondig
408 VC
Jerusalem Herbou
Daniël 9:25
7 "weke"
Plus 62 "weke" (Daniël 9:25)
49 jaar
434 jaar
3.5 jaar
3.5 jaar
457 VC
Bevel om Jerusalem te Herbou
Esra 7:1-27
AD 27
Doop van Jesus
Lukas 3:1
AD 31
'n Gesalfde sal Uitgeroei word - Die Kruisiging van Jesus
Mattheus 27:51
AD 34
Steniging van Stefanus
Handelinge 7:59-60
AD 1844
Begin van Oordeel
Daniël 8:14

HOOFSTUK 17

# DIE HERSTEL VAN DIE HEILIGDOM

Die Milleriete het 'n verskriklike teleurstelling beleef toe die wederkoms van Christus nie op 22 Oktober 1844 plaasgevind het nie. Soos ons voorheen bespreek het, lei God Sy volk deur hulle verkeerde begrip, sodat hul geloof gestrek word tot waar genade baie meer oorvloedig is. Van die meer as 50 000 toegewyde volgelinge van die boodskap van William Miller aangaande 1844, het slegs ongeveer 50 mense geloof gehad om vorentoe te beweeg om hul fout te ondersoek, om 'n dieper openbaring van waarheid omtrent die betekenis van die herstel van die Heiligdom te betree.

Die dag na die groot teleurstelling het 'n man met die naam Hiram Edson besluit om van die ander gelowiges te gaan bemoedig. Terwyl hy en sy metgesel besig was om sy koringland oor te steek, het die gedagte skielik by hom opgekom dat die herstelde (of gereinigde) Heiligdom nie die aarde is nie, maar die Heiligdom in die hemel.

> Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, **‘n Bedienaar van die heilige dinge en**

> **van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie**. Hebreërs 8:1-2

William Miller was bewus van die hemelse Heiligdom. In 'n brief aan 'n vriend, Joshua Himes, lys hy nege opsies wat die Bybel as die Heiligdom aangee, en gee die volgende rede waarom hy gevoel het dit kan nie die hemelse Heiligdom wees nie:

> Die vraag ontstaan nou, watter van hierdie heiligdomme bedoel Daniël, of die heilige wat met Daniël gepraat het, toe hy gesê het: "…sal die heiligdom in sy regte staat herstel word?" Ek antwoord, nie die eerste nie, Christus, want hy is nie onrein nie. **Nie die tweede nie, die hemel, want dit is nie onrein nie.**[37]

'n Groep Bybelstudente wat die 2300-jaar profesie voorgestaan het, het weer begin om die onderwerp van die reiniging van die Heiligdom en die betekenis daarvan te bestudeer. Terwyl hulle die seremonies en tipes in die Ou Testament bestudeer het, het hulle agtergekom dat daar wel iets in die hemel was wat reiniging nodig het. Uriah Smith, een prominente leier in hierdie groep, wat later as Sewendedag Adventiste bekend geword het, het die volgende opsomming gegee omtrent die reiniging van die hemelse Heiligdom:

> Maak die leser beswaar teen die idee dat daar iets in die hemel is wat gereinig moet word? Die boek Hebreërs bevestig duidelik die reiniging van beide die aardse en die hemelse heiligdom: "En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig [Grieks, katharizesthai, gereinig] moes word, maar die hemelse dinge self [gereinig] deur beter offers as hierdie. Heb. 9:22-23. In die lig van voorgaande argumente kan dit so geparafraseer word: "Dit was dus nodig dat die tabernakel wat deur Moses opgerig is, met sy heilige voorwerpe, wat voorbeelde was van die ware heiligdom in die hemel, gereinig moes word met

[37] William Miller, Brief aan Joshua Himes oor die reiniging van die Heiligdom, 1842

> die bloed van kalwers en bokke; maar die hemelse dinge self, die heiligdom van die Christelike Era, die ware tabernakel, wat die Here opgeslaan het, en nie die mens nie, moet gereinig word met beter offers, selfs met die bloed van Christus."[38]

Maar watter dinge in die hemelse Heiligdom het reiniging nodig en hoe vind dit plaas? Uriah Smith verduidelik:

> Die slothoofstukke van Exodus gee vir ons 'n verslag van die bou van die aardse heiligdom, en die bepalings van die dienste wat daarmee verband hou. Levítikus begin met 'n verslag van die bediening wat daar verrig moes word. Al wat ons hier wil raaksien, is een bepaalde afdeling van die diens, wat soos volg uitgevoer is: Die persoon wat sonde gepleeg het, het sy slagoffer na die ingang van die tabernakel gebring. Hy het sy hand vir 'n oomblik op die hoof van hierdie slagoffer geplaas, en, soos ons redelikerwys kan aflei, het hy sy sonde oor hom bely. Deur hierdie betekenisvolle daad het hy te kenne gegee dat hy gesondig het, en die dood waardig was, maar dat hy in sy plek 'n slagoffer toegewy het en sy skuld daarop oorgedra het. Met sy eie hand (wat sy emosies moes insluit!) het hy dan weens daardie sondeskuld die lewe van sy slagoffer geneem. **Die wet het die lewe van die oortreder geëis weens sy ongehoorsaamheid; die lewe is in die bloed** (Lev. 17:11,14)**; sonder bloedvergieting is daar dus geen vergifnis nie; met die vergieting van bloed is vergifnis moontlik; omdat die wet vereis dat lewe geneem word en dit sodoende bevredig word. Die bloed van die slagoffer, die verteenwoordiger van 'n verbeurde lewe en die teken van sy skuld, is dan deur die priester geneem en voor die Here gebring.**
>
> Die sonde van die individu is dus, deur sy belydenis, deur die dood van die slagoffer, en deur die bediening van die priester, van homself na die heiligdom oorgeplaas. Slagoffer na slagoffer is dus deur die mense gebring. Dag vir dag het die werk steeds voortgegaan; en so het die heiligdom voortdurend die bewaarplek

[38] Uriah Smith, *Daniel and Revelation*, (Review and Herald, 1897), page 195

> van die sondes van die gemeente geword. Maar dit was nie die finale beskikking van hierdie sondes nie. Die opgehoopte skuld is verwyder deur 'n spesiale diens, wat die reiniging van die heiligdom genoem is. Hierdie diens, in die tipe, het een dag in die jaar in beslag geneem; die tiende dag van die sewende maand waarop dit gedoen is, is die versoendag genoem. Op hierdie dag, terwyl die hele Israel nie gewerk het nie en hulle siele verootmoedig het, het die priester twee bokke gebring en dit voor die aangesig van die Here by die ingang van die tent van samekoms gebring.[39]

Uriah Smith druk die universele begrip van versoening uit, deur die bevrediging van goddelike geregtigheid deur die dood van 'n plaasvervanger. Die pionier-Adventiste-begrip sê vir ons dat die sondes van die oortreder na die Heiligdom oorgedra is en die middel waardeur die sonde na die Heiligdom oorgedra het, was die bloed van die slagoffer. Terwyl die Sewendedag Adventiste voortgegaan het om dit te bestudeer, het hulle opgemerk dat die oordrag van sonde nie net deur bloed plaasgevind het nie, maar ook deur die priester wat die geroosterde vleis van die sondoffer in die Heilige Plek eet.

> Die priester wat in die heiligdom ingegaan het om die bloed van die sondoffer voor die Here te bring, was 'n uitdruklike simbool van Christus wat deur Sy eie bloed die hemelse heiligdom binnegegaan het, "en ‘n ewige verlossing teweeggebring" het [Heb. 9:12]. Deur die bloed en deur die vlees is die belyde sondes van die sondaar in tipe oorgedra na die heiligdom.[40]

Dit is betekenisvol om daarop te let dat, wanneer 'n priester of die hele gemeente 'n sondoffer gebring het, die bloed op die voorhangsel tussen die Heilige en Allerheiligste gesprinkel is en op die horings van die reukofferaltaar geplaas is. Wanneer 'n heerser of gewone man 'n sondoffer gebring het, is die bloed op die horings van die offeraltaar gesit en die priester sou die vleis van die gebraaide sondoffer in die heiligdom eet.

---

[39] Ibid, page 196-197

[40] Stephen Haskell, The Cross and Its Shadow, (Review and Herald, 1914), page 125

(Levítikus 4; 6:26-30; en 10:16-20).

Die verskil tussen die bloed wat op die verskillende altare geplaas word, blyk verband te hou met aanspreeklikheid. Die kennis van die priester was beter as dié van die gewone mens en het die groter potensiaal gehad om verder as 'n bronsbegrip te reik na die goud.

Die sondes sou deur die loop van die jaar na die Heiligdom oorgedra word en in die Heiligdom ophoop tot die fees van die Versoendag, wanneer die Heiligdom self van die sondes van die mense gereinig is.

Die Sewende-dag Adventiste pioniers het 'n verband gebring tussen die reiniging van die Heiligdom in Daniël 8:14 met die reiniging van God se volk wat in Levítikus 16 genoem word en die Versoendag wat een keer elke jaar in die Joodse godsdienstige kalender gevier word.

> **Want op hierdie dag** moet hy [*die priester*] **vir julle versoening doen om julle te reinig**; van al julle sondes moet julle voor die aangesig van die HERE **rein** word. Levítikus 16:30

Op Versoendag is 'n spesiale diens met twee bokke gehou. 'n Lot is gewerp om die Here se bok te kies, en die ander het as Asásel of die sondebok bekend gestaan. Die Here se bok is as sondoffer geoffer.



Die Hoëpriester het albei hande op die kop van die sondebok gelê en al die sondes van die volk daaroor bely. Die bok is dan weggelei na die woestyn met die sondes van die mense daarop. (Levítikus 16:1-21).

Gedurende hierdie tyd moes die mense hul sondes bely en hul siele verootmoedig. Enige persoon wat hulself nie voor God verootmoedig het nie, is onder die kinders van Israel uitgeroei. (Levítikus 23:27-31). Dit beteken hierdie dag was 'n dag van oordeel.

Dit is om hierdie rede dat die Joodse begrip van die Versoendag, wat op die 10de dag van die sewende Joodse maand plaasvind, verstaan word as die oordeelsdag.

> Rosh Hashanah is die Oordeelsdag vir die hele mensdom. Op hierdie dag word die mens geoordeel vir al sy dade, en alles wat in die komende jaar sal gebeur en plaasvind, word opgeteken ….
>
> Op Rosh Hashanah gaan die hele mensdom soos skape voor Hom verby - hulle gaan een vir een by Hom verby, een na die ander, tog ondersoek Hy hulle almal deeglik met 'n enkele blik. So sê die vers (Psalm 33:15): "Hy wat die hart van hulle almal formeer, wat let op al hul werke."; God, Wie die Skepper is, sien die hele hart saam (met 'n enkele blik) en verstaan al hul handelinge.
>
> R. Cruspedai het in die naam van R. Yochanan gesê: Drie registers word op Rosh Hashanah oopgemaak: een vir die wat heeltemal goddeloos is, een vir die wat heeltemal regverdig is, en een vir die wat in die middel is. Die volkome regverdiges word onmiddellik ingeskryf en verseël om te lewe. Die geheel en al goddeloses word dadelik ingeskryf en verseël om te sterf. Die lot van diegene in die middel word in oorweging gebring tussen Rosh Hashanah en Yom Kippur.
>
> As hulle enige verdienste het (d.w.s. as hulle berou het), is hulle ingeskryf om te lewe. As hulle geen verdienste toon nie [d.w.s. as

hulle hul nie bekeer nie), word hulle afgeskrywe om te sterf (ibid. 16 a,b).[41]

Die profetiese raamwerk wat deur William Miller ontwikkel is, het Sewendedag Adventiste gehelp om te identifiseer op watter tydstip in die geskiedenis van die mens die groot finale oordeel, waarna die Versoendagfees elke jaar gewys het, sou plaasvind.

Die volgorde van die geskiedenis wat in Daniël 7 beskryf word, bevat 'n lys van koninkryke wat tot die Wederkoms van Christus lei. In hierdie lys word 'n toneel beskryf waar God uitgebeeld word terwyl Hy oordeel vel oor die ganse aarde. Daniël hoofstuk 8 is grootliks parallel met Daniël 7, en verbind die idee van die reiniging van die Heiligdom in Daniël 8 met die oordeelstoneel wat in Daniël 7 plaasvind. Ons kan die parallel soos volg skets:

| Daniël 7 | Gebeurtenis | Daniël 8 |
|---|---|---|
| Leeu | Babilon | |
| Beer | Mede-Persië | Ram |
| Luiperd | Griekeland | Bokram |
| Vreeslike Dier | Rome | Klein Horinkie |
| Oordeelstoneel | Oordeel | Reiniging van die Heiligdom |
| Christus se Koninkryk | Wederkoms | Verbrysel sonder mensehande |

Toe die vraag in Daniël 8:13 gevra is hoe lank sal God se volk onderdruk

[41] https://www.chabad.org/library/article_cdo/aid/4399/jewish/Day-of-Judgment.htm

word deur die versoeningstelsels van heidendom en pousdom, is die antwoord, soos ons bespreek het, 2300 simboliese dae wat 2300 letterlike jare is.

Sewendedag Adventiste het tot die gevolgtrekking gekom dat die finale tydperk van oordeel in 1844 met die Versoendag van daardie jaar sou begin.

Gedurende hierdie tyd bely God se volk hulle sondes en bekeer hulle terwyl God die rekordboeke ondersoek. Diegene wat hul sondes bely en hulself voor God verneder het, word in die Boek van die Lewe behou. Diegene wat nie bekeer nie en vashou aan hul sondes, sal uit die Boek van die Lewe verwyder word. Christus tree vir almal wat Sy naam bely het in en pleit Sy bloed namens hulle. Wanneer die werk van oordeel voltooi is, word al die sondes van die mense op die kop van die sondebok, wat Satan voorstel, geplaas. Hy is die een wat die val van die mens veroorsaak het, hom van God geskei het en alle mense verlei het om teen God te sondig.

Met hierdie begrip word sonde hanteer en ontvang diegene wat hulself voor God verneder het, versoening. Daar is niks meer tussen hulle en God nie en hulle is gereed om in Christus se ewige koninkryk in te gaan.

Noudat ons die raamwerk uiteengesit het vir die manier waarop die Versoendag deur beide die Jode en Sewendedag Adventiste verstaan is, is ons amper gereed om die dinge toe te pas wat ons in die eerste deel van hierdie boek oor die versoeningsproses geleer het. Maar eers moet ons onderskei tussen 'n tipiese Protestantse siening van die versoening en die Adventistiese begrip, in die lig van die Ou Testamentiese Heiligdom-stelsel.

HOOFSTUK 18

# VERGELYKING TUSSEN PROTESTANTSE EN ADVENTISTE VERSOENING

In hoofstuk 3 het ons ondersoek hoe die Christelike idee van versoening ontwikkel het rondom die idee van bevrediging van goddelike geregtigheid. As God se geregtigheid straf eis, en God se toorn word in straf bevredig, dan spreek dit vanself dat, sodra die straf toegepas is, die versoeningsproses voltooi is. Hier is een uitdrukking van hierdie idee:

> In die Christendom verwys versoening na die nodige versoening tussen die sondige mensdom en 'n heilige God. **Hierdie versoening is moontlik deur die soenoffer van Jesus Christus**, soos uitgedruk in Romeine 3:25, Romeine 5:11 en Romeine 5:19. Versoening is die Bybel se sentrale boodskap.
>
> "Versoening word ontvang wanneer ons werklike versoening met God in regverdigmaking ontvang, gegrond op Christus se

> tevredenheid," volgens Matthew Henry's Commentary. "Ons Christene, ons gelowiges, het nou, nou in evangelietye, of nou in hierdie lewe, die versoening ontvang, waarna verwys word deur die offers onder die wet, en wat ons geluk in die hemel bepaal."[42]

Die algemene Christelike idee is dat versoening 'n hereniging beteken. Die artikel wat ons hierbo aangehaal het, gaan verder om te verduidelik hoe dit gebeur:

> Versoening is 'n woord wat gevind word in sommige vertalings in Romeine hoofstuk drie, vers 25. **God het Jesus as 'n soenoffer geoffer**. Ander vertalings sal die woord versoening gebruik, en die idee daaragter is toorn-absorberende plaasvervanger. Reg?
>
> **Jesus Christus aan die kruis absorbeer die toorn van God. Dit is 'n transaksie tussen die vader en die seun. Die Vader stort Sy toorn oor sonde op Christus uit, en sy toorn is in werklikheid bevredig.** En daarom word die skuldige sondaar wat op Christus vertrou, vrygemaak. Dit hou ietwat verband met regverdigmaking; dit is die manier waarop regverdigmaking eintlik moontlik is.[43]

Die webwerf waarvandaan ons aangehaal het, poog om die Christelike beginsel van versoening in eenvoudige terme te verduidelik vir diegene wat nie vertroud is daarmee nie. Bybelgeleerdes druk dit uit met fyner onderskeiding, maar die implikasie is dat God met die mens versoen is deur die plaasvervangende dood van Christus. Dit bevredig God se toorn en geregtigheid. Die sondaar bely sy sonde en sê hy is jammer, maar dit is die dood van Christus wat die versoening bewerk, want daar word verstaan dat dit God se geregtigheid is wat versoening nodig het. Hy kan nie net aanvaar as ons jammer is nie; Sy geregtigheid het bevrediging nodig.

In hierdie konteks is dit duidelik dat, sodra Jesus aan die Kruis sterf, die

---

[42] https://www.christianity.com/wiki/salvation/what-is-atonement-biblical-meaning-and-definition.html

[43] Ibid

versoening voltooi is. Daar bly niks oor nie, behalwe om dit te glo nie. Solank as wat die sondaar aan Christus vashou, is hy beskerm teen die veroordeling van God teen sonde.

Christene verwys wel na die Ou-Testamentiese offerstelsel omdat dit na die dood van Christus aan die Kruis verwys, maar daar word min aandag geskenk aan die volgorde van gebeure in die Joodse godsdienstige jaar, en of dit enige betekenis in die tyd ná die Kruis dra.

Sewende-dag Adventiste het aangevoer dat die lys van feeste wat in Levítikus 23 aangegee word, eintlik 'n stap-vir-stap proses bied vanaf die tyd van Christus tot die wederkoms, wat 'n reeks gebeurtenisse simboliseer eerder as 'n enkele gebeurtenis wat met die versoening verband hou. Deur die Versoendag met die reiniging van die Heiligdom in 1844 te koppel, is 'n dieper vlak van begrip van die versoening bekendgestel.

Deur na die tipes te wys, het die Adventiste gesê dat die versoening deur die bediening van die priester bewerkstellig is *nadat* die dier geoffer is, nie *op* die oomblik van die offer nie. Joseph Waggoner, 'n ander Adventiste-leier verduidelik dit so:

> Daar word gesien dat die sondaar sy offer gebring het; dat dit doodgemaak is; en dat die priester die bloed geneem en versoening gedoen het; en hier word verder vasgestel dat die versoening in die heiligdom gedoen is. **Dit bewys heel duidelik dat die slag van die offer nie die versoening bewerk het nie, maar ‘n voorbereiding daarvoor was; want die versoening is in die heiligdom gedoen, maar die offer is nie in die heiligdom geslag nie.**
>
> Hierdie dinge was natuurlik tipes, en hul vervulling is in die werk van die Here Jesus Christus, die Seun van God. Hy word geredelik aanvaar as 'n Hoëpriester, en as die enigste Middelaar in

> die evangelie; maar die volgorde en wyse van Sy diens moet deur die Skrif bepaal word.[44]

Die Adventistiese siening van die versoening het dieselfde siening van geregtigheid as die res van die Christendom gehandhaaf, maar het gewys op die tipes in die Ou Testament wat gedui het dat die sondaar nie vir sy sondes versoening gedoen het bloot deur 'n offer dood te maak nie, maar eerder deur die priester wat die bloed van die offer in die Heiligdom bring en daarom is dit deur die priester se bemiddeling deur die bloed van die offer dat die versoening verseker word. Dit het in die Heiligdom self gebeur en nie in die Voorhof nie.

Vir die hoofstroom Christendom vind die versoening van God se geregtigheid aan die Kruis plaas, terwyl hierdie versoening vir Adventiste volgens die tipologie van die Ou Testament plaasvind deur die bemiddeling van ons Hoëpriester in die hemel nadat die offer op aarde gebring is. Waggoner gaan voort:

> "Almal stem saam met die idee dat die misnoeë van die Godheid tevrede gestel is deur 'n onskuldige slagoffer wat in die plek van die skuldige geoffer word." Dit moet die korrekte idee wees. **Die geregtigheid of misnoeë van die Godheid word versoenbaar gemaak deur die offer, maar word werklik deur die bemiddeling van ons Hoëpriester bevredig.**[45]

Die klem van die versoening vir Adventisme was op die lewende Christus wat Sy bloed pleit voor die Vader in die hemelse Heiligdom daarbo. Die dood van Christus aan die Kruis was van kritieke belang vir die werk van Jesus wat Sy bloed voor die Vader pleit, maar die Kruis self was nie die voltooide versoening nie. Daar kon geen effektiewe bediening in die hemel wees om die versoening te voltooi sonder die bloed van Christus nie, maar sonder die voorbidding van Christus in die hemel as ons Hoëpriester sou die offer nie 'n voltooide versoening bring nie.

---

[44] J.H. Waggoner, The atonement in the Light of Nature and Revelation, (Review and Herald, 1884), bladsy 187

[45] Ibid, bladsy195

Die hele raamwerk van die Adventiste se siening van die versoening was gebaseer op die Heiligdom-stelsel. Die seremonies van elke Joodse jaar vertel die verhaal van die verlossingsplan vanaf die Kruis tot die Wederkoms van Christus aan die einde van hierdie wêreld.

> Die onderwerp van die heiligdom was die sleutel wat die geheimenis van die teleurstelling van 1844 ontsluit het. Dit het 'n volledige stelsel van waarheid pragtig in harmonie saamgebind, wat toon dat God se hand die groot Adventbeweging gerig het, terwyl dit sy huidige plig, saam met die posisie en werk van Sy volk, aan die lig gebring het.[46]

Terwyl hoofstroom Protestante die Ou-Testamentiese offerstelsel voorstel as dinge wat na die Kruis wys, het Adventiste dieper in die tipes gedelf vanweë die profetiese raamwerk wat hulle in Daniël en Openbaring ontdek het, wat die werk van oordeel op die Versoendag verbind met die datum van 22 Oktober 1844.[47] Daar is gesien dat die Pasga-fees na die dood van Christus aan die Kruis gewys het, en dat die res van die feeste opeenvolgende gebeurtenisse in die Christelike geskiedenis vanaf die tyd van die Kruis tot die Wederkoms verteenwoordig het.

Christenskap het aangedui dat God se weg deur die Kruis loop. Adventisme het na Psalm 77:13 [KJV] gewys en gesê dat God se weg van verlossing in die Heiligdom is. Die Kruis is sentraal tot die hele plan, maar die plan van verlossing is 'n proses, nie bloot 'n gebeurtenis nie. Die hoogtepunt van die verlossingsplan is die groot oordeelsdag wat volgens die volgorde in Daniël 7 en 8 voor die wederkoms van Christus plaasvind.

---

[46] E.G. White, *The Great Controversy*, (Review and Herald, 1911), bladsy 423

[47] Vir meer oor hierdie onderwerp, sien hoofstukke 15-19 van die boek *Volgens Jou Oordeel* beskikbaar op *vadervanliefde.com*

| Fees | Datum | Anti-tipe |
|---|---|---|
| 1. Pasga | 14$^{de}$ dag van 1$^{ste}$ maand | Kruis van Christus |
| 2. Ongesuurde Brood | 15-22$^{ste}$ dag van 1$^{ste}$ maand | Christus in die Graf |
| 3. Eersteling Gerwe | Dag na Sabbat gedurende Ongesuurde Brood | Opstanding van Christus |
| 4. Fees van Weke | 50 dae na Eersteling Gerwe (gedurende 3$^{de}$ maand) | Pinksterdag |
| 5. Trompette | 1$^{ste}$ dag van 7$^{de}$ maand | Aankondiging van die Oordeel |
| 6. Versoendag | 10$^{de}$ dag van 7$^{de}$ maand | Oordeelsdag |
| 7. Loofhutte Fees | 15-22$^{ste}$ dag van 7$^{de}$ maand | Wederkoms van Christus |

Die Adventiste-pionier Uriah Smith wys 'n baie kritiese implikasie van hierdie verskil in Versoening tussen Protestante en Adventiste uit:

> In die lang lys van onderwerpe waarmee die kwessies van die heiligdom intiem verbind word, en in die begrip dat die heiligdom ‘n groot invloed op hierdie onderwerpe uitoefen, is die onderwerp van die versoeningsleer 'n prominente onderwerp.
>
> Ons het reeds gesien dat die reiniging van die heiligdom, die ondersoekende Oordeel van die heiliges, die uitwissing of vergifnis van sonde, en die voltooiing van die verborgenheid van God, alles een en dieselfde ding is. Ons maak nou die bykomende stelling dat dit ook die versoening is.

**Die frekwensie waarmee die uitdrukking gemaak word dat Christus vir ons sondes aan die kruis versoen het, wys hoe wyd die idee gehuldig word dat die vergieting van sy bloed en die versoening dieselfde ding is. Maar dit lei tot twee uiters groot en fundamentele foute. Mense is deur hierdie idee tot die uiterste mate van foute in teenoorgestelde rigtings gedryf**, en het hul tyd gemors met 'n onnodige en vrugtelose stryd.

Die Skrif verklaar duidelik dat Christus vir almal gesterf het. Nou, met die siening dat die dood van Christus die versoening is, word maklik tot **die gevolgtrekking gekom dat die sondes van almal versoen is, en dat daar dus geen veroordeling uiteindelik vir enigeen kan oorbly nie. Hierdie vertakking van die argument blom dadelik in Universalisme.**

**Maar die Skrif verseker ons net so duidelik dat nie almal gered sal word nie; dat sommige nou, en op die ou end, onder veroordeling te ruste sal kom. Vir diesulkes word natuurlik geen versoening gedoen nie; en as die versoening en die dood van Christus dieselfde ding is, volg dit dat Sy dood nie verder reik as die versoening nie, en dus dat Hy nie vir almal gesterf het nie, maar slegs vir 'n paar uitverkorenes. Hierdie vertakking van die argument lei ons tot die bitter vrug van ultra-Calvinisme.**

Die onderwerp van die heiligdom onthef ons van die valse aansprake van beide hierdie foute. In beide gevalle lê die moeilikheid in die uitgangspunt van elkeen, wat gebrekkig is; en met 'n valse uitgangspunt, hoe goed die redenasie ook al wat daarop gebaseer is, is dit onmoontlik om 'n korrekte gevolgtrekking te maak. **Die dood van Christus en die versoening is nie dieselfde ding nie. En dit onthef die saak van alle moeilikheid.** Christus het nie die versoening gedoen toe Hy Sy bloed aan die kruis gestort het nie. Laat hierdie feit vir ewig vasgelê word in die hart. – Uriah Smith The Sanctuary and the 2300 Days, (1877) bladsye 275, 276

Die Heiligdom bevat lewensbelangrike waarhede wat die Bybelleser sal red van die dwalings van Calvinisme en, aan die ander kant, Universalisme. In 'n era wanneer Universalisme herleef onder God se mense, is dit belangrik om daarop te let dat die onderwerpe van beide die Heiligdom en die Versoening verkeerd verstaan word wanneer hierdie pad gevolg word.

Ons sal hierdie afdeling afsluit deur die groot verskil tussen hoofstroom Christelike denke en Adventisme te beklemtoon. Daar is net een sleuteldoelwit in Christelike denke: dat deur die dood van die plaasvervanger vir die mens, God se geregtigheid bevredig kan word. Alhoewel dit ooreenstem met die rots wat geslaan word en die lam wat op die bronsaltaar geslag word, spreek dit nie die simboliek van praat met die rots of die ware betekenis van die twee bokke van die Versoendag aan nie.

Deur die twee grondbeginsels van:

- Die Profetiese raamwerk van Daniël
- Die Heiligdomstelsel van die Joodse Jaar,

word die verlossingsplan 'n proses wat die hele tydperk van Christelike geskiedenis dek met twee hooffokuspunte wat die versoening behels:

- Die Kruis van Christus in 31 n.C. en
- Die Oordeel wat in 1844 n.C. begin.

Hierdie twee fokuspunte het die vermoë om nie net die rots te slaan nie, maar die volgende belangrike stap te neem om met die rots te praat. Ongelukkig, soos ons sal ontdek, omdat Adventisme nie Satan se regstelsel vrygespring het nie - 'n stelsel wat die dood eis - slaag die Adventistiese konsep van versoening bloot daarin om die probleem van Satan se valse geregtigheid en straf te verskerp.

Dit dui nie daarop dat die pad wat Adventiste geloop het, verkeerd is nie. Inteendeel, die werk van God, soos ons voorheen bespreek het, is dat sonde meer oorvloedig word, sodat ons ware genade kan vind. Die Adventiste-leer van die oordeel, of soos hulle dit noem, die

Ondersoekende Oordeel, versterk die valse regstelsel wat in ons almal woon.[48] Dit lê die korrekte raamwerk uiteen om in die glorieryke lig van die ware evangelie te kom, maar hierdie beweging het tot stilstand gekom en nie sy bestemming bereik nie. Adventisme het aan die wêreld 'n nalatenskap van verskerpte geregtigheid gegee sonder om die finale stappe te neem na 'n Nuwe Verbond-begrip van die oordeel, wat vry is van veroordelende geregtigheid wat offers vereis.

Daar is aan Daniël getoon dat die heidendom en die bevredigings-offerstelsel van die Pousdom tot 1844 sou voortduur. Vanaf 1844 af sou 'n boodskap kom wat die evangelie sou bevry van die valse idee van God se geregtigheid wat bevrediging benodig. Soos ons verder sal bespreek, het 'n boodskap wel in die laat 1800's gekom wat aan Adventiste die sleutel gebied het waardeur hulle uit Satan se bevredigingstelsel kon ontsnap, maar die boodskap is verwerp en dus kon die kerk niks anders doen as om te onttrek van die intense gevoel van oordeel wat lei tot veroordeling, en om oor te neig na die hoofstroombeskouing van die evangelie wat in die Protestantse kerke gevind word.

Kom ons kyk nou na die voltooiing van die oorspronklike Adventiste-begrip omtrent die manier hoe sonde uit die Heiligdom verwyder word en voor die Wederkoms van Christus uitgewis word.

[48] Sien die Boek *Volgens Jou Oordeel,* hoofstuk 19. Beskikbaar op *vadervanliefde.com*

HOOFSTUK 19

# DIE HEMELSE HEILIGDOM

As jy tot op hierdie punt gelees het, dan verstaan jy in diepte hoe die hart van die Adventiste-raamwerk vir die verlossingsplan werk. Om deur hierdie punte te werk, verg wel moeite om hulle almal bymekaar te laat pas, maar my gebed is dat jy waarde in hierdie proses sal vind.

Die middelpunt van die Adventiste-leer omtrent die versoening was die geloof in 'n letterlike Heiligdom in die hemel.

> Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, ‘n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie. Hebreërs 8:1-2

James White, een van die stigters van die Adventistebeweging, lê die argument vir die hemelse Heiligdom soos volg uiteen:

> Ons standpunt is dat daar 'n verandering plaasgevind het in die posisie en werk van **ons letterlike Hoëpriester in die letterlike Heiligdom** in die hemel, wat vergelyk moet word met die koms van die bruidegom in die huwelik. Hierdie siening is 'n volmaakte beskerming teen spiritualisme. [Spiritualisme verwys na 'n

> Bybelstudiemetode.] **Ons glo nie net in 'n letterlike Jesus, wat 'n "Bediener van die Heiligdom" is nie, maar ons glo ook dat die Heiligdom letterlik is. –** En meer, wanneer Johannes sê dat hy "een soos die Seun van die mens" gesien het "in die middel van die sewe kandelaars," dit wil sê in die Heilige Plek, weet ons nie hoe om die kandelaar geestelik, en die Seun van die mens letterlik te maak nie. Ons glo dus dat beide letterlik is, en dat Johannes Jesus gesien het terwyl Hy 'n "Bedienaar" in die Heilige plek was. Johannes het ook 'n vision van 'n ander deel van die Heiligdom gehad, wat van toepassing is op die tyd van die sewende engel se trompet.
>
> … Die Allerheiligste, wat die Ark van die tien gebooie bevat, is toe oopgemaak vir ons Groot Hoëpriester om in te gaan om versoening te doen vir die reiniging van die Heiligdom. As ons die vrymoedigheid neem om te sê daar is nie 'n letterlike Ark wat die tien gebooie in die hemel bevat nie, kan ons net een tree verder gaan en die letterlike Stad en die letterlike Seun van God, ontken. Adventiste moet beslis nie die geestelike siening kies, eerder as die een wat ons voorgehou het nie. Ons sien geen middeweg wat ons kan neem nie.[49]

Dit was 'n nuwe idee binne Christelike denke. In sy kommentaar op Hebreërs 8 en die Heiligdom spreek Adam Clarke die algemene siening uit.

> Die tabernakel was die plek onder die Jode waar God, deur die simbool van Sy teenwoordigheid, gewoon het. **Dit kan net die hemel tipeer, waar God, in Sy wesenlike heerlikheid, woon**, en aan engele en verheerlikte heiliges openbaar is; en daarom word die hemel hier die ware tabernakel genoem, om dit van die tipe te onderskei.[50]

Maar wat van die oprigting van hierdie tabernakel? Wat was dit wat die Here in die hemel opgerig het? Clarke gaan voort:

---

[49] James White, *The Parable*, bladsy 16

[50] Adam Clarke, Commentary on Hebrews 8:2

> Die Joodse tabernakel was die mens se werk, alhoewel dit deur God se leiding gemaak is**; die hemel, hierdie ware tabernakel, was die werk van God alleen, en oneindig meer glansryk as dié van die Jode. Die tabernakel was ook 'n tipe van die menslike natuur van Christus,** Joh, 1:14: En die woord het vlees geword en het onder ons gewoon, και εσκηνωσεν εν ἡ̓μιν en onder ons ge-tabernakel; want soos die Goddelike teenwoordigheid in die tabernakel gewoon het, so het die volheid van die Godheid liggaamlik in die mens Christus Jesus, gewoon. En hierdie menslike liggaam was die besonderse werk van God, aangesien dit nie deur natuurlike voortplanting gebeur het nie.[51]

Clarke dui aan dat die tabernakel wat deur God in Hebreërs 8:2 opgerig is, is die hemel en miskien in 'n poging om iets meer spesifiek aan te bied, stel hy die menslike natuur van Christus as 'n liggaamstempel voor. Die Adventiste se idee van 'n spesifieke gebou in die hemel waarin God en Sy Seun funksioneer, bots grootliks met standaard Christelike teologie, grootliks op grond van hulle geloofsbelydenisse en wat dit omtrent God self sê. Byvoorbeeld, die eerste artikel van die Anglikaanse geloofstellings sê:

> Daar is maar een lewende en ware God, ewigdurend, **sonder liggaam, dele of hartstogte**; van oneindige krag, wysheid en goedheid; die Maker en Bewaarder van alle sigbare en onsigbare dinge. En in eenheid van hierdie Godheid is daar drie Persone, van een wese, krag en ewigheid; die Vader, die Seun en die Heilige Gees.[52]

'n Geloof in 'n drie-in-een God wat geen liggaam het nie, maak enige letterlike opvatting van 'n werklike gebou in die hemel waarin God beweeg en optree, sinloos. Luister na die ervaring van Carol, wat op hierdie geloofsbelydenis grootgemaak is.

> Toe my God sonder liggaam, dele of emosie was, het ek gevoel soos 'n seemeeu op 'n strand wat in mistigheid gehul was. Iewers

[51] Ibid
[52] http://anglicansonline.org/basics/thirty-nine_articles.html

> bo my het ek geweet dat 'n glorieryke mag oor die hemele heers, maar dit was alles ‘n geheimenis in die koue wit lig van intellek. Bo my vermoeë, maar terselfdertyd vertroostend, omdat Hy in beheer was, sodat ek nie veel daaroor hoef na te dink nie.[53]

Die gevoel om in mistigheid gehul te wees, is die effek van spiritualisme oor die leerstelling van God. Joseph Bates, nog 'n stigter van die Adventiste-beweging, verduidelik die situasie kleurvol:

> Na my mening, omtrent hierdie vergeestelikde stelsel, wanneer God se woord 'n letterlike interpretasie toelaat, en – volgens reël is die letterlike interpretasie eerste – is, om 'n matroos-frase te gebruik, soos 'n skip wat in die nag in Bostonbaai in dik sneeu met volmaan, rondtas. Niks kan vir die seevaarder meer bedrieglik wees nie; die bewegende wolke verlig die uitspansel op een oomblik deur dun ligdampe heen, (wat die seevaarder bemoedig om te glo dat hy nou die lighuis sal sien); die volgende oomblik word dit donkerder, en so gaan dit voort om hulle te mislei, totdat brekende branders ewe skielik rondom hulle brul - die skip word op die rotse gegooi - een luide uitroep gaan omhoog om genade! en alle hoop is vir ewig verby - skip en seevaarders word oor die hele strand gestrooi! Goeie genugtig! Here, help ons om weg te bly van hierdie geestelike interpretasies van U woord, waar dit so duidelik gestel word dat die wederkoms en koninkryk van Christus so letterlik en werklik sal wees, soos die gebeure wat by die eerste Koms van Christus plaasgevind het, soos dit nou in die geskiedenis opgeteken staan.[54]

Die God van die Adventiste-pioniers was in skrille kontras met die Katolieke en Protestantse geheimsinnige drie-eenheid. James White sê dit reguit, en konfronteer die eerste artikel van die Anglikaanse geloofstellings:

> Wat is God? Hy is 'n materiële, georganiseerde intelligensie, wat beide liggaam en dele besit. Hy is in die gestalte van 'n mens. Wat

---

[53] https://donnacarolvoss.com/2015/02/08/without-body-parts-passions/

[54] Joseph Bates, *The Opening of the Heavens,* (Press of Benjamin Lindsey, 1846), bladsy 22

> is Jesus Christus? Hy is die Seun van God, en is soos Sy Vader, synde "die afskynsel van Sy [Vader se] heerlikheid en die afdruksel van Sy wese" [Heb 1:3]. Hy is 'n materiële intelligensie, met liggaam, dele en emosie; wat onsterflike vlees en been besit.[55]

Wanneer James White sê dat God in die vorm van 'n mens is, bedoel hy dat ons na God se beeld gemaak is, nie net in ons sedes nie, maar ook in vorm. Ek sal hom die stelling laat verduidelik.

> Die mens is na die beeld van God gemaak. "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis." "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape…" Gen. 1:26,27. Sien ook Gen. 9:6; 1 Kor. 11:7. **Diegene wat die persoonlikheid van God ontken, sê dat "beeld" hier nie 'n fisiese vorm beteken nie, maar 'n morele beeld,** en hulle maak dit die groot beginpunt om die onsterflikheid van alle mense te bewys. Die argument staan so: Eerstens is die mens na God se morele beeld gemaak. Tweedens, God is 'n onsterflike wese. Derdens, daarom is alle mense onsterflik. Maar hierdie wyse van redenasie sou ook die mens almagtig, alwetend en alomteenwoordig bewys en sodoende die sterflike mens met al die eienskappe van die godheid beklee. Kom ons stel dit so:
>
> Eerstens is die mens na God se morele beeld gemaak.
>
> Tweedens, God is almagtig, alwetend en alomteenwoordig.
>
> Derdens is die mens dus almagtig, alwetend en alomteenwoordig.
>
> Dit wat te veel bewys, bewys in werklikheid niks nie; daarom kan die standpunt dat die beeld van God na Sy morele beeld verwys, nie gehandhaaf word nie. As bewys dat God 'n persoon is, kan ons kyk na Sy eie woorde aan Moses: "Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My, waar jy op die rots kan gaan staan. En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan

[55] James White, *Review and Herald,* August 19, 1858

> nie gesien word nie." Ex. 33:21-23. Sien ook Ex. 24:9-11. Hier sê God vir Moses dat hy Sy gestalte sal sien. Om te sê dat God dit aan Moses laat blyk het dat hy Sy gestalte gesien het, wanneer hy geen vorm het nie, is om God te beskuldig dat Hy onwaarheid gebruik om 'n soort verdraaide misleiding oor Homself aan Sy dienaar Moses te stel.[56]

> *Die bevredigingsteologie van die heidendom wat deur Rome verhef is en deur haar Protestantse dogters uitgebrei is, het die standaardleerstelling van hedendaagse Sewendedag Adventiste geword.*

Dit behoort voldoende te wees uit wat ons voorgehou het dat die leerstelling van die hemelse Heiligdom soos Adventiste dit aanvanklik uitgedruk het, intiem gekoppel is aan hulle sienings omtrent die leerstelling van God. Hulle ontkenning van die spiritualistiese Drie-eenheidsleer het hulle op 'n natuurlike wyse toegelaat om die lering van 'n letterlike Heiligdom in die hemel te ontwikkel. Die Katolieke en Protestantse belydenisskrifte ontken dit heeltemal en maak sulke stellings af as absurd. Die Drie-eenheidsleer vergeestelik die Adventiste-leerstelling van die weg van versoening, en steriliseer dus die betekenis van die Ou-Testamentiese tipologie wat verband hou met die versoening. Luister weer na die logiese proses van Joseph Bates, gebaseer op sy siening van God.

> En Daniël, die profeet, verkondig dieselfde leerstelling. "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae (beskryf in die negende vers), en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap… wat nie vernietig sal word nie." Dan. 7:13,14. Nou erken ons almal dat hierdie persoonlikheid Jesus Christus

---

[56] James White, *The Personality of God,* 1861

> was; want geen wese op aarde of in die hemel het ooit die belofte van 'n ewige koninkryk gehad behalwe Hy nie. **En gee die Oue van dae dit nie aan Hom nie? Sou dit nie absurd wees om te sê dat Hy dit vir Homself gegee het nie? Hoe kan dit dan gesê (of bewys) word soos dit deur sommige is, dat die Seun die Oue van dae is; – hierdie gedeelte, en die een in die vyfde hoofstuk van Openbaring, bewys duidelik dat God en Sy Seun twee persone in die hemel is.** Jesus sê: "Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur." Johannes 8:42. "Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na die Vader."[57] [Joh. 16:28].

Dit is onmoontlik vir 'n ondersteuner van die drie-eenheid om werklik te glo dat die Vader 'n letterlike koninkryk aan Sy Seun gee. Dit kan slegs 'n simboliese gebaar wees vir die doeleindes van die verlossingsplan - en dit is die geniale idee van die Drie-eenheid wat verwoesting bring. Dit dwing die verstand in 'n metaforiese rat en stroop dan die verstand van die sin vir werklikheid met bertrekking tot die Heiligdom, die Seun van die Mens en die Oue van Dae. Hierdie realiteite word vervang met metaforiese etikette wat net aan 'n muur opgehang kan word vir ons om te bewonder, asof ons in 'n kunsgalery is.

Soos ons later sal verduidelik, het die Adventistebeweging uiteindelik die geleentheid om die waarheid in 1888 aan te gryp, verwerp, en het uiteindelik hul siening van God na die drie-eenheid verander. Gevolglik het hul begrip van die versoening skipbreuk gelei, soos Bates gewaarsku het sou gebeur. Hulle het die letterlike begrip van die Heiligdom met twee kamers prysgegee en daarom is daar geen ander keuse as om terug te draai na die standaardbeskouings van die versoening nie. Dus het die bevredigingsteologie van die heidendom wat deur Rome verhef is en deur haar Protestantse dogters uitgebrei is, die standaardleerstelling van hedendaagse Sewendedag Adventiste geword. Net soos Simson, wat met Delila geflankeer het, is Adventisme se oë uitgesteek en huidiglik maal sy

[57] Joseph Bates, *Opening of the Heavens,* 1846, bladsy 18

koring vir die geestelike Filistyne.

Die leer van die versoening, soos uitgedruk in die tipologie van die Ou Testament, kan slegs sin maak wanneer dit gegrond is op die leerstelling van die Een God, die Vader, en Sy eniggebore Seun.[58]

Joseph Waggoner stel sommige van sy redes sistematies uiteen waarom die Drie-eenheid en die versoeningsleer nie kan saamwerk nie.

> Baie teoloë dink werklik dat die versoening, ten opsigte van sy waardigheid en doeltreffendheid, op die leerstelling van 'n drie-eenheid berus. Maar ons sien geen verband tussen die twee nie. Inteendeel, die voorstanders van daardie leerstelling bevind hulself werklik in die moeilikheid wat hulle hard probeer vermy. Hulle moeilikheid bestaan hierin: Hulle neem die ontkenning van 'n drie-eenheid as gelykstaande aan 'n ontkenning van die goddelikheid van Christus. As dit die geval is, moet ons so hardnekkig soos enigeen vashou aan die leerstelling van 'n drie-eenheid; maar dit is nie die geval nie. Diegene wat ons opmerkings oor die dood van die Seun van God gelees het, weet dat ons vas glo in die goddelikheid van Christus; maar ons kan nie die idee van 'n drie-eenheid, soos dit deur Trinitariërs gehou word, aanvaar sonder om ons aanspraak op die waardigheid van die offer wat vir ons verlossing bring, prys te gee nie.[59]

Waggoner spreek 'n ander kwessie aan wat verband hou met wie of wat werklik aan die Kruis gesterf het. Waggoner verduidelik:

> Trinitariërs meen dat die term "Christus" twee onderskeie, afsonderlike nature insluit: een wat bloot menslik was; die ander, die tweede persoon in die drie-eenheid, wat vir 'n kort tydjie in die vlees gewandel het, maar onmoontlik kon ly, of sterf; dat die Christus wat gesterf het, slegs die menslike natuur was waarin die

[58] Vir meer oor hierdie onderwerp sien die boeke *Understanding the Personality of God* deur Lynnford Beachy beskikbaar op *fatheroflove.info*; en *Die Wysheid van God* en *My Beminde* deur Adrian Ebens beskikbaar op *vadervanliefde.com*

[59] J.H. Waggoner, *The Atonement,* bladsy 165

goddelikheid gewandel het. Albei klasse bevat 'n menslike offer, en niks meer nie. Maak nie saak hoe verhewe die Seun voor Sy aarde bediening was nie; maak nie saak hoe glorieryk, hoe magtig of selfs ewigdurend nie; as bloot net die menslikheid gesterf het, was die offer net menslik. En wat die plaasvervangende dood van Christus betref, is dit Socinianisme. Die opmerking is dus regverdig, dat die leerstelling van 'n drie-eenheid die versoening verneder en dit in sy basis slegs op 'n menslike offer berus. 'n Paar aanhalings sal die korrektheid van hierdie bewering aandui:

"As God het Hy al die vereistes van die wet gehoorsaam en dit eerbaar gemaak in die regverdiging van sondaars; as mens het Hy Sy vloek op die kruis gedra en Sy straf verduur."—Manual of atonement, bl. 25 [Vry vertaal].

"Die lyding van Christus is in Sy menslike natuur verduur. Alhoewel Hy 'n goddelike natuur besit, kon Hy tog nie in Sy goddelike natuur ly en sterf nie. Sy lyding is in Sy menslike natuur verduur." Id., bl. 88. [Vry vertaal]

"Dit is nie deel van die leerstelling van die versoening dat die goddelike natuur, in die persoon van die Verlosser, gely het nie."—Barnes on Atonement, bl. 224. [Vry vertaal]

"Dit was gepas dat die middelaar 'n mens sou wees, sodat Hy in staat sou wees om die dood te ly; want as God kon Hy nie sterf nie."—Buck's Theol. Dict. [Vry vertaal]

"Trinitariërs hou nie vas aan die lyding of dood van goddelikheid nie."— Mattison on the Trinity, bl. 39.[60] [Vry vertaal]

Alhoewel Waggoner binne die raamwerk van versoening argumenteer, is sy argument steeds geldig en toon dit nog een van die vele probleme wat die Drie-eenheidsleer vir die versoening skep. Die Bybelstudent word gekonfronteer met die voorstel dat slegs 'n deel van Jesus gesterf het, wat uiteindelik die leerstelling van Strafvervanging van sy krag beroof. Dit skep verwarring, wat veroorsaak dat baie enige pogings om die

[60] Ibid, bladsye165-166

versoening te verstaan, laat vaar word.

Hoe hou dit verband met die onderwerp van die letterlike Heiligdom in die hemel? Die hele raamwerk van hierdie Heiligdomstelsel hang af van 'n geloof in 'n letterlike Vader wat Sy Seun voortgebring het. Dit bevestig die werklikheid van God en Sy Seun wat beide liggame en dele besit en dus kan funksioneer in 'n ware Heiligdom wat van materiële elemente gemaak is. Let op wat latere Adventiste, nadat hulle die Drie-eenheid omhels het, doen met gedeeltes soos Daniël 7 wat beskryf dat God op 'n troon sit en die oordeel in die Heiligdom in die hemel voorsit.

> Opmerklik is die feit dat hierdie stelling geen kommentaar lewer oor of die lede van die Godheid fisiese of materiële liggame het nie. Adventiste was terughoudend om te spekuleer oor hierdie aspek van God se natuur. Van Hom gepraat, hulle beklemtoon Sy eienskappe, soos persoonlikheid, selfbestaan, transendensie, onveranderlikheid, alwetendheid, alomteenwoordigheid, almag, heiligheid en liefde. Dit is waar dat God in die Bybel voorgestel word met ore (Ps. 17:6), neus (2 Sam. 22:9), 'n mond (Deut. 8:3), 'n hand (Sag. 2:9), voete (Ps. 18:10). Maar dit word gewoonlik beskou as antropomorfismes, dit wil sê uitdrukkings wat menslike eienskappe aan God toeskryf. Dit is pogings, word daar beweer, om mense te help om God, wat ver bo hulle verstand is, te verstaan.[61]

As jy Jesus deur geloof in die Allerheiligste wil volg, sal jy vind dat die leerstelling van die Drie-eenheid uiteindelik hierdie proses sal ondermyn as jy intellektueel konsekwent is. Ek kan hiervan getuig op grond van die feit dat toe ek by 'n Adventiste-teologiese kollege gestudeer het, byna niemand in 'n letterlike Heiligdom in die hemel geglo het nie, en ook nie die Adventiste-leerstelling van die versoening soos dit deur die pioniers verkondig is, nagevolg het nie.

Kom ons keer terug na die oorspronklike Adventiste se idees omtrent die versoeningsproses, en daarna sal ons dit inpas in die konteks van wat ons in die eerste helfte van hierdie boek aangebied het.

---

[61] Don F. Neufeld, *Review and Herald,* October 6, 1977

HOOFSTUK 20

# DIE OORDEEL EN DIE UITWISSING VAN SONDE

Ek dink die woorde van J.H. Waggoner is 'n goeie plek om te begin in ‘n bespreking van die Adventiste-begrip van die oordeel en die denke agter die uitwissing van sonde voor die wederkoms van Christus.

> Daar is geen geïsoleerde, onafhanklike waarhede in die groot verlossingsplan nie, net soos daar geen spesiale “reddende” plig in die Christelike lewe is nie. Dit verg die som van baie genade om 'n volmaakte Christelike karakter te bou; en so **verg dit ook al die waarhede en leerstellings van die evangelie om die volledige stelsel van verlossing daar te stel**. Die groot fondasie van die geheel is die offer van Christus; die vergieting van Sy bloed vir die sondes van die wêreld. Heb. 9:22. Ons ontvang versoening deur Sy dood. Rom. 5:10; 2 Kor. 5:20. Net soos die werk van die priesters onder die wet eers sy uiteindelike doel bereik het toe die hoëpriester met die bloed van die sondoffer in die allerheiligste plek ingegaan het, en die heiligdom van God gereinig het van die sondes van die volk, so word **die resultaat van die evangelie van vergifnis ten volle volbring, nie deur die dood van die offer nie;**

> **nie deur ons bekering en versoening met God nie; maar deur die aksies van ons groot Hoëpriester, wat in die teenwoordigheid van God vir ons verskyn, deur ons sondes uit te wis en dit vir ewig van die troon van die Allerhoogste te verwyder**.[62]

Waggoner maak die kritieke punt dat, volgens die tipes in die Ou Testament, versoening deur die aksies van ons Hoëpriester in die hemel voltooi word. Hierdie sondes word nie bloot vergewe nie, maar word verwyder deur die middelaarswerk van Christus in die hemelse Heiligdom.

Ons het in ʼn vroeëre hoofstuk genoem hoe twee bokke op die Versoendag gekies is. Die een was die Here se bok en die ander die sondebok. Ek sal na Stephen Haskell draai om die proses van die Versoendag in die antieke Joodse stelset te verduidelik. Elke stap is belangrik, en ek is innig dankbaar vir die werk wat deur hierdie Adventiste-pioniers gedoen is om hierdie materiaal saam te stel, sodat ons die korrekte grondslag vir die begrip van die versoening het.

> Die hoëpriester het die Here se bok geslag, en toe, geklee in sy pragtige klere, met die borstas [Ex. 39:9-14] van oordeel wat die name van die twaalf stamme van Israel oor sy hart dra, en die heilige oniksstene met die name van die stamme op sy skouers, het hy met die bloed van die bok deurgegaan na die Allerheiligste. Net nadat hy in die tweede voorhangsel ingegaan het, met die goue wierookbak gevul met kole van vuur van die altaar [van reukwerk] voor die aangesig van die Here, en met sy hand vol reukwerk, het hy die reukwerk op die kole in die wierookbak gesit, sodat die wolk van geurige reukwerk hom kan bedek terwyl hy voor die sigbare teenwoordigheid van God ingegaan het, soos geopenbaar tussen die gérubs bo die versoendeksel. Met sy vingers het hy die bloed op die versoendeksel gesprinkel bokant die gebroke wet van God. Daarna, wanneer hy uitgaan na die eerste vertrek, het hy die horings van die goue altaar [van reukwerk] met die bloed aangeraak.

---

[62] J.H. Waggoner, *The atonement,* bladsy 200

> Nadat hy "die versoening van die heiligdom en die tent van samekoms en die altaar voleindig het," het hy uitgegaan na die voorhof. In tipe het die hoëpriester nou persoonlik al die sondes van die kinders van Israel wat bely is en na die heiligdom oorgeplaas is, gedra. Hy het daarna sy hande op die kop van die sondebok gelê en "oor hom belydenis [ge-]doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê," en die bok is weggestuur, "deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe". Die bok het al die ongeregtighede op hom gedra na 'n "woeste" land , 'n onbewoonde land, 'n "woestyn".
>
> Daarna het hy teruggegaan na die tent van samekoms, en dan het die hoëpriester sy pragtige priesterklere neergelê en sy ander klere aangetrek; wanneer hy weer in die voorhof gekom het, het hy die voorhof van sy sondebesmetting gereinig. Die liggame van die diere wie se bloed in die heiligdom geneem is, is uit die kamp gedra en verbrand. Wanneer die son op die Versoendag ondergegaan het, was die sondes alles weggebring na die "woestyn", en niks behalwe as het oorgebly as 'n herinnering daaraan nie.[63]

Nadat hy die simboliek van die tipes in besonderhede verduidelik het, bied ouderling Haskell nou hul betekenis in die anti-tipe vervulling aan.

> Op dieselfde wyse word voortgegaan met die tipe van daardie hemelse werk wat die ewige lotsbestemming van elke siel wat ooit op die aarde geleef het, moet bepaal. In tipe en skaduwee is die belyde sondes van Israel gedurende die hele jaar na die heiligdom oorgeplaas; die reiniging van die heiligdom was die verwydering van daardie sondes. "Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers [die bloed van diere]

---

[63] Stephen Haskell, *The Cross and Its Shadow*, (Review and Herald,1914), bladsye 210-211

> gereinig moes word; maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie." [Heb. 9:23]
>
> Elke sonde word voor die Here in die hemel gebring. Wanneer sondes bely en vergewe word, word dit bedek. In tipe is dit aangedui deurdat die sonde na die heiligdom oorgeplaas is, waar geen menslike oë behalwe dié van die priester ooit die vlekke van die bloed van die sondoffer op die horings van die goue altaar voor die voorhangsel gesien het nie.
>
> Dit is nie moontlik dat die boeke van die hemel altyd die verslag van sonde sal bevat nie, of dat Christus altyd die sondes van die wêreld sal dra nie. Soos die tipiese werk aan die einde van die jaar uitgevoer is, so sal die reiniging van die hemelse heiligdom naby die einde van Christus se priesterlike werk plaasvind. Die reiniging van die hemelse heiligdom noodsaak 'n ondersoek van die verslae - 'n ondersoekende oordeel.[64]

Die werk van die Hoëpriester om sy hande op die kop van die sondebok te plaas, behels 'n oordrag van sonde na die sondebok. Hierdie oordrag van sonde behels 'n ondersoek van die hemelse verslagboeke, sodat hierdie oordrag kan plaasvind. Dit is 'n kritieke komponent van die Adventiste-begrip van die versoening: 'n ondersoek van die verslae in die hemel om die name te behou van diegene wat hul sondes bely en verlaat het en om die name uit te wis van diegene wat aanspraak maak op die naam van Christus, maar geweier het om hulself te verootmoedig en te bekeer. Watter bewyse vind ons vir sulke verslae in die hemel?

> En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders **wie se name in die boek van die lewe is**. Filippense 4:3
>
> En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van

[64] Ibid, bladsy 212

> die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. Openbaring 13:8 (Sien ook KJV van hierdie teksvers)
>
> Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, **en daar is ‘n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer**. Maleági 3:16
>
> Ú het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; **is hulle nie in u boek nie**? Psalm 56:9

Die Bybel praat van die Boek van die Lewe waarin die name van diegene wat Christus as hulle Verlosser aanneem, opgeteken is. Daar is ook 'n Gedenkboek voor God waarin die lewensverhale van diegene wat God aanbid, neergeskryf word.

Soos ons vroeër gesê het, lê die reiniging van die Heiligdom in Daniël 8 parallel aan die werk om die rekordboeke te ondersoek, soos beskryf in in Daniël 7. Hier word die dade van mense opgeteken. ’n Entjie verder beskryf Haskell die oordeel wat in Daniël 7 gevind word.

> Stel jou hierdie toneel voor. Die Vader sit op die regterstoel. Die engele, “geeste wat bedien” aan diegene wie se saak voor God nagegaan moet word, staan gereed om bevele te gehoorsaam. Die boeke word oopgemaak. Maar daar skort nog iets. Daniël se aandag word nou gevestig op die “wolke van die hemel” – ‘n magdom engele – wat die Verlosser in triomf na die Vader bring. Die tyd het nou aangebreek wanneer Christus Sy koninkryk moet ontvang, en Sy onderdane moet opeis; en die engele hou daarvan om hul magtige Bevelvoerder in triomf voor die regterstoel te bring, terwyl die boeke die een lewensverslag na die ander openbaar, waar Christus die naam van elke oorwinnaar voor die Vader en in die teenwoordigheid van ontelbare engele bely.[65]

Ouderling Haskell verduidelik nou die werk van voorbidding deur Jesus, ons Hoëpriester, wanneer Hy die verdienste van Sy bloed voor die Vader bepleit namens diegene wat Sy naam bely het en hulle van hul sondes

[65] Ibid, bladsy 213

bekeer het.

Die aardse hoëpriester het bloed aangebied om versoening te doen vir die sondes van die volk; ons Hoëpriester pleit Sy eie bloed. "Vader, my bloed, my bloed, my bloed." Die aardse hoëpriester het die wierookbak met die geurige wierook gedra; Christus bied die geurige geregtigheid van Sy eie karakter aan, wat Hy toereken aan elkeen wie se sondes almal bely en bedek is met Sy bloed, wanneer hulle name voor die groot Regter ter sprake kom.

In die aardse heiligdom het die hoëpriester in die eerste vertrek stilgestaan om die horings van die goue altaar aan te raak en dit te reinig van alle sondes wat daarop oorgedra is; (Lev. 16:18,19) want terwyl die dienste van die Versoendag aan die gang was, as 'n mens onbelyde sondes onthou het, kon hy steeds sy sondoffer bring en vergewe word. (Núm. 29:7-11). Terwyl ons Hoëpriester dus voor die Vader dien in die ondersoekende oordeel, kan elkeen wat besef dat hy 'n sondaar is, sy sondes kom bely en vergewe word deur die verdienste van Christus, die groot Sondedraer.

Ons Hoëpriester sal, wanneer sy werk in die binneste vertrek van die hemelse heiligdom voltooi is, 'n oomblik in die buitenste vertrek vertoef, sodat die sondes wat bely is terwyl Hy in die Allerheiligste was, weggeneem kan word, saam met al die sondes van die regverdiges van alle eeue, en uit die heiligdom uitgedra word.

Terwyl Jesus as ons Hoëpriester pleit, is daar hoop vir elke berouvolle sondaar; maar wanneer Hy uiteindelik uit die heiligdom uitkom, sal barmhartigheid se deur vir ewig gesluit wees. Daar sal dan geen voorbidder wees nie. (Jes. 59:16). In die tipe, toe die hoëpriester uit die heiligdom gekom het, het hy “die versoening van die heiligdom… voleindig” [Lev. 16:20]. Wanneer ons Hoëpriester uit die heiligdom uitkom, sal Hy uitroep: “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.” (Open. 22:11). Elke

> saak is dan vir ewig beslis. Die proeftyd is vir ewig beëindig. Almal wat tot daardie tyd wag, in die hoop om gered te word, sal niemand vind om hulle saak voor die Vader te bepleit nie; hulle sal vir ewig verlore wees.[66]

Deur die tipologie van die Versoendag in kombinasie met ander Skrifte na te volg, het die Adventiste Bybelstudente met groot belangstelling opgemerk dat die werk van Jesus as 'n bemiddelaar sal eindig voordat Christus weer na hierdie aarde kom. Dit beteken dat God se volk voor die koms van Christus sal ophou sondig. Hulle rus ten volle in die genade van Christus en die gereddes wat op die aarde lewe het aan Christus volle beheer gegee van hul lewens.

Die Bybelleerstelling dat die voorbidding van Jesus namens die mens hulle tot volmaaktheid van karakter voor die wederkoms van Christus kan lei, is die deurslaggewende faktor wat die bediening van Christus in die Heilige van Sy bediening in die Allerheiligste onderskei. Binne die Heilige Plek, het diegene wat deur die bloed van Christus om vergifnis van sondes vra, geen gedagte daaraan om van Hom 'n volmaakte karakter te ontvang voor die koms van Christus nie.

Diegene wat voor die oordeel in 1844 gelewe het, het geglo dat Christus hulle sondes bedek het en hulle sal volmaak gestel word by die koms van Christus. Hierdie toegang tot die hemel deur die bediening van Christus in die Heilige Plek was heeltemal wettig en toelaatbaar. Maar nadat Christus die Allerheiligste binnegegaan het, was die aard van Sy werk om hulle karakter te vervolmaak.

Daar is vier sleutelkwessies wat hier oorweeg word.

- Daniël 7 stel 'n oordeelstoneel in die hemel voor, voor die wederkoms van Christus.
- Hierdie oordeelstoneel is waar die tonele van die Versoendag deur die werk van Christus ons Hoëpriester, in die hemel plaasvind.

---

[66] Ibid, bladsye 214-216

- Die Oordeelstoneel speel af in die Allerheiligste van die Heiligdom in die hemel en beteken dat Christus se werk vanaf die tyd van Oktober 1844 verander het.
- God se volk moet hulleself verootmoedig en hulle van hul sondes bekeer terwyl die verslae ondersoek word. In geloof gryp hulle aan Jesus vas op so 'n manier dat hulle glo dat Christus hulle volkome oorwinning oor hulle sondes sal gee.

*Die Protestantse leer van Strafvervanging met 'n voltooide versoening aan die Kruis gee nie die mens die geleentheid om die verborge vyandskap in sy hart te konfronteer nie.*

Deur voort te bou op die leerstellings van die Adventiste-pioniers kom ons nou tot die gevolgtrekking dat die verborge vyandskap in hulle harte ten volle ontbloot, bely en genees sal moet word deur die bediening van Christus. Die fokus van hierdie oordeel is nie God se toorn nie, maar die mens se sondigheid en die behoefte aan karaktertransformasie na die gelykenis van Christus. Die Katolieke en Protestantse kerke verwerp ten sterkste die idee dat die mens sonde in hul lewens heeltemal kan oorwin. Dit is omdat die klem nie op transformasie van die sondaar is nie, maar op die bedekking en beskerming van die sondaar teen God se toorn. Die sondaar poog om met Christus se hulp te verbeter, maar daar is geen dringende motivering om elke detail van die sondaar se lewe te konfronteer nie, want dit maak nie saak nie. Die klem is dat alle dinge by die Kruis voltooi is en daar is niks om te doen behalwe om te glo nie. Dit is waar dat daar die vrees is om in die hel te brand as jy nie Christus bely nie, maar sodra jy Christus aanvaar, is alle dringendheid gedemp.

Die Protestantse leer van Strafvervanging, met 'n voltooide versoening aan die Kruis, gee nie die mens die geleentheid om die verborge vyandskap in sy hart te konfronteer nie. Dit verseker dat die diepgewortelde haat in sy hart nooit werklik genees en verwyder kan

word nie. Strafvervanging maak wel die deur oop vir die mens om te begin glo dat 'n God wat die dood as geregtigheid vir sonde eis, hom kan vergewe. Dit is die rots wat geslaan word en dit is die begin van die reis in die Heiligdom, maar dit kan mense ongelukkig nie toegang na die Allerheiligste gee waar Christus hom kan leer om met die rots te praat en al sy sondes voor die einde van sy lewensreis te genees nie.

Dit is die Adventiste-leerstelling van die Ondersoekende Oordeel en die werk van Christus in die Allerheiligste om die karakters van Sy mense te vervolmaak voordat hulle terugkeer na die aarde, wat aan die mens die geleentheid bied om uiteindelik die verborge vyandskap teen God wat in sy siel woon, die hoof te bied. Hierdie vyandskap, soos ons voorheen gesê het, word in die projeksie van valse geregtigheid op God gemanifesteer. Dit is 'n geregtigheid wat die dood vereis en daarom bevredig moet word.

Hierdie verskanste wrok moet verwyder word voordat versoening bewerkstellig kan word. Die Christelike siening van die versoening het nie die krag om die verborge diepliggende wantroue in die mens te ontmasker nie. Soos ons sal ontdek, het slegs die Adventiste-leerstelling omtrent die versoening krag om ons ware menslike toestand te konfronteer. Die onderwerp omtrent die oordeel voor Christus kom is noodsaaklik om ons te help om onsself werklik te ondersoek, om die omvang van ons probleem te sien.

Soos ons reeds voorheen aangedui het, as gevolg van die feit dat die Adventiste-stelsel se lering nie die valse regstelsel, wat bevrediging vereis, vrygespring het nie, kan dit nie werklik die vyandskap wat binne ons bestaan, genees nie. Dit is nie God wat kwaad is vir die mens, wat deur die bloed van Christus bevredig moet word nie. Dit is die mens wat bewus moet word van oordeel, wat lei tot veroordeling, wat in homself bestaan. Adam het die Seun van God in vyandskap veroordeel en dit toe op God geprojekteer as een wie se geregtigheid die dood vereis. Hierdie leuen moet prysgegee word sodat die versoening volkome kan wees. Ons moet die leuen dat God mense veroordeel en doodmaak prysgee voordat ons werklik van hierdie vyandskap vry kan wees.

Die Adventiste-leerstelling van die oordeel en die uitwissing van sondes

bied 'n middel om dit te laat plaasvind. Terwyl die Adventiste-pioniers die basiese raamwerk uiteengesit het vir die behoefte aan slagoffers and spysoffers om in die denke van die mens op te hou (te staak), moes nog 'n boodskap aan God se volk gegee word, sodat hulle voorbereid kon wees om voor God te staan, sonder die dringende behoefte dat Jesus "My Bloed, My Bloed" moet pleit as 'n manier om die geregtigheid van die Vader te bevredig wat die sondaar teen die dood beskerm in die teenwoordigheid van God.

Net soos Abraham en die Kanaänitiese vrou onder 'n wolk van misverstand geopereer het, so het Sewendedag Adventiste, in die lig van die oordeel, voortgegaan om te arbei onder die wanbegrip van God se karakter as een wie se geregtigheid bevredig moet word. Die geloof van Abraham en die Kanaänitiese vrou het hulle deur hul misverstand tot oorwinning gebring. Sal die geloof van Adventiste ook oorwin?

Adventiste het die wet verkondig totdat dit so droog geword het soos die heuwels van Gilboa. Die gedagte aan die noodsaaklikheid om sonde te oorkom, gekombineer met die idee dat God diegene wat nie die oorwinning behaal nie, sal oordeel, veroordeel en vernietig, het hul laste dramaties verhoog.

Adventiste het hulself gesien as die kerk van Philadelphia wat deur die deur van die Heiligdom na die Allerheiligste geroep is.

> En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, **wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie**: Openbaring 3:7

Vir hulle is die deur na die Heilige Plek, wat 'n eindelose bediening van vergifnis verteenwoordig het sonder die behoefte om sonde te oorwin, beëindig. ’n Nuwe deur is oopgemaak wat hulle na die Allerheiligste uitnooi, om die seël van God te ontvang.

Die probleem vir hulle was dat hulle probeer het om die Allerheiligste binne te gaan met 'n verkeerde persepsie van geregtigheid wat bevrediging verëis. Die effek hiervan was om die getroue Filadelfiërs in

die ongevoelige Laodicense te verander.

> Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Openbaring 3:15-18

Die Adventiste-beweging het ryk geword in die begrip van soveel dinge oor die evangelie, profesie, die Heiligdom en baie ander dinge, maar sonder 'n korrekte siening van die karakter van God, kon hulle nie van hul ellendige, arm en naakte toestand genees word nie. Hulle was blind vir hul ware toestand. Eerder as om hulle te bekeer, het hulle gekies om te roem in al die wonderlike dinge wat hulle geleer het, sodat hul selfvoldaanheid dodelik geword het.

Soos die Israeliete wat uit Egipte ontsnap het, het hulle die Babilon van dwaallering in die ander kerke ontsnap. Ook, soos Israel, het hulle die Here belowe om al Sy weë te onderhou; maar aangesien hulle nie hul ware toestand onderskei het nie, het hulle uiteindelik versuim om die beloofde land binne te gaan en in hul Christelike ervaring het hulle 'n wildernis binnegegaan.

God het begeer om hulle dwarsdeur hierdie verkeerde begrip van Sy karakter en die oordeel te bring. God wou hê dat Sy kerk uiteindelik, na duisende jare, in die belofte van ware vrede en rus kom.

God het 'n boodskap deur twee manne, E.J. Waggoner en A.T. Jones aan Sy volk gestuur, om hierdie misverstand te begin regstel. Hulle boodskap het in die jaar 1888 gekom en is vir die daaropvolgende meer as 7 jaar binne Adventiste-kerke verkondig. Hierdie boodskap, wat gesentreer het op die begrip van die Ou en Nuwe Verbonde, is verwerp. Dit is dus die verbonde wat ons volgende moet ondersoek, om hul in die korrekte verhouding met die versoening te plaas.

HOOFSTUK 21

# VERBREKING VAN DIE JUK VAN VERBONDSDUALISME

Die Ou Testament oortuig die meeste mense dat God streng, magtig en dodelik kan wees deur Sy vasberadenheid om orde te handhaaf. Wanneer ons die verhaal van die sondvloed of van Sodom en Gomorra lees, lyk dit voor die hand liggend dat die geregtigheid van God die oortreders van Sy wet sal vernietig. Dit versterk die gevolgtrekking dat offers en offerandes nodig was om die toorn van God teen sonde te kalmeer. Die diereoffers het gewys op die dood van Christus, wat die goddelike geregtigheid bevredig en alles weer heel maak.

Die lewe van Christus op aarde blyk heeltemal anders te wees as die manier waarop God in die Ou Testament optree. Baie pogings is aangewend om die kontras tussen die twee verhale te versoen. In hoofstuk 5 het ons na die lewe van Christus gekyk as die volledige openbaring van die karakter van God en die wonderlike gebed wat Jesus gebid het, wat aandui dat die werk wat Sy Vader Hom gegee het om te doen, voltooi is die aand voor Sy kruisiging. Dit moet vrae by ons inbring omtrent die grondliggende raamwerk van Christenskap en die betekenis van die Kruis.

Een van die sentrale kenmerke van die juk wat die Christendom op sy eie skouers gelê het, wat verhoed dat die waarheid van die karakter van God ten volle geopenbaar word, word gevind in die onderwerp van die twee verbonde.

Christene verkondig dat die Ou Verbond 'n ooreenkoms tussen God en die kinders van Israel was. Die essensie daarvan was 'n wetsverbond. God het van hulle verwag om die wet te onderhou en terwyl God genadig en geduldig kon wees, sou Hy nie huiwer om onberouvolle siele, wat Sy wet oortree het, te straf en dood te maak nie. Toe Jesus gekom het, is die Nuwe Verbond ingestel en sondaars was nou onder genade en nie onder die wet nie. Daar word gesê dat die Nuwe Verbond die Ou Verbond afskaf of vervang. Dit bring ewige skeiding tussen die Ou en Nuwe Verbond.

Die Kruis word dan gesien as die groot verdeler tussen eras. Dit skei die godsdiens van Israel van die Christendom, omdat daar gesê word dat die Joodse godsdiens op die wet gefokus is, maar die Christendom op genade. Dit verdeel ook die Bybel in twee klasse van relevansie. Die Nuwe Testament praat van die werklikheid, terwyl die Ou Testament grootliks in skadubeelde praat.

Hierdie tydverdeelde verbondstelsel is deur die beroemde Rooms-Katolieke teoloog, Augustinus, voorgestaan en tot in die Protestantse kerke deurgevoer. Dit is daarna deur die Adventistebeweging geërf en as waarheid aanvaar, aangesien daar geen ander lens was waardeur die verbonde beskou kon word nie.

> In daardie testament [verbond], wat behoorlik die Oue genoem word, en op die berg Sinai gegee is, **word uitdruklik slegs aardse geluk belowe**. Gevolglik word daardie land, waarheen die nasie, nadat hulle deur die woestyn gelei is, die land van belofte genoem. Daarmee staan die beloftes van die Ou Testament [verbond], naamlik vrede en koninklike mag, en die verkryging van oorwinnings oor vyande, en 'n oorvloed van kinders en vrug van die grond, en gawes van 'n soortgelyke soort. En **dit is inderdaad**

> **figure van die geestelike seëninge wat tot die Nuwe Testament [verbond] behoort.**;[67]

Augustinus voer aan dat wat aan die Jode belowe is, slegs op hierdie lewe betrekking het. Dit dien slegs as 'n beperkte voorbeeld van watter seëninge in die Nuwe Verbond beskikbaar is.

Baie van die Protestantisme is op hierdie fondament gebou. Terwyl hulle wel pogings aangewend het om hierdie juk te breek, kon almal nie losbreek nie. Hier is 'n aanhaling uit 'n Baptiste belydenis van geloof:

> Die twee klasse van verbonde, opgelos in twee verbonde; hul aard en kontras; **ou verbond vervul, en vervang deur die nuwe**; voorbereiding van die nie-Joodse wêreld vir Messias se koms; aard en voortreflikheid van die evangelie.[68]

Hierdie begrip van die verbonde is nog 'n voorbeeld van die vyandskap in die mens teen God.

> omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Romans 8:7

Dit vernietig die werk van die wet as tugmeester om hom na Christus te bring. (Galásiërs 3:24). Dit skeur die fondamente van die waarhede wat aan Moses gegee is op en spyker dit aan 'n Romeinse kruis.

Paulus praat van die twee verbonde as die twee ervarings wat Abraham deurmaak met die twee huwelike wat hy met Sara en Hagar gesluit het.

> Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. **Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde**: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; Galátians 4:22-24

---

[67] Philip Schaff, "Augustine, Anti Pelagian Writings," Nicene and Post Nicene Father Series 1, Vol 5

[68] https://founders.org/covenants/the-covenants-chapter-viii/

Abraham het eers met Sara getrou. Die gebrek aan geloof in Abraham is geopenbaar en uitgebrei in sy huwelik met Hagar. Die ervaring wat Abraham met Hagar gehad het, het hom verneder en by die voete van sy Verlosser gebring. Die trauma dat hy sy seun, Ismael, moes wegstuur, het hom gemartel en vir hom die nutteloosheid getoon om God se beloftes deur sy eie pogings te probeer vervul.

Daarom is die werk van die Ou Verbond deel van die verlossingsplan. Paulus noem dit heerlikheid.[69]

> …wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van ‘n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend. En as die bediening van die dood, [Ou Verbond] met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal die bediening van die Gees [Nuwe Verbond] dan nie in heerlikheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid. 2 Korinthiërs 3:6-9

Dit is waar dat Christus die waarheid omtrent God op so 'n manier geopenbaar het dat dit die geskiedenis van die wêreld verdeel het, maar alles wat Christus geopenbaar het, word in saadvorm in die Ou Testament gevind. Christus het altyd na die Ou Testament verwys as Sy gesag vir Sy lering.

In hierdie lig verteenwoordig die twee verbonde twee ervarings binne die Christelike lewe van elke persoon. Hulle is nie twee tydperke voor en na die Kruis nie. Abraham, Moses en Dawid is geregverdig deur geloof net soos Christene vandag geregverdig word. Christus het gesê dat Abraham Sy dag gesien het en hom verheug het om dit te sien. (Johannes 8:56). Paulus sê dat die evangelie aan Abraham verkondig is. (Galásiërs 3:8).

---

[69] Vir meer inligting, sien die boekie *The Two Covenants in Galatians* beskikbaar op *fatheroflove.info*

Hierdie waarheid aangaande die verbonde was die grondslag van die boodskap wat aan twee jong predikante, genaamd E.J. Waggoner en A.T. Jones, gegee is. Waggoner het in 1888 omtrent hierdie vraag geskryf:


> Regverdigmaking deur geloof is iets wat elke individu self moet ervaar. Duisende wat by Christus se eerste koms geleef het, het niks van hierdie ervaring geweet nie, terwyl duisende wat geleef het lank voor Hy gekom het, in werklikheid na Christus gebring is vir vergifnis, en hulle het dit ontvang. Abel is deur die geloof regverdig gereken; Noag was erfgenaam van die geregtigheid wat uit die geloof is; en Abraham het in werklikheid Christus se dag gesien en hom daarin verheug, alhoewel hy 2 000 jaar voor die eerste koms gesterf het. **En dit bewys uiters positief dat die apostel, in die derde hoofstuk van Galásiërs, praat van 'n individuele ervaring, en nie van dispensasionele veranderinge nie.** Daar kan geen Christelike ervaring, geen geloof, geen regverdigmaking, geen geregtigheid wees nie, wat nie 'n individuele saak is nie. Mense word gered as individue, en nie as nasies nie.[70]

Die verbondstelsel wat deur Christene gebruik word, wat deur die Kruis verdeel word, skep 'n tipe dualisme waardeur mense die Skrif lees. Dualisme dui op polêre, binêre opposisie soos ons sien in die konflik tussen goed en kwaad. Die Ou-Testamentiese era van die wet en die Nuwe-Testamentiese era van genade stel God voor as 'n God met opposisie in Sy karakter. Dit laat God inkonsekwent, onopreg en bedrieglik voorkom. Voor die Kruis werk God meestal deur die wet. Na die Kruis werk Hy meestal deur genade. Dit stem ooreen met die oosterse Yin/Yang-beginsel waar 'n wit kolletjie binne die swart helfte van die sirkel en 'n swart kolletjie in die wit helfte van die sirkel voorkom.

Ons kan hierdie twee sienings van die verbonde soos volg kontrasteer:


[70] E.J. Waggoner, *The Gospel in Galatians,* (1888), bladsy 33

## 1. BEDELINGS VAN TYD




*Ou Verbond voor die kruis, Nuwe Verbond, ná Israel wat deur die wet gered is en Christene deur genade. Simboliese vergifnis in die Ou Testament. Werklike vergifnis na die kruis.*

## 2. TWEE ERVARINGS




*Ou Verbond bring na Nuwe Verbond. Almal gaan van Ou Verbond na Nuwe Verbond oor. Ou Verbond openbaar sonde; Nuwe Verbond gee genade.*

Sodra die eerste raamwerk aanvaar is, is die verstand gefragmenteer in sy lees van die Bybel. Dit aanvaar teenoorgesteldes as normaal. Neem byvoorbeeld hierdie vers:

> Moses het die wette gebring, *maar* Jesus Christus het die genade gebring wat nooit ophou nie. Johannes 1:17 (ABA, 2007)

Deur die verbondsraamwerk van Augustinus te gebruik, verwys die wet na die tydperk voor die Kruis, terwyl "genade en waarheid" verwys na die tydperk na die kruis. Die wet en Christus word in hierdie vers deur

die verkeerde raamwerk geskei. Kom ons lees dit nou in 'n ander Bybel-vertaling, sonder die verskafde woord *maar.*

> Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Johannes 1:17 (Afr 1933/53)

Die eerste woord van die vers *want* kan ook vertaal word as *omdat*. Omdat die wet deur Moses gekom het, het genade en waarheid deur Jesus Christus gekom. Die wet is ons tugmeester om ons na Christus te bring. Hierdie proses was dieselfde in die dae van Abraham as vandag; in alle tydperke van die geskiedenis toon die wet ons ons sondigheid sodat ons ons behoefte aan 'n Verlosser sou erken. Jou begrip van die verbonde beïnvloed dramaties hoe jy die Skrif lees. Oorweeg 'n ander teks. Kyk hoe die vertalers 'n ekstra woord byvoeg om dit te laat pas by die opponerende verbondstelsel.

> omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van ‘n beter hoop waardeur ons tot God nader. Hebreërs 7:19

Die wet word gekontrasteer met ‘n beter hoop. Die wet maak hoegenaamd niks volmaak nie. Dit is die beter hoop wat dit doen. Maar hierdie interpretasie weerspieël nie die waarheid dat dit die wet is wat jou na die beter hoop bring nie. Soos Dawid in die Psalms sê:

> Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Psalm 19:8

Hoe jy hierdie tekste verstaan, hang af van watter verbondstelsel jy gebruik. Wanneer die twee verbonde die ervaring van elke persoon word, werk beide wet en genade saam. Hulle is nie in opposisie met mekaar nie, maar werk saam.

Om terug te kom na die karakter van God. Wanneer jy die tipiese verbondstelsel gebruik, kan die dood en vernietiging wat in die Ou Testament aan God toegeskryf word, skynbaar in harmonie kom met die lig en genade van God deur Jesus in die Nuwe Testament. Byvoorbeeld, hoe harmoniseer ons hierdie twee stellings; een van Josua in die Ou

Testament en een van Jesus in die Nuwe.

> En toe hulle dié konings uitgebring het na Josua, roep Josua al die manne van Israel en sê aan die aanvoerders van die krygsmanne wat met hom saam getrek het: **Kom nader, sit julle voete op die nekke van hierdie konings; en hulle het nader gekom en hul voete op hulle nekke gesit. En Josua sê vir hulle: Wees nie bevrees of verskrik nie; wees sterk en vol moed, want so sal die HERE met al julle vyande doen teen wie julle sal veg**. En daarna het Josua hulle neergeslaan en hulle gedood en hulle aan vyf pale opgehang; en hulle het aan die pale bly hang tot die aand toe. Josua 10:24-26

> En een van die wat saam met Jesus was, het meteens sy hand uitgesteek en sy swaard getrek; en hy het die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy oor afgekap. Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie? Matthéüs 26:51-53

Wat Josua sê, is direk die teenoorgestelde van Jesus se woorde. Ons kan dit harmoniseer deur te sê dat Josua onder 'n wetstelsel, die Ou Verbondstelsel, geleef het. Jesus was in die Nuwe Verbond. Dit is hoe jy teenoorgesteldes in mekaar kan laat pas, en nooit weer verder bevraagteken hoekom hulle teenoorgesteldes is nie.

Wanneer ons die korrekte verbondstelsel gebruik soos deur Waggoner en Jones verkondig, kan ons begin sien dat God toelaat dat die natuurlike vyandskap in Josua en Israel oorvloedig word. Dit is met die doel om genade baie meer oorvloedig te maak. Dit sal 'n konsekwentheid van begrip bring vir die karakter van God deur die hele Bybel. Die ander stelsel moedig die verstand aan om in teenoorgesteldes te dink.

> Dualisme is die eerste keer implisiet waargeneem in Egiptiese godsdienstige oortuigings deur die kontras van die gode Seth (wanorde, dood) en Osiris (orde, lewe). Die eerste eksplisiete, duidelike opvatting van dualisme het gekom van die Antieke

> Persiese Godsdiens van Zoroastrianisme rondom die middel van die vyfde eeu voor Christus. Zoroastrianisme is 'n monoteïstiese godsdiens wat glo dat Ahura Mazda die ewige skepper van alle goeie dinge is. Enige oortredings van Ahura Mazda se bevel spruit voort uit *druj*, wat bestaan uit alles wat ongeskape is. Hieruit kom 'n beduidende keuse wat mense moet maak. Of hulle neem ten volle deel aan menslike lewe vir Ahura Mazda, of hulle doen nie en gee krag aan *druj*. Persoonlike dualisme is selfs meer duidelik in die oortuigings van latere godsdienste.[71]

Die Egiptiese godsdiens het dualisme ontwikkel om 'n god van die lewe met 'n god van die dood te verenig. Die twee-verbond dispensasionele stelsel van die Christendom laat die God van die Bybel toe om tegelyk 'n God van lewe/genade en 'n God van dood/wet te wees.

Hierdie verbondsdualisme is 'n natuurlike voortgang van die dualisme wat in die Drie-eenheid gemanifesteer word. Die Seun van God word voorgestel as dieselfde as die Vader en tog ook in ‘n proses waar Hy uit die Vader gebore word. Die eenheid van die Seun met die Vader gee Hom dieselfde eienskappe as die Onverwekte Vader. Terselfdertyd word die Seun van God uit die Vader gebore en is tog in 'n eindelose proses om verwek te word. Hierdie idees harmoniseer nie op ‘n natuurlike wyse nie, tensy jy dit binne die raamwerk van dualisme benader.

Die boodskap van Waggoner en Jones het die juk van dualisme verbreek wat subtiel in die Skrif gelê is deur die vroeë "kerkvaders" wat sterk beïnvloed is deur Griekse filosofiese idees.

As die twee verbonde konsekwent regdeur die menslike geskiedenis funksioneer, dan moet Jesus se woorde, wanneer Hy sê dat Hy die opstanding en die lewe is, ‘n beginsel wees wat konsekwent regdeur die ganse Skrif staan. Wanneer gesê word dat God 'n God van die lewendes is en nie van die dooies nie, dan moet dit konsekwent wees deur die ganse Skrif. (Matthéüs 22:32).

Daarom was die waarheid omtrent die verbonde wat deur Waggoner en

---

[71] https://slife.org/dualism/

Jones gebring is 'n kritieke stap in die ontmaskering van hierdie dualisme wat deur die Katolieke en Protestantse wêreld rondom die Skrif geplaas is, wat denke in teenoorgesteldes en die aanvaarding van teenstrydighede vergemaklik het.

Adam was die een wat ons Vader in die hemel as 'n God van die dood beoordeel het. Hierdie vyandskap in sy hart is in staat gestel om verborge te bly deur die verbondsdualisme-leerstellings van die Katolieke en Protestante.

Deur die verbonde tot hul korrekte begrip te herstel, kan lig oor die Skrif gewerp word om die volgende as waarheid te bewys:

> Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Maleági 3:6.
>
> Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Hebreërs 13:8

Christus het vir ons gesê dat Hy die karakter van Sy Vader op aarde volledig aan die dissipels wat Hom gevolg het, geopenbaar het.

> **Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.** Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Johannes 17:6

Soos E.J. Waggoner begin het om 'n konsekwente siening van die Skrif deur 'n gekorrigeerde verbondsraamwerk toe te pas, het hy dinge soos hierdie begin sien:

> "Maar," sal iemand sê, "U het die versoening alles aan die kant van mense gemaak; Ek is nog altyd geleer dat die dood van Christus God met die mens versoen het; dat Christus gesterf het om God se geregtigheid te bevredig en Hom te bevredig." Wel, ons het die saak van versoening net daar gelaat waar die Skrif dit gelaat het; en alhoewel die skrifte baie te sê het oor die noodsaaklikheid dat die mens met God versoen moet word, dui dit nooit een keer op so iets soos die noodsaaklikheid dat God met die mens versoen moet word nie. **Om die noodsaaklikheid van**

> **so iets aan te dui, is om 'n ernstige klag teen die karakter van God in te bring. Die idee het vanuit die Pousdom in die Christelike Kerk gekom, en die Pousdom het dit op sy beurt uit die heidendom gaan haal,** en die heidendom se enigste idee van God was 'n wese wie se toorn deur 'n offer bevredig moet word.[72]

Waggoner identifiseer die kern van die kwessie. Om voor te stel dat Christus gesterf het om God se geregtigheid te bevredig, is om 'n ernstige klag teen die karakter van God te bring. Hierdie idee het van die Pousdom gekom wat dit van die heidendom gekry het. Dit is die twee magte wat in Daniël 8 genoem word as die *voordurende* en die *ontsettende goddeloosheid*. Dit is deur hierdie bevredigingstelsel dat God se volk deur hierdie twee ontsettende goddelose magte onderdruk word. Waggoner het dit in 1893 ontmasker. Die volgende jaar het hy verder gegaan:

> **Die idee van 'n versoening of offer is dat daar toorn is wat bevredig moet word. Maar let veral op dat dit ons is wat die offer vereis, en nie God nie. Hy verskaf die offer. Die idee dat God se toorn versoen moet word sodat ons vergifnis kan kry, vind geen waarborg in die Bybel nie. Dit is die hoogtepunt van absurditeit om te sê dat God so kwaad is vir die mens dat Hy hulle nie sal vergewe tensy iets voorsien word om Sy toorn te bevredig nie, en dat Hy daarom self die gawe aan Homself aanbied, waardeur Hy bevredig word...**

> *Om voor te stel dat Christus gesterf het om God se geregtigheid te bevredig, is om 'n ernstige klag teen die karakter van God te bring. Hierdie idee het gekom van die Pousdom wat dit van die heidendom gekry het.*

[72] E.J. Waggoner, *Present Truth UK,* September 21, 1893, bladsy 386.7

> Die Christelike idee van versoening is dié wat hierbo uiteengesit is. Die heidense idee, wat te dikwels deur verklaarde Christene gehuldig word, is dat mense 'n offer moet bring om die toorn van hul god te bevredig. Alle heidense aanbidding is bloot omkoopgeld aan hulle gode om gunstig vir hulle te wees. As hulle gedink het dat hulle gode baie kwaad vir hulle was, sou hulle 'n groter offer bring, en daarom is menseoffers in uiterste gevalle gebring. Hulle het gedink, soos die aanbidders van Siva in Indië vandag doen, dat hulle god bevredig was deur die aanskoue van bloed. Die vervolging wat in die verlede in sogenaamde Christelike lande gevoer is en tot 'n mate selfs nou, is maar hierdie heidense idee van versoening wat kop uitsteek. **Kerklike leiers stel hulself voor dat redding deur werke kom en dat mense deur werke hul sonde kan versoen, en daarom bied hulle die een wat hulle dink is rebels aan as 'n offer aan hulle god,** nie aan die ware God nie, want Hy is nie met sulke offers tevrede nie. [73]

In 'n Christelike konteks is hierdie werklik diepsinnige stellings. Dit sou die nodige gereedskap verskaf om uiteindelik die versoening te verstaan.

Waggoner het Luther, Calvyn en al die Protestante in hierdie stellings uitgedaag. Die Heiligdom kon nou waarlik van die vyandskap van die mens, verborge vir millennia, gereinig word, en die versoening kon uiteindelik begin plaasvind.

Kom ons stop eers om die wyse waarop die reiniging van die Heiligdom kan plaasvind, puntsgewys op te som.

- Adam het verkeerdelik geglo dat God bedoel het om sy vrou dood te maak, omdat sy die vrug van die boom geëet het.
- Adam het God in sy hart beoordeel en veroordeel en die vrug uit rebellie geneem. Wat hy gedink het God aan sy vrou wou doen, het hy begeer om aan God en Sy Seun te doen.
- Kain het hierdie vyandskap geopenbaar toe hy sy broer Abel

[73] E.J. Waggoner, *Present Truth UK,* August 30, 1894, bladsy 550

doodgemaak het as 'n manifestasie van die vyandskap wat hy teenoor God gevoel het.

- Die offerstelsel wat gegee is om aan die mens die vyandigheid te toon wat in hom was, is deur mense verdraai om iets te wees wat mense gedoen het om God se toorn teen hulle te bevredig. Die vyandskap van mense teen God is op God geprojekteer as die een wat vyandskap teen hulle gehad het.
- Baie heidense nasies het stelsels ontwikkel om diere of mense te offer om hulle gode te bevredig, wat die oorspronklike ontwerp van die offers in Eden verdraai het.
- Die versoeningsbeginsels van offers het in die Christelike kerk gekom deur die leerstelling dat God die dood van Sy Seun eis om Sy toorn en geregtigheid te bevredig.
- Die Christelike leerstelling van die versoening het verkondig dat God se geregtigheid in die dood van Sy Seun bevredig is.
- Sewendedag Adventiste het die leerstelling van die Ondersoekende Oordeel voor die Wederkoms van Christus bekendgestel. Die twee noodsaaklike bestanddele wat dit ondersteun, was die profetiese volgorde van koninkryke in Daniël gekombineer met die Heiligdom-stelsel van die Ou Testament.
- Die Adventiste-stelsel het die fokus van die versoening verskuif na die werk van Christus, die Hoëpriester in die hemel en die behoefte aan die verwydering van sonde in die mens voor die koms van Christus.
- Die Ondersoekende oordeel het die oordeel van die mens, wat lei tot veroordeling, verskerp. Dit het sonde laat toeneem, maar dit het nie oorvloedige genade gebring nie.
- Die 1888-boodskap van Waggoner en Jones het die dualistiese verbondstelsel van die Christendom verbreek en die eenheid van

die Skrif herstel.

- Dit het hulle in staat gestel om die bevredigingstelsel van offers te ontmasker en het daarom die hele betekenis van die versoening begin transformeer.

Dit is na hierdie transformasie van die versoening waarna ons volgende kyk.

HOOFSTUK 22

# TOT VOLWASSENHEID GEKOM — DIE KRUIS AS ‘n HUIDIGE SAAK

> Maar ek sê: So lank as die erfgenaam ‘n kind is, verskil hy niks van ‘n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus. Galásiërs 4:1-7

Paulus praat van die Christelike lewe in die konteks van 'n kind wat die gevoel van 'n slaaf in sy vader se huis het. Hy ken nie die vader se hart nie en dus voel die lewe saam met hom hard en oorgereguleerd. ’n Transformasie vind plaas wanneer hy grootword en sy pa leer ken, hoe hy werklik is. Hy sien dinge dan op 'n heeltemal ander manier.

Die boodskappe wat aan Waggoner en Jones gegee is, het die geleentheid vir die Christelike kerk gebied om uiteindelik tot volwassenheid te kom; om die hart van die Vader sonder die valse persepsie van bevrediging te verstaan.

Die Christendom het na die Kruis van Christus gekyk op dieselfde manier as wat Israel na die bronsslang op die paal gekyk het. Soos ons in hoofstuk 7 opgemerk het, was God se opdrag aan Moses om 'n beeld te maak van dit wat hulle pik en doodmaak, in ooreenstemming met heidense idees van versoening. Die idee dat God se geregtigheid in die dood van Sy Seun bevredig word, is net so heidens soos die oprigting van die bronsslang; dit verskaf bevrediging aan menslike persepsies van geregtigheid.

Ons natuurlike begrip van God se geregtigheid veroorsaak dat ons onbewustelik God se optrede sien as 'n slawemeester wat streng en hard is en, waar nodig, straf uitdeel. Onder die elemente van die wêreld interpreteer ons die optrede van die Vader as Een wat oortreding kragdadig verpletter.

Die Vader het geduldig en angstig gewag dat Sy kinders Hom werklik begin begryp. Hy het geweet dat mense se oortuigings omtrent versoening sou voortduur en uitbrei vanaf die tyd van Daniël in 600 v.C. tot in die 19de eeu. Die twee verwoestende magte wat in Daniël 8 beskryf word, sou hul gang gaan totdat 'n venster vir 'n klein segment van die mensdom sou oopgaan, totdat die lig ten volle in menslike harte en gemoedere kon deurdring.

Sou Sewendedag Adventiste die geloof hê om met die rots te praat of sou hulle, soos Moses, dit twee keer in woede slaan, wat die kans bederf vir die mense om 'n nuwe en lewende manier in te sien waarin ons die Vader kan nader?

Terwyl Waggoner en Jones voortgegaan het om die Skrif te ondersoek, sonder die sluier van die Augustynse verbondstelsel, het kosbare waarheid uit hulle stemme en penne gevloei.

Deur te skryf oor die onderwerp van die Kruis, het Waggoner die Nuwe

Verbond-realiteit binnegedring wat vir millennia verborge was. Voorheen het dit net vir kort tydjies verskyn as flikkerings van lig in 'n donker wêreld.

> "Wie het julle betower … julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?" Toe Paulus vir hulle gepreek het, is Jesus voor die Galásiërs afgeskilder as onder hulle gekruisig. So aanskoulik was die aanbieding, dat hulle in werklikheid Christus gekruisig kon sien. Dit was nie vaardige woordskildery van Paulus se kant nie, ook nie verbeelding van die Galásiërs nie, want dan sou dit net misleiding gewees het. Nee; dit was 'n werklike feit; Christus was daar, gekruisig, voor hulle oë, en Paulus het hulle deur die Gees in staat gestel om Hom te sien.
>
> Ons weet dat dit nie Paulus se vaardigheid was om pragtige woordskilderye te maak wat hulle in staat gestel het om te dink dat hulle die kruisiging sien nie, want elders sê Paulus dat hy vasbeslote was om niks anders as Jesus Christus en Hom as gekruisigde te ken nie, en dat hy doelbewus en versigtig daarvan weerhou om die wysheid van woorde te gebruik, uit vrees dat die kruis van Christus sy krag sou verloor. 1 Kor. 1:17,18; 2:1-4. Die ervaring van die Galásiërs in hierdie saak was nie vir hulle eienaardig nie. **Die kruis van Christus is 'n huidige saak. Die uitdrukking, "Kom na die kruis," is nie leë woorde nie, maar 'n uitnodiging waaraan letterlik gehoor gegee kan word. Christus word voor ons gekruisig, en elke grashalm, elke blaar in die bos openbaar hierdie feit. Ja, ons het die getuienis in ons eie liggame, deurdat ons, alhoewel ons sondig en verganklik is, tog lewe. Eers as 'n mens Christus gekruisig voor oë gesien het, en die kruis van Christus om elke hoek en draai kan sien, ken 'n mens die realiteit van die Evangelie.**[74]

Dit is 'n verstommende gedagte. Hoe kan dit moontlik wees? Christus wat elke dag ly en in pyn is?

---

[74] E.J. Waggoner, *The Glad Tidings,* (Pacific Press, 1900), bladsye 99-100

"Die Kruis van Christus is 'n huidige saak!" Verderaan, indien ons dit nie besef nie, ken ons nie die realiteit van die Evangelie nie! Dit is 'n uitdaging vir die hele Christendom. Waggoner se woorde tref die siel soos 'n uitbarsting van lig, wat kinderagtige idees van versoening verdryf en die hele raamwerk van Strafvervanging in 'n oomblik vernietig.

Die eis vir straf wat in Strafvervanging gevind word, stel die Kruis voor as 'n eenmalige gebeurtenis in die vloei van die menslike geskiedenis. Dit verwyder die bewustheid van die sielsangs en worsteling van die Vader en Seun om ons sondigheid deur die hele geskiedenis van ons mensdom te dra.[75] Verderaan stel dit God voor as die een wat wraak neem op elke oortreding. Waggoner maak 'n heeltemal nuwe werklikheid oop. Die toneel van die Romeinse soldate wat Christus slaan, in Sy gesig spoeg, die doringkroon in Sy hoof vasbind, is nie die gebeure van 'n enkele dag nie, maar van millennia. Wat Christus in die vlees geopenbaar het, was eintlik 'n venster na wat Christus elke dag in die Gees ervaar het, terwyl mense opnuut die Seun van God vir hulself kruisig. (Hebreërs 6:6).

Waggoner stap Christelike volwassenheid binne; hy begin om die hart van die Vader en die Seun en hulle worsteling as ouers in die hantering van hulle hardhartige, self-misleide kinders te begryp.

Die verlore seun wat sy pa se erfdeel geneem het, het geen gedagte of begrip gehad van sy pa se lyding terwyl hy weg was nie. Terwyl die vader by die huis gebly het, het die vader in trane voor sy bed gekniel en by God gesmeek dat sy seun veilig gehou moet word en na sy boesem moet terugkeer. Die seun het nooit sy vader se liefde begryp terwyl hy in sy vader se huis was nie. Hy het as slaaf opgetree en in die buitenste voorhof van brons gebly; met ore wat nie hoor nie, met oë wat nie sien nie.

Vanaf die oomblik dat Adam sy hemelse Vader in die tuin beoordeel en veroordeel het, het martelende pyn die hart van beide die Vader en die Seun deurboor. Alle ouers wat deur hul kinders verwerp word,

[75] Vir meer hieroor sien die boek *Kruis-Belewenis Ondersoek die Kruis* beskikbaar op *vadervanliefde.com*

ondervind dit. Adam het geen begrip gehad van die selfverloëning wat vereis word van die kant van God om aan te hou om hom te dra en aan hom asem te gee nie. Die Seun van God is van die grondlegging van die wêreld deur Adam se verborge vyandskap gedood of deurboor. (Openbaring 13:8, sien KJV).

Soos ons vroeër in die boek gesê het, het Christus nooit van die Kruis gepraat as 'n instrument waarmee die Vader se geregtigheid bevredig word nie. Hy het slegs daaroor gepraat as 'n huidige, voortdurende selfverloëning in die aangesig van menslike ondankbaarheid en selfsug. Hierdie kontras is noodsaaklik om die versoening te verstaan.

> *Christus het nooit van die Kruis gepraat as 'n instrument waarmee die Vader se geregtigheid bevredig word nie. Hy het slegs daaroor gepraat as 'n huidige, voortdurende selfverloëning in die aangesig van menslike ondankbaarheid en selfsug.*

> Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Matthéüs 16:24

Dit is die ware Kruis en dit is wat God en Sy Seun elke dag doen:

> Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle

> vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. Matthéüs 5:39-45

Die apostel Paulus het gepraat van die Kruis as 'n huidige werklikheid waarin die dissipel die kruisigingservaring van selfverloëning saam met sy meester betree.

> Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Galásiërs 2:20

> Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie. In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. 2 Korinthiërs 4:7-10

Kan jy die implikasies begryp? Die Kruis-ervaring is om die woede en minagting van die mens te verduur sonder om op dieselfde manier terug te kap nie. Dit is om liefde te gee in ruil vir haat; dit is om jouself toe te laat om verkeerd verstaan te word sonder om ander se leuens en bedrog te probeer onthul nie. Dit is die daaglikse lyding van Jesus. Wanneer ons doen soos Christus doen, spreek dit tot die hart van diegene wat ons vervolg, en soos ons later meer sal sien, bring dit versoening in die harte van diegene wat ons haat.

> Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. Romeine 12:19-21

Op die bronsaltaar (wat die mens se persepsie verteenwoordig) van die buitenste Voorhof word die offer gebring, wat die Kruis verteenwoordig, wat bevrediging vir goddelike geregtigheid bring. Maar as ons eers in die Allerheiligste is, word dit erken as die lyding wat Christus as gevolg van die rebellie en haat van Sy goddelose kinders dra; dit is die bewuswording in die kind se gedagtes van hoe sy Vader in werklikheid ly as gevolg van sy boosheid. Dan en slegs dan kan die Seun van God ons begeerte na brandoffers en slagoffers laat ophou en saam met al die engele begryp dat God nooit offerande vir sonde begeer het nie.

Om die Kruis as 'n huidige saak te sien, in plaas van om dit as 'n eenmalige gebeurtenis te sien, help om te verduidelik waarom Jesus gebid het dat Hy die werk voltooi het wat aan Hom gegee is deur die Vader, voordat Hy aan die fisiese Kruis gesterf het. Sy lyding in Getsémané was Sy grootste toets, waar Sy bloed gestort is of gesweet is in die bomenslike stryd in Sy gedagtes: om die mensdom te red, of om hulle oor te laat aan hul eie gevolge.

Ons Vader het toegegee om versoening te doen deur 'n brons/verduisterde weg, ‘n weg wat ons kan verstaan, om ons te lei na die plek waar ons Hom uiteindelik sou ken, waar ons ons wanbegrip van Hom sou besef, om met Hom te herenig en so die versoening te voltooi.

Die Nuwe Verbond Kruis is oneindig meer aantreklik as die Ou Verbond Kruis, tog is albei nodig. Ons het nie ‘n keuse tussen die twee nie, want albei word benodig.

> In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9

Die Verlosser se lyding dring op 'n dieper manier deur tot in die siel. Getsémané se lyding word 'n deur na meer as 6000 jaar se sielslyding en selfverloëning. Sodra jy die deur oopgemaak het, omhels die grootheid van die liefde van God jou en dit word absoluut onmoontlik om dit te weerstaan.

Aan die voet van hierdie Kruis dink die verlore sondaar nie aan homself nie, maar aan sy Vader. Die sondaar kreun in sielsangs oor die lyding wat hy veroorsaak het. Hy bars in trane uit, gebroke en ontdaan, oor sy selfsugtige ongevoeligheid vir Sy Vader se gevoelens. Die ongevoelige hart begin verkrummel en die belofte van 'n nuwe hart wink die sondaar vorentoe. Op dieselfde plek waar sy sonde nou oorvloedig is, trek genade, oorvloedige genade hom in die boesem van liefde.

Een wat in hierdie ervaring ingetrek was, was George Fifield, 'n kollega van A.T. Jones. Hy het hierdie pragtige woorde neergepen.

> Die woord "versoening" beteken hereniging. Sonde het ellende gebring, en ellende het 'n misverstand van God se karakter gebring. So het die mens God begin haat in plaas van Hom lief te hê; en deur Hom, die een Vader, te haat, het die mens ook die mens gehaat, hul broer. Dus, in plaas van die een familie en die een Vader, is die mens van God en van mekaar geskei, en deur haat en selfsug uitmekaar gehou. Daar word versoening benodig.
>
> **'n Versoening kan slegs gedoen word deur God wat Sy liefde op so 'n manier openbaar dat, ten spyte van sonde en hartseer, die mens se harte tot teerheid aangeraak sal word. Wanneer hulle verlos word van Satan se dwalings, kan hulle sien hoe volledig en vreeslik hulle die Goddelike Een verkeerd verstaan het,** en dit ten spyte van die Gees van Sy genade. So kan hulle gelei word soos 'n broer wat terugkeer na die Vader se huis, om in salige eenheid met die Vader te wees.
>
> **Die versoening is nie om God se toorn te bedaar, sodat die mens dit kan waag om na Hom terug te keer nie, maar dit is om Sy liefde te openbaar, sodat hulle na Hom toe wil terugkeer.** Dit was nie Christus wat God met die wêreld versoen het nie, maar God in Christus wat die wêreld met Homself versoen het. Daar word nêrens gesê dat God met ons versoen moes word nie; Hy sê: "Ek het jou nie verlaat nie, maar jy het My verlaat." [76]

[76] George Fifield, *God is Love*, (1897), bladsy 48

Die ware aard van die versoening in die Nuwe Verbond is nie 'n wetlike aangeleentheid nie, maar 'n kwessie van die hart, want die wyse man het gesê:

> Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. Spreuke 4:23

Fifield skryf van die versoening as die openbaarmaking van God se liefde in so 'n mate dat dit die mens se hart aanraak en hulle na Hom toe trek. Hy sê dit gaan nie daaroor om God se toorn te bevredig nie, maar om van Sy karakter te leer en te ontdek dat dit ons toorn was wat bevredig moes word.

Ek sou Fifield se woorde op hierdie manier herformuleer. In die Ou Verbond se siening van die Kruis word vereis dat geregtigheid bevredig word. Die Nuwe Verbond begeer die hereniging van twee harte in liefde en harmonie. Om dit te laat gebeur, moet die misverstand wat die mens gehad het omtrent die karakter van God verwyder word, anders kan versoening nie plaasvind nie.

Die Ou Verbond Kruis bevredig ons toorn en laat ons God vergewe vir die swaarkry wat ons in die lewe teëgekom het. Die Nuwe Verbond Kruis gee ons toegang tot die heilige kamer van die hart van God en laat ons toe om die koste van ons sonde teen Hom te bereken, binne 'n plek van veiligheid, sonder veroordeling.

Die vreesaanjaende visoen van die regter in Daniël 7 wat elke gedagte en aksie van ons noukeurig ondersoek, word omskep in 'n prentjie van die Heiligdom wat nie meer bloed vereis nie, wat toelaat dat die Heiligdom in Daniël 8 gereinig word.
Dit is 'n baie nou paadjie. Die wet van die Nuwe Verbond is geestelik. (Romeine 7:14). Dit is 'n saak van die hart, nie 'n regskode wat in klip gegraveer is nie. Sal jy kies om in die Allerheiligste in te kom? Jy moet jou duister idees van die Vader, as een wat versoening deur bloed soek, prysgee. Jy moet aanvaar dat hierdie valse idee deur Adam en sy hele nageslag op God geprojekteer is en dat ons dit moet prysgee. Daar is geen ander manier om die Allerheiligste binne te gaan en daar te staan sonder 'n middelaar vir sonde nie.

HOOFSTUK 23

# DIE BETEKENIS VAN BLOED IN DIE HEILIGDOM

Deur die sluier van die Ou Verbond te verwyder, word die heerlikheid van die Ou Testament geopenbaar. Hierdie heerlikheid word aan ons deur die karakter van Christus getoon.

> Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat ‘n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. **Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word**. 2 Korinthiërs 3:12-14

Die vergieting van bloed word nie meer verstaan as die bevrediging van die toorn van God nie, maar is in werklikheid 'n uitdrukking van die toorn van die mens.

> …. en julle sê: As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie. Julle gee dus teen julself getuienis dat julle kinders is van die wat

> die profete vermoor het. Maak die maat van julle vaders dan vol! Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug? Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg, sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaría, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar. Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom. Matthéüs 23:30-36

Die bloed van Jesus is nie deur berouvolle sondaars vergiet nie, maar deur mense wat met woede teen Hom vervul was. Die Joodse leiers het 'n diep waarheid gestel toe hulle gesê het:

> …"Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het." Johannes 19:7

Net soos Kain wat verligting gesoek het van die kommerwekkende versoeke van Abel, so wou die Joodse leiers hê dat Jesus stilgemaak word, sodat hulle heerskappy oor die mense nie meer versteur sou word nie. Die wet waarna hulle verwys het, was die wet van Moses. Hulle het geglo dat Jesus godslasterlik gepraat het en daarom moes Hy, volgens hulle interpretasie van daardie wet, sterf.

Die Hoëpriester, Kájafas het die strafvervangende versoeningsbeginsel gebruik om te toon hoe die dood van Christus die nasie sou red.

> As ons Hom so laat begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem. En een van hulle, Kájafas, wat daardie jaar hoëpriester was, sê vir hulle: Julle weet niks nie en dink nie daaraan dat **dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie**. Johannes 11:48-50

Jesus is nie geoffer deur mense wat besef het dat hulle harte boos was nie, Hy is doodgemaak deur jaloerse, haatlike manne wat begeer het om Sy

plek in te neem. Dit is tog heeltemal pervers om die moord op Jesus te hervorm as iets wat God se geregtigheid vereis. Sulke idees verberg ons verborge vyandskap teen God. Dit is verbasend dat God ons ontmoet waar ons in ons afskuwelike wêreldbeskouing is en 'n deur in ons gedagtes open, sodat ons in die vergifnis van God kan glo.

Die vergieting van bloed is ons wet, soos Kájafas dit betuig het: “Ons het ’n wet.” Dit is die ware betekenis van die woorde:

> En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Hebreërs 9:22

Ons neem aan, wanneer ons hierdie vers lees, dat God die een is wat bloed begeer. Maar dit is bloot die vyandskap van menslike harte wat hulle eie verduisterde denke op God projekteer. God plaas hierdie dinge in die wet om ons diepgewortelde vooroordeel te openbaar, maar Hy het dit nooit begeer nie.

Laat die werklikheid hiervan in ons gedagtes vassteek: Die vergieting van bloed is die manifestasie van die sondigheid van die mens teenoor God. Waar dit ook al teenwoordig is, word die gebrekkige denke van die mens gemanifesteer. In die mens se Ou Verbondsdenke van brons, reinig die bloed, maar in die hart van God verontreinig dit alles.

Ongeag hierdie feit, aanvaar God ons offer. Hy verdra ons besoedelde bronsslang-denke dat Hy ons kan oortuig van Sy verlossende liefde. Dit is dus heeltemal waar:

> Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Efésiërs 2:13

Ons is diegene wat ver was, in ons toorn. Maar volgens ons insig bring die bloed van Christus ons nader tot God. God was nie ver van ons af nie; ons was ver van Hom af. Hy is nie deur die bloed van Christus na ons gebring nie, maar ons is in ons kinderlike begrip na Hom gebring. Alle heerlikheid aan God wat by ons staan en ons in ons blindheid dra. Christus moes soos 'n slang verhef word, voordat ons God se vergifnis kon aanvaar.

In hierdie konteks sien ons dat bloed in die Heiligdom die manifestasie van ons toorn teen God is. God het beveel dat die rituele van die Heiligdomdiens op so 'n manier gedoen moet word dat dit voldoen aan ons eise dat bloed vergiet moet word vir vergifnis om effektief te wees. Dit is die sonde wat die Heiligdom besoedel. Die besprinkeling van bloed op die voorhangsel en die altaar binne die Heiligdom besoedel dit met die sonde van bevredigingsteologie.

Ons vleeslike menslike perspektief is dat die bloed reinig, maar vir God besoedel dit, omdat Sy gedagtes nie ons gedagtes is nie en ons weë nie Sy weë nie. Sy liefde vir ons veroorsaak dat Hy die Kruis van ons valse begrip dra, in die hoop dat ons gereinig sal word van die behoefte aan bloed, sodat ons nie meer 'n middelaar van bloed sal benodig nie.

*Dit verteenwoordig die begrip van die gewone mens wat op die bronsvlak van bevrediging staan, wat glo dat God se geregtigheid die dood vereis.*

Wanneer ons die tipologie van die sondoffer in die Ou Testament volg, maak dit volkome sin dat die gewone mens en selfs heersers in die gemeenskap die bloed van hulle offers op die horings van die offeraltaar in die Voorhof sal laat plaas, en die bloed uitgiet aan die voet van die offeraltaar. Dit verteenwoordig die begrip van die gewone mens wat op die bronsvlak van bevrediging staan, wat glo dat God se geregtigheid die dood vereis. Die mens se begrip van die versoening, in hierdie mindere toestand van volwassenheid in sy wandel met God, reik nie tot in die Heiligdom self nie.

> En as iemand van die volk van die land in swakheid sondig, omdat hy enigiets doen wat die HERE verbied het, en hy skuldig word; of as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, dan moet hy as sy offer bring ‘n bok sonder gebrek, ‘n ooi, vir die sonde wat hy gedoen het; en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer slag op die plek van die brandoffer. **Dan moet die priester van haar bloed met sy vinger neem en dit aan die horings**

> **van die brandofferaltaar stryk; maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgiet**; Levítikus 4:27-30

Dit is die ekwivalent daarvan om die rots te slaan om die lewende water voort te bring. Dit vervul die wet van die mens, weerspieël in die spieël van die Ou-Testamentiese tipes, dat sonder die vergieting van bloed daar geen vergifnis is nie.

Die leierskap van God se volk, wat na Christus se stem in die Woord van God moet luister en Hom moet volg in die Allerheiligste, moet die mens leer om met die rots te praat. Maar ons sien in die tipologie dat wanneer die priester sondig, die bloed in die Allerheiligste ingebring word en die priester in werklikheid saam met Abraham uitroep: "Ag, mag Ismael lewe voor u aangesig!" [Gen. 17:18] Soos Moses slaan hulle die rots en bring bloed in die Allerheiligste, eerder as om in die teenwoordigheid van God te kom deur die sagmoedige Seun en met Hom te praat.

> …as die gesalfde priester sondig, sodat die volk daardeur skuldig word, moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n jong bul sonder gebrek aan die HERE as sondoffer bring; en hy moet die bul bring na die ingang van die tent van samekoms, voor die aangesig van die HERE, en moet sy hand op die kop van die bul lê en die bul slag voor die aangesig van die HERE. Dan moet die gesalfde priester van die bloed van die bul neem en dit na die tent van samekoms bring, **en die priester moet sy vinger in die bloed steek en van die bloed sewe maal sprinkel voor die aangesig van die HERE, voor die voorhangsel van die heiligdom. Ook moet die priester van die bloed stryk aan die horings van die altaar van die reukwerk van speserye, wat in die tent van samekoms is, voor die aangesig van die HERE**; en hy moet al die orige bloed van die bul uitgiet aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die tent van samekoms is. Levítikus 4:3-7

God ken die einde, van die begin af. Hy het geweet dat die leiers van God se volk kort na die einde van die 2300 jaar, wat deur heidense bevrediging vir versoening en die ontsettende goddeloosheid oorheers is, bloed in die Allerheiligste sou bring en hulle ore sou sluit vir die glorieryke boodskap

wat deur Jones en Waggoner gegee is.

Soos die Joodse leiers, was die Adventiste-leiers vasbeslote om by hul ou grenslyne te hou en nie 'n duim weg van hul bevredigingstelsel van die versoening te beweeg nie. In woede het hulle die rots twee keer geslaan. Eenmaal in die persoon van E.J. Waggoner en die tweede keer in die persoon van A.T. Jones. Hulle het geweier om die weg oop te maak vir God se volk om voor die aangesig van God te lewe sonder 'n middelaar van bloed. Soos een van die getuies van hierdie gebeure geskryf het:

> Christus het al die harde, trotse, smalende toesprake teen Sy dienaars geregistreer as woorde teen Homself gespreek.[77]
>
> Mense wat godsaligheid bely, het Christus in die persoon van Sy boodskappers verag. Soos die Jode, verwerp hulle God se boodskap. Die Jode het aangaande Christus gevra: "Wie is hierdie man? Is dit nie Josef se seun nie?" Hy was nie die Christus waarna die Jode gesoek het nie. Net so is vandag se agentskappe deur God gestuur, nie waarna die mens gesoek het nie.[78]

Die bloed wat op die Versoendag in die Heiligdom gesprinkel is, is 'n simbool van die verwerping van die waarheid deur God se leiers, wat die vermoë van Sy volk om dit te ontvang, uitgesluit het. Binne een geslag is die boodskap byna universeel verwerp.

> Dan moet hy die sondofferbok slag wat vir die volk bedoel is, en sy bloed binnekant die voorhangsel bring en met sy bloed doen soos hy met die bloed van die bul gedoen het: hy moet dit sprinkel op die versoendeksel en voor die versoendeksel. Levítikus 16:15

In die Ou Verbond-bevredigingstelsel verteenwoordig die slag van hierdie bok die mens se begrip van versoening deur bloed. In die Nuwe Verbondstelsel van die hart verteenwoordig dit die verwerping van die waarheid deur God se volk en hulle vergieting van die bloed van Christus en die kruisiging van Hom met hulle weiering om in te gaan, waardeur

---

[77] E.G. White, *Review and Herald,* May 27, 1890, par. 5

[78] E.G. White, *Fundamentals of Christian Education,* (Review and Herald, 1897), bladsy 472

hulle hulleself identifiseer as diegene wat die Heiligdom met bloed besoedel het.

Deur die hande op te lê en hulle skuld op die lewende bok te werp, so openbaar die mens sy natuur om iemand anders vir hulle sondes te blameer. "Die duiwel het my dit laat doen!" is die kreet van die mensdom. In die Ou Verbondstelsel vind versoening plaas wanneer die skuld aan die voete gelê word van die een wat as die skuldige beskou word; net soos die leiers van die Adventistebeweging die skuld vir verdeeldheid op die skouers van Jones en Waggoner gelê het. Hierdie manne was gesien as die sondebokke vir die rampe wat oor die kerk gekom het.

Dit is beslis waar dat Satan bewus sal wees van die skuld van sy rol in die sondes van alle mense. Hy sal vir 1000 jaar in die woestyne van 'n gebroke en verwoeste aarde ronddwaal, maar die bekeerde mens soek nie meer weerwraak op hom nie en bring ook nie 'n lasterlike beskuldiging teen hom nie; hy laat eenvoudig toe dat sy Verlosser met hom praat en sê: “Die Here bestraf jou.” (Judas 1:9).

Slegs wanneer die begeerte na vergelding, weerwraak en straf uit die siel verwyder word, kan die volle Gees van God in die hart woon. Ons Vader soek nie vergelding nie, en werp ook nie blaam op ander nie. As God se kinders word ons geroep tot hierdie karakter-ervaring.

Alhoewel die leiers van die Adventistekerk twee keer op die rots geslaan het en derhalwe in die wildernis van bevredigingsteologie omgekom het, sal God steeds 'n groep in die Allerheiligste bring wat die boodskap aanvaar wat deur Jones en Waggoner tussen 1888 en 1895 gebring is. Hulle sal die sonde onderskei wat oorvloedig was in die boodskap van oordeel wat die Adventiste pioniers gebring het. Hulle sal besef dat hierdie prentjie van oordeel, insluitend die besprenkeling van bloed, 'n weerspieëling was van hulle eie beeld en nie van God se manier nie.

Terwyl ons die Heiligdom deursoek, word ons hierdie bevel gegee:

> En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. **Maar die voorhof buitekant die tempel moet**

> **jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee**; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap. Openbaring 11:1-2

Openbaring hoofstuk 10 beskryf die ervaring van God se volk met die boekie wat geëet word. Die woorde van die boekie was voorheen verseël en is nou geopen. Die boodskap van William Miller wat in die 1830's gekom het, was soet in die mond, maar die ervaring van die teleurstelling was bitter in die maag. Op hierdie tydstip moes die krag van die horinkie gebreek word. Die behoefte aan bevredigingsofferandes in aanbidding moes blootgelê word. Wat was die opdrag in Openbaring 11 wat God se volk sou toelaat om die Heiligdom te reinig? “Die voorhof… moet jy uitlaat...” Wat was in die voorhof? Die offeraltaar wat die offerstelsel verteenwoordig het. Waarom moes dit uitgelaat word? Omdat dit Satan se stelsel van geregtigheid verteenwoordig het, waarvan die mensdom oortuig was dat dit vir redding betaal moes word.

Nadat ons oortuig is deur die rots wat geslaan is, moet ons aanbeweeg na die Allerheiligste in die lig van die karakter wat Christus op aarde geopenbaar het. Ons moet die offeraltaar agterlaat. Ons moet ophou om dood te vereis vir oortreding. Ons moet ophou om ander te veroordeel en te oordeel. Wanneer die Gees van God ons in hierdie ervaring inbring, kan ons dan hierdie verse aangryp:

> En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun. En Hy het geregtigheid aangetrek soos ‘n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in ‘n mantel. Jesaja 59:16-17

Die werk van die versoening is om God se volk na die plek te bring waar dit nie meer nodig is om bloed te pleit in die konteks van versoening nie. Daardie werk kon dalk in die Voorhof voltooi gewees het, maar dieselfde bevredigingsteologie het tot in die Allerheiligste gekom. Christus se voorbidding in die Allerheiligste het die boodskap van 1888 laat opstaan. Die voltooiing van hierdie werk is om die Voorhof en die behoefte aan

bloed agter te laat. Wanneer bloed ophou om in die Heiligdom in te kom, dan kan dit gereinig word.

Hoe gebeur dit dat bloed nie meer in die die Heiligdom inkom nie? Wanneer ons ons gevoelens van vyandskap teen absoluut almal staak, bewys dit dat ons vyandskap teen God gestaak is. Dan sal daar geen mens in die Heiligdom as 'n voorbidder wees nie. Dan sal Mígael opstaan (Daniël 12:1), want wanneer God se volk Sy karakter ten volle weerspieël, sal die wêreld hulle wil doodmaak. In plaas daarvan sal Christus opstaan en hulle red. Halleluja.

HOOFSTUK 24

# DIE ONGEREGTIGHEID VAN ONS ALMAL

Namate die Protestantse hervorming momentum gekry het, is Martin Luther deur sy beskermheer, die keurvors John Frederick van Sakse, gevra om 'n lys van geloofsartikels te skryf wat as die *Smalcald-artikels* bekend gestaan het.

In hierdie artikels het Luther opgesom wat hy geglo het as die belangrikste leerstellings van die Christendom. Die heel eerste artikel sê:

> Die eerste en belangrikste artikel is dit: Jesus Christus, ons God en Here, het vir ons sondes gesterf en is opgewek ter wille van ons regverdigmaking (Romeine 3:24–25). Hy alleen is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem (Johannes 1:29), **en God het <u>die ongeregtigheid van ons almal</u> op Hom gelê (Jesaja 53:6).** Almal het gesondig en word sonder hul eie werke en verdienste verniet geregverdig deur sy genade (Efésiërs 2:8-9), deur die verlossing wat in Christus Jesus is, in sy bloed (Romeine 3:23–28). Dit is nodig om dit te glo. Dit kan nie andersins verkry, of deur enige werk, wet of meriete bekom word nie. Daarom is dit duidelik en seker dat hierdie geloof alleen ons regverdig... Niks

> van hierdie artikel kan opgegee of oorgegee word nie, al gaan die hemel en aarde en al die ander dinge verby (Mark 13:31).[79]

Jesaja 53 speel 'n sentrale rol in die Christelike begrip van die versoening. Daar word gesê dat God “die ongeregtigheid van ons almal” op Christus lê en “dit [het] die HERE behaag om Hom te verbrysel”. Wat presies beteken dit? Adam Clarke spreek die algemene begrip uit:

> Hierdie vurige strale, wat op die ganse mensdom moes val, het van Goddelike geregtigheid na die ooste, weste, noorde en suide versprei, en is van hulle weggewys en in Hom saamgetrek. So het die Here op hom die straf laat neerkom weens die ongeregtigheid van ons almal.[80]

Albert Barnes het saamgestem:

> Die HERE het hulle op hom laat afstorm, om Hom te oorweldig met onheil, soos 'n mens oorwin of oorweldig word in die oorlog. Die gevoel is dat Hy nie deur Sy eie sondes oorweldig is nie, maar dat Hy ons s'n teëgekom het, asof hulle op Hom afgestorm het en Hom neergewerp het. Dit wil sê, Hy het in ons plek gely; en wat Hy ook al geroep is om te verduur, was as gevolg van die feit dat Hy die plek van sondaars ingeneem het; en nadat Hy hulle plek ingeneem het, het Hy die lyding teëgekom wat die korrekte uitdrukkings van God se misnoeë was, en hy het beswyk onder die magtige las van die wêreld se versoening.[81]

Hierdie uitdrukkings van die versoening, soos ons herhaaldelik gesê het, vervul ons menslike begrip van die saak. Dit vind aanklank by die verkeerde oortuiging dat God vir ons kwaad is en ons lewens wou neem vir ons oortredings.

As ons in die Allerheiligste staan en die offeraltaar uitlaat soos ons in Openbaring 11:2 aangedui word, begin 'n heel ander prentjie vorm kry. Eerstens vind ons die volgende  leidraad in dieselfde hoofstuk van Jesaja:

---

[79] Martin Luther, *The Smalcald Articles*

[80] Adam Clarke, Commentary on Isaiah 53:6

[81] Albert Barnes, Commentary on Isaiah 53:6

> Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Jesaja 53:4

Die profeet voorspel dat, terwyl Jesus met ons verwerping van Hom verduur het en ons gedra het, selfs terwyl ons teen Hom gesondig het, ons dit sou beskou asof dit God was wat Hom verwerp en verdruk. Kommentators stel vinnig voor dat dit verwys na diegene wat Hom destyds gekruisig het terwyl hulle geglo het dat God Hom vir Sy eie sondes straf.

Dit is waar dat die Joodse leiers dit so wou hê en verkies het om dit so te sien, maar is daar 'n dieper betekenis in hierdie stelling? As jy in die Allerheiligste staan, kan dit wees dat Jesaja eintlik sê dat die ganse mensdom hulle verwerping van die Seun van God op die Vader sou projekteer en sê dat dit God is wat die bestraffing in ons plek gedoen het?

As ons Jesaja 53:6 van nader beskou in die letterlike vertaling merk ons iets interessants op:

> Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, en die HERE het op hom neergekom, die straf van ons almal. Jesaja 53:6 (Youngs Literal Translation *vry vertaal*)

Die vraag by die lees van hierdie teks is wie begeer om die straf toe te pas? Is dit God wat Sy Seun gestraf het, of sê dit eintlik dat God toegelaat het dat ons verborge gevoelens van vyandskap op Sy Seun manifesteer word, sodat ons almal ons begeertes vir straf kan sien? Met ander woorde, beteken "die straf van ons almal" God se straf oor ons almal, of beteken dit dat al ons straf aan Hom (en almal wat ons dink straf verdien) in werklikheid op Christus neerkom?

Beskou die vorige vers wat die meeste vertalings uitdruk as "Hy is ter wille van ons oortredings deurboor." Die woord *ter wille van* suggereer dat God Hom deurboor het weens ons oortredings. Maar die Hebreeus kon net so maklik vertaal word as *deur*. Christus is *deur* ons sondes deurboor. Maak dit nie volkome sin nie? Dit maak Hom eintlik seer as ons sondig. Hy word opnuut gekruisig wanneer ons kies om Hom te ignoreer en

Satan deur ons sondige keuses in ons lewens te verwelkom. Oorweeg 'n paar ander vertalings van hierdie teks.

> Maar hy is deur ons sondes deurboor en is deur ons ongeregtighede verbrysel; en deur sy wonde is ons genees. Jesaja 53:5 (Brenton LXX vertaling *vry vertaal*)

In ons blindheid en ons natuurlike vyandskap lees ons hierdie tekste natuurlik as God se toorn teen ons. Dit verberg die realiteit dat ons Hom seermaak, en plaas eerder die klem op wat *ons* dink is God se woede.

Baie, indien nie alle mense nie, ken die gevoel wanneer hulle 'n ander persoon kwaad aangedoen het en die woede wat hulle in reaksie ervaar. Dit laat ons die sonde wat ons gedoen het vergeet, en ons fokus eerder op hul oormatige reaksie. Dit is wat die mensdom in sy begrip van die Kruis aan God doen.

Dus, Adam eet 'n appel wat hy nie moes eet nie en dan word God so kwaad dat Hy hom wil doodmaak. Nou kan ons God voorstel met Sy hande omhoog terwyl hy skree hoe kwaad Hy vir Adam is omdat hy die reëls oortree het. Dit sou een manier wees om die skuld te verskuif, maar wat van die kalm, koel en berekende reaksie, sonder enige vertoon van emosie wat stilweg die woorde uiter: "Ek sal jou vind en ek sal jou doodmaak." Enige van hierdie voorstelle sal werk om ons vooropgestelde idees van God oortuigend toe te pas, om die blaam op God te skuif en Hom psigoties te laat lyk. Heelwat mense het al die gedagte gehad: “Al hierdie pyn en lyding wat Jesus gemartel en vermink het, dit alles omdat God nodig gehad het om iemand te straf en te laat sterf – is dit nie buitensporig en irrasioneel nie? Watter soort God sou dit doen?” Dit stel ons in staat om ons skuld te onderdruk, sonder om te erken in watter mate ons selfsugtige lewens God seergemaak het.

Waarom dan vir Adam doodmaak omdat hy 'n appel geëet het? Watter soort God sou dit doen? Ongeag hoe ons daarna kyk, die einddoel is om die blaam op God te skuif deur ons te verbeel dat Hy die een is wat die oordrewe reaksie toon.

Die wyse waarop ons Jesaja 53 verstaan, definieer hoe ons dink oor die

gebeure in die tuin van Getsemane.

> Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. Matthéüs 26:38

Waarom was die siel van Jesus diep bedroef? Was dit omdat die Vader se toorn nou op Hom neergedaal het? Of was dit die volle impak van menslike verwerping wat Hy van diegene om Hom ervaar het, wat die ganse mensdom se reaksie op Hom verteenwoordig het? Spurgeon lê die saak voor ons uit soos hy dit waarneem:

*Waarom was die siel van Jesus diep bedroef? Was dit omdat die Vader se toorn nou op Hom neergedaal het? Of was dit die volle impak van menslike verwerping?*

> Wat is dit dan, dink jy, wat Getsémané en die smarte daarvan so besonders maak? Ons glo dat die Vader Hom vir ons laat lei het. **Dit was nou die tyd dat ons Here 'n gewisse beker uit die Vader se hand moes neem. Nie van die Jode nie, nie van die verraaier Judas nie, nie van die slapende dissipels nie, nie van die duiwel het die beproewing nou gekom nie,** maar dit was 'n beker gevul deur een wie Hy geweet het is Sy Vader, maar Een wie Hy verstaan het wat vir Hom 'n baie bitter beker inskink, 'n beker om nie deur Sy liggaam gedrink te word nie en op Sy vlees die gal uit te gooi nie, maar 'n beker wat veral Sy siel verstom het en Sy diepste hart aangeraak het. Hy het daarvan weggeskram, en ons kan daarom seker weet dat die teug erger was as fisiese pyn, aangesien Hy nie daarvan teruggedeins het nie; dit was 'n beker verskrikliker as beskuldigings, waarvan Hy nie teruggedeins het nie; verskrikliker as Sataniese versoeking - wat Hy oorwin het: dit was iets ondenkbaar verskrikliks, verbasend vol van vrees, wat vanuit die Vader se hand gekom het. Die volgende verwyder alle twyfel omtrent wat dit was, want ons lees "…Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak;

> Hy het sy siel 'n skuldoffer gemaak…" "Die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Hy het hom sonde vir ons gemaak, al het Hy geen sonde geken nie. Dit is wat aan die Verlosser daardie buitengewone depressie gebring het. Hy was nou op die punt om "vir elke mens die dood te smaak," om die vloek te dra wat die sondaars moes toekom, omdat Hy in die sondaar se plek gestaan het en in die sondaar se plek moes ly. Hier is die geheim van daardie siele-stryd...[82]

Spurgeon stel voor dat Christus se beker vol van die Vader se woede teen sonde is. Dit is die perfekte masker om die werklikheid van ons natuurlike mensehaat teen God en Sy Seun weg te steek. Is dit werklik so dat God Sy Seun se siel 'n offer vir sonde gemaak het? Die Bybel sê vir ons duidelik:

> Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar **Hom vir ons almal oorgegee** het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Romeine 8:32

> Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie die hande teen My uitgesteek nie. **Maar dit is julle uur** en die mag van die duisternis. Lukas 22:53

God het Christus aan ons *oorgegee*. Jesus het vir hulle gesê: "Dit is julle uur en die mag van die duisternis." Die liefde van God wat Christus onderhou het, het gelyk of dit verdwyn. Dit het gelyk of die Vader Hom verlaat. Het God Sy Seun verlaat? of meer direk, het Hy eers Sy woede aan Hom toegedien en Hom daaran laat sterf? Hoe maak ons sin hiervan? Waar kom hierdie siele-smart vandaan?

> Toe kom die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die ouderlinge van die volk bymekaar in die paleis van die hoëpriester wat Kájafas genoem word, en hou saam raad om Jesus met lis gevange te neem en om die lewe te bring. Matthéüs 26:3-4

Die leiers van die nasie was van plan om Hom dood te maak. Hy het dit geweet, en Hy het die hierdie verwerping deur diegene wat spesiaal

[82] Charles Spurgeon, *The Agony in Gethsemane,* October 18, 1874

gekies is om die lig van waarheid aan die wêreld te bring, intense ervaar.

> Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Johannes 1:11

Miskien sou die dissipels wat gekies het om Hom te volg, die koninkryk wat Hy kom stig het, verstaan? Kort voor Getsémané lees ons oor die hartseer werklikheid:

> Maar kyk, die hand van hom wat My verraai, is by My aan tafel. Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is, maar wee daardie man deur wie Hy verraai word! Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen. En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees. Lukas 22:21-24

Wanneer Jesus hulle waarsku dat een van hulle Hom sal verraai, is die dissipels geskok en wonder wie dit kan wees. Dit ontaard in 'n debat oor wie van hulle die grootste is. Het hulle nie gehoor wat Jesus hulle geleer het nie? Dit moes uiters ontstellend vir Jesus gewees het. Na al die tyd wat Hy met hulle spandeer het en hulle geleer het, het hulle steeds nie die basiese beginsel van Sy liefdesryk begryp nie.

Nadat hulle die plek waar hulle geëet het, verlaat het, probeer Jesus hulle waarsku oor wat hulle gaan doen:

> En nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg. Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word. Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan. Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie. Matthéüs 26:30-33

Petrus verwerp die versoek van Jesus. Dit is 'n verdere bewys dat Petrus homself steeds meer as vir Christus vertrou. Hy was bloot die woordvoerder van die ganse mensdom. Wat was die smart wat Jesus gedra het? Dit is geen raaisel nie:

> **Hy was verag en deur die mense verlaat, ‘n man van smarte en bekend met krankheid;** ja, soos een vir wie ‘n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Jesaja 53:3

Die hartseer kom direk uit die verwerping wat Hy van mense in die gesig staar. Dit is omdat ons ons aangesig vir Hom verberg het dat Hy met droefheid deurboor is. As jy jouself toelaat om saam met Waggoner die Christelike volwassenheid te betree, dan sal jy sien dat Christus daagliks hierdie verwerping ervaar.

> In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9

Christus het ons opgehef en gedra, op elke dag wat hierdie wêrels bestaan. Terwyl ons Hom verwerp in ons sondige gedagtes en optrede, dra Hy ons, beskerm Hy ons, tree vir ons in en ween oor ons. Wanneer jy die moed kry om die altaar van brons agter te laat, sal jy 'n Kruis sien, so helder, so brandend vol liefde, dat jou hart aangeraak sal word tot die punt van hervereniging met God, sodat jy die versoening kan ontvang.

In die kollektiewe verwerping van Christus, in daardie oomblik wat Hy besef dat daar niemand op die planeet was wat Hom wou hê nie, het Hy in Sy hart die werklikheid ervaar dat:

> …daar niemand [is] wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Romeine 3:11

Die leiers van Israel spreek later die universele sentiment uit, wat ook die allesoorheersende vyandskap van die mens teen God openbaar:

> Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God. Matthéüs 27:43

Hierdie woorde is in werklikheid die projeksie van die denke van die mensdom op God. Die gesamentlike, oorheersende strewe van die seuns en dogters van Adam laat almal een stem verreis.

> …Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Moet ek julle Koning kruisig? Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie. Johannes 19:15

Die hemelse Vader protesteer nie. Hy laat ons toe om dit op Hom te projekteer. Hoe? In Sy stille reaksie. Die enigste polsslag wat Jesus kan voel, is die kollektiewe menslike polsslag van verwerping. Die stem van die mensdom, bygestaan deur Satan en sy engele, het die stem van God verdrink. God het ons toegelaat om op Sy troon te sit om Sy Seun te oordeel en te veroordeel.

Hoekom het Hy ons dit toegelaat? Dat ons oortredings oorvloedig kan wees.

> Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. Psalm 50:21

Dit is hoe God Sy Seun oorgegee het. Hy het ons toegelaat om Sy stem dood te smoor. Hy het nie vergeld nie. Hy het nie teruggepraat nie, maar het ons ons sin gegee. Kom ons lees dit weer:

> Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom. Jesaja 53:6

Omdat ons ons eie pad geloop het, geweier het om met Hom te simpatiseer, om Sy betoë aan ons om ons vyande te vergewe en ons behoefte om te straf te laat gaan, verwerp het, het die stilte van God veroorsaak dat ons aangewese straf op Sy Seun kom.

In daardie nag se duisternis, terwyl Jesus desperaat probeer het om die verwerping wat ons op Hom geplaas het te verwerk, het Hy gehoop dat, as Hy maar net kon weet dat Sy dissipels vir Hom bid; as Hy dit kon weet, dan sou die towerspel van wanhoop wat oor Hom gehang het, dalk verbreek word.

> En Hy het ‘n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by

> My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied. Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar. Matthéüs 26:39-43

Elke keer nadat Hy tot Sy Vader vir 'n teken van Sy aanvaarding gebid het, het Hy na Sy dissipels gegaan om een of ander bewys te soek dat iemand vir Hom omgee. Hy het hulle aan die slaap gevind. Dit het Hom in sy diepste binneste gemartel. Satan het in Sy oor gefluister dat al Sy werk tevergeefs was en dat niemand vir Hom omgee nie. Hy het geweet dat die slapende dissipels, sonder die hulp van gebed, van Hom sou vlug, soos wat wel gebeur het. (Matthéüs 26:56).

Die grootste lyding van Jesus was nie as gevolg van hierdie valse idee dat God se woede op Hom neergedaal het nie. Hierdie lyding kom direk uit ons verwerping van Hom. Hy is deur hierdie oortreding gewond. Dit was die mensdom wat die Seun van God doodgemaak het, nie Sy geliefde Vader nie. Dit was Adam wat God veroordeel het, nie God wat Adam veroordeel het nie. Maar ons sou nooit geweet het wat die ware uitwerking van ons sonde is nie, tensy ons dit waargeneem het in die dood van Christus.

God het Sy Seun aan ons toorn oorgegee sodat ons die vyandskap wat in ons woon en die veroordeling wat ons onbewustelik teenoor God voel, kan sien.

Terwyl ons by die bronsaltaar in die Voorhof staan, sien ons hoe God die karakter van 'n regter aanneem. Dit lyk of Hy van Sy tere eienskappe van 'n Vader ontneem is en kom deur die donker wolke heen as 'n koning voor wat wil wraak pleeg. In hierdie ingesteldheid van onsekerheid en verskrikking teenoor ons Vader in die hemel, oortuig die vergieting van die bloed van Christus ons dat vergifnis verseker is. In hierdie

versekering word ons uitgenooi om saam met Jesus in die Allerheiligste in te stap, waar ons die geleentheid gebied word om te leer wat werklik gebeur het en wie die dood verëis het.

Die meerderheid van die wêreld sal die uitnodiging nie aanvaar nie, want die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Ons moet egter die vraag vra: Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het: "Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied."? Die gesamentlike verwerping van die mensdom het so swaar op Hom gedruk dat Hy vervreem gevoel het van sy Vader. Die gesamentlike sonde van die mensdom is om te glo dat Christus deur God geslaan en verdruk is. Jesus was in die versoeking om te glo wat almal oor Hom geglo het. Hulle verwerping van Hom, as gevolg van die oortuiging dat God Hom straf, het Hom laat worstel met die idee dat dit dalk die waarheid is.

Hy het begin veg met die verkeerde idee dat God Hom inderdaad straf, net soos Abraham gestry het met die verkeerde idee dat God wou hê dat Hy sy seun moes offer. Satan het hierdie leuen op Hom afgedwing. Alles rondom Jesus het gelyk of dit Sy gevoelens bevestig. Maar net soos die geloof van Abraham geseëvier het deur te glo dat God sy seun kon opwek, so het Jesus geseëvier deur te glo dat Sy Vader Hom nie uiteindelik sou verlaat nie, maar Hom uit die dood sou opwek. Jesus het die duisternis verpletter toe Hy gebid het: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." (Lukas 23:46).

Die geloof van Jesus oorwin al ons valse idees omtrent die karakter van God. Hy was in die versoeking om te glo dat God Hom verlaat het, dit is wat sonde elke mens laat glo wanneer dinge moeilik raak, maar Sy volmaakte geloof het nie toegegee aan hierdie leuen nie. Hy het aan Sy Vader vasgehou en die Vader was saam met Sy Seun in daardie duisternis.

> Duisternis het Hy sy skuilplek gemaak, sy hut rondom Hom: duisternis van waters, diktes van wolke. Psalm 18:12

Waar het hierdie duisternis vandaan gekom?

> In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Johannes 1:4-5
>
> Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóú sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word. Jesaja 60:2
>
> Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. 2 Korinthiërs 4:3-4
>
> … om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God… Handelinge 26:18

Die duisternis rondom die Kruis was die sigbare manifestasie van die ongeloof van die mensdom wat deur Satan geïnspireer is. Duisternis het ontstaan uit die mag van Satan. Hierdie mag oefen hy oor die mensdom uit, en deur die mensdom het Satan probeer om sy duisternis tussen God en Sy Seun te plaas.

Deur Sy Seun te gee, was die heerlikheid van God se liefde in hierdie duisternis verborge as gevolg van ons goddelose ongeloof. Soos Moses deur die volk aangesê is om sy gesig met ‘n sluier te bedek, so het die wêreld die Kruis in duisternis bedek om die lig van God se liefde te verberg.

God se aangesig was verduister deur ons duisternis. Dit het Jesus laat voel dat Sy Vader Hom verlaat het, ten spyte daarvan dat Sy Vader dit nie gedoen het nie. God het nie verhoed dat hierdie duisternis homself openbaar nie, want totdat hierdie duisternis gemanifesteer het, kon ons nie werklik 'n benul hê van die vyandskap wat in ons bestaan nie.

Daar was egter twee mense wat Jesus 'n sprankie hoop gegee het om Hom deur die komende graf te help: die vrou wat Sy voete gewas het en die dief aan die kruis. Jesus het die werk van die vrou wat Sy voete gewas

het, vir ewig laat vasstaan deur vir Sy dissipels te sê dat wanneer die evangelie verkondig word, hierdie verhaal daarmee saam vertel moet word. (Matthéüs 26:13).

Terwyl Jesus aan die Kruis gehang het, en die bespotting van die mense aangehoor het, en terwyl selfs Sy dissipels getwyfel het of Hy die Messias was, het die geloof van die dief losgebars met die woorde: "Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom." Dit was ‘n groot seën vir Jesus, 'n troos om iemand te hê wat in Sy donkerste uur geloof in Hom uitspreek.

Wanneer al die stukke bewyse bymekaar gebring word, ontdek ons dat, alhoewel God Homself toelaat om voor te kom as die Een wat toorn oor Sy Seun in die Voorhof uitstort en ons sondes op Jesus lê as ons plaasvervanger, is die waarheid dat dit eintlik óns vyandskap is wat homself probeer wegsteek van die aaklige waarheid dat ons begeer het om God se Seun dood te maak. Dit is óns wat hierdie toorn op God geprojekteer het en beweer het dat Hy deur God gestraf is. Ons het beweer dat God die ongeregtigheid op Hom gelê het, maar die waarheid is dat God toegelaat het dat ons begeerte vir straf op Hom kom en dit is hoe God Sy Seun 'n offer vir ons sonde gemaak het. Hy het Hom oorgegee aan ons toorn, sodat ons in ons verduisterde gemoed vergifnis kan omhels.

Hoe innig is die Vader se liefde vir ons, hoe groot bo alle mate dat Hy Sy enigste Seun sou prysgee om ons te oortuig dat ons Sy skat is, asook om vir ons te toon dat dit ons is wat die dood wou hê. Wanneer ons besef dat dit ons is wat die dood as die straf van sonde vereis en dat dit nie in God se karakter is nie, dan sal die duisternis verdwyn en kan die versoening voltooi word.

Ons liewe Vader wou nooit offers vir sonde hê nie; Hy moes ons gee wat ons wou hê om ons idees van geregtigheid te bevredig. Daar was geen ander manier om ons van ons uiterste onnoselheid en boosheid te red nie. Maar ons dank God dat Hy ons nie veroordeel nie. Ons dank God dat Hy ons steeds liefhet. Dankie, Jesus, dat U ter wille van ons deur al daardie verskrikking gegaan het.

HOOFSTUK 25

# TERUG NA DIE WOESTYN

Ons sal nou terugkeer na die verhaal van die Adventbeweging en hul reaksie op die boodskap wat aan Waggoner en Jones gegee is.

Om dinge in konteks te plaas, sal ek kortliks opsom wat ons uit die geskiedenis bespreek het met betrekking tot die mens se persepsie van die Kruis en hoe die versoening verstaan is.

Die offerstelsel wat aan Adam gegee is om aan hom die vyandskap wat in sy hart teen God bestaan het te toon, is mettertyd verdraai. Die veroordeling wat die mens teenoor God gevoel het, is op hul geloof omtrent God geprojekteer. Hulle het hulle valslik voorgestel dat God vir hulle kwaad was en dat God offers vereis het. Selfs die ware volgelinge van God is deur hierdie idees beïnvloed, hoewel hulle steeds 'n simbool van die komende Messias in die offers gesien het.

God se volk is deur die nasies rondom hulle beïnvloed met betrekking tot die betekenis van die offers. Toe hulle in die 6de eeu v.C. deur Babilon gevange geneem is, is hulle steeds sterker beïnvloed deur die idee van bevrediging deur middel van offers.

Nadat Christus na die aarde gekom het en Sy lewe vir ons gegee het, het die Christelike Kerk die heidense idee van bevrediging verhoog. Dit het

weggedoen met die eksterne heidense stelsel en sy het haar heiligdom van aanbidding vernietig, maar sy het die beginsel van bevrediging deur die offer van Christus behou.

Ons het die denke van die Christelike wêreld met betrekking tot die versoening en die bevrediging van God se toorn deur die offer van Christus, in detail uiteengesit. Die siening van die Kruis wat aangebied word, bevredig die menslike begrip van versoening en maak die deur van vergifnis vir die mensdom oop. Ongelukkig verander dit niks aan die kern van die vyandskap teen God wat in mense woon nie.

Die opkoms van die Adventiste-beweging in die 1840's het die profesieë van Daniël gekombineer met die Heiligdomstelsel van die Jode om 'n boodskap van finale oordeel en versoening aan te bied. Dit het die werk van die versoening verskuif vanaf die dood van Christus na die bediening van Christus as ons Hoëpriester in die hemel. Dit het die mistigheid van spiritualisme verwyder om 'n letterlike Heiligdom in die hemel te openbaar; asook 'n proses van oordeel ter wille van die verwydering van sonde van diegene wat die naam van Jesus bely.

Hierdie boodskap het die krag gehad om die vyandskap wat in die mens bestaan het, te konfronteer. Dit was 'n stap vorentoe vanaf die offeraltaar na die Allerheiligste in die hemel. Wat die boodskap van die vroeë Adventiste nie verskaf het nie, was 'n ontmaskering van die bevrediging in die offerstelsel. Dit het voortgegaan om God voor te stel as een wat die doodstraf vir sonde vereis.

Alhoewel die Adventiste-pioniers vir ons die sleutel vir toegang tot die Allerheiligste gegee het, het hulle nie die sleutel vir die versoening daarin voorsien nie. Hulle boodskap veroorsaak tereg dat die sonde van die mensdom oorvloedig word in die openbaarmaking van ons veroordelende natuur, maar dit kon nie die oplossing vir hierdie probleem bied nie.

God het 'n baie kosbare boodskap aan ouderlinge Waggoner en Jones gestuur. Deur die nuwe en korrekte begrip van die verbonde het dit aan mense die sleutel gegee om die ware begrip van geregtigheid deur geloof te ontsluit. Dit is hoekom die geskiedenis van hierdie boodskap so

belangrik vir die onderwerp van die versoening is.

Die kern van hul boodskap behels om die Kruis as ‘n huidige saak te beskou. Dit trek die gordyn vir ons terug om die lyding van God en Sy Seun en die ware betekenis van Hulle selfverloënende offer te sien. Hulle dra daagliks die lyding van die wêreld en juis dit het 'n enorme oortuigingskrag om die siel nader te trek, in harmonie met God.

Met hierdie konteks nou gevestig, laat ons nou terugkeer na die hartseer verhaal van die verwerping van hierdie boodskap deur die Adventiste-beweging.

Die lig wat Waggoner en Jones met die Adventbeweging begin deel het, is hewig betwis. Die slagveld het gesentreer op hoe ons die boek Galásiërs verstaan, veral hoofstuk 3.

Die kerkleiers het geglo dat die wet wat in Galásiërs 3:19 genoem word, verwys na die wet van Moses en dat dit slegs van krag was totdat die Saad, wat Christus is, in die wêreld sou kom. Daarom is die wet van Moses na Sy menswording nie meer effektief nie. Omdat Adventiste nie met die Tien Gebooie wou wegdoen nie, het hulle die wet, soos hier genoem, na die seremoniële wet laat verwys.

> Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van ‘n middelaar. Galásiërs 3:19

Deur sy nuwe siening van die verbonde te gebruik, het Waggoner verklaar dat die wet wat in hierdie vers genoem word die hele morele wet was, insluitend die Tien Gebooie en dat hierdie wet van krag sou bly tot die tyd dat die Saad, synde Christus, die belofte wat aan Abraham gemaak is, ontvang het.

Hierdie belofte het die land ingesluit, wat Paulus vir ons aandui die ganse wêreld is.

> Want die belofte dat hy **erfgenaam van die wêreld** sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof. Romeine 4:13

Omdat Abraham nie die belofte van die hele wêreld ontvang het nie, sou hy dit ontvang wanneer Christus die tweede keer aan die einde van die wêreld na die aarde kom. (Handelinge 7:5; Hebreërs 11:10). Die koms van Jesus wat in Galásiërs 3:19 genoem word, is Sy Wederkoms, nie Sy eerste koms nie, want die doel van die wet is om oortreding te hanteer, en oortreding duur voort tot die Wederkoms. Die samevatting van Waggoner se argument was dat die wet altyd gefunksioneer het om die sondigheid van die mens te openbaar en hom sodoende na Christus te bring.

> Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Galásiërs 3:24

Hy het 'n konsekwente evangelie aangebied wat regdeur die Bybel en die menslike geskiedenis dieselfde bly, 'n wetenskap van verlossing wat konstant bly met betrekking tot sonde-oorwinning. Die wet oortuig van sonde en bring ons na Christus. Christus gee ons genade en help ons om ons swakhede te oorkom. In werklike terme kan ons sê dat die ervaring van Abraham met Hagar en Ismael hom gebring het om sy gebrek aan geloof te besef. Hy is verootmoedig; hy ondergaan bekering, en in geloof is Isak daarna gebore. Een verbondservaring lei jou altyd na die ander indien jy nie God se leiding weerstaan nie.

Soos ek voorheen aangedui het, het hierdie raamwerk vir die evangelie die dieper werklikheid van die lyding van Christus deur die hele Skrif oopgemaak. Dit het daartoe gelei dat hy die Kruis van Christus as 'n huidige werklikheid deur die hele menslike geskiedenis heen gesien het. Dit het daartoe gelei dat Waggoner uitsprake soos hierdie gemaak het:

> Dit is 'n ernstige dwaling om te veronderstel dat Christus intree om die toorn van God te bevredig en Hom te oorreed om die mens met guns te beskou. God was nie so kwaad vir die wêreld dat dit die dood van Sy Seun geverg het om Sy toorn te bevredig nie. Nee; "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy eniggebore

> Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Johannes 3:16. "Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes." 1 Johannes 4:10. God was die mens se vriend; die mens was God se vyand. God het nie nodig gehad om met die mens versoen te word nie; maar die mens moes met God versoen word.[83]

Die kerkleiers het 'n teologiese stelsel op 'n heeltemal ander raamwerk opgebou. Hulle het feitlik alles binne die stelsel van die Protestantse kerke geplaas. Hulle het die Ou Verbond as Joods beskou terwyl die Nuwe Verbond vir Christene bedoel is.

Waggoner het vir hulle gewys op die werk van die Ou Verbond: dit was om hulle sondigheid ten volle aan die kaak te stel, dat in geloof, waar hierdie sonde oorvloedig was, genade veel meer oorvloedig in die Nuwe Verbond kon wees. Die kern van die saak was hoe geregtigheid deur geloof deur hierdie twee verbonde bereik is en hoe hulle saamgewerk het. Die ou stelsel het die werk van die twee verbonde geskei en het daarom die beginsels van geregtigheid deur geloof vernietig. Die letter was bedoel om dood te maak, sodat die Gees lewend kan maak. (2 Korinthiërs 3:6). Hulle kon nie geskei word nie.

*Die kern van die saak was hoe geregtigheid deur geloof deur hierdie twee verbonde bereik is en hoe hulle saamgewerk het. Die ou stelsel het die werk van die twee verbonde geskei en het daarom die beginsels van geregtigheid deur geloof vernietig.*

Eerder as om hul harte oop te stel vir die woorde van Waggoner, het hulle dit aangeval. As hulle Waggoner se posisie aanvaar het, sou hulle alles wat hulle verstaan van voor af moes plaas binne die nuwe konteks. Hulle trots het hulle nie toelaat om dit te doen nie.

---

[83] E.J. Waggoner, *Present Truth UK,* October 6, 1892

In 1893 het A.T. Jones met vrymoedigheid die waarheid van die saak in een van sy aanbiedings uiteengesit:

> Wanneer het daardie boodskap van die geregtigheid van Christus by ons as volk begin? [Een of twee in die gehoor: "Drie of vier jaar gelede."] Wat was dit, drie? of vier? [Gemeente: "Vier."] Ja, vier. Waar was dit? [Gemeente: "Minneapolis."] Wat het die broers [wat leiding neem] dan by Minneapolis verwerp? [Sommige in die gemeente: "Die luide uitroep."] ... Wat het die broers in daardie vreesaanjaende posisie waarin hulle gestaan het, by Minneapolis verwerp? Hulle het die laat reën – die luide uitroep – van die derde engel se boodskap verwerp.[84]

Die luide uitroep van die Derde Engel se Boodskap verwys na Openbaring 18:1-3 wat praat van 'n engel of boodskapper wat die ganse aarde met die heerlikheid van God sal verlig. Baie van die gewone mense het die boodskap met vreugde aangegryp. Hulle het begin insien dat hulle nie onder die bevredigingstelsel hoef te werk om God te behaag in die aangesig van die oordeel nie. Hulle kon vrylik die geregtigheid van Christus wat aan hulle oorwinning oor sonde sou gee, aanvaar. Dit was 'n groot stap vorentoe op die Protestantse geloof wat by die bronsaltaar in die Voorhof agtergebly het.

In dieselfde jaar, tydens dieselfde vergaderings, het A.T. Jones nog 'n belangrike stap by die boodskap gevoeg. In die Augustynse verbondstelsel was die Sabbat 'n skaduwee wat aan die Kruis vasgespyker was. Dit was deel van die seremoniële wet. Adventiste het die Sabbat herwin toe hulle die Allerheiligste in die hemel ontdek het en besef het dat die Tien Gebooie steeds daar was en die Sabbat steeds geldig was.

Maar om die Sabbat in die bevredigingstelsel te plaas, het die sabbat vir die meeste mense 'n las gemaak. Dit was iets wat hulle moet doen vir redding. Nadat die korrekte verbondstelsel ingesien is, is die hele betekenis van die Sabbat omskep in 'n geestelike werklikheid eerder as 'n

---

[84] A.T. Jones, *General Conference Bulletin,* 1893, bladsy 183

dooie letter. Luister na die diepgaande stelling wat deur Jones gemaak is.

> Nou nog iets: Wie was die werklike, teenwoordige agent in die skepping? [Gemeente: “Christus.”] Wie het gerus? [Gemeente: “Christus.”] Wie was verkwik? [Gemeente: “Christus.”] Wie het geseën? [Gemeente: “Christus.”] Wie se teenwoordigheid het dit heilig gemaak? [Gemeente: "Christus s'n"] Wie se teenwoordigheid is in die dag? [Gemeente: "Christus s'n."] Dus, die man vir wie die teenwoordigheid van Jesus Christus nie heiligmaking bring nie, en vir wie dit nie seën nie en vir wie dit nie rus bring nie, wel, hy kan mos nie die Sabbat hou nie. Sien u nie, dit is slegs met Christus in die mens wat die Sabbat gehou kan word; want die Sabbat bring en dra die teenwoordigheid van Christus.[85]

Jones het die geestelikheid van die Sabbat bekend gestel. Die teenwoordigheid van Christus was op hierdie dag in groter mate daar as ander dae van die week. Dit is wat dit heilig maak. Ons is verseël deur die Heilige Gees van Christus. Die Sabbat het nou baie meer sin gemaak as dit verstaan word as 'n gawe van die Heilige Gees. Die Sabbat word dan die agent waardeur die karakters van die gelowiges verseël sal word.

In 1890 het E.J. Waggoner gehelp om materiaal omtrent die twee verbonde in die Sabbatskoollesse vir daardie jaar saam te stel. Hierdie pamflet is in al die kerke van die denominasie bestudeer. Deur die Voorsienigheid het dit daarin geslaag om ongemerk deur die redaksionele proses te gaan totdat dit in publikasie was. Die reaksie van baie van die broers wat leiding geneem het, kan in die woorde van ouderling Dan T. Jones opgesom word.:

> Ek verwys veral na ons laaste Sabbatskoollesse, waarin die verbondsvraag aangebied is. Daar het nog nooit so iets in my lewe gebeur wat my so platgeslaan het nie. Ek was so diep ontstel deur die hele affêre dat ek skaars geweet het hoe om op te tree of wat

[85] A.T. Jones, *General Conference Bulletin,* 1893, Sermon 20

> om te doen. Dit het op ons afgekom soos 'n donderslag uit 'n helderblou hemel.[86]

Deur die tydperk van die 1890's het die meeste leiers in die kerk geweier om na Waggoner en Jones te luister of om hulle te help. Die uitgewers van die kerk het geweier om enigiets wat hulle geskryf het, te druk. Ellen White, een van die kerkleiers wat baie vertroud was met die gebeure wat plaasgevind het, het oor haar hartseer geskryf:

> Ek vra, wat beteken die twis en tweedrag onder ons? Wat beteken hierdie harde ystergees, wat in ons kerke en in ons instellings gesien word, en wat so totaal onchristelik is? Ek is diep bedroef omdat ek gesien het hoe maklik 'n woord of optrede van ouderling Jones of ouderling Waggoner gekritiseer word. Baie mense kyk bo-oor al die goeie wat hulle in die afgelope paar jaar gedoen het, en sien geen bewyse dat God deur hierdie instrumente werk nie. **Hulle soek iets om te veroordeel, en hul houding teenoor hierdie broers, wat ywerig besig was om 'n goeie werk te doen, toon dat gevoelens van vyandskap en bitterheid in die hart teenwoordig is.** Wat nodig is, is die bekerende krag van God in harte en in denke. Hou op om julle broers met agterdog dop te hou.[87]

Die vyandskap wat teen Waggoner en Jones geopenbaar is, was sigbare bewys van hul vyandskap teen God. Dit was bewys dat hulle hulself nie oorgegee het om op die rots Christus Jesus gebreek te word nie en soos Kain, het hulle hul broer gehaat.

Tussen die jare van 1893 en 1895 was die Adventistebeweging op sy hoogste punt; hulle was op die grense van Kanaän deur die kosbare lig wat aan hierdie twee jongmanne gegee is. As die kerk dit aangeneem het, sou die volle lig van die Kruis en die evangelie die kerk en die wêreld oorstroom het. Ongelukkig het dit nie gebeur nie.

A.G. Daniells, wat die langsdienendste president van die

---

[86] Letter Dan T. Jones to George I. Butler, February 13, 1890

[87] E.G. White, *16 Manuscript Release,* bladsy 108.3

Adventistebeweging tussen 1900 en 1922 was, het die volgende opgemerk omtrent die Kerk se reaksie op die boodskap van Waggoner en Jones.

> Hierdie boodskap van geregtigheid in Christus ... het teenstand gekry van die kant van ernstige, welmenende mense in die saak van God! Die [1888] boodskap is nog nooit ontvang, dis nie verkondig of vrye koers gegee soos dit moes wees om die matelose seëninge wat daarin toegevou was aan die kerk oor te dra nie... Die verdeeldheid en konflik wat tussen die leiers ontstaan het vanweë die teenkanting teen die boodskap van geregtigheid in Christus, het 'n baie ongunstige reaksie opgelewer. Die rangorde van die mense was deurmekaar gekrap, en hulle het nie geweet wat om te doen nie...
>
> Agter die skerms van die opposisie is die skerpsinnige plan van daardie meesterbrein van die bose geopenbaar... Die resultate van die oorwinning aan sy kant, om die boodskappe te verslaan, is verskriklik![88]

Na al die druk wat op Waggoner en Jones geplaas is, is albei mans uiteindelik van die Adventistekerk geskei. Waggoner het vertroosting gesoek in sy verhouding met sy sekretaresse en Jones het in bitterheid teenoor diegene wat hom so afskuwelik behandel het, vertrek. Aan die einde van hul lewens het albei mans, in nederigheid, dankbaarheid uitgespreek vir die kosbare boodskap wat hulle gehad het om te deel. Ek persoonlik hou vas aan die hoop om hulle in die Nuwe Jerusalem te sien.

Binne 20 jaar was die name van Waggoner en Jones amper heeltemal vergete. Die kosbare verklarings van die huidige Kruis en die verwydering van die bevredigingstelsel is begrawe. Die geskiedkundiges van die kerk het beweer dat die spesiale boodskap van God aanvaar is, om sodoende die vyandskap, wat nog in die harte van sy leiers bestaan het, te verberg.

> 1888 is 'n noemenswaardige landmerk in die Sewende-dag Adventiste geskiedenis. Dit was werklik soos om 'n kontinentale

[88] A.G. Daniells, *Christ Our Righteousness,* 1926, bladsye 47, 50, 53, 54

> skeiding oor te steek na 'n nuwe land. Sommiges, wat hul broeders aanval, wat hulself hervormers noem, het probeer uitmaak dat die sitting 'n nederlaag was; maar die waarheid is dat dit uitstaan as 'n glorieryke oorwinning... Dit het 'n nuwe tydperk in ons werk ingelei - 'n tyd van herlewing en sieleredding... Die Here het Sy volk 'n wonderlike oorwinning gegee. Dit was die begin van 'n groot geestelike ontwaking onder Adventiste... die aanbreek van 'n glorieryke dag vir die Adventistekerk... Die na-effek van die groot Minneapolis-herlewing ... wat in 1888 begin het ... was ryk aan beide heiligheid en sendingvrugte.[89]

Om vir die mense te sê dat die kerk die boodskap aanvaar het, terwyl dit in werklikheid met minagting verwerp is, het die kerk tot afvalligheid en nederlaag gedoem, tensy sy haar oor hierdie verskriklike fout bekeer. Jesus is onbewustelik in die gesig geslaan, gegésel, en op gespoeg deur die kerk; hierdie gebeure is alles bewyse van die voortgesette verborge vyandskap wat weier om aan God beheer oor te gee en hulle aan Hom te onderwerp.

God het in die 1950's nog twee manne geroep om mense bewus te maak van die groot fout wat gemaak is. Daardie manne was ouderlinge Robert Wieland en Donald Short.[90] Hierdie manne het daarin geslaag om die geskrifte van Waggoner en Jones te vind en te verkondig en die groot tragedie wat plaasgevind het aan die kerk te openbaar.

Soos dié voor hulle, is hulle onderdruk en teëgestaan. Hul hoofantagonis was ouderling Leroy Froom. Aangesien die kerk geweier het om ten volle in die boodskap van geregtigheid te kom deur geloof in die Allerheiligste, is hulle gelaat met 'n massiewe uitbreiding van die wet in die aangesig van 'n veroordelende God wat die bloed van Sy Seun vereis voordat Hy bevredig word. Dit is 'n moeilike Christelike wandel, veral wanneer dit gepaard gaan met die behoefte om sonde te oorwin voor Christus se Wederkoms, en die kerk het bevryding van die druk nodig gehad. Dit het

---

[89] L.H. Christian, *The Fruitage of Spiritual Gifts,* bladsye 219, 223, 224, 237, 244, 245
[90] Sien die boek *1888 Re-examined* deur Robert Wieland en Donals Short vir meer besonderhede

in die 1950's gebeur; Adventisme het nie vorentoe beweeg nie, dus sou dit terugbeweeg.

Met die voorbereiding van die boek *Questions on Doctrine* het Leroy Froom en diegene wat hom bygestaan het die denominasie voorberei vir 'n volskaalse toevlug tot tradisionele Protestantse sienings van die versoening en redding.

Die boek *Questions on Doctrine* het nie net die sleutel weggegooi wat deur Waggoner en Jones aan die kerk gegee is nie, dit het die fondamente van die kerk ontwortel met betrekking tot die Heiligdom-boodskap en finale versoening sowel as die God wat ons aanbid. In 'n latere boek genaamd *Movement of Destiny*, het Froom die boodskap van 1888 aangebied as die oorwinning van die Drie-eenheid oor wat hy 'vroeë Adventistiese Arianisme' genoem het..

> "Godheid" is duidelik 'n Trinitariese term. En Waggoner se herhaalde gebruik van hierdie benaming - "Godhead" - toon dat hy weggebreek het van die volgehoue elemente van Arianisme, want die twee is in onversoenbare konflik, wat wedersyds uitsluitend is. Hy was natuurlik die eerste wat die uitgangspunt van Arianisme ontken het sodat hy dan die groter dimensies van Geregtigheid deur Geloof in al sy volheid kon aanbied.[91]

Froom het oor en oor die tema herhaal van 'n voltooide versoening aan die Kruis en die volle godheid van Christus as die tweede persoon van die Drie-eenheid. Sy werk, meer as ander s'n, het gehelp om die kerk uit die Allerheiligste en in die arms van die Protestantse begrip van die versoening te stuur.

Froom het in gesprek getree met Walter Martin en Donald Barnhouse, twee Protestantse leiers, omtrent die geloof van Adventisme. Froom het later aan die destydse president van die kerk geskryf:

> Ek weet nie waarheen dit alles sal lei nie, maar ons weet wel ons het vriende in 'n magtige kring gewen – vriende wat glo ons is

[91] Leroy Froom, *Movement of Destiny,* (Review and Herald, 1971), bladsy 280

> onregverdig behandel. Leroy Froom aan R.R. Figuhr, 26 April 1955.

Die werk van Froom, tesame met pogings wat aangewend is om predikante in die nuwe teologie op te lei, het die kerk voorberei op sy voltooide afvalligheid in 1980 toe dit sy nuwe geloofsverklaring – die 27 Fundamentele Leerstaellings – vrygestel het en in die susterskring van Protestantse kerke verwelkom is.

In die 1980's en 1990's het ouderlinge Robert Wieland en Donald Short ernstig probeer om die kerk op te roep tot bekering omdat hulle die 1888-boodskap verwerp het.[92] Die laaste spyker is in die jaar 2000 in die kis geslaan deur die spesiale komitee wat aangestel is om die eise van ouderling Wieland en ouderling Short te ondersoek. Die gevolgtrekking van die komitee was dat daar geen bekering van die kerk vereis word nie. Hier is die verslag wat in April 2001 deur die kerk uitgegee is:

> Gedurende die afgelope paar dekades het Robert Wieland en Donald Short, saam met ander, gesprekke gevoer met leiers van die Sewende-dag Adventiste Kerk rakende hul kommer oor die klem geplaas in die kerk se leerstellings. Gedurende hierdie tydperk het hierdie manne direk 'n beroep op verskeie Algemene Konferensie-presidente gedoen. Leiers van die organisasie wat nou gestig is om hul begrip te bevorder (die *1888 Message Study Committee*) het in Mei 1994 met die destydse kerkleier, Robert S. Folkenberg, vergader om hul las te deel. Gevolglik is die *Primacy of the Gospel Committee* op 17 Mei 1994 deur die Algemene Konferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM) gestig om hierdie groep 'n formele geleentheid te bied om hul saak teenoor kerkleierskap te stel.
>
> Nadat die vergaderings afgesluit is, het die Algemene Konferensielede erken dat, hoewel 'n goeie vlak van gemeenskap tydens die sessies gevind is, verskille van posisies binne die

[92] Sien die boek *Corporate Repentance* deur Robert Wieland beskikbaar op *maranathamedia.com*

> komitee van so 'n aard was dat 'n gemeenskaplike verslag van die groep onbereikbaar was. Daarom het hulle 'n verslag van hul bevindinge aan ADCOM voorgelê. **Die Algemene Konferensielede het nie die 1888-studiegroep se siening, dat kerkleiers nalatig of foutief was omtrent die onderwerpe onder bespreking, geloofwaardig gevind nie. Veral belangrik is die bewering van die 1888 Boodskapstudiekomitee dat die kerk, of sy leierskap, nog nooit die boodskap van geregtigheid deur geloof aanvaar het nie, 'n sleutelpunt van die Algemene Konferensie-sessie van daardie jaar. Die kerk en sy leierskap het egter sonder voorbehoud hierdie fundamentele Bybel-leerstelling aanvaar. Soortgelyke verskille staan omtrent onderwerpe soos korporatiewe bekering,** die idee van universele wetlike regverdiging, en ander leringe. *Adventist Review*, 19 April 2001

Vir byna 40 jaar het Wieland en Short na die kerk uitgereik om die foute wat gemaak is, te bely en die waarheid van die leerstelling van geregtigheid te aanvaar deur geloof wat ontwikkel word deur die ware beskouing van die verbonde. Die kerk het geweier. Die sleutel tot die herlewing van apostoliese godsaligheid is weggegooi, en daar is geen vermoë om dit weer te vind voordat hulle hul bekeer nie.

In dieselfde jaar wat hierdie stelling gemaak is, het 'n nuwe boodskap na die kerk gekom, wat die werk van Waggoner en Jones, Wieland en Short sou laat herleef en sou voortbeweeg na die seël van God en die heerlike werklikheid van geregtigheid deur geloof binne die raamwerk van die twee verbonde, soos verkondig deur Waggoner en Jones.

Hierdie boodskap het op 30 September 2001 begin. Dit het gehandel oor die kwessie van ons waarde as kinders van God en dat, deur die verhouding wat Christus met die Vader as Sy eniggebore Seun het, ons ook Sy geloof en liefde van Sy Vader kan ontvang om in te gaan in dieselfde Vader-kind verhouding met God. Die boodskap is later aangebied in die boek genaamd *Identiteitsoorlog* wat beskikbaar is op *vadervanliefde.com* Die meganika van hierdie boodskap word in storieformaat uiteengesit in die boek *Escaping the Pentagon of Lies*,

beskikbaar op *fatheroflove.info*.

Noudat ons 'n opsommende oorsig gegee het van die geskiedenis wat betrokke is om ons tot die hede te bring, laat ons al die stukke bymekaarbring vir 'n voltooide versoening wat 'n volk voortbring wat verseël is in die karakter van Christus en volkome versoen is met ons Vader in die hemel.

HOOFSTUK 26

# LAAT REBELLIE VOLKOME OPENBAAR WORD

In hoofstuk 16 het ons gekyk na die twee verwoestende magte van die voortdurende [die heidense versoening] en die ontsettende goddeloosheid [die pouslike versoening]. Ons het in aanmerking geneem hoe hierdie bevredigingsbeginsel die wêreld sou oorheers reg deur die 2300 jaar vanaf die 5de eeu v.C. toe Daniël dit neergepen het tot in die 19de eeu. Dit is duidelik dat hierdie versoeningstelsel reeds vanaf Adam se tyd bestaan het, maar met verwysing na die profesie in Daniël, bespreek ons nou die dinge van daardie tyd af vorentoe.

In hoofstuk 24 het ons die dieper werklikheid van Jesaja 53:6 ondersoek. Ons het gesien dat die woorde “Die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom” 'n meer akkurate vertaling het, naamlik dat God op Hom – Christus – al ons straf wat ons dink almal verdien, laat neerkom het. Hierdie is ten diepste 'n neweproduk van die straf wat ons dink die Seun van God verdien. Die Kruis is die volle manifestasie van die vyandskap wat in die boesem van Adam verborge was. Die Kruis wys vir ons die haat binne die mensdom teenoor God en Sy Seun.

Kom ons ondersoek nou verdere bewyse wat hierdie punt bevestig. Ons gaan nou na Daniël 9. Hierdie gedeelte is grootlliks noemenswaardig, omdat Daniël gesukkel het om al die visioene wat aan hom gegee is in Daniël 8 te verstaan.

Ons het in hoofstuk 15 die opkoms van die klein horingmag uit die oorlog tussen Medo-Persië en Griekeland bespreek. Gabriël het aan Daniël verduidelik wat die ram en die bokram beteken, en verder het hy vir Daniël gesê dat die doel van al hierdie dinge was om die laaste deel van die strafgerig (of verontwaardiging) gedurende die eindtyd te verduidelik.

> en gesê: Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde. Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse. Daniël 8:19-20

Die strafgerig (verontwaardiging of *indignation*, sien KJV) verteenwoordig die vyandskap van die mens teen God. Soos ons in hoofstuk 15 verduidelik het, gebruik die botsing tussen die ram en die bok, wat die oorlog tussen Medo-Persië en Griekeland verteenwoordig, die tipologie van Kain en Abel en die woede van Kain teen Abel.

Die klein horingmag wat Rome verteenwoordig het, het die versoeningsofferstelsel geneem en dit in die pouslike Romeinse mag verhef en vergroot.

> Maar aan die einde van hulle heerskappy, as die goddelose die maat volgemaak het, sal 'n koning optree, hard van aangesig en wat listige streke verstaan. En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie; en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges. En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg, en hy sal groot dinge onderneem in sy hart en baie mense onverwags vernietig, ja, optree teen die Vors van die vorste, maar hy sal sonder toedoen van mensehand verbreek word. En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, dit is waarheid; en jý, hou die gesig geheim, want dit sien op 'n

> verre toekoms. En ek, Daniël, was gedaan en was dae lank siek; daarna het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen; en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie. Daniël 8:23-27

Terwyl Daniël nadink oor die werk van die horinkie en sien dat hierdie gruwel vir baie dae sou duur, het hy flou geword by die gedagte daaraan. Hy was 'n aantal dae lank siek. Hy het nie die betekenis van die 2300 dae begryp en hoe dit met die strafgerig (of verontwaardiging) verband hou nie. Hy het gesien hoe die strafgerig gemanifesteer word in die mag van Medo-Persië en Griekeland. Hy het verstaan dat 'n mag ná hulle sou kom wat homself in so 'n mate sou verhef dat hy teen die Vors van vorste, wat op Christus self dui, sou opstaan. Dit het verwys na die dood van Christus aan die Kruis. Maar wat het dit beteken "Hy sal sonder toedoen van mensehand verbreek word?" [Daniël 8:25] En dan verwys hy na die 2300-dae profesie net hierna?

Etlike jare later was Daniël besig om te bid en die sondes van Sy volk te bely. Babilon het geval en Medo-Persië het nou aan bewind gekom. Daniël het veilig van een koninkryk na 'n ander oorgegaan, maar nou het hy wysheid gesoek om te verstaan wat volgende sou gebeur.

Na 'n pragtige gebed uit die hart kom Gabriël na Daniël om hom insig te gee.

> terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee. By die begin van jou smekinge het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig. Daniël 9:21-23

Gabriël het vir Daniël gesê dat hy gekom het om hom te onderrig omtrent die visioen. Daniël het nie 'n nuwe visioen in hoofstuk 9 gehad nie. Dit moet verwys na die visioen wat hy in hoofstuk 8 gehad het, want Daniël het nie al die dele van die visioen heeltemal verstaan nie. Gabriël is deur

God aangesê om Daniël insig te gee oor die hele visioen.

> En ek het ‘n mensestem gehoor uit die Ulai wat geroep en gesê het: Gabriël, laat hierdie een die gesig verstaan! Daniël 8:16

Gabriël het nou teruggekeer om aan Daniël die res van die visioen te verduidelik en om hom die sleutel te gee om die einde van die strafgerig in die laaste tye te verstaan. Gabriël begin:

> Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. Daniël 9:24-25

Die woorde van Gabriël is in ‘n groot mate samevattend. Dit is nie ons doel om ‘n gedetailleerde verduideliking van hierdie profesie te gee nie. Ek sal ‘n paar belangrike sleutelpunte verstaf, maar ek moedig die leser aan om die werk van Uriah Smith in sy boek *Daniel and Revelation* te ondersoek vir meer besonderhede.[93]

Die sewentig weke wat deur Gabriël genoem word, begin by die opdrag wat gegee is om Jerusalem te herstel en duur voort tot die eerste koms van die Messias. Toe Jesus Sy bediening begin het, het Hy verwys na die tyd wat vervul is, wat dui op die profesie van Daniël omtrent die Messias.

> …en gesê: **Die tyd is vervul** en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. Markus 1:15


Daar is drie dekrete in die boek Esra genoem wat deur die konings van Medo-Persië gegee is om Jerusalem te herbou. Ons het 'n grafiese uitbeelding aan die einde van hoofstuk 16 verskaf wat die profesie van

[93] Hierdie boek is vrylik op die internet beskikbaar. Die Afrikaanse vertaling *Daniel en Openbaring* is in wording.

sewentig weke in verband met die 2300-jaar profesie uiteensit. Die sewentig weke verteenwoordig sewentig maal sewe jaar. Die opdrag gegee in 457 v.C. om die tempel te herbou, reik tot 27 n.C. toe Jesus Sy bediening begin het aan die einde van 69 weke, of 483 jaar.

In die laaste week van die profesie, wat 7 jaar verteenwoordig, is al die punte wat deur Gabriël genoem word, volbring. Selfs al is sommige van die besonderhede van die profesie nie duidelik in jou gedagtes nie, weet ons dat die verwysings in Daniël 9:24 na die werk van Christus se aardse bediening verwys. Ons wou net vir jou 'n bietjie breër konteks gee van hierdie profesie en hoe dit aansluit by die visioen in Daniël 8.

> En ná die twee-en-sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word. Daniël 9:26-27



Gabriël sê vir Daniël dat die Messias na die 69 weke afgesny sou word. Hoe lank na die 69 weke word in vers 27 gegee: Hy is in die middel van die 70ste week afgesny; m.a.w. in die middel van die laaste sewe jaar van die profesie. Dit is die punt waarop die "goddeloosheid… voleindig [is] en om die maat van die sondes vol[-ge-]maak [is]." (Daniël 9:24).

Daniël 9:24 lees baie anders wanneer jy die rots slaan as wanneer jy met die rots praat. Die dood van Christus in die Ou Verbond-konteks spreek tot ons van Jesus wat goddelike geregtigheid bevredig en dus die goddeloosheid voleindig het, wat beteken dat God se wet bevredig is, sodat daar 'n einde kom aan die sondekwessie van die mensdom.

In kommentaar op hierdie vers bied Adam Clarke die volgende aan omtrent die eerste drie punte van Daniël 9:24:

> I. Om die goddeloosheid, wat bewerkstellig is deur die prediking van die evangelie en die uitstorting van die Heilige Gees onder die mense, te voleindig (לכלא *lechalle*, om te beperk).
>
> II. Om die maat van sondes vol te maak; of liewer ולהתם חטאות *ulehathem chataoth*, “om 'n einde te maak aan sonde-offers,” wat ons Here gedoen het toe Hy Sy vlekkelose siel en liggaam eens en vir altyd aan die kruis geoffer het.
>
> III. Om ongeregtigheid te versoen (ולכפר *ulechapper*, “om versoening te doen”) vir ongeregtigheid; wat hy gedoen het deur homself een keer te offer. – Adam Clarke, Kommentaar op Daniël 9:24

Die woord vir *voleindig (AOV)* beteken eintlik *wees volledig* in terme van *klaar*.[94] Kyk na die interliniêre van die Biblia Hebraica Stuttgartensia:

> H7620 week שָׁבֻעִ֨ים H7651 sewe נֶחְתַּ֤ךְ H2852 vasgestel word עַֽל־ H5921 op ׀ עַמְּךָ֣ H5971 mense וְ en עַל־ H5921 op עִ֣יר H5892 dorp קָדְשֶׁ֗ךָ H6944 heiligheid לְ om te כַלֵּ֨א H3615 wees volledig הַ die פֶּ֜שַׁע H6588 rebellie [וּ [וֹ en לְ] [ל om te הָתֵ֤ם] [חתם H8552 wees volledig

[94] Ek is baie dankbaar teenoor my dierbare vriend Ruben Olschewsky vir die navorsing oor hierdie onderwerp in Daniël 9:24

> חַטָּאת֙ [חטאות] H2403 sonde/oortreding וּ en לְ om te כַּפֵּ֣ר H3722 oordek עָוֹ֔ן H5771 sonde וּ en לְ om te הָבִיא֙ H935 kom צֶ֣דֶק H6664 geregtigheid עֹֽלָמִ֔ים H5769 ewig וְ en לַ om te חְתֹּם֙ H2856 verseël חָזוֹן֙ H2377 gesig וְ en נָבִ֔יא H5030 profeet וְ en לִ om te מְשֹׁ֖חַ H4886 smeer קֹ֥דֶשׁ H6944 heiligheid קָֽדָשִֽׁים׃ H69

Om die goddeloosheid te voleindig, vertaal eintlik as om rebellie en oortreding tot volheid of voleindiging te bring. Die woord vir goddeloosheid is ook nie 'n werkwoord wat die daad van sonde sou voorstel nie, maar dit is eerder 'n selfstandige naamwoord, wat iets veel groter voorstel.

Ons sien hier in Daniël die dieper betekenis van Jesaja 53:6 en hoe God ons straf van Sy Seun ten volle geopenbaar het. God het ons rebellie, die sonde van die mensdom wat voortspruit uit die verraad van Adam, die hoogtepunt van sy manifestasie gebring.

Dit pas volmaak in met die werk van die twee verbonde. Die Ou Verbond laat ons sondigheid oorvloedig word; dit bring dit tot voleindiging. Sodra ons dit in sy volheid sien, dan word ons genade gegee om ons te bekeer en hierdie verskriklike misdaad teen God en Sy Seun te bely.

Om te dink (wat 'n verhewe gedagte is dit nie) dat God ons vergewe vir die moordgedagtes wat in ons harte teenoor Hom verberg is. Die woorde van Jesus is vol hoop en waarheid:

> "Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"

Sulke goddelike liefde raak my tot in die kern van my wese. Hierdie diep insig wil God vir ons gee; dat die vyandskap wat in my siel bestaan, die bron is van die haat wat ek vir mense gehad het, en dat ek heeltemal vergewe is daarvan. Dankie, Vader!

Aan die voet van die Kruis is ek die een met die hamer; ek is die een wat daardie spykers ingeslaan het; ek is die een wat in Sy gesig gespoeg het, ek is die een wat Hom bespot en geslaan het. Ek kyk moedeloos na die hemele en word soos Kain versoek om te sê: "God sal my nooit hiervoor vergewe nie!"

Maar dan hoor ek die stem van Jesus "Vader, vergewe Adrian, hy het nie besef wat hy doen nie." Dankie, Here Jesus! Dankie! Dankie! Ek hou vas aan U woord; ek glo die Vader hoor U; ek vertrou dat ek vergewe is en saam met U gee ek my siel oor in die hande van die Vader, sodat ek saam met Christus gekruisig word. Ek word geïdentifiseer met die een wat ek gewond het en ek word met Hom deurboor by die gedagte aan wat ek gedoen het.

Ek hoop jy kan die lig hierin sien. Staan in die Allerheiligste, die Kruis is die voleindiging van die openbaring van menslike rebellie of goddeloosheid; dit is tot volheid gebring – en waar hierdie sonde oorvloedig is, is genade baie meer oorvloedig, vir diegene wat God se woord vertrou wat sê dat ons vergewe is.

Dit bring ons by die hart van die versoening. As iemand jou seun geneem het en hom op die mees afskuwelike, barbaarse manier vermoor het, kan jy na hulle draai en sê: Ek vergewe jou heeltemal? Watter wonderlike liefde vloei uit die Vader se troon! Sy karakter is so mooi, so lieflik, soveel meer as enige goedheid wat ons ons kan voorstel. Dit is die versoening. Dit is volkome versoening. Ons toorn, ons geregtigheid wat op Christus aan die kruis geopenbaar is, word ten volle deur die Vader vergewe.

*Ek kyk moedeloos na die hemele en word soos Kain versoek om te sê: "God sal my nooit hiervoor vergewe nie!"*

Dankie, Vader, vir U liefde vir ons. Ek bely my skuld teenoor U. Ek ken die vyandskap wat in my siel bestaan. Ek bely dit en ek omhels U vergifnis. Dit moes tot volheid gebring word voordat ek kon begryp wat in my hart is, maar ek glo dit, ek aanvaar dit, ek bely dit en ek weet dat ek die versoening ontvang het. Uiteindelik is ek een met U. Ek is een met die God wat nooit vir my kwaad was nie, my nooit veroordeel het nie en my nooit met die dood gedreig het nie. In plaas daarvan het U geduldig vir my gewag, my deur U Gees nader getrek. Dankie, Vader, vir hierdie wonderlike versoening.

HOOFSTUK 27

# GEEN CHRONOS MEER NIE

Die engel Gabriël is opdrag gegee om Daniël die visioen van Daniël 8 te laat verstaan. (Daniël 8:19). Daniël is getoon wat aan die einde van die strafgerig (of verontwaardiging) sou gebeur; dit beteken die manifestasie van die vyandigheid van die mens teenoor God soos ons in hoofstuk 4 bespreek het. Soos ons voorheen bespreek het, is twee verwoestende magte aan Daniël getoon wat die Heiligdom en die volk van God sou vertrap. Dit sou oor 'n tydperk van 2300 jaar voortduur.

Op 'n later tydstip het Daniël 'n baie meer gedetailleerde beskrywing ontvang van die menslike geskiedenis van die mens se strafgerig (verontwaardiging) teen die plan van God om hulle te red. Gabriël lys 'n opeenvolging van koninkryke en hul konflikte wat hy beskryf as die Koning van die Noorde en die Koning van die Suide. Hy beskryf die tydperk waar heidense Rome plek maak vir pouslike Rome in die volgende verse:

> Want skepe van die Kittiërs sal teen hom kom, en hy sal moedeloos word; **dan sal hy teruggaan en sy toorn openbaar teen die heilige verbond en optree**; en hy sal teruggaan en ag gee op die wat die heilige verbond versaak het. En deur hom sal leërs op

> die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel. En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree. Daniël 11:30-32

Vir 'n oorsig oor die historiese besonderhede van hierdie profesie beveel ek Uriah Smith se kommentaar op Daniël hoofstuk 11 aan.

Pouslike Rome het die beginsels van heidense versoeningsofferande verhef – hulle het die heidense vorme weggeneem en dit vervang met Christelike ekwivalente. Vanaf daardie tyd af is die volk van God vir 'n tydperk van 1260 jaar vervolg.

> En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.[95] Daniël 7:25

Gabriël beskryf gebeure tot en met die einde van die proeftydperk, wanneer Michael die aartsengel opstaan. Nadat hy al hierdie dinge getoon was, word Daniël dan aangesê om die boek te verseël tot die tyd van die einde. (Daniël 12:4). Daarna verskyn 'n man geklee in linne bo die water van die rivier en steek sy hand op en sweer by die Ewig-Lewende.

Dieselfde engel verskyn in Openbaring hoofstuk 10 en wat hy daar sê wil ons noukeurig ondersoek. In hierdie hoofstuk word die boek wat gesluit was nou weer geopen. (Openbaring 10:2). Let op wat hy sê:

> En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, **dat daar geen tyd meer sal wees nie**; Openbaring 10:5-6

Die tydsberekening van hierdie stelling van die engel is op die tyd van die

[95] Die term *Tyd, Tye en Halwe Tyd* is dieselfde as 1260 profetiese jare. Sien Openbaring 12:6,14

einde. Dit is in hierdie tyd dat die engel aandui dat daar vertraging of geen tyd meer sal wees nie. Die woord in Grieks is *Chronos*. Hierdie stelling is baie betekenisvol, maar om dit te ontdek moet ons dieper in die Griekse mitologie van Chronos delf.

Chronos, ook bekend as Aion,[96] is die verpersoonliking van tyd in die Griekse mitologie. Volgens die mitologie het hy homself geskep en het die vorm van 'n driekoppige slang gehad. Die koppe was dié van 'n man, 'n bul en 'n leeu.[97]

Chronos is reeds in antieke tye verwar met, of dalk bewustelik geïdentifiseer met, die Titan Cronus as gevolg van die ooreenkoms in name. Die identifikasie het meer wydverspreid geword gedurende die Renaissance, wat aanleiding gegee het tot die ikonografie (beeld-beskrywing) van Vader Tyd wat die oes-sekel swaai.

Die oes-sekel het sy alles-vernietigende natuur verteenwoordig, want aan die einde van tye vernietig hy almal wat op die aarde lewe. Die meeste mense is bekend met die vernietiging wat tyd kan bring, en ken ook die term sperdatum. Dit hou verband met Chronos.

Die apostel Paulus sou hierdie mitologie geken het en daarom is daar diep betekenis in sy woorde wat hieronder geskryf is.

> … Toe God ons gered en gekies het, het Hy ons gewy om aan Hom te behoort. Hy het dit gedoen, maar nie omdat óns iets gedoen het nie. Nee, Hy het ons gered omdat Hy self besluit het om genadig te wees vir ons. **Voordat die tyd begin het**, het God besluit dat ons aan Christus Jesus moet behoort. 2 Timotheus 1:9 (ABA, 2007)

Die woorde *tyd begin het* is eintlik *Chronos Aion*. Paulus sê vir ons dat die God van die hemel Chronos Aion voorafgaan. Dit is onmoontlik vir die mensdom om werklik te verstaan wat dit is om voor die begin van tyd te lewe. Vir die Griekse denke sou 'n God wat voor tyd bestaan het, totaal

---

[96] https://en.wikipedia.org/wiki/Chronos

[97] https://www.greekmythology.com/Other_Gods/Primordial/Chronos/

absurd wees.

> Want so sê die Hoë en Verhewene **wat in die ewigheid woon**, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes. Jesaja 57:15

God woon in die ewigheid. Die mens woon in tyd. Wat is die verskil? Die dood. Die bekendstelling van die dood in die heelal het die ewigheid in tyd verander. Die dood vind sy oorsprong by Satan, daardie slang van ouds (Openbaring 12:9), daarom is dit gepas dat Chronos as 'n driekoppige slang verstaan word.

Toe Adam in sy hart die verraad bedink het om die Seun van God dood te maak, het hy van ewigheid tot tyd verval; hy het 'n werklikheid ervaar waar sy bestaan (om te wees) sou ophou. Toe Adam sy gedagtes van die dood valslik op God geprojekteer het, met die idee dat God hom sou doodmaak, het hy homself in tyd verseël en die slaaf van Chronos geword. Hy het 'n dienaar van tyd geword.

*Toe Adam sy gedagtes van die dood valslik op God geprojekteer het, met die idee dat God hom sou doodmaak, het hy homself in tyd verseël en die slaaf van Chronos geword.*

Die vooruitsig op die dood verander die aard van tyd in 'n meedoënlose slawedrywer. Binne die bestek van ewigheid het tyd geen krag om die siel te dwing of vrees te skep nie, dit is bloot tot diens van diegene wat ewig is.

Dit is die onbewuste begeerte in die harte van mense om die Seun van God dood te maak, gemanifesteer in ons wantroue en veroordeling van mekaar, wat ons aan tyd verslaaf hou.

Die betekenis van die woorde van die engel dat daar "geen tyd meer sal wees nie", sê vir ons dat 'n boodskap na die aarde sou kom wat mense

sou leer dat God nie 'n God van die dood is nie. Dit sou ons leer dat dit ons vyandskap jeens God en Sy Seun is wat ons vasvang in tyd, asook die vrees dat die tyd ons inhaal; daarom leef ons ons hele lewe lank in vrees vir die dood. (Hebreërs 2:15).

Sodra hierdie boodskap van "geen tyd meer nie" gebring word, sal dit, indien ons nog glo dat God 'n God van die dood is, onmoontlik wees om vanuit die koninkryk van die dood in hierdie wêreld na die koninkryk van die ewigheid oor te gaan. Ewige lewe beteken dat jy nou 'n wese aanbid wat nie lewe neem nie en ook nie dreig om lewe te neem nie, en sodoende tyd as ons meester onttroon.

Jesus verwys nooit na Homself of Sy Vader as wesens wat die dood toedien nie. Die logika hiervan is heeltemal absurd. Vir God om voor tyd te bestaan, kan dit net beteken dat Hy in 'n ryk geleef het wat nooit die idee van dood (of om lewe te neem) gehuldig het nie. As God enige van Sy skepsels met die dood gedreig het, sou Hy Chronos hulle meester gemaak het in plaas van Homself. Probeer om hierdie beginsels en hul implikasies in die volgende vers te begryp:

> …maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie… 2 Timótheüs 1:10

Toe Jesus aan die Kruis gesterf het, het Hy die dood afgeskaf. Hoe het Hy dit gedoen?

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—Hebreërs 2:14

Satan het die mensdom onder die heerskappy van die dood gehou. Dit is omdat hy ons oortuig het dat God ons nie kan vergewe tensy die bloed van die Seun van God vergiet is nie. Satan het die mensdom oortuig dat God ons wou doodmaak en bereid was om Sy Seun in ons plek te laat sterf. Dit was 'n sataniese geniale idee, want dit verbloem ons verraad,

ons wat eintlik die Seun van God wou doodmaak.


Toe Jesus aan die Kruis gesterf het, het Hy ons harte oopgemaak om te kan glo dat ons vergewe kan word; Hy het weer die deur na die ewigheid oopgemaak.

> … om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en ‘n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang. Handelinge 26:18

Jesus is die opstanding en die lewe. Hy is nie lewe en dood nie. As Christus mense doodgemaak het, dan sou Hy ook 'n slaaf van Chronos wees, want dit beteken dat Hy volgens daardie beginsels werk.

Hoe hou dit verband met die versoening? Eenvoudig dit: Om volkome met ons Vader in die hemel versoen te kan word, moet ons Hom deur die lens van "Geen Tyd Meer" sien; ons moet Hom slegs as die God van die lewe sien en nie die God van die dood nie. Wanneer ons God op hierdie manier sien, word ons heiligdom of liggaamstempel gereinig van die strafgerig, gereinig van die vyandskap wat van die begin af in die hart van die mens bestaan het. Die woede van die bokram teen die ram, wat terug-eggo na die moord van Kain op Abel, sal uiteindelik uit die menslike hart gehaal word. As ons nie toelaat dat God hierdie spesiale eindtydwerk in ons verrig nie, sal ons nie versoen word nie; ons sal steeds meer in vrees gedryf word namate die wêreld rondom ons in duie stort en uiteindelik sal Chronos ons in die ewige duisternis en dood bring.

Deur vanaf die tyd van Daniël in die toekoms in te kyk, het God die vyandskap van mense gesien wat gemanifesteer word in die heidense offerstelsel wat in die Christelike kerk verhef word deur die leerstelling van strafvervanging. God het gesien dit sou 2300 jaar neem vanaf die tyd net nadat Daniël geleef het voordat die wêreld hulle harte ten volle sou oopmaak vir die idee dat God nooit brandoffers en slagoffers vereis het nie. Dit sou 2000 jaar neem voordat die volle werklikheid, van wat Christus aan die Kruis gedoen het, in menslike bewussyn begin ontwaak, deur die dood heeltemal af te skaf en die deur na die ewigheid oop te maak.




Deur te aanskou word ons verander. (2 Korinthiërs 3:18). Wanneer jy geen dood in Christus en Sy Vader sien nie, dan word jy in die koninkryk van die ewigheid hervestig. Die dood kan nie oor jou heers nie, want jy het opgehou om 'n God van die dood te aanbid.

> Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe— **en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is**— wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. 1 Johannes 1:1-3

Het jy hierdie ewige lewe gesien wat by die Vader was? Is Hy aan jou geopenbaar? As jy glo dat God die goddelose vernietig (eerder as dat hul vernietiging die gevolg is van hul eie weiering om genees te word), dan kan jy nie hierdie ewige lewe sien nie en moet jy onder die slawejuk van Chronos bly. Liewe leser, jy mag dalk in die versoeking kom om dit wat jy lees af te maak, omdat dit tot jou spreek vanuit 'n raamwerk waarmee jy nie vertroud is nie. Dit mag dalk vir jou vreemd klink, maar soek die Here met jou hele hart, bid vir wysheid en jy sal vind Chronos is in Christus Jesus waarlik oorwin en dat die ewigheid begin.

Laat ons onthou dat God se gedagtes nie ons gedagtes is nie en ons weë is ook nie Sy weë nie.

HOOFSTUK 28

# MY GELIEFDE SEUN

> Of weet julle nie, broeders - want ek spreek met mense wat die wet ken - dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie? Romeine 7:1

Die Grieks in hierdie vers sê eintlik: “die wet heers oor 'n mens so lank as wat Chronos leef.” Ons kan dit sekerlik ook vertaal “solank die tyd duur,” maar die dieper implikasie is dat die wet aangaande die dood oor ons heers solank ons seuns van Chronos is.

Soos ons in die laaste hoofstuk aangedui het, het ons seuns van Chronos geword toe ons geglo het dat God 'n God van die dood is. Die dood gee aan Chronos heerskappy oor ons en stook ons vyandskap deur die gedagte dat God eendag ons lewens sal beëindig; Hy sal ons tot die dood bring. Paulus verwys hierna as die wet van sonde en dood. (Romeine 8:2).

Dit het baie mense tot aanbidding van tyd gelei. Die aanbidding van Olimpiese atlete is dikwels gebaseer op tyd. Die goue medalje word gegee aan die vinnigste een of die een wat die wedloop teen tyd klop.

Luister na die lirieke van die bekende Enya-liedjie genaamd *Only Time:*

Who can say where the road goes;
where the day flows, only time
And who can say if your love grows

as your heart chose, only time
Who can say why your heart sighs;
as your love flies, only time
And who can say why your heart cries
when your love lies, only time

Hierdie lirieke weerspieël die aanbidding van Chronos en sy “almag” oor die mensdom deur die misleiding dat God 'n God van die dood is.

Christus wat voor Chronos was, het vir ons die poorte van die lewe oopgemaak. In die bevrediging van die eise van die wet van sonde en dood, het Christus 'n deur in die menslike denke oopgemaak dat daar 'n moontlikheid is om die dood te ontsnap. Paulus druk dit so uit:

> So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan ‘n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra. Romeine 7:4

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel— Hebreërs 2:14

Toe Christus die geregtigheid van die slang bevredig het deur in ons plek te sterf, het Hy aan ons die vermoë gegee om te glo dat God ons nie sou doodmaak nie en dat ons vergewe kan word. Dit was die enigste manier om ons van die heerskappy van die dood te bevry. Die rots is geslaan om aan ons die water van die lewe te gee.

Maar soos ons vroeër gesê het, toe Christus ons natuur op Hom geneem het, het Hy die middelmuur van skeiding tussen ons en God afgebreek; Hy het die vyandskap wat in ons was, doodgemaak en gekom en by ons kom woon.

Dit was in die liggaam wat vir Hom voorberei is, dat Christus God en mens herenig het. Die bewyse van hierdie herenigde werklikheid word by die doop van Jesus gemanifesteer. Die hemele gaan oop en God praat met Sy Seun as een van ons.

> En kyk, daar het 'n stem uit die hemel gekom wat sê: "Dit is my dierbare seun in wie my behae is." Matteus 3:17 (Tyndale; *vry vertaal*)

Toe God met Christus in ons vlees, gepraat het, het Hy ook met ons gepraat en gesê jy is my dierbare kind in wie ek 'n welbehae het.

Hierdie woorde wat tydens die doop gespreek is, openbaar dat die versoening van God se kant af net hier by die doop voltooi is. Daar was niks in die hart van God teen ons nie. Dit is net liefde wat Hy uitspreek, 'n liefde vol vreugde.

Hierdie woorde wat oor Christus uitgespreek is, openbaar die waarheid wat deur die mens vir 4000 jaar verborge was deur ons vyandskap en haat teenoor Hom. In Christus kon God uiteindelik sê wat Hy verlang om te sê sonder dat dit in 'n leuen verdraai is.

> Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, **ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is**, Romeine 16:25

Deur die liggaam van Christus kon God die verlange van Sy hart tot ons spreek. Dit bewys dat die woorde van Paulus waar is:

> Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ‘n liggaam berei. Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God. Hebreërs 10:5-7

In die persoon van Christus word die liefde van God geopenbaar. Christus het nooit enige persoon doodgemaak nie, en getoon dat Sy Vader slegs 'n God van lewe is. Deur Sy Vader se werk te voltooi voordat Hy aan die kruis gesterf het, bewys Jesus dat God nie die dood vereis het nie.

As jy hierdie waarheid kan aanvaar, dan kan jy vanuit die koninkryk van Chronos na die koninkryk van Yehovah hervestig word. Die enigste ding wat jy moet doen, is om die Gees van die Seun van God te ontvang en te

glo dat die woorde wat met die doop met Christus gespreek is, ook tot jou gespreek word. Aanvaar jou seunskap of dogterskap van God en die versoening sal voltooi wees.

Satan sal nie rus wanneer jy probeer om van sy koninkryk te ontsnap nie. Soos hy Christus aangeval het en probeer het om Hom te laat bevraagteken of Hy die Seun van God is, so sal Satan met jou doen.

Satan sal jou herinner aan jou sondes en jou mislukkings en probeer om jou te oortuig dat jy nie bloot jou kindskap van God kan aanvaar deur geloof in die Kindskap van Christus nie.

Die pragtige werklikheid is dat Christus, in die woestyn, Satan se versoeking om ons kindskap tot God te betwyfel, oorwin het. Die Gees van Jesus word vryelik aan ons gebied, sodat ons in Christus ook die versoekings van Satan, om ons ware identiteit te betwyfel, kan oorkom.

> Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus. Galásiërs 4:4-7

Die krag om te glo dat jy jou identiteit as 'n seun van God kan ontvang, is direk gekoppel aan jou oortuiging dat Jesus waarlik die Seun van God is. Wanneer jy hierdie waarheid omhels, dan kan jy die waarheid begryp dat God jou liefhet net soos Hy Sy Seun liefhet. Soos Jesus gesê het:

> Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God. Johannes 20:17

Wanneer jy weet dat God jou Vader is net soos Hy die Vader van Jesus is, dan sal die woorde van die Vader, “Jy is my geliefde seun” in jou siel opspring met lewe in oorvloed. Hierdie ervaring is onmoontlik indien jy glo dat Jesus God is, sonder om die ware eniggebore Seun van God te

wees. Mens mag dink dit maak nie so ‘n groot verskil nie, maar Jesus maak dit baie duidelik toe Hy gesê het:

> Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang **en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het**, en hulle het geglo dat U My gestuur het. Johannes 17:8

Die woord in Grieks vir *uitgegaan* beteken *om uit te gaan, om uit te kom*. Om dit te glo, is die geheime krag van ons eie kindskap tot God en gee aan ons die vermoë om die woorde van God, “Jy is my geliefde seun” te ontvang en sodoende die versoening te ontvang. Soos ons in Galásiërs 4:6 lees, is dit slegs moontlik wanneer die Gees van die gebore Seun in ons bly en hierdie Gees kan nie in ons bly as ons nie in die gebore Seun glo nie.

Dit is die Nuwe Verbond se pad na die versoening. Dit vereis nie dat die dood van Christus ontvang moet word nie. Maar soos ons voorheen gesê het, kan ons nie op hierdie weg kom behalwe deur die Ou Verbond nie; deur die rots wat geslaan word en die vergieting van bloed. Dan eers en dan alleen kan ons in die arms van die Vader instap en in geloof met die Rots praat en sê: “Ek glo dat Ek U kind is deur die Gees van die gebore Seun.”

Hierdie oordrag van die koninkryk van die dood na die koninkryk van die lig word uiteengesit in die boek *Identiteitsoorlog*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*. Dit spreek van die stryd in ons siel om te glo dat ons kinders van God deur Christus is. Ons het nie nodig om iets te bewys of iets aan te bied om tot hierdie werklikheid te kom nie; ons moet dit net deur die Gees van Christus glo.
Maar om hierdie kindskap te handhaaf, moet ons die werklikheid van 'n God wat nie lewe neem nie, aanvaar. Eers dan kan ons van Chronos bevry word en waarlik kinders van God wees sonder vrees vir die dood.
Die lewe van Jesus op aarde het die karakter van Sy Vader geopenbaar en so die versoening gebring. Deur Sy Kindskap aan die Vader het Christus diegene van ons, wat bereid is om in hierdie koninkryk aangeneem te word, weer verbind aan die Vader. Soos Christus ons na Sy Vader getrek het, so word ons in hierdie laaste dae geroep tot 'n soortgelyke bediening.

HOOFSTUK 29

# DIE BEDIENING VAN VERSOENING

> Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ‘n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE ‘n vuuroffer bring. En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is ‘n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God. Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. Levítikus 23:27-29

Die persoon by die bronsaltaar wat dink dat God die dood eis van diegene wat hulle nie bekeer nie, sodat geregtigheid bevredig word, kan net met vrees aan die oordeelsdag dink.

Diegene wat nie waardig geag word op die Versoendag nie, word uitgeroei. Tog is daar baie wat, alhoewel hulle nog steeds gebrek het aan wysheid omtrent God se weë, in die hemel sal ingaan deur hulle groot geloof. Hulle het die liefdevolle vergifnis van God tot so ‘n mate ontvang dat, soos die vrou wat gedink het dat Jesus haar 'n hond genoem het, hulle geloof hulle, ten spyte van hulle verkeerde begrip, in die ewige lewe sal bring.

Maar in die laaste dae van die aarde se geskiedenis, moet diegene wat die seël van God ontvang in die ware kennis van die Vader kom om die finale beproewing van die mensdom te verduur, wanneer die mens se proeftyd sluit en die wat op die aarde leef sonder 'n Middelaar voor God sal staan.

> En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Openbaring 22:10-12

> En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun. Jesaja 59:16

Ons het in groot detail uitgebrei oor die verskille tussen die versoeningsbeginsels van die hoofstroom-Christendom en diegene wat die pad van die Adventbeweging gestap het om vir hulle 'n baie dieper waardering van alles wat die Skrif oor hierdie onderwerp sê, te verkry.

Ons het genoem hoe Adventiste, toe hulle saam met Jesus in die Allerheiligste op die anti-tipiese Versoendag ingestap het, en die belangrikheid van Sy wet gesien het, hul gevoel van vrees verhoog het as gevolg van hul geloof in 'n God wie se geregtigheid die dood eis. Dit is noodsaaklik om uit hierdie duisternis oor te gaan na die glorieryke lig van 'n God wat net soos Jesus is toe Hy hier op aarde was.

Die vrees om voor die aangesig van God te lewe sonder 'n voorbidder, gekombineer met die geloof in 'n God wat die oortreder sal vernietig, maak dit uiters moeilik om aan geloof vas te hou. Sommige wat gearbei het onder die valse idee dat God die dood vereis, sal in geloof triomfeer soos Abraham; maar daar is 'n baie beter weg. Hierdie weg is die veiligste pad vir die 144 000, wat die oorwinning oor die dier en sy beeld sal behaal.

> Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons

> ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. 1 Johannes 4:17-19

Die element wat ons vrymoedigheid gee in die oordeelsdag is dat ons die Vader sien soos Jesus Hom sien. Ons is soos Jesus deurdat ons weet dat die Vader, in sy karakter, waarlik genadig, barmhartig en geduldig is, en dat Hy Sy lewe sal prysgee voordat Hy ooit daaraan dink om die lewe van 'n ander te neem.

Die rede waarom ons nie volmaakte liefde vir God kan hê nie, is as gevolg van ons vrees vir Hom deurdat ons dink Hy dreig ons met die dood. Johannes sê vir ons vrees is die gevolg van straf. Straf in Grieks beteken bloot straftoediening. As ons glo dat God ons sal straf en ons aan die dood sal oorlaat, sal ons nie uit ons vrees kan ontsnap nie en daarom kan ons nie in liefde volmaak word nie.

Soos ek gesê het, sal daar sommige wees wat, soos Abraham, sal arbei onder 'n verkeerde siening van die karakter van God en steeds sal triomfeer, maar hierdie geloof mag slegs in martelaarskap volmaak word. Die 144 000 wat deur die finale krisis gaan sonder om die dood te smaak, moet die valse idee prysgee dat God ons dalk sal doodmaak en ons dus bes moontlik sal verlaat om ons te laat sterf in ons sondes.

Die werklikheid vir elkeen van ons is dat ons, soos Christus aan die Kruis, in die versoeking sal kom om te dink dat God ons verlaat het, veral wanneer die mag, wat die dier se beeld moet oprig, sal opstaan en maak dat almal die dier aanbid, of sterf.

> En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te

> doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. Openbaring 13:11-15

Die mag wat hier verteenwoordig word, is die Verenigde State van Amerika. Die VSA sal in die posisie kom waar dit die aanbidding van die eerste dier, wat die Pousdom is, sal afdwing. Dit alles word in die boek *Daniel and Revelation* deur Uriah Smith uiteengesit.

Voordat hierdie doodsvonnis afgedwing word, sal die boodskap van ons Vader se liefdevolle karakter die hele aarde bedek.

> En ná hierdie dinge het ek ‘n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, **en die aarde is verlig deur sy heerlikheid**. En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Openbaring 18:1-4

> *Dit is die waarheid van God se liefdevolle karakter wat die sielewroeging bring, nie die vrees dat God jou sal doodmaak as jy jou nie bekeer nie. Die verskil tussen hierdie twee posisies is geweldig groot.*

God sal voorgestel word as totaal en al nie-gewelddadig met ‘n nie-veroordelende karakter. Die krag van die Heilige Gees sal diegene wat hierdie boodskap gee tot so 'n mate vul dat hulle hierdie karakter volledig sal weerspieël. Hulle sal so gevul wees met Sy liefde dat dit, soos die geur in Maria se albaste-flessie of kruikie, dit nie vir die wêreld weggesteek kan word nie.

Diegene wat die boodskap aanvaar, sal in hul siele verootmoedig word, omdat hulle geglo het dat God 'n vernietiger is. Hulle sal hul onbewuste vyandskap teen God en Sy Seun bely. **Dit is die waarheid van God se liefdevolle karakter wat die siele-wroeging bring, nie die vrees dat God jou sal doodmaak as jy jou nie bekeer nie**. Die verskil tussen hierdie twee posisies is geweldig; dit is die verskil tussen lewe en dood.

Diegene wat nie die boodskap van God se liefdevolle en genadige karakter aanvaar nie, sal hulself afsny. Soos hulle ander geoordeel en veroordeel het, so sal hulle hulself nou veroordeel in hul weiering om die helder lig wat die aarde oordek, te aanvaar.

> Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie. Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en **die woord van die versoening aan ons toe te vertrou**. 2 Korinthiërs 5:16-19

Christus het na hierdie aarde gekom om ons met God te versoen deur die openbaring van Sy liefdevolle karakter, wat in werklikheid die karakter van Sy Vader is. Hierdie werk van versoening is aan ons opgedra, om te doen soos Hy gedoen het.

Die Bybel sê vir ons dat ons met God versoen is deur die dood van Christus (Romeine 5:10), maar hierdie versoening vind plaas omdat Christus ons so liefgehad het dat Hy gewillig was dat die mensdom Hom

verwerp en doodmaak terwyl Hy steeds 'n karakter van liefdevolle vergifnis openbaar het. In die Nuwe Verbond raamwerk het Christus nie gesterf om Sy Vader se toorn teen ons te bevredig nie, maar Hy het eerder gesterf as gevolg van ons menslike woede teen Hom. Hy openbaar ons woede en haat teenoor God en ons medemens en dan, wanneer ons tot bekering kom, toon Hy hoe ons onder beproewing behoort op te tree – om dit met liefdevolle genade te verdra, en geen mens te veroordeel nie. Selfs toe ons dit aan Hom gedoen het, het Hy ons steeds in Sy wonderlike liefde vergewe en wou Hy ons bereik en ons onderrig. Dit is ‘n kosbare en wonderlike liefde.

In hierdie laaste dae sal die gebeure wat in die lewe van Christus plaas gevind het, in Sy volgelinge herhaal word:

> Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. **En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie**. Openbaring 12:10-11

Die liefde van God sal so oorloop in God se mense dat hulle bereid sal wees om hulle lewens ter wille van die verlorenes af te lê; hulle sal die goddeloses toelaat om hulle dood te maak en hulle sal geen kwade gedagtes teenoor hulle hê nie, slegs liefde.

Die manifestasie van hierdie liefde in menseharte sal die hele wêreld voor ‘n keuse bring. 'n Liefde soos hierdie laat nie 'n passiewe reaksie toe nie. Diegene wat dit aanskou, sal óf onder sy krag toegee óf hulle sal hulle gereed maak om dit te weerstaan.

Hierdie gebeure sal die proeftydperk van die hele wêreld afsluit, want elkeen sal sy keuse maak.

Dit is die openbaring van God se liefde aan die wêreld, sodat die versoeningsproses voltooi word. Wanneer God se liefde ten volle in die lewens van Sy kinders gedemonstreer word, sal almal hul besluit neem

om óf hierdie liefde te aanvaar óf dit te verwerp.

Dit is nie God wat die proeftydperk van die goddeloses afsluit nie. Dit is nie God wat hulle afsny nie. Dit is die goddelose wat dit self doen, want God sê "laat hom nog meer onreg doen." [Openb. 22:11] God gebruik nie geweld nie, maar laat elke mens toe om sy eie besluit omtrent Sy karakter te neem.

Dit is hoekom die uur van God se oordeel nou aangebreek het. Uiteindelik, nadat die 2300 jaar beëindig is, is 'n boodskap aan die wêreld gegee wat uitgeloop het op die waarheid dat God nie doodmaak of vernietig nie.

> Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. Jesaja 11:9

Dit is die kennis van die Here wat veroorsaak dat hulle nie kwaad doen of verderf aanrig nie, bloot omdat God nie kwaad doen of verderf aanrig nie. Sal jy die waarheid van God se karakter ontvang en die bediening van versoening betree? Sal jy toelaat dat ons Vader die leuen van jou verwyder dat God se geregtigheid die dood eis? Sal jy erken dat dit jou eie verraad is wat straf vir oortreding vereis; jou eie hardvogtigheid wat brandoffers en slagoffers vereis?

Sluit gerus aan by die seuns en dogters van die lig wat hul vrees verloor, omdat hulle die leuen van veroordeling wat lei tot straf, iets wat ons voorheen aan God toegeskryf het, prysgee.

HOOFSTUK 30

# EERSTE ENGEL SE BOODSKAP

Ons is weereens dank verskuldig aan die Adventiste-pioniers, vir hul insiggewende verbintenisse tussen verskillende Skrifgedeelstes, vir die spesifieke boodskap wat na die aarde gekom het toe die strafgerig (verontwaardiging) aan die einde van 2300 jaar voltooi was. Ons keer terug na J.H. Waggoner:

> Daniël het gesê hy het gehoor hoe een heilige vir ‘n ander vra hoe lank hierdie gesig sal duur, hoe lank “sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word?” Die antwoord word aan Daniël gegee in hierdie woorde: “Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.” Levítikus 16 maak dit duidelik dat die reiniging van die heiligdom en die versoeningsproses presies dieselfde betekenis dra; want die versoening is gedoen deurdat die hoëpriester die bloed op die versoendeksel en altaar gesprinkel het en dit gereinig het van die sondes van die volk. Dus is hierdie uitdrukking van Dan. 8:14 gelykstaande aan die woorde: "Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die versoening gedoen word." En weer, **om hierdie tyd te verstaan, is om die vervulling van die boodskap van Open. 14:7 te verstaan, “die uur van sy**

> **oordeel het gekom," want die Oordeel word gevel wanneer die versoening gedoen is**. Hieruit sien ons dat die tyd vir versoening bepaal en aangekondig is.[98]

Ons sien dan dat die boodskap van Openbaring 14:6-7 aan ons die boodskap lewer waardeur die versoening sal plaasvind. Hierdie boodskap bevat 5 sleutelkomponente.

> En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg [1] met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: [2] Vrees God en [3] gee Hom heerlikheid, [4] want die uur van sy oordeel het gekom; en [5] aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. Openbaring 14:6-7

Die woord *engel* in Grieks kan na 'n boodskap of boodskapper verwys. Hierdie engel kondig die oordeel aan wat aan die einde van die 2300 jaar sou kom, en begin met die finale werk van versoening. Hierdie boodskap is opgestel in die konteks van die ewige evangelie.

### 1. Die Ewige Evangelie

Die evangelie, volgens meeste Christene, strek net vanaf die tyd van Christus tot die huidige tyd. As gevolg van die twee-verbondraamwerk wat deur Augustinus en andere ontwikkel is, was die evangelie wat verkondig is, beperk tot die tyd na die Kruis van Christus. Hierdie idee ignoreer die feit dat dieselfde evangelie wat aan Abraham en Israel verkondig is, ook aan ons verkondig word. (Galásiërs 3:8; Hebreërs 4:1-2).

Hierdie fout is nie opgespoor, totdat E.J. Waggoner en A.T. Jones vanaf 1888 die boodskap van geregtigheid deur geloof verkondig het nie. Die boodskap van die eerste engel is in die konteks van die ewige evangelie opgestel. Ons merk met belangstelling op dat die engel nie hierdie

---

[98] J.H. Waggoner, *The atonement in Light of Nature and Revelation,* (Review and Herald, 1884), bladsye 212-213

boodskap uitspreek nie, maar dat hy eerder hierdie boodskap by hom het. Dit dui daarop dat die ewige evangelie sou ontwikkel uit die woorde wat die eerste engel gespreek het.

## 2. Vrees God

Die eerste deel van die boodskap is 'n oproep om die ware God te aanbid. Hoe weet ons na watter God word verwys? Deel 5 van hierdie boodskap wys ons dit is die God wat die hemel en die aarde gemaak het. Dit gee die eerste leidraad, en die tweede word in die eerste vers van hoofstuk 14 gevind:

> En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die **Naam van sy Vader** op hulle voorhoofde geskrywe.
>
> Openbaring 14:1

Hierdie God is die Vader; die Vader wat 'n eniggebore Seun het. Die Adventiste-beweging het hul boodskap gegrond op die aanbidding van die enigste ware God en Sy eniggebore Seun. Dit is die eerste deel van die engel se boodskap. Dit is die hoeksteen waarop die res van die boodskap gebou is. Paulus bevestig dit met die woorde:

> dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in liefde en tot alle rykdom van die volle sekerheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God **en die Vader en van Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is**. Kolossense 2:2-3

Ons het 'n paar van die redes gelys waarom die aanbidding van die ware God en Sy Seun noodsaaklik is vir die versoening in hoofstuk 28. Vir 'n dieper ondersoek oor hierdie onderwerp, lees gerus die boeke *Goddelike Risiko, My Beminde*, beskikbaar op *vadervanliefde.com* en *Escaping the Pentagon of Lies* beskikbaar op *fatheroflove.info*.

Die aanbidding van die ware God verskaf die enigste manier om in die verhoudingsgebaseerde versoening in te beweeg. Hiermee bedoel ons dat

die Seun van God deur die Vader aanvaar word, en ons word ook net so deur die Vader aanvaar, want die Vader is ons God net soos die Vader die God van Jesus is. Die waarheid hiervan word uiteengesit deur die gebed van Jesus in Johannes 17:3.

> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Johannes 17:3

Slegs twee wesens is deel van die formule vir die ewige lewe. Die enigste ware God en Jesus Christus Sy Seun.

**3. Gee Hom heerlikheid**

Die heerlikheid van God word gedefinieer deur die lewe van Jesus Christus. Sy gebed in Johannes 17 definieer presies wat die heerlikheid van God is.

> Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Jesus sê dat Hy Sy Vader op die aarde verheerlik het. Dit beteken die aardse lewe van Jesus definieer die heerlikheid van die Vader. Jesus gaan 'n bietjie later in Sy gebed voort om die seël te definieer waarmee die 144 000 verseël is soos in Openbaring 14:1 genoem.

> **Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.** Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Johannes 17:6

Daarom is die karakter wat in die voorhoofde van God se mense verseël is, dieselfde karakter wat Jesus gemanifesteer het terwyl Hy hier op aarde was. Jesus het Sy vyande liefgehad en diegene wat Hom doodgemaak het, vergewe. Hy het nooit iemand seergemaak of doodgemaak nie. Hy het barmhartigheid aan alle mense bewys en goeie dinge aan almal toegewens, Hy het hulle gewaarsku teen die gevaar waarin hulle verkeer en hulle sonde uitgewys, sodat hulle van die duisternis verlos kan word.

Hierdie boodskap is aanvanklik deur Waggoner en Jones saam met

George Fifield verkondig, maar aangesien die boodskap verwerp is, was dit tot onlangs nog versteek. Die rede waarom dit van kritieke belang is vir die versoening, word uitgespel in hoofstuk 27 – *Geen Chronos meer nie*. God se karakter bevat geen dood nie. As ons 'n God aanbid wat mense doodmaak, kan ons nie die karakter van die ware God wat Jesus op aarde geopenbaar het, ontvang nie. Jy kan nie een gemaak word met die God van die Bybel as jy glo dat Hy 'n God is wat moord pleeg nie. Jy kan nie die versoening ontvang om deel van die 144 000 te word nie. Soos ek vroeër aangedui het, is daar baie wat gesterf het voor die huidige boodskap van die oordeelsuur verkondig is, mense wat nie hierdie dinge geweet het nie; hulle sal steeds opgewek word tot 'n nuwe lewe, al was hulle begrip nie korrek nie. Maar diegene wat in die finale konflik van die aarde se geskiedenis verseël word, sal die leuen vryspring dat God se geregtigheid die dood eis, en dit is hierdeur dat hulle die oorwinning oor die dier en sy beeld sal behaal. Dit gebeur omdat die dier en sy beeld dreigemente van geweld gebruik om inwilliging van mense te verkry; en die dier se gebruik van geweld kan slegs goedgekeur word wanneer dit in reaksie op geweld is. As ons absoluut geen geweld of veroordeling teenoor ander in ons dra nie, as gevolg van ons korrekte begrip van God se karakter, dan sal die onderskeid tussen waarheid en dwaling duidelik wees.

Om op te som, die gebed van Jesus in Johannes 17:3-4 dek dele 2 en 3 van die Eerste Engel se Boodskap.

### 4. Die Uur van Sy Oordeel het Gekom

Om die versoening te voltooi, moet elkeen self die saak beoordeel. In die Ou Verbondsraamwerk stel hierdie teks voor dat God ons oordeel, maar in die Nuwe Verbond is dit ons wat God oordeel; ons neem ‘n besluit oor die aard van Sy karakter. Ons besluit of ons die ewigheid saam met God wil deurbring of nie. Die Skrif is duidelik oor wie oordeel.

> Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos

> geskrywe is: **Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou**. Romeine 3:3-4

God is die een wat geoordeel word (oor wie gerig gehou word, sien KJV van Rom.3:4). God oordeel of veroordeel geen mens nie.

> Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, Johannes 5:22

> Julle oordeel volgens die vlees. Ek [Jesus] oordeel niemand nie. Johannes 8:15

Nie God of Sy Seun veroordeel enige persoon nie, want veroordeling lei op ‘n natuurlike wyse tot die dood van die veroordeelde. Aangesien God nie 'n God van die dood is nie, veroordeel Hy nie. Ons is die wat onsself oordeel. Hoe doen ons dit? As ons bepaal dat God sondaars beoordeel en veroordeel, dan is dit die oordeel wat ons aan onsself sal gee wanneer ons Hom in al Sy heerlikheid sal sien. Iemand wat besef dat hy God verkeerd verstaan en verkeerd beoordeel het, terwyl hy aanhoudend geweier het om te luister wanneer God probeer verduidelik het, sal uitroep dat die berge en rotse op hom moet val wanneer hy die waarheid insien.

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Matthéüs 7:1-2

Wanneer ons ander veroordeel, verbreek ons ons verhouding met God, omdat Hy nooit enige persoon veroordeel nie. Jy kan nie met God versoen word en die seël van Sy karakter ontvang solank jy glo dat God jou vyande sal doodmaak nie. Wat hierdie wêreld betref, het veroordeling in Adam ontstaan. Vir meer hieroor sien die boek *Volgens Jou Oordeel* beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

### 5. Aanbid Hom wat Hemel en Aarde Gemaak het

Hierdie deel van die Eerste Engel se Boodskap is 'n oproep om al God se gebooie te eerbiedig. Hierdie term is amper 'n direkte aanhaling uit die vierde gebod wat die aanbidding van God op die sewende dag uitlê.

> Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE **die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is**, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig. Exodus 20:8-11

*Die teenwoordigheid van God word in die Sabbat in groter oorvloed as enige ander dag gevind, want Jesus, die Here van die Sabbat, vind volmaakte rus in die arms van Sy Vader op hierdie dag.*

Die Sabbat is die ervaring van almal wat saam met Christus aan die boesem van die Vader rus. (Johannes 1:18). Volmaakte rus kan slegs ervaar word deur diegene wat weet dat God volmaakte liefde is. Die Sabbatsrus is die onvermydelike gevolg om te glo dat God nie 'n God van die dood is nie en nie veroordeel nie. Terselfdertyd kan ons hierdie rus slegs ervaar wanneer ons deur die genade van Christus ons veroordelende natuur prysgee.

Gedurende die Sewendedag Sabbat en die verwante Sabbatte wat in die feeste gevind word, word die Heilige Gees aan God se mense gegee om die Vader se karakter in ons harte te verseël. Die teenwoordigheid van God word in die Sabbat in groter oorvloed as enige ander dag gevind, want Jesus, die Here van die Sabbat, vind volmaakte rus in die arms van Sy Vader op hierdie dag. Hierdie rus deel Christus met almal wat in Hom glo en by Hom rus. Die Sabbatservaring kom na almal wat enige pogings om God deur hulle werke te behaag, prysgee. Die Sabbatservaring op elke sewende dag is die vrug van geregtigheid deur geloof. Vir meer hieroor sien die boek *Fontein van Seën* en hoofstuk 12 van die boek *Trooster* beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

Ten slotte, hier is die boodskappe wat saamgevoeg moet word om die finale versoeningsproses te voltooi:

- Die ewige evangelie wat op die ware begrip van die twee verbonde gebou is.
- Die aanbidding van die enigste ware God en Sy eniggebore Seun. Dit beteken 'n verwerping van die Drie-eenheid of enige ander valse god.
- Die heerlikheid van God se karakter soos geopenbaar in Sy Seun op aarde. God veroordeel niemand en maak geen mens dood nie.
- Ons is almal in die oordeelsproses betrokke, om te bepaal wat God se karakter is. Is Hy werklik liefdevol en altyd genadig, of is Hy veroordelend en ‘n vernietiger van diegene wat nie met Hom saamstem nie?
- Die aanbidding van God op Sy vasgestelde tye soos geopenbaar in Levítikus 23. Dit is wanneer die Gees van God in groter mate uitgestort word en die verseëlende krag van die Heilige Gees, wat ons soos Jesus maak, verskaf word.

Wanneer ons al hierdie waarhede deur geloof aanvaar, dan sal die tweede engel, wat op die eerste een volg, spreek van vryheid – vryheid van Babilon en haar wyn. Tydens een van die Vader se vasgestelde tye sal die Gees in die lewens van die heiliges van God manifesteer en hulle sal met groot vreugde uitroep dat Babilon uit hulle harte weggeval het en dat hulle uiteindelik vry is.

## HOOFSTUK 31

# GEVAL HET BABILON!

> En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. Openbaring 14:8

Die tweede engel volg op die eerste engel, wat beteken dat die tweede engel se boodskap 'n resultaat is van die eerste boodskap. Wat beteken hierdie verwysing na Babilon en wat is haar wyn?

Die frase *geval het Babilon* is geneem uit die boek Jeremia.

> Babel was in die hand van die HERE ‘n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword. Skielik het Babel geval en is verbreek. Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn! Miskien sal hy gesond word. Jeremia 51:7-8

Babilon het die hele wêreld beïnvloed deur haar valse leringe oor lewe, dood en die hiernamaals. Israel, God se volk, is deur die leringe van Babilon verlei en uiteindelik het haar geestelike gevangenskap letterlik geword.

> Hoor! Vlugtelinge en mense wat vrygeraak het uit die land van Babel, om in Sion te verkondig die wraak van die HERE onse God, die wraak van sy tempel. Roep teen Babel skutters op, almal wat die boog span; slaan laer op rondom teen hom, laat daar geen

> ontkoming wees nie! Vergeld hom na sy werk, doen met hom net soos hy gedoen het, want hy was vermetel teen die HERE, teen die Heilige van Israel. … So sê die HERE van die leërskare: Die kinders van Israel en die kinders van Juda is saam verdruk; en almal wat hulle as gevangenes weggevoer het, hou hulle vas, weier om hulle te laat trek. Maar hulle Verlosser is sterk, HERE van die leërskare is sy Naam; Hy sal hulle saak sekerlik verdedig, om die aarde rus te gee en die inwoners van Babel in onrus te bring. Jeremia 50:28-29,33-34

Babilon verteenwoordig 'n stelsel wat oorlog voer met God se volk, wat probeer om hulle slawe te maak. Babilon is hoogmoedig of vermetel teen die Here. In die boek Openbaring word hierdie stad voorgestel as 'n geheimsinnige vrou wat God se volk vervolg en vernietig.

> En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was ‘n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. Openbaring 17:4-6

Haar stelsel van aanbidding met haar brandoffers en slagoffers is deur die nasies omhels en uiteindelik is hierdie stelsel van heidendom verhef en in die pouslike stelsel van aanbidding opgeneem.

Die God wat sy aanbid is die Drie-eenheid. Die karakter van die God wat sy aanbid, is een wie se geregtigheid die dood eis. Hierdie God is 'n God van geweld en 'n God van veroordeling, wat slegs barmhartigheid bewys aan diegene wat waardig geag word deur hulle verdienste of deur hul ondersteuning aan die kerk. Haar dag van aanbidding is die dag van die son – Sondag – en sy sit as regter gereed om besluite te neem oor alle sake van lewe en dood.

Babilon is die volledige antitese van die boodskap van die eerste engel van Openbaring 14. Haar geheimsinnige leerstellings maak haar aanhangers

verslaaf aan die vrees vir die dood, hou hulle altyd in onsekerheid en laat hulle nooit toe om in die rus wat Christus belowe het, in te gaan nie. Haar Protestantse dogters, wat dieselfde Drie-eenheid aanbid en Sondag hou ter ere van haar dekrete, bied 'n meer smaaklike evangelie as Rome, maar die resultate is dieselfde; hulle evangelie het nie die krag om die siel van Babilon en haar wyn te bevry nie.

Wanneer 'n persoon ontdek dat die God van Jesus Christus niemand veroordeel nie en ook nie dreig om hulle dood te maak nie; wanneer hulle verstaan dat die Seunskap van Jesus aan die Vader hulle eie is sonder enige straf wat vereis word; wanneer hulle sien dat God die een is wat verhoor word en hulle as regters optree, kan die siel ervaar wat Maria ervaar het die aand toe sy die voete van Jesus met kosbare parfuum gewas het.

> En toe Jesus in Betánië was in die huis van Simon, die melaatse, kom ‘n vrou na Hom met ‘n albaste fles met baie kosbare salf, en sy gooi dit op sy hoof uit terwyl Hy aan tafel was. En toe sy dissipels dit sien, was hulle verontwaardig en sê: Waarvoor is hierdie verkwisting? Want hierdie salf kon duur verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. Maar toe Jesus dit merk, sê Hy vir hulle: Waarom val julle die vrou lastig? Want sy het ‘n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie. Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis. Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot ‘n gedagtenis aan haar. Matthéüs 26:6-13

Maria demonstreer die vryheid van diegene wat weet hulle is vergewe en is dierbare kinders van God. Haar hart was vol dankbaarheid teenoor haar Verlosser vir die herwinning van haar gevoel van waarde en die reiniging van haar denke van haar vorige skuld.

Die dankbaarheid van haar siel is wonderlik uitgedruk deur die nardus wat sy gekoop en in liefde vir die Verlosser uitgegooi het. Haar optrede het nie die ander volgelinge van Jesus behaag nie. Dit het strafgerig

(verontwaardiging) geskep. Dit is dieselfde tipe strafgerig (verontwaardiging) wat in die hart van Adam ontstaan het en deur die Klein Horing tot aan die einde van die 2300-jaar profesie gedra is.

Die strafgerig (verontwaardiging) van die ander volgelinge van Christus was haat teenoor God en Sy karakter waarvan hulle nie bewus was nie. Maria se dankbaarheid het hulle almal ontmasker, alhoewel sy het geen begeerte gehad om hulle te ontbloot nie. Sy wou net stilweg haar innige dank aan haar geliefde Meester uitspreek. Sy het Sy pragtige karakter aanskou; Sy tere genade, en Sy bedagsame maniere en sorg vir alle mans, vrouens en kinders. Sy het Sy pragtige karakter weerspieël deurdat sy alles gegee het wat sy gehad het. Dit was die volmaakte weerspieëling van wat Christus op die punt was om te doen, deur vir ons almal alles te gee wat Hy het.

In hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis sal 'n groep mense die ware skoonheid van God se karakter onderskei. Hulle sal besef dat Hy hulle nog nooit veroordeel het of gedreig het om hulle te straf weens hulle sondes nie. Die effek van hierdie waarhede sal veroorsaak dat die siel ware vryheid van Babilon en haar wyn ervaar.

*In hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis sal 'n groep mense die ware skoonheid van God se karakter onderskei. Hulle sal besef dat Hy hulle nog nooit veroordeel het of gedreig het om hulle te straf weens hulle sondes nie.*

Die geur van hulle dankbaarheid kan nie ongesiens verbygaan nie en die ander volgelinge van Christus sal strafgerig (verontwaardiging) teen hulle hê en hulle voor die wêreld beskuldig. Op daardie oomblik sal Jesus hulle verdedig en opstaan net soos Hy vir Maria opgestaan het; en daarna sal die laaste tonele van die wêreld afspeel.

> En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie;

> maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. Daniël 12:1

Dan sal daar 'n tyd van benoudheid wees soos nog nooit tevore nie. Satan en sy engele sal volkome beheer oor die wêreld te neem, omdat die gevalle kerke geweier het om in die lig van die eerste engel van Openbaring 14 te kom.

Soos Maria, is die fokus van God se getroue volgelinge nie om ander te veroordeel vir hul foute nie, maar bloot om dankbaarheid te toon vir hul redding, wetende dat, al is hulle heeltemal onwaardig in hulself, hul hemelse Vader hulle nie veroordeel nie. Hulle klou aan hierdie waarheid vas, ongeag wat gebeur.

Soos Christus, terwyl Hy aan die Kruis was, sal hulle in die versoeking kom om te dink dat God hulle verlaat het. Dan sal die geloof van Jesus ten volle in hulle manifesteer, hulle sal hul Verlosser aangryp en aanhou wag dat die seën van vrede na hulle toe kom, net soos Jakob die hele nag met die engel geworstel het. Hulle word in staat gestel om met God te worstel, omdat Satan hulle nie kan oortuig dat God hulle werklik verlaat het nie. Hulle geloof in Sy immer-barmhartige karakter onderhou hulle deur hulle toets en die laaste oorblyfsels van die duisternis in hulle verdwyn saam met die Ou Verbond.

Dit voltooi die finale versoening. Ons is een met God in karakter en het die vreugde voor ons van die ewige lewe. Wat 'n reis was dit nie! God het ons van die bronsaltaar in die Voorhof, gelei. Hy het ons menslike persepsies van geregtigheid bevredig en ons toegelaat om te glo dat die Herder deur God geslaan is, sodat barmhartigheid vrylik kon vloei.

Maar as ons dan voortgaan met die reis, skyn die waarheid van God se karakter deur vir diegene wat bereid is om dit te ontvang. Die Voorhof word uitgelaat en ons sien die betekenis van die woorde van Jesus dat Hy die aand voor Hy aan die Kruis gesterf het, alles voltooi het wat Sy Vader Hom gegee het om te doen. Wat 'n vreugde om te weet dat God nooit 'n offer begeer het nie, maar dat Hy dit ter wille van ons gedoen het, ter wille van ons behoefte dat bloed vergiet moet word.

Nou sien ons die waarheid van die Vader se karakter. Ons sien dat die donker skaduwees verwyder is en ons kniel voor Hom met trane van blydskap en besef dat ons Hom voorheen heeltemal verkeerd verstaan het. Ons staan verstom om te besef dat Christus ons eie natuur geneem het om ons natuurlike vyandskap teen Hom dood te maak. Hy het vir meer as 6000 jaar gely, dag na dag ons strafgerig (verontwaardiging) verduur en gewag vir die tyd wanneer 'n groep mense die getuienis wat Hy gegee het, tydens sy aardse bediening, sou glo.

Uiteindelik is ons een met God en dank die eniggebore Seun dat Hy gekom het om ons uit die duisternis van Satan en sy valse regstelsel te red.

Hoe kosbaar is die versoening; hoe wonderlik om ten volle in harmonie met God te wees. Prys die Naam van die Here.

HOOFSTUK 32

# ’N DANKBARE HART

Daar is geen woorde wat werklik die dankbaarheid kan oordra wat ek voel teenoor ons Vader in die hemel, dat Hy my gehelp het om hierdie pad na 'n voltooide versoening te stap nie. In my laat tienerjare het ek in trane my sondes aan my Verlosser bely en God in geloof gedank dat ek vergewe is.

Dit was my ervaring by die bronsaltaar. Ek het geglo dat ek nie meer deur God vir my sondes vernietig sal word nie. Jesus, geliefde Jesus, was altyd by my. Ek was hartseer wanneer my gedagtes selfs vir 'n paar uur van Hom af weggelei is. Van daardie oomblikke tot nou toe het 36 jaar soos 'n kort oomblik verloop.

Soos elke nuwe waarheid aan my voorgehou is, het die hunkering na 'n dieper kennis my vorentoe gewink. My gedagtes is besig gehou met die manier waarop al die stukke bymekaar gesit word. Daarmee saam was daar hartseer in my omdat meer as 80% van enige van die kerke wat ek bygewoon het, regtig nie verder wou gaan as 'n oppervlakkige toewyding om die waarheid te ken nie.

Die deur van waarheid het 20 jaar gelede vir my wyd oopgegaan toe my Verlosser my laat besef het dat die woorde van die Vader aan Sy Seun by die doop van Christus die woorde was waarop ek aanspraak kon maak in Christus. Hierdie ervaring is gedokumenteer in die boek *Identiteitsoorlog*

beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

Van daardie tyd af, deur baie swaarkry en hartseer, is die waarheid uitgehamer deur gebed, Bybelstudie en samewerking met ander soekers na waarheid regoor die wêreld.

Nou staan ek op die hoogste pieke van die evangelieberge. Ek bepeins die genade van ons God en Sy Seun en ek is tevrede. Ek dink my Vader is die liefdevolste, mooiste omgee-wese in die ganse heelal; iemand wat geen geweld op Sy kinders gebruik nie en hulle nooit veroordeel nie. Hy is hoogs geduldig en verdraagsaam, Sy genade duur vir ewig vir diegene wat dit glo. Volgens my oordeel is Hy vir ewig waardig van my aanbidding.

Aan my Verlosser, Here Jesus... my woorde raak op... U is my alles, U het my die hele pad gedra en so ‘n pragtige waarheid in my siel oopgebreek. U het my die Vader gewys en ek ervaar ’n diepe vrede. Ek glo ek is vergewe vir my donker valsheid van die verlede waaronder ek wankelend geloop het. Ek is bedroef oor die vyandskap wat ek teenoor U geopenbaar het in my beoordeling en veroordeling van ander. Maar nou is ek geseënd en weet verseker dat U my uit die duisternis sal verlos.

Dit alles vervaag nou en ek ontvang die volle vreugde van my versoening in my hande. Here Jesus, ek vertrou dat U Uself ten volle in my hart sal manifesteer. Ek weet U sal U Gees oor my uitstort op U vasgestelde tye. Ek sien U pragtige karakter; dit het my hele wese vasgevang. Ek sal so geduldig moontlik wag en ek weet dat ons mekaar binnekort van aangesig tot aangesig sal sien en U sal my aan ons Vader voorlê en ek sal ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

Aan U, Here Jesus, en aan U liewe Vader behoort krag en rykdom en wysheid en majesteit en eer en heerlikheid en seën!

> En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Openbaring 5:13.

Watter stappe moet geneem word om in volkome **harmonie met God** te kom?

Vereis God dat **bloed gestort moet word** voordat Hy ons kan vergewe?

Het God Sy Seun laat doodmaak om ons sondeskuld te **betaal?**

Waarom het Jesus Homself vergelyk met die **verheffing van 'n slang** van brons?

Wat is die betekenis daarvan dat Moses **die Rots geslaan het** terwyl hy beveel was om daarmee te praat?

As die mensdom deur Satan gevange geneem is, **wie bepaal die losprys** vir ons vrylating?

Is **Strafvervanging** nodig vir redding? Moet Iemand in jou plek sterf om vir jou sondes te betaal?

Is die dood aan die kruis 'n **Plaasvervangende Versoening** vir ons sondes?

Verkondig die Christelike kerke die **volledige waarheid van Versoening?**